# DEEL DIE WOORD VAN DIE HERE



## ‘n Handleiding in Naamtetiese Apologetiek

**Samesteller: Harry van Huyssteen**

Hierdie boek is gratis beskikbaar op http://www.matthew28.co.za

Die boek in geheel, of enige deel daarvan, mag nie te koop aangebied word sonder die skriftelike toestemming van die Matteus 28 Bediening nie.

# INHOUDSOPGAWE

## Naamtetiese Apologetiek


| | | |
|---|---|---|
| **Inleiding** | | 8 |
| 1. | Doelwitte van hierdie skrywe: | 9 |
| 2. | Oorsig oor Apologetiek | 9 |
| 2.1. | Tipes Apologetiek | 10 |
| 2.1.1. | Klasieke Apologetiek (Classical | 10 |
| 2.1.2. | Historiese Apologetiek (Historical) | 10 |
| 2.1.3. | Bewysbaar (Evidential) | 10 |
| 2.1.4. | Voor veronderstellend (Presuppositional) | 10 |
| 3. | Naamtetiese Apologetiek | 10 |
| 3.1. | Die Brood van die Ewige Lewe en die Lewende Water | 12 |
| 3.1.1. | Inleiding | 12 |
| 3.1.2. | Toegerus vir die regte keuse | 12 |
| 3.2. | Apologetiek behels tipies die volgende: | 13 |


## Eenheid 2: Die Bybel is waar


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Inleiding | 15 |
| 2. | Hoe is die Bybel saamgestel? | 15 |
| 2.1. | Baie skrywers duidelik deur dieselfde God geïnspireer | 16 |
| 2.2. | Profesieë is deur die Here gegee as bewys dat die Woord waar is | 16 |
| 2.3. | Kanoniek | 17 |
| 2.4. | Wat is Apokriewe boeke? | 17 |
| 2.5. | Ander terminologie | 17 |
| 3. | Die Dooie See Rolle | 18 |
| 4. | Hoe is bepaal watter geskrifte is deel van die kanonieke boeke? | 18 |
| 5. | Die Ou Testament | 19 |
| 5.1. | Die samestelling van die Hebreeuse Bybel (Ou Testament) | 19 |
| 6. | Die samestelling van die Nuwe Testament | 20 |
| 6.1. | Die vroeë kerk het basies drie vereistes gehad om te bepaal watter dokumente is outentiek: | 21 |
| 6.1.1. | Die boeke moet beskik oor apostoliese outoriteit. | 21 |
| 6.1.2. | Die kriteria van bevestiging | 21 |
| 6.1.3. | Die dokument moes deurlopend aanvaarding geniet deur die kerk | 21 |
| 6.2. | Konsekwensie | 21 |
| 6.3. | Aantal afskrifte en datering | 21 |
| 6.4. | Outentiekheid | 22 |
| 6.5. | Die dissipels getuig dat hulle ooggetuienisse is: | 23 |

# INHOUDSOPGAWE

## Eenheid 3: Jesus Christus die Waarheid en die Lewe


| | | |
|---|---|---|
| Inleiding | | 26 |
| 1. | Hy is die Woord van God | 27 |
| 1.1. | Inleiding | 27 |
| 1.2. | Die Drie-Enige God | 27 |
| 2. | Die Gekruisigde | 28 |
| 2.1. | Inleiding | 28 |
| 2.2. | Menslike wysheid teenoor Goddelike Openbaring | 28 |
| 3. | Die Naam van God – "Ek Is" – Die Here | 31 |
| 3.1. | Inleiding | 31 |
| 3.2. | Verlossing het 'n Naam gekry op aarde | 31 |
| 3.3. | Jesus Christus die Messias. | 33 |
| 4. | Johannes die Doper en Jesus Christus in gesprek – "Is U die Een?" | 34 |
| 4.1. | Inleiding | 34 |
| 4.2. | Johannes die Doper se verwagting | 34 |
| 5. | Geen verskonings nie | 36 |
| 5.1. | Inleiding | 36 |
| 5.2. | Goddelike Openbaring | 37 |
| 5.3. | Uniek | 37 |
| 6. | Die Leeu van Juda | 39 |
| 6.1. | Inleiding | 39 |
| 6.2. | Die Gestalte van God – Die Leeu van Juda | 39 |
| 7. | Die Sleutel van Dawid | 41 |
| 7.1. | Inleiding | 41 |
| 7.2. | Sleutel tot die Ewige Koninkryk van God | 42 |
| 7.3. | Hoekom juis Dawid? | 43 |
| 8. | Jesus die Vredevors | 44 |
| 8.1. | Inleiding | 44 |
| 8.2. | Die Vredevors | 45 |
| 8.3. | Die Vredevors wie se Magtige Koninkryk die hele aarde vul | 45 |
| 9. | Die Goddelike Hoëpriester? | 47 |
| 9.1. | Inleiding | 47 |
| 9.2. | Die Goddelike Priester en Koning volgens Melgisedek (Ewig) | 48 |
| 9.3. | Die geldige onderskeidende vraag | 49 |
| 10. | Die Goddelike en Ewige Verbond | 50 |
| 10.1. | Inleiding | 50 |
| 10.2. | Die Verbond met Abraham, die Ewige Verbond | 50 |

# INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| 11. | Jesus Christus, die Nuwe Verbond | 54 |
| 11.1. | Inleiding | 54 |
| 11.2. | Mense van die verbond | 54 |
| 12. | Kind van die Verbond | 56 |
| 12.1. | Inleiding | 56 |
| 12.2. | Jesus Christus, die Lam van God | 57 |
| 13. | Die Groot Verhaal | 60 |
| 13.1. | Inleiding | 60 |
| 13.2. | Die Uittog uit Egipte | 61 |
| 13.3. | Die Groot Verhaal - Die hele wêreld kalender draai om Jesus Christus | 63 |
| 13.4. | Kom ons kyk hoe die Goddelike verhaal voor ons oë uitspeel: | 63 |
| 14. | Goddelike Heerlikheid | 64 |
| 14.1. | Inleiding | 64 |
| 14.2. | U gebod is helder, dit gee insig | 64 |
| 14.3. | Ewige berusting | 65 |
| 15. | Die Lig vir die wêreld | 66 |
| 15.1. | Inleiding | 66 |
| 15.2. | Die Engel van die Lig | 67 |
| 15.3. | Jesus Christus die Lig vir die nasies | 68 |
| 16. | Beide God en mens op aarde | 70 |
| 16.1. | Inleiding | 70 |
| 16.2. | Die Seun van die mens | 71 |
| 16.3. | Die Seun van God | 73 |
| 16.3.1. | Die Voorhof (11) | 74 |
| 16.3.2. | Die Heiligdom (10) | 74 |
| 16.3.3. | Die Allerheiligste (9) | 75 |
| 16.3.4. | Magtige Goddelike Teenwoordigheid - Immanuel | 75 |
| 16.3.5. | Christus die Boodskap van die Tabernakel | 75 |
| 16.4. | Die Ewige Verlosser en Hoop | 76 |
| 16.5. | Die eindtyd | 78 |


## Eenheid 4: 'n Persoonlike, lewende verhouding met die Skepper


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Wie is die ware Leermeester? | 81 |
| 1.1. | Inleiding | 81 |
| 1.2. | Wat lees ons in die Bybel oor 'n sinvolle lewe? | 81 |
| 1.3. | Liefde is belangrik, maar dit staan nie alleen nie en is gefokus op Christus | 85 |
| 2. | Slagoffer of Getuie? | 87 |
| 2.1. | Inleiding | 87 |
| 2.2. | Volgens die wil van God | 88 |
| 2.3. | In die krag van God bewaar deur die geloof tot die saligheid | 89 |

# INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| 3. | Lewende werke vir die Lewende God | 89 |
| 3.1. | Inleiding | 89 |
| 3.2. | Geskape in Christus Jesus tot goeie werke | 90 |
| 4. | Persoonlike verhouding | 92 |
| 4.1. | Inleiding | 92 |
| 4.2. | In sonde gebore maar bestem tot geloof | 92 |
| 5. | Is ek uitverkies? | 94 |
| 5.1. | Inleiding | 94 |
| 5.2. | Die bron van die uitverkiesingsleer | 94 |
| 5.3. | Ons leer egter die volgende uit die Skrif: | 96 |
| 6. | Hy kom weer vir die wat Hom verwag | 98 |
| 6.1. | Inleiding | 98 |
| 6.2. | Kies die Lewende Here | 99 |
| 6.3. | Hy kom weer vir die wat Hom ken en verwag | 102 |
| 7. | Die God wat ek wil dien! | 106 |
| 7.1. | Inleiding | 106 |
| 7.2. | Die Here werk juis met sondaars | 106 |
| 7.3. | Die bediening van die Gees | 107 |

**Eenheid 5 - Misleiding**

| | | |
|---|---|---|
| 5.1. | Inleiding | 109 |
| 5.2. | Die filosoof | 109 |
| 5.3. | Die gnostiese geskrifte | 110 |

**Bylaag A**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Paasfees (Pesach) | 111 |
| 2. | Fees van Ongesuurde Brood (Hag Hamatzot) | 116 |
| 3. | Die Fees van Eerste Vrugte (Firstfruits) (Yom Habikkurim) | 120 |
| 4. | Die Fees van Weke (Shavuot=Hebreeus vir “weke”), later die Pinksterfees | 126 |
| 5. | Die Fees van Trompette (Rosh Hashanah) | 131 |
| 6. | Die Versoendag (Yom Kippur) | 144 |
| 7. | Huttefees (Fees van Tabernakels) (Sukkot) | 149 |

# NAAMTETIESE APOLOGETIEK

## INLEIDING

## 1. Doelwitte van hierdie skrywe:

- Om die gelowige beter toe te rus om sy/haar geloof te verdedig
- Om 'n persoon se geloof te verdiep
- Om dwaalleer te ontbloot en leiding te gee oor antwoorde op spesifieke aanslae teen die evangelie
- Om die gelowige in te lei tot apologetiese bestudering van die Bybel
- Om die gelowige daarop te wys dat die hele Bybel, Ou en Nuwe Testamente, 'n heilige eenheid van openbaring is

## 2. Oorsig oor Apologetiek

Die Christen lewe vandag in 'n wêreld sonder ware kennis van God. Dit is 'n wêreld met onkundige, ongelowige owerhede omring deur ander godsdienste. Vrae word gevra soos: Is daar 'n God? Watter doel dien die Bybel? Watter relevansie het die Christelike geloof vir my lewe vandag? Hoekom moet ek gehoorsaam wees aan wat in die Bybel staan?

Ongelowiges vorm opinies oor die Christelike geloof en die Bybel, sonder dat hulle die ware boodskap en konteks van die Bybel verstaan. Hulle opinies word gevorm deur brokkies Skrif buite konteks te probeer interpreteer. Sommiges worstel ook met dinge soos apokaliptiese (eindtyd) vrese,
vooropgesteldheid teen die bo-natuurlike met 'n vertroue in die wetenskap om alles te verklaar. Hulle bekoor lewenswyses wat niks met die Bybel te make het nie. In Suid Afrika het ons ook te doen met verskeie kulture met tradisionele godsdienste wat 'n magtige invloed op mense uitoefen.

Die Christelike etiek en moraliteit, in gehoorsaamheid tot God, word verwerp. Daar is 'n rebellie teen gehoorsaamheid aan die wet van God. Die ongelowige mens skep sy eie god in sy/haar kop wat 'n moraliteitskrisis tot gevolg het. Die mens word sy eie wetgewer in die strewe na persoonlike vryheid. Moraliteit word relatief tot die mens se gemak en sienswyse.

**Die gelowige vind ware vryheid juis in Christus,** vrygemaak van homself/haarself, aardse tradisies, kulture, selfsug, wellus, vrees en dogmas (Johannes 8:31-32). Die Christen is dus 'n vreemdeling op aarde en die wêreld het 'n ongemak daarmee.

'n Wêreld sonder God, sonder ware kennis van God, is verlore en laat die toorn van God ontvlam (Jesaja 5:11-30; Hosea 4:6). Indien die mens hom met leuens besig hou laat die Here hom oor aan die leuens sodat hy dit glo (2 Tessalonisense 2:11-12; Romeine 1: 21-25).

Die gelowige is dus genoodsaak om die evangelie te verdedig (1 Petrus 3:15).

**Die woord apologetiek** is afgelei van die Griekse woord apologia wat oorspronklik verwys het na iemand wat hom moet verdedig om sy onskuld te bewys. Om die aanklagte teen hom as ongeldig te bewys (Apo-logia = om weg te redeneer)

**Die Christen besig apologetiek** in die Godlose wêreld om sy/haar geloof te verdedig. Daar word 'n verheldering en verduideliking gegee vir die Christelike lewens-beskouing, lewenswyse en geloof. Dit is juis die leefwyse, moraliteit en diakonale verantwoordelikheid van die vroeë kerkvaders en Christene wat 'n geloofwaardige daarstelling van die Christelike geloof tot gevolg gehad het. Hulle lewenswyses het liefde, barmhartigheid en diensbaarheid (diakonaat) uitgebeeld wat gefundeer was in die Persoon van Jesus Christus (Johannes 1:14). Dit het veroorsaak dat mense na die kerk gestroom het en die kerk gegroei het.

Christelike apologetiek hou hom nie net besig met die verdediging van die geloof nie, dit gee ook 'n verduideliking **hoekom Christene mense van hoop is**. Dit is 'n positiewe aflê van getuienis sonder om ander te verkleineer. Christus is ons hoop
(1 Timoteus 1:1). Die Skrif is aan ons gegee om ons hoop te gee (Romeine 15:4-6). Die gelowige weet dat die hierdie wêreld nie sy/haar finale lot is nie en dit maak ons vry van 'n hopelose bestaan. In kontras, hou ander godsdienste hulle besig eindelose strewe na verlossing sonder om ware verlossing ooit aan hulle volgelinge te kan bied (Jesaja 42:1-17).

> 15 Maar heilig die Here God in julle harte en wees altyd bereid om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis omtrent die hoop wat in julle is, met sagmoedigheid en vrees; 16 met behoud van 'n goeie gewete, sodat in die saak waarin hulle van julle kwaad spreek soos van kwaaddoeners, húlle beskaam mag word wat julle goeie lewenswandel in Christus belaster.
>
> (1 Petrus 3:15-16)

Apologetiek gaan ook verder en bewys dat die Christelike geloof die ware en redelike geloof is. Die verblinde wêreld (2 Korintiërs 4:4) is vasgevang in 'n kultuur van demone en sataniese drifte (Efesiërs 6:12). Die Christelike geloof weerspieël 'n vrygemaakte lewe (Johannes 8:31-32) in volle vertroue tot die Verlosser van die wêreld (Kolossense 2:9-15).

### 2.1. Tipes Apologetiek

Die Here het mense verskillende gawes gegee om Sy Naam te verheerlik (1 Korintiërs 12) en so het daar met die verloop van baie jare verskillende style ontstaan om dit te doen. Ons verwys hierna as Tradisionele Apologetiek en kan as volg opgesom word:

#### 2.1.1. Klasieke Apologetiek (Classical)

Hierdie tipe apologetiek is baie beïnvloed deur filosowe soos Plato and Aristoteles. Die rasionalisme kom sterk na vore waar daar met die filosofie omgegaan word en beredeneer word oor onderwerpe soos byvoorbeeld die bestaan van die waarheid. Is daar iets soos absolute waarheid? Die bestaan van God word dan hieruit beredeneer.

#### 2.1.2. Historiese Apologetiek (Historical)

Soos die naam aandui, gebruik hierdie tipe apologetiek historiese bewyse alleenlik om die waarheid te bevestig. Die feit dat Christus se graf leeg was na Sy opstanding uit die dood, word in baie gevalle gebruik as basis.

Gedurende hierdie tipe apologetiek word die outentiekheid van die Nuwe Testamentiese Geskrifte bewys deur te kyk na aspekte soos: Opgrawings, die betroubaarheid van die outeurs, relevante sekulêre geskrifte, ens.

Daar word ook gekyk na Ou Testamentiese profesieë wat ongetwyfeld deur Christus vervul is.
Indien die Bybel dan waar is, is die opstanding van Jesus Christus uit die dood waar. Indien Jesus Christus werklik uit die dood opgestaan het, is Hy God en kan Hy nie lieg nie.

Thomas Aquinas (1225-1274), Augustine (354-430 n.C.) en hedendaags Prof John Warwick Montgomery (Gebore in 1931); Norman Geisler (1932-2019)

#### 2.1.3. Bewysbaar (Evidential)

In hierdie tipe apologetiek word daar van dieselfde bewys gebruik gemaak as wat ons sien in klasieke en historiese apologetiek, maar ervarings van mense word bygebring. Soos byvoorbeeld die verandering van die lewe van Paulus. Hy was eers 'n vervolger van die Christene maar na sy ervaring oppad na Damaskus, het sy lewe drasties verander. Daar kan byvoorbeeld ook gekyk word na die verandering van die lewens van die dissipels van Christus nadat hulle die verrese Christus gesien en beleef het. Hulle het ware apostels geword wat tot die dood toe gemartel is sonder om afstand te doen van hulle getuienis.

Dr Josh McDowel (Gebore 1939) is 'n groot aanhanger van hierdie tipe apologetiek. Rasionalisme word ook gekombineer met wetenskaplike bewyse van God se bestaan as Skepper. Sir Isaac Newton (1643-1727); Albert Einstein (1879-1955)

#### 2.1.4. Voor veronderstellend (Presuppositional)

Die veronderstelling hier is dat elke persoon het sekere vooropgesteldheid oor sekere dinge en hierdie vooropgesteldheid het 'n invloed op hoe ons dink en redeneer. Die gelowige aanvaar dat God bestaan en dat die Bybel waar is. Daar word ook aangeneem dat die ongelowige mens nie dieselfde vooropgesteldheid het nie.
Die ongelowige het dus ook 'n vooropgesteldheid teen die Christelike geloof.

Die gelowige aanvaar dat die Bybel deur God geïnspireer is en geen weersprekings bevat nie. Ander geskrifte bevat wel weersprekings. So, die apologeet sal die ongelowige baie uitvra oor sy/haar siening en gedurende hierdie proses die weersprekings uitwys.

C.S. Lewis (1889-1963) het byvoorbeeld getuig dat hy tot bekering gekom het toe hy besef het dat 'n mens nie kan weet hoe 'n krom lyn lyk indien jy nie weet hoe 'n reguit lyn lyk nie. Immanuel Kant (1742-1804) was ook 'n ondersteuner van hierdie tipe apologetiek.

## 3. Naamtetiese Apologetiek

Die woord "naamteties" (Nouthetic) is afgelei van die Griekse woord "noutheteo" (om te vermaan). Om iemand te bring na die waarheid. In Christelike konteks verwys dit na die proses om iemand na die waarheid te bring deur middel van die Bybel. Met ander woorde, dit wat die vals godsdienste nie kan bied nie. Dit sluit nou aan by historiese en bewysbare apologetiek maar het die uitsluitlike doel om die persoon te kry om die Bybel te bestudeer en antwoorde vir die hedendaagse lewe in die Bybel te vind.

**Ware Christelike apologetiek verkondig wonderlike verlossing vanuit irrasionele en tradisionele godsdienste, tradisies en argumente**. Dit deel die absolute redelikheid van die Christelike geloof. Deur die Bybel te besig as historiese bron (2 Timoteus 3:16-17; Hebreërs 1:1; 1 Korintiërs 15:1-8) en apologetiek te respekteer as 'n saak van die Heilige Gees (Handelinge 1:8; 13:4; 20:23; 1 Korintiërs 2:13) word 'n wonderlike dialoog moontlik gemaak van belangstelling in die ander persoon op 'n nie-aggressiewe wyse. Dit is 'n inleiding tot openbaring met die hoofsaak om struikelblokke te verwyder sodat die fokus suiwer op Christus geplaas kan word. Om kennis in te win en te besig oor Christus is 'n ware godsdienstige aktiwiteit. Profetiese getuienisse oor Christus, en daar is meer as 360 daarvan in die Ou Testament, is ouer as enige Griekse godsdienstige skrifte en staan soos 'n banier vir alle nasies tot verantwoording (Jesaja 11:10).

> [1] Hoor die woord van die HERE, o kinders van Israel! Want die HERE het 'n regsaak met die inwoners van die land, omdat daar geen trou en geen liefde en geen kennis van God in die land is nie.
>
> Hosea 4:1

Ons is deur die Here opdrag gegee om dissipels van alle mense te maak.

> [18] En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. [19] Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. [20] En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.
>
> Matteus 28:18-20

Dissipels van Christus is dus volgelinge van Christus. Hulle hang aan Sy lippe.

> [105] U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad. [106] Ek het gesweer, en dit gehou, om u regverdige verordeninge te onderhou.
> [107] Ek is baie diep neergedruk; Here, maak my lewend na u woord!
>
> Psalm 119:105-107

Die Christen-apologeet help die ongelowige om die boodskap van die Bybel sy/haar eie te maak.
Dit is die Ewige Lewe in Jesus Christus. Hy alleen is die Hoopvolle Boodskap.

> [20] En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe.
> [21] My kinders, bewaar julleself van die afgode. Amen.
>
> (1 Johannes 5:20-21)

### 3.1. Die Brood van die Ewige Lewe en die Lewende Water

#### 3.1.1. Inleiding

Indien jou liggaam nie gevoed word met voedsel nie, kan jy nie lewe nie. Indien jy die verkeerde voedsel inneem, gaan jy ook nie kan lewe nie. Indien jy oor geen kennis van voedsel beskik nie sal jy nie die regte keuse kan maak nie.

#### 3.1.2. Toegerus vir die regte keuse

Die belangrikste doelwit van die evangelis is om die Woord van God aan mense te verkondig sodat hulle die regte keuse kan maak.

> 11 Want die Skrif sê: Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie.
> 12 Want daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie;
> dieselfde Here tog is Here van almal en is ryk oor almal wat Hom
> aanroep. 13 Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered
> word. 14 Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie?
> En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe
> kan hulle hoor sonder een wat preek? 15 En hoe kan hulle preek as hulle
> nie gestuur word nie? Soos geskrywe is: Hoe lieflik is die voete van die
> wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van
> die goeie verkondig! 16 Maar hulle was nie almal gehoorsaam aan die
> evangelie nie; want Jesaja sê: Here, wie het ons prediking geglo? 17 Die
> geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.
>
> Romeine 10:11-17

Ons kan ook sê dat die evangelis enige iets sal doen om die Woord van God in mense in te kry sodat hulle soekend kan raak na die Waarheid, Jesus Christus. Om vir hulle konteks te skep oor die ware Karakter van God en waaroor saligheid regtig gaan. 'n Mens moet die woord van God inkry, jy moet dit eet. Dan sal jy die Waarheid ken en kan onderskei (Psalm 119:105-107; Johannes 8:31-32 en Openbaring 10:9)

> 32 En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, dit is nie
> Moses wat die brood uit die hemel aan julle gegee het nie, maar my
> Vader gee julle die ware brood uit die hemel. 33 Want die brood van
> God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee.
> 34 Toe sê hulle vir Hom: Here, gee ons altyd hierdie brood. 35 En Jesus
> sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit
> honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie. 36 Maar Ek het vir
> julle gesê dat julle My gesien het, en tog glo julle nie. 37 Al wat die Vader
> My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit
> uitwerp nie. 38 Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my wil
> te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het. 39 En dit is die
> wil van die Vader wat My gestuur het, dat al wat Hy My gegee het, Ek
> daarvan nie sal verloor nie, maar dit opwek in die laaste dag. 40 En dit is
> die wil van Hom wat My gestuur het, dat elkeen wat die Seun
> aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê; en Ek sal hom opwek
> in die laaste dag.
>
> John 6:32-40

Nie verniet het Christus Sy liggaam voorgestel as die Brood wat vir ons gebreek word nie (Lukas 22:19-20). Hy is immers ook in Bethlehem gebore, en die naam beteken: "Die plek van brood".

Die mens word dan ook deur God uitgenooi om na Hom toe te kom en gevoed te word met die Ewige Lewe, die Lewende Water. Dit is immers 'n gawe van God (Johannes 4:10-14).

Elke jaar gedurende die Fees van Tabernakels was die gebruik om water te gaan skep uit die poel van Silóam. Hulle het simbolies gaan skep uit die poel van heil (Jesaja 12:3). Jesus het dan ook die blinde man genees by die poel van Silóam. Jesus, wie die Woord van God is, het die blinde man se oë geopen sodat hy kon glo (Johannes 9:1-12). Ons lees juis in die Bybel hiervan (2 Timoteus 3:16-17).

Dink mooi: **Nêrens in die Bybel staan** daar dat 'n mens 'n ander mens met intellektuele vernuf moet uitoorlê sodat hy/sy moet glo nie. In teendeel, die Bybel is uitgesproke daarteen (Kolossense 2:8; 1 Timoteus 6:20-21).

Dit is die Woord van God wat blinde oë oopmaak en geestelike groei laat plaasvind (Lukas 8:15).

Wanneer daar in die Bybel oor Jesus Christus gepraat word, sluit dit profetiese, historiese en teologiese konteks in oor alle eeue omdat ons met God self te doen het, die Alfa en Omega (Openbaring 1:8). Om net 'n paar te noem, dink byvoorbeeld aan temas soos volg:

- Die gestuurde van God en Vredemaker - Silo
- Die Leeu van Juda
- Die Sleutel van Dawid
- Die Messias
- Melgisedek
- Die Brood van die Ewige Lewe
- Lewende Water
- Die Nuwe Verbond
- Die Gekruisigde

**Vrae vir bespreking**

1. Lees Psalm 8. Wat is die raadsplan van God met die mens?
2. Lees Psalm 119:130 en Maleagi 2:4-7. Hoe tree die boodskapper van die Here op?

**3.2. Apologetiek behels tipies die volgende:**

- Dialoogvoering met ateïste en mense van ander godsdienste (Handelinge 17:22-34)
- Om belydenis van jou geloof te doen (Romeine 10:9-10)
- Om die betroubaarheid van die Bybel as historiese bron te verdedig (2 Timoteus 3:16-17)
- Om mense bekend te stel aan die Woord van God. Sodat hulle die Woord van God kan bestudeer en kennis van God kan opdoen (Spreuke 1:7; Jesaja 58:2; Hosea 4:1; 4:6; 6:6)
- Die gee van redes hoekom Christene hoopvolle mense is (1 Petrus 3:15)
- Om die dialoog te sentreer rondom die Gewer van die Ewige Lewe, Jesus Christus, en Hom as die Gekruisigde (1 Korintiërs 2:1-5). Hoekom is Jesus Christus dan gekruisig en uit die dood opgewek volgens die Skrifte (1 Korintiërs 15:1-20)? Dat Hy gekruisig is en uit die dood opgewek is, is 'n historiese feit. Almal moet daarby verbykom.
- Dit is die taak van elke lidmaat van die kerk (Filippense 1:7 en 17)

# DIE BYBEL IS WAAR

## EENHEID 2

> [17] ....vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God.
>
> Efesiërs 6:17

Die Heilige Gees is die Een wat die mens die oortuiging gee in die Boodskap van die Woord van God. Deur die Bybel te lees, word God vir jou Die Here. Sy Naam word in jou gevestig. In hierdie hoofstuk gaan gefokus word op die outentieke onderbou wat die Woord van die Here ons gee om die soekende te help en dwaalleer aan te spreek (2 Timoteus 3:16-17).

## 1. Inleiding

Die Bybel is die boek wat die meeste van alle boeke in die wêreld bestudeer is en is ook die mees bekende boek in die wêreld. Die Bybel kan beskou word as die wonderlikste boek ter wêreld. Die volgende bevestig dit:

- Die Bybel bevat gedetailleerde profesieë wat duidelik volbring is om sodoende die leser die sekerheid te gee dat die inhoud van God Self afkomstig is. Indien meer as een profeet, uit verskillende tydperke, akkuraat verskillende fa sette van dieselfde gebeurtenis voorspel, kan daar geen twyfel bestaan dat die inhoudelike van God Self is nie. Buiten die ongeveer 2000 profesieë oor Israel en ander volke, sluit die Ou Testament meer as 360 Messiaanse profesieë in. Ongeveer 750 jaar voor Christus profeteer Jesaja:

> [5] En die heerlikheid van die HERE sal geopenbaar word, en alle vlees tesame sal dit sien: want die mond van die HERE het dit gespreek.
>
> Jesaja 40:5

Deur hierdie profesieë aan iemand uit te wys word ander argumente teen die evangelie uit die weg geruim want daar is geen kompetisie daarvoor nie. Ons gaan in hierdie studie na 'n paar van hierdie profesieë kyk.

- Die outeurs maak daarop aanspraak dat hulle deur God geïnspireer is om te skryf.
- Die Bybel is gepubliseer en versprei oor die ganse wêreld ten spyte van velle teenstand van diegene wat die Bybel haat.
- Baie van die outeurs, en wel feitlik al die outeurs van die Nuwe Testament, is tot die dood toe gemartel oor dit waaroor hulle getuig het as ooggetuies. Hulle het egter tot die dood toe bly staan by wat hulle gesien het en oor getuig het.
- Diegene wat die Boodskap van die Bybel aangeneem het getuig oor die invloed wat die Bybel oor hulle lewens en gewoontes gehad het. Augustine (354 -430 n.C.) het getuig dat, voor sy bekering, die Bybel minderwaardig voorgekom het vergeleke met ander Romeinse geskrifte. Na sy bekering het die Bybel egter 'n vreugde geword. 'n Dinamiese en toepaslike boodskap op elke lewens aspek.
- Die Dooie See Rolle wat in Israel ontdek is in 1947 bewys onomwonde dat die Ou Testament wat ons vandag in die Bybel lees, dieselfde is as die oorspronklike Hebreeuse Geskrifte wat lank voor Christus al geskryf is.

## 2. Hoe is die Bybel saamgestel?

Die vraag kan dalk gevra word hoekom daar nie vandag van die oorspronklike geskrifte beskikbaar is wat deur die outeur self hanteer is nie? Die antwoord hiervoor is as volg: Gedurende die tyd toe die outeurs self die Bybel geskryf het, is daar gebruik gemaak van papirus, gemaak van die **Papirus** plant. Hierdie plant het gegroei in die vlak mere en riviere van Sirië en Egipte. Groot besendings papirus is deur Sirië se hawe, Byblos, verskeep. Daar word beweer dat die Griekse woord vir boeke, bibles, afgelei is van die naam van hierdie hawe. Die Engelse woord, paper, en Afrikaanse woord, papier, kom van die Griekse woord vir papirus (papyrus). Hierdie papirus het nie 'n lang leeftyd gehad nie, en het relatief gou verkrummel. Die oudste papirus fragmente beskikbaar vandag dateer ongeveer 2400 v.C. Papirus het beter behoue gebly in droë gebiede soos die sandduine van Egipte, of in grotte soos die Qumran grotte waar die Dooie See Rolle ontdek is (48, p.17-18).

Later is daar ook van **perkamente** gebruik gemaak. Perkamente is stukke vel van skape, bokke en ander diere. Die velle is voorberei, geskeer en geskraap om as velle te dien waarop geskryf is. Die woord perkament kom van die naam van die stad Pergamum in Klein Asië waar baie van hierdie velle gemaak is. Daar is ook van **vellum** gebruik gemaak. Vellum is die naam wat gegee is vir die vel van 'n kalf en is gewoonlik pers gekleur. Sommige van die vellum wat ons vandag het is van hierdie pers vellum. Die oudste leer rolle wat vandag beskikbaar is, dateer ongeveer 1500 v.C.(48, p.18).

Omdat die druk/pers industrie ook nie tydens die skryf van die Bybel bestaan het nie, is die geskrifte versprei deur manuskripte daarvan te maak. 'n **Manuskrip** is 'n handgeskrewe afskrif van die oorspronklike dokument. (48, p17). Hierdie manuskripte is onder baie streng beheer gedoen om te verseker dat daar nie foute begaan is nie. Later in hierdie dokument sal gekyk word na hoe hierdie manuskripte bygedra het dat ons vandag kan weet dat die Bybel van vandag 'n outentieke boek is.

**2.1. Baie skrywers duidelik deur dieselfde God geïnspireer**

Die Bybel bevat gedetailleerde profesieë wat duidelik volbring is om sodoende die leser die sekerheid te gee dat die inhoud van God Self afkomstig is. Indien meer as een profeet, uit verskillende tydperke, akkuraat verskillende fasette van dieselfde gebeurtenis voorspel, kan daar geen twyfel bestaan dat die inhoudelike van God Self is nie. Die eenheid met betrekking tot die boodskap van die Bybel.

Die Bybel is deur veertig verskillende skrywers oor 'n tydperk van 1600 jaar geskryf. Daar is ses-en-sestig verskillende boeke in die Bybel waarvan elkeen 'n strukturele, historiese, profetiese en geestelike eenheid vorm. In konteks vorm al hierdie boeke 'n logiese geheel met een boodskap – Die sentrale figuur: Jesus Christus.

> [21] ......deur die Heilige Gees meegevoer, het die mense die woord wat van God kom, verkondig.
>
> 2 Petrus 1:21

Jesus se woorde:

> [31] 'As net Ek oor Myself getuig, is my getuienis nie geldig nie. [32] Daar is ook Iemand anders wat oor My getuig, en Ek weet dat die getuienis wat Hy oor My aflê, waar is.
>
> Johannes 5:31-32:

Kyk wat sê Jesus aan die ongelowiges:

> [39] Julle ondersoek die Skrif, omdat julle dink dat julle die ewige lewe daarin kry. En dit is juis die Skrif wat oor My getuig. [40] Tog wil julle nie na My toe kom sodat julle die lewe kan kry nie.
>
> Johannes 5:39

**2.2. Profesieë is deur die Here gegee as bewys dat die Woord waar is**

Die Bybel sluit profesieë in as 'n bewys dat dit God geïnspireerde Woord is. Die profesieë kan in drie dele verdeel word: 1) Met betrekking tot Israel; 2) Met betrekking tot ander nasies; 3) Met betrekking tot die Messias.

Bogenoemde tipe profesieë is uniek tot die Bybel en geen ander geloof het die mate van profesieë soos die van die Bybel nie, en indien wel, baie gering. Die bestudering van gedokumenteerde vervulling van profesieë in die Bybel is 'n baie interessante proses. Ons gaan in hierdie studie meer fokus op die Messiaanse profesieë.

Die hele Ou Testament is 'n voorspelling van die Messias. 'n Mens kan die Messias in elke boek van die Ou Testament raaksien. In die Nuwe Testament word outentiek getuig oor die Messias se werk op aarde, soos wat dit in die Ou Testament voorspel is. Omdat 'n mens, deur die genade van die Heilige Gees, kan raaksien dat die Messias die Ou Testament se profesieë volmaak volbring het, kan die logiese afleiding gemaak word dat die profesieë oor die toekoms net so seker deur Hom volbring sal word.

Daar is reeds meer as 360 Messiaanse profesieë in die Ou Testament geïdentifiseer wat in detail deur Jesus Christus volbring is. Kanonieke teenoor nie-kanonieke.

### 2.3. Kanoniek

Die woord kanoniek is afgelei van die Griekse woord, kanon, wat rottang, of riet, beteken. 'n Riet, of rottang, is gebruik as meetinstrumente en is dan ook gesien as 'n "standaard". In Bybelse konteks word dit gesien as die "amptelike lys van aanvaarde boeke". Dit is dus boeke wat as standaard beskou word en ook deur die Protestantse Kerk as gesagvol erken word. Hierdie is die enigste boeke wat in die Hebreeuse vertaling van die Bybel opgeneem is.

Daar word beweer dat die boeke van die Bybel bepaal is deur 'n vergadering van mense wat besluit het watter geskrifte is in en watter is uit. Daar het wel in die verlede vergaderings plaasgevind wat die inhoud van die Bybel bestudeer het, soos wat vandag gereeld plaasvind, maar hierdie vergaderings wat aangehaal word het om ander redes bymekaar gekom as om die inhoud van die Bybel te bepaal. Goeie voorbeelde hiervan is die bewering dat 'n raad van rabbis in Jamnia, naby Jaffa, bymekaar gekom het in 90 n.C. om te bepaal watter boeke aanvaar moet word. Die waarheid is dat die rabbis nie die finale lys van kanonieke boeke bepaal het nie, hulle het eerder bepaal watter boeke moet uitgelaat word. Boeke wat die raad nie wou aanvaar nie, was in elk geval nie daar in die eerste plek nie. Die besprekings by Jaffa het meer daaroor gegaan van watter boeke in die Bybel hoort, en nie om nuwe boeke in te sluit nie. Nog 'n voorbeeld is die Raad van Nicea wat deur Konstantyn byeengeroep is in 325 n.C. Dan Brown beweer in sy vals boek, The Da Vinci Code, dat hierdie raad die inhoud van die Bybel bepaal het. Dit is ook nie waar nie. Die besprekings wat hier plaasgevind het, het gefokus op die Goddelikheid van Jesus Christus. In die aantekeninge van die hierdie byeenkoms, wat vandag nog beskikbaar is, is daar geen verwysing dat hulle oor die inhoud van die Bybel gepraat het nie (Kry en kyk gerus die DVD: Da Vinci Code Deception, 'n produksie deur Charles E. Seller; Grizzly Adams Productions, Inc.). Die mense van God het alreeds honderde jare voor hierdie vergaderings reeds die Bybel begin opdeel in versies en hoofstukke sodat die Bybel makliker gelees en gedupliseer kan word. Bewyse hiervan bestaan wat dateer voor 586 v.C. Geordende duplisering skakel foute uit. Dit wil sê dat die inhoudelike van die Bybel reeds bestaan het lank voordat vergaderings, en rade, daaroor kon besluit het.

Die Kerk het nie die kanonieke boeke bepaal nie. Die Kerk het nie bepaal watter boeke as Skrif, die God geïnspireerde Woord, erken moet word nie. Die teendeel is waar, en dit is dat die Kerk het ontdek, en agtergekom, watter boeke geïnspireerd is. Anders gestel: "'n boek is nie die Woord van God omdat dit deur die mense aanvaar is nie. Dit was eerder aanvaar deur die mense van God omdat dit die Woord van God is." God gee die Woord sy Goddelike outoriteit, nie die mens nie.

### 2.4. Wat is Apokriewe boeke?

**Apokriewe Boeke (Ou-Testamentiese konteks):** Dit is boeke wat gedurende die tussen-testamentêre tyd ontstaan het, maar wat volgens die Protestantse beskouing as minderwaardig beskou word en dus nie op gelyke vlak met die 66 kanonieke boeke van die Bybel gereken kan word nie.

**Apokriewe Boeke (Nuwe-Testamentiese konteks):** Hiermee word gewoonlik bedoel die vals geskrifte (Pseudepigrafa) wat in die tydperk tussen die tweede en die vyfde eeu naas en rondom die Nuwe Testament ontstaan het, hoofsaaklik in splintergroepe wat van die hoofstroom van die Christelike godsdiens afgewyk het. Hierdie boeke word "vals geskrifte" genoem, omdat hulle meestal onder 'n vals naam (die van 'n apostel of 'n ander beroemde persoon) uitgegee is. Die verskil tussen die Ou-Testamentiese en die Nuwe-Testamentiese apokriewe is:

- Daar is nie 'n presies omlynde aantal Nuwe-Testamentiese apokriewe nie. Die getal groei ook steeds aan soos wat nuwe boeke deur opgrawings ontdek word.
- Terwyl daar wel Christelike kerke is wat die Ou-Testamentiese apokriewe as deel van die Ou-Testament beskou, is daar geen kerk wat die Nuwe-Testamentiese apokriewe as deel van die Nuwe-Testament beskou nie.
- Die Ou-Testamentiese apokriewe is meestal heel stigtelike lektuur en word ook deur baie Bybels uitgegee, terwyl die Nuwe-Testamentiese apokriewe blote versinsels is en leerstellings bevat wat strydig is met die Bybel.

### 2.5. Ander terminologie

**Eskatologie** verwys na die leer aangaande die eindtyd.

**Apokaliptiek** verwys na 'n literatuursoort met die volgende kenmerke: dit is omvangryke visioenêre openbaringe oor God se doel in die geskiedenis en die gang van wêreldgebeurtenisse vanaf die begintyd tot op die eindtyd; dit speel af in 'n boaardse (kosmiese) ruimte; 'n hemelse wese is die tussenganger om die visioene te verklaar; dit is gewoonlik die uitdrukking van 'n minderheid wat nie hulle heil in die bestaande orde sien nie en uitsien na 'n Goddelike ingryping; simboliek en beelde kom sterk na vore; die lot van regverdiges en goddeloses word finaal bepaal; die eind-gebeure is 'n botsing tussen Goddelike magte en die bose magte; die oorwinning oor die bose lui 'n nuwe (Messiaanse) tydperk in. Voorbeelde hiervan in die Ou-Testament is boeke uit die latere tydperk soos Joël, Sagaria en Daniël en dele uit Jesaja en Esegiël. In die Nuwe-Testament is dit veral kenmerkend van die boek Openbaring. Een saak wat gemeenskaplik is van al hierdie geskrifte, is die verwagting dat God self sal ingryp in hierdie lewe met al sy smarte en dat Hy die kwaad vir altyd sal verwyder, waardeur 'n tydperk van vrede en vreugde sal aanbreek.

**Septuaginta:** Die Griekse vertaling van die Ou-Testament wat die apokriewe boeke insluit.

**Vulgaat:** Die Latynse vertaling van die Bybel in die Rooms Katolieke tradisie wat die apokriewe boeke op gelyke vlak beskou as die res van die 66 boeke van die Bybel.

**Pseudepigrafiese geskrifte:** Die naam verwys na die gebruik wat destyds ontstaan het om onder die naam van 'n bekende persoon van vroeër, soos Adam, Henog, Moses of Jesaja 'n geskrif die lig te laat sien. 'n Hele aantal van hierdie boeke is nie onder sulke fiktiewe name geskryf nie, maar is heeltemal anoniem. Hierdie boeke sluit in legendariese geskiedenisse, versamelings van Psalms, wysheid werke en apokaliptiese geskrifte.

## 3. Die Dooie See Rolle

Die papirus waarop die Tanakh (en Ou Testament) geskryf is het gou verrot. Die klimaat in Israel het ook daartoe bygedra. Geskrifte wat die beste behoue gebly het, is die wat bewaar is in kleipotte wat hulle weggehou het van vog, en ander omgewingstoestande. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die Dooie See Rolle. Die Dooi See Rolle is deur 'n skaapwagter in 1947 ontdek in 'n grot naby Qumran by die Dooi See in Israel. Die skaapwagter het 'n paar kleipotte gekry waarin manuskripte gebêre was geskryf op perkamente.

Ongeveer 270 grotte is in die omgewing deursoek en tien van hulle het nog manuskripte opgelewer. Meer as 40,000 fragmente is gekry van 500 verskillende boeke en geskrifte. Tussen hierdie boeke, elke boek van die Ou Testament is aangetref behalwe die boek Ester. Belangrik is om te besef dat hierdie Hebreeuse manuskripte bevat wat dateer van die derde eeu voor Christus ('n gedeelte van Samuel) tot die eerste eeu na Christus. Dit is baie ouer as enige ander manuskripte wat op daardie stadium beskikbaar was.

Vergelyking tussen hierdie manuskripte en die wat ons in die Bybel vandag lees, wys dat dit meer as 95% ooreengestem. Die 5% wat verskil het, is slegs spelfoute en kopiërings foute. Die bietjie verskille wat daar is, veroorsaak geen verandering in die boodskap van die teks self nie.

Die Dooie See Rolle is nog 'n bewys van hoe akkuraat en outentiek die Bybel is.

## 4. Hoe is bepaal watter geskrifte is deel van die kanonieke boeke?

Daar kan dus gesê word dat sekere geskrifte is deur die Kerk herken as God-geïnspireerde geskrifte. Deur te kyk na die Bybelse historiese geskrifte kan daar gesien word dat daar hoofsaaklik vyf beginsels is wat as riglyne gedien het om te bepaal of die geskrifte deur God geïnspireerd is:

- Was die boek geskryf deur 'n profeet van God? Indien dit geskryf is deur 'n verteenwoordiger van God, is dit die Woord van God.
- Is dit wat die skrywer geskryf het bevestig deur optrede van God? Gereelde wonderwerke het die ware profete geskei van die vals profete. Die Here het vir Moses kragtige wonderwerke gegee om te bewys dat hy gestuur is deur die Here (Eksodus 4:1-9), Elia het die vals profete van Baäl verkeerd bewys deur wonderwerke (1 Konings 18), Jesus het baie wonderwerke gedoen om te bewys dat Hy die Here is (Handelinge 2:22).
- Het die boodskap die waarheid oor God, die Here, getuig? God kan Homself nie weerspreek nie (2 Korintiërs 1:17-18), en ook kan God slegs die waarheid praat (Hebreërs 6:18). Met ander woorde, geen boek met valse getuienisse kan die Woord van God wees nie. Dit is hoekom die kerkvaders gehou het by die beginsel: "Indien ons twyfel, gooi ons dit uit".
- Het die boodskap gekom met die krag van God? Die Woord van God is "lewend en kragtig" (Hebreërs 4:12) en het daarom 'n veranderende krag van lering (2 Timoteus 3:14-17) en evangelisering (1 Petrus 1:22-25). Indien die boodskap van die boek nie sy eie doel bevestig nie, indien dit nie die krag het om 'n lewe te verander nie, dan is die waarskynlikheid groot dat God nie agter die boodskap is nie. Die teenwoordigheid van God se lewensverander ende krag was 'n groot aanduiding of 'n gegewe boek God se goedkeuring wegdra.
- Is die geskrif deur die mense van God aangeneem? Ons kan dit duidelik sien uit Paulus se brief aan die Tessaloni sense:

> [13] Ons dank God dan ook gedurig daarvoor dat julle die boodskap van God wat julle van ons gehoor het, ontvang en aangeneem het in die oortuiging dat dit nie mensewoorde is nie, maar die woord van God. En dit is ook inderdaad die woord van God, soos die uitwerking daarvan op julle wat glo, bewys.
>
> 1 Tessalonisense 2:13

Die mense wat in die beste posisie was om te weet of die geskrif die Woord van God is, is die mense wat die profeet geken het wat dit geskryf het. Indien 'n boek aanvaar, versamel, gelees en gebruik is deur die mense van God as die Woord van God, dan is dit gesien as 'n kanonieke boek. Hierdie gebruik kan gesien word in die Bybel self. Een voorbeeld hiervan is waar Petrus herkenning gee aan Paulus se geskrifte is Skrif wat getuig van die Ou Testament se Boodskap:

> [15] En beskou die geduld wat die Here met ons het as geleentheid om gered te word. So het ons geliefde broer Paulus immers ook met die wysheid wat aan hom gegee is, aan julle geskrywe. [16] Hy skryf dit ook in al sy briewe waarin hy oor hierdie saak handel. Daar is dinge in sy briewe wat moeilik is om te verstaan. Oningeligte en onstandvastige mense gee daaraan 'n verkeerde uitleg, soos hulle trouens ook doen met die res van die Skrif, en dit tot hulle eie ondergang.
>
> 2 Petrus 3:15-16

Ons kan vandag sekerlik ook, sonder twyfel, weet dat die Bybel se boeke die Waarheid getuig, en dit is Jesus Christus. Daar is reeds meer as 360 Messiaanse profesieë in die Ou Testament wat duidelik deur Jesus vervul is. Sien gerus Bybelstudies op www.matthew28.co.za waarin talle ander waarhede ook getuig dat die Ou Testament profeteer oor die Messias, Jesus Christus, wat verlossing bring vir die mens. Wat wonderlik (bo-menslik) is om te besef, is dat die Skepper Hom in Sy Woord op enige denkbare (menslike) manier openbaar het, en Hy doen dit vandag nog steeds deur die werking van die Heilige Gees aan die wat Sy Woord bestudeer.

## 5. Die Ou Testament

### 5.1. Die samestelling van die Hebreeuse Bybel (Ou Testament)

Die Hebreeuse Bybel (ingesluit in ons Ou Testament) staan bekend as die Tanakh. Dit is 'n woord wat saamgestel is uit die eerste letter van elk van die drie dele van die Ou Testament.

| | | |
|---|---|---|
| **T**orah<br>**A** | Die Wet<br>(Deur Moses geskryf) | Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri, Deuteronomium |
| **N**eviim<br>**A** | Die Profete | Josua, Rigters, Samuel, Konings, Jesaja, Jeremia, Esegiël, die 12 kleiner profete |
| **K**etuvim<br>**H** | Die Geskrifte | Psalms, Spreuke, Job, Die Vyf Boekrolle, Esra, Nehemia, Kronieke |

Die eerste vyf boeke van die Ou Testament: Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri, Deuteronomium staan bekend as die Torah of die Pentateug. Dit was die Pentateug wat vir die Joodse volk Heilige Skrif geword het.

Moses was geleerd as gevolg van sy Egiptiese opvoeding. Net soos Lukas met verskeie dokumente gewerk het (Lukas 1:1-4) om sy werke saam te stel, so het Moses heel moontlik dit ook gedoen. Die Hebreeuse volk was bewus van die feit dat hulle God se uitverkore volk is en dat openbaring deur hulle moet geskied tot redding van alles nasies. Dit was vir hulle belangrik om aan te teken wat die Here vroeër aan hulle geopenbaar het. Moses het self getuig van wat die Here aan hom geopenbaar het en hy het waarskynlik ook met ander outentieke geskrifte gewerk om te getuig. Mense van sy tyd het sy werke as geïnspireerd van God aanvaar omdat hulle so baie wonderwerke gesien het wat die Here deur Moses gedoen het. Hierdie wonderwerke was nie tot voordeel van Moses nie, maar tot voordeel van die ooggetuienisse. Moses het ook in die openbaar bedien sonder om iets vir iemand te probeer wegsteek.

Dink aan die volgende: Geen geskrif sal vir lang tydperke die hoë agting van mense geniet, selfs al sê die koning hulle moet, tensy hulle dit as waardevol ervaar en dit meriete verdien in sy eie reg nie. Laasgenoemde beteken dat die gebeure dit wat in die skrif bespreek word, moet bevestig.

Deuteronomium het byvoorbeeld die mense aangespreek omdat dit twee belangrike eienskappe van die geloof van Yahweh besit het: 1) Die priesterlike element en, 2) die profetiese element.

Die Jode het dan ook hulle seremonies by hierdie elemente laat aansluit. Dit word byvoorbeeld, onder andere, ook in die boek Deuteronomium aangespreek. Die priesterlike element is ook duidelik gesien in diens by die Tempel. Hierdie diens het 'n hoogtepunt bereik elke jaar met die Dag van Verootmoediging wanneer die hoëpriester in die Allerheilige van die Tempel (vroeër die Tabernakel) inbeweeg het om vergifnis van sy eie, en die volk se sonde.

So het Jesus Christus, as dié Goddelike Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek (Psalm 104:4; Hebreërs 7:15-28), gekom en die wet vervolmaak deur die hemel self te betree (Hebreërs 9:24) om versoening te bewerkstellig vir alle gelowiges in Sy verlossingsdaad, volgens die Geskrifte (1 Korintiërs 15:1-8). Jesus Christus het as unieke Historiese Figuur die ou Testament as outentieke Skrif kom vervolmaak en bevestig. Dit is hier waar alle ander godsdienste uit die bus val. Ons kan ook sê dat die Bybel in drie dele opgedeel kan word:

| | |
|---|---|
| Profeties | **Die Ou Testament** - Profeteer die Messias wat gaan kom |
| Histories | **Die Evangelies** – Getuig oor Jesus Christus wat die Ou Testament as histories outentieke Skrif bevestig het |
| Teologies | **Die briewe van die Apostels** – Apostoliese verklaring van dit wat ons van God geleer het deur Sy Seun Jesus Christus. Hierdie teologie loop uit op ware aanbidding. |

Die skrywes van die Profete (Neviim) het 'n belangrike vereiste gehad om aan te voldoen. Daar moes 'n teken wees, hoofsaaklik 'n voorspellende profesie, wat moes bevestig dat die persoon namens God praat. Die boodskappe en geskiedenis van hierdie mense is ook as gevolg van dieselfde rede aanvaar en het behoue gebly. Vanaf Moses tot Nehemia was daar 'n reeks profete van wie se boodskappe neergeskryf is. Die reeks van kanonieke boeke van die Ou Testament is na Nehemia afgehandel en gesluit. Die reeks profete het tot 'n einde gekom.

Amos was die eerste profeet van 'n groep was wat as die Letterlike Profete bekend staan. Amos het tydens die agste eeu voor Christus geskryf, ongeveer 750 v.C.. Hosea, Miga en Jesaja het ook ongeveer 750 voor Christus geskryf. Die profeet van die sewende eeu voor Christus waarvan die meeste werke beskikbaar is vandag, is Jeremia. Sy tydgenote was Nahum, Sefanja en Habakuk. Gedurende die sesde eeu voor Christus was Esegiël, Haggai en Sagaria aktief. Die profete wat gedurende die vyfde eeu voor Christus aktief was, was Maleagi, Obadja en Joël. Hierdie profete het spesiale literatuur nagelaat en hulle het getuig dat hulle namens God praat.

Gedurende die tyd van die profete, het elke nasie sy eie gode gehad het. Baie mense van Israel het Yahweh gesien as hulle God eksklusief. Die boodskap van Amos was dat die God Yahweh, die God van alle mense is en dat die belangrike van God is, is Sy geregtigheid. Hierdie boodskap van Amos word genoem Etiese Monoteïsme. Dit beteken daar is slegs een God wat spesifieke optrede van alle mense verwag. Na Amos het Hosea die verlossingsliefde van God beklemtoon. Gedurende ongeveer dieselfde tyd het Jesaja die lig gewerp op die volmaakte Koning wat sal kom om 'n nuwe era van geregtigheid te bring. Dit is ook in Jesaja (lees gerus Jesaja 40-53) waar ons kan lees oor die Dienaar wat ly tot verlossing van ander.

Laasgenoemde is nog 'n duidelike profesie dat Jesus Christus as die Lam van God sal kom om geslag te word tot versoening tussen God en alle mense wat in die Verlossing glo. Dit het dan ook presies so plaasgevind soos wat in die wet gevestig is. Dink byvoorbeeld aan die Feeste van die Here (Levitikus 23 en Deuteronomium 15) wat reeds die profetiese kalender gevestig het. 'n Kalender wys vir ons wat, wanneer, deur wie en hoekom sal plaasvind. Die boeke van Moses, die Wet, wys vir ons hoe is die verhouding tussen God en die mens gevestig is. Die verbond is gesluit met Abraham (Genesis 15) met 'n duidelike profetiese basuin wat blaas oor die Messias wat sal kom om weer die verhouding te herstel, die nuwe verbond (Esegiël 36:26-38; Hebreërs 9:15). Die Dienaar van God (doen wat die mens nie kon nie), die Seun van God (Is die Wese van God Self – Johannes 14:9; 12:49-50; Kolossense 1:15), die Seun van die mens (sodat ons Hom kan ken) = die Gesalfde (Die Messias) het uit die dood kom opstaan nadat almal, van alle tye en nasies, gesien het wat gebeur het, sodat almal kan weet Hy is die enigste Een wat mag het oor lewe en dood. Hy is die enigste Een wat lewe gee, die ewige lewe (1 Johannes 5:11-12; 20).

Die oorblywende boeke van die Ou Testament is aanvaar as Geskrifte (Ketuvim) om spesifieke redes. 'n Primêre aanduiding hiervan is dat daar kommentare geskryf is oor boeke soos Psalms, Job en Spreuke. Baie voorbeelde hiervan is gevind tussen die Dooie See Rolle. Nie-kanonieke boeke het nie sulke kommentare geïnspireer nie.

'n Baie groot getuie van die outentieke samestelling van die Ou Testamentiese boeke is Jesus self. Die apostels en ander Jode van die eerste eeu het reeds oor die Ou Testamentiese Bybelboeke beskik en dit as kanonieke boeke beskou. Jesus het bevestig dat die Hebreeuse Bybel God se Woord is (Lukas 24:44, Johannes 10:31-36, Lukas 24:44, Lukas 11:51).

Daar bestaan vandag genoeg bewyse dat die boeke van die Ou Testament alreeds ingesluit was in die Joodse geskrifte waarskynlik voor die vierde eeu voor Christus, maar beslis nie later as 150 voor Christus nie. Ons weet ook wanneer die laaste (met ander woorde, die jongste) boeke van die ou Testament geskryf is. Maleagi is geskryf 450-430 v.C. en Kronieke is nie later as 400 v.C. geskryf nie. Hierdie jongste boeke, tesame met die res van die ou Testament, is ingesluit in die Septuaginta (Die Griekse vertaling van die Hebreeuse Ou Testament) wat reeds tussen 250-150 v.C. saamgestel is.

Jesus het dit duidelik gemaak dat die Ou Testament God se openbaring is oor Homself (Johannes 5:39). En dit is ook slegs deur hierdie openbaring wat 'n mens in verhouding met God kan staan. Die Ou Testament is essensieel om Jesus en Sy leringe te verstaan. Maar, op Sy beurt, het Jesus se leringe, lewe, en dood lig gewerp op die Ou Testament.

## 6. Die samestelling van die Nuwe Testament

**6.1. Die vroeë kerk het basies drie vereistes gehad om te bepaal watter dokumente is outentiek:**

**6.1.1. Die boeke moet beskik oor apostoliese outoriteit.**

Met ander woorde dit moes geskryf gewees het deur die apostels self wat ooggetuienisse was, of deur volgelinge van die apostels wat getuig oor wat die apostels hulle meegedeel het. Matteus en Johannes is deur apostels self geskryf. Markus was Petrus se Helper en Lukas was Paulus se helper. Jesus het ook Sy ooggetuies outentiek bevestig deur hulle in staat te stel om in Sy Naam wonderwerke te verrig. Jesus het dan ook, onder andere, aan hierdie ooggetuies verskyn na Sy opstanding uit die dood. Dit het dan van hierdie ooggetuies apostels gemaak (wonderwerke gedoen en ooggetuies van opgestane Jesus). Die afleiding word dan gemaak dat, volgens Jesus, die Nuwe Testament slegs boeke sou bevat wat self deur die apostels geskryf is of deur die apostels bevestig is. Johannes, wat al die apostels geken het, het 'n dissipel gehad met die naam van Polycarp (69-155 n.C.) en Polycarp het 'n dissipel gehad Irenaeus (130-202 n.C.). Polycarp en Irenaeus het gesamentlik 23 van die 27 Nuwe Testamentiese boeke aangehaal as outentiek. Irenaeus het spesifiek die outeurskap van al vier die Evangelies bevestig. Hier kan bygevoeg word dat deur middel van die historikus, Eusebius, weet ons dat Papias (60-120 n.C.) die outeurskap van Matteus en Markus bevestig het. Niemand betwyfel die outeurskap van Paulus se briewe nie. Dit het dus van die kanonieke boeke 'n lys van outentieke boeke gemaak eerder as 'n outentieke lys van boeke. Die boeke van die Nuwe Testament is onmiddellik deur die kerkvaders as outentiek aanvaar en is in 393 n.C. offisieel deur die Raad van Hippo as outentiek aanvaar.

Dink aan die drastiese verandering in die dissipels se optrede nadat hulle Jesus gesien het na Sy opstanding uit die dood. Dit was die finale oortuiging vir baie dat Jesus wel die Messias is. Na die kruisiging het al die dissipels weggekruip soos lafaards en het gevrees vir hulle lewens. Tog skielik na die hemelvaart, het hulle almal dapper, en sonder twyfel, getuig. Behalwe Johannes, is almal gemartel en doodgemaak as gevolg van hulle oortuiging. Dit is duidelik dat Jesus aan hulle verskyn het en hulle die finale oortuiging gegee het dat Hy God is.

#### 6.1.2. Die kriteria van bevestiging

Met ander woorde die dokument moes voldoen aan die gesag van die geloof. Die dokument moes inpas by die basiese Christelike tradisie wat deur die kerk as die norm beskou is. 'n Mens moet in gedagte hou dat die vroeë kerk waarna hier verwys word ontstaan het in die tyd van die apostels self en ook deur hulle. Die lidmate van die kerk was mense wat Jesus self gesien en onderrig van Jesus self ontvang het. Die apostels, wat baie naby aan Jesus was en ook die Heilige Gees ontvang het, het die "tradisie" voortgedra. Hier kan dus verwys word na die ware norm of tradisie!

#### 6.1.3. Die dokument moes deurlopend aanvaarding geniet deur die kerk

Die dokument moes ook deurlopend deur die kerk gebruik word. Die vroeë outentieke kerk het veroorsaak dat die boeke van die Nuwe Testament kanonies (kerkregtelik) geword het want dit het voldoen aan die lidmate van die kerk se eie verwysingsraamwerk van wat hulle self gesien het, deur die Meester en apostels self geleer is, en geweet het. Ons kan ook sê dat die boeke van die Nuwe Testament is deur die waarheid saamgedra. Ons kan sê dat die kanonieke boeke (Bybelboeke) is 'n lys van outoritêre boeke en nie 'n outoritêre lys van boeke nie.

Die Nuwe Testament bestaan uit 27 verskillende dokumente wat op 27 verskillende boek rolle geskryf is deur 9 verskillende skrywers oor 'n 20- tot 50-jaar periode. Die boodskap van die Bybel word ondersteun deur amper 5,700 Griekse manuskripte en meer as 9,000 manuskripte in ander tale soos byvoorbeeld Siries, Kopties, Latyn en Arabies. Geen ander historiese dokument kom eers amper naby aan hierdie mate van bevestiging nie. Die Nuwe Testament geniet nie net ondersteuning van talle manuskripte nie, maar manuskripte is ook beskikbaar wat kort na die oorspronklike geskrifte geskryf is.

### 6.2. Konsekwensie

Skeptici poog om die Evangelies af te breek deur te fokus op moontlike verskille tussen die beskrywing van dieselfde gebeure. Laasgenoemde is juis die bewys dat daar nie vooraf deur die Evangelieskrywers ooreengekom is om 'n leuen te vertel nie. Dit is mense wat uit verskillende perspektiewe, agtergronde en omstandighede dieselfde gebeure beskryf. Sou die Evangelies presies dieselfde gewees het, sou dit juis plagiaat uitwys, en dit is nie die geval nie.

Indien die Evangelieskrywers die opstanding uit die dood self uitgedink het, sou hulle nie dit so wou gehad het dat iemand anders die eerstes is wat die leë graf eerste sien nie, hulle sou ook verklaar het dat hulle Jesus Self sien opstaan het uit die dood. Om by te voeg, dit was vrouens, wat in daardie tyd nie beskou is as betroubare getuies nie, wat die leë graf eerste op afgekom het! Indien hulle skeptici wou oortuig van hulle sogenaamde storie, sou hulle baie meer detail ingesluit het. Dit was egter nie die geval nie. Al die Evangelieskrywers getuig egter konsekwent dat die vroue die leë graf voor hulle gesien het.

### 6.3. Aantal afskrifte en datering

Daar bestaan geen ander antieke geskrifte in die wêreld wat so baie teks van getuies bevat as die Nuwe Testament nie. Die talle afskrifte is ook beskikbaar vanuit verskillende geografiese gebiede en hulle kruisverwysings dui nog steeds op dieselfde oorsprong.

Die Nuwe Testament het baie afskrifte wat met mekaar vergelyk kan word. Sodoende kan die oorspronklike boodskap duidelik gesien word.

Daar bestaan baie meer afskrifte van die Nuwe Testament as wat daar afskrifte van enige ander antieke werkstuk is. Van die oorspronklike afskrifte wat vandag nog beskikbaar is van die Nuwe Testament, dateer 'n enkele generasie van die oorspronklike werkstukke.

Die Nuwe Testament is op 'n baie vroeë stadium in ander tale vertaal soos byvoorbeeld Latyn, Siries en Kopties. Op 'n later stadium is die Nuwe Testament ook in tale soos Armeens en Goties vertaal waarna verwys word as sekondêre vertalings. Al hierdie vertalings is vandag nog beskikbaar. Selfs al sou die Griekse manuskripte nie meer beskikbaar wees nie, kon die oorspronklike boodskap uit die vroeë weergawes van die ander vertalings steeds gesien word.

Daar bestaan baie meer afskrifte van die Nuwe Testament as wat daar afskrifte van enige ander antieke werkstuk is. Van die oorspronklike afskrifte wat vandag nog beskikbaar is van die Nuwe Testament, dateer 'n enkele generasie van die oorspronklike werkstukke.

Die Nuwe Testament is op 'n baie vroeë stadium in ander tale vertaal soos byvoorbeeld Latyn, Siries en Kopties. Op 'n later stadium is die Nuwe Testament ook in tale soos Armeens en Goties vertaal waarna verwys word as sekondêre vertalings. Al hierdie vertalings is vandag nog beskikbaar. Selfs al sou die Griekse manuskripte nie meer beskikbaar wees nie, kon die oorspronklike boodskap uit die vroeë weergawes van die ander vertalings steeds gesien word.

Daar is bevind dat die Nuwe Testament nie net meer manuskripte oorleef het as enige ander antieke dokument nie, maar het ook in 'n baie meer suiwer vorm oorleef as enige ander dokument. Daar word beweer dat die Nuwe Testament 95% suiwer is.
Die oorspronklike werkstukke en ook daaropvolgende afskrifte is geskryf op papirus (papierplant). Papirus is gemaak van die Papirus plant wat in die moerasse van die Nyldelta in Egipte groei. Daar is vandag nog nege-en-negentig van hierdie papirus afskrifte beskikbaar wat dele en/of boeke van die Nuwe Testament bevat. 'n Paar voorbeelde is as volg:

- Die Beatty Bybelse Papirus (ontdek in 1930) nommer een bevat dele van die vier Evangelies en die boek Handelinge. Dit dateer uit die derde eeu.
- Papirus nommer twee bevat groot dele van agt van Paulus se briewe insluitende dele in Hebreeus en dateer vanuit die jaar 200.
- Papirus nommer drie bevat 'n baie groot deel van die boek Openbaring en dateer uit die derde eeu.
- 'n Ander groep papirus manuskripte wat aangekoop is deur 'n Sweedse versamelaar, Martin Bodmer, dateer uit ongeveer 200 en bevat ongeveer twee-derdes van die Evangelie van Johannes.
- 'n Ander groep papirus manuskripte bevat dele van die Evangelies van Lukas en Johannes en dateer uit die derde eeu.
- Daar is self 'n stukkie papirus beskikbaar wat dele van hoofstuk agtien van die Evangelie van Johannes bevat en dit dateer ongeveer 100-150 n.C. Daar word deur sommige geleerdes beweer dat dit so vêr terug dateer na die tyd van Trajan, met ander woorde 98-117 n.C. Indien mens besef dat Johannes nog ongeveer 95 n.C. geskryf het, besef jy dat hierdie werkstuk in die leeftyd van die outeur self ontstaan het.

Bostaande dui dat die gaping tussen die oorspronklike geskrifte en die afskrifte wat vandag nog beskikbaar is baie klein word soos wat nuwe ontdekkings gemaak word.

**6.4. Outentiekheid**

Die tyd toe die Evangelies gesirkuleer het, was daar steeds mense teenwoordig wat self ooggetuienisse was van die gebeure wat in die Evangelies oor getuig word.

Die vraag kan gevra word: Hoekom sou 'n persoon soos Matteus 'n verhaal uitdink sodat dit lyk asof profesieë uit die Ou Testament vervul is en dan by sy verhaal bly staan deur toe te laat om gedood te word as gevolg daarvan. Dit maak nie sin indien hy leuens aangehang het nie, dit maak slegs sin indien hy geweet het dat hy oor die Messias, die Waarheid, getuig het. Al die dissipels van Jesus het tot die dood toe bly staan by hulle getuienisse. Almal is gedood as gevolg van hulle getuienisse sonder dat hulle bereid was om afstand te doen van wat hulle beleef en oor getuig het. Johannes was die enigste een wat hulle nie suksesvol kon doodmaak nie (in pot kokende olie in die amfiteater gegooi en het niks oorgekom nie) en is toe verban na die eiland Patmos waar hy die boek Openbaring geskryf het.

Nêrens in enige geskrifte van daardie tyd word daar kapsie gemaak teen die realiteit van die profesieë wat vervul is nie. Nie eens die Jode kon daarteen getuig nie. Kyk byvoorbeeld na een van die 360 Messiaanse profesieë dat die bene van die Messias nie gebreek sal word nie (Eksodus 12:46 en vervul ongeveer 1200 jaar later in Johannes 19:32-33). Die Jode kon maklik sê dat Jesus se bene nie wel tydens die kruisiging gebreek is, maar nie eers een-keer is dit gesê nie.

Die Nuwe Testamentiese outeurs het historiese merkers geplaas deur te verwys na ware historiese figure en hulle optredes in hulle skrywe. Daar is ten minste 30 karakters in die Nuwe Testament wat reeds as histories bevestig is deur middel van
argeologie of nie-Christelike skrywes. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die van Kajafas, die hoë-priester wat Jesus ter dood veroordeel het. Kajafas word nie net deur die sekulêre skrywer, Josephus genoem nie, maar sy fisiese bene is in 1990 ontdek tydens 'n argeologiese ontdekking. Hierdie ontdekking is moontlik gemaak as gevolg van die antieke begrafnis praktyk van die Jode.

Die historikus en kenner van die klasieke geskrifte, Colin Hemer, het die akkuraatheid van die boek Handelinge ondersoek, vers vir vers. In pynlike detail het Hemer 84 feite van die laaste 16 hoofstukke van Handelinge geïdentifiseer wat reeds deur historiese en argeologiese navorsing bevestig is. Al 84 feite word bespreek. Die vraag word gevra aan twyfelaars en skeptici: Hoe kon Lukas so akkuraat wees met al sy omgewings feite soos windrigtings, water dieptes, dorpsname maar nie met
betrekking tot die wonderwerke waaroor hy getuig nie?

Daar is histories en geologies onomwonde bewys dat dit waaroor Lukas getuig akkuraat en betroubaar is. Die vraag word aan twyfelaars en skeptici gevra: Lukas bevestig die gebeure wat in die ander Evangelies oor getuig word, hoe kan dit wees dat die ander Evangelies nie ware feite weergee nie? Daar is egter ook alreeds onomwonde, histories en geologies, bewys dat die ander Evangelies akkuraat is. Daar is byvoorbeeld indrukwekkende historiese feite saamgevat in die Evangelie van Johannes. Baie hiervan is ook reeds geologies bevestig en ook deur nie-Christelike skrywers bevestig. Baie hiervan is ook histories moontlik omdat dit onwaarskynlik is dat die skrywer daarvan sou uitgedink het. 'n Lys van 59 feite word hier bespreek. 'n Goeie voorbeeld kan gesien word in:

> 34 Maar een van die soldate het met 'n spies in Sy sy gesteek, en daar het dadelik bloed en water uitgekom.
>
> Johannes 19:34

Dit is vandag bekend dat 'n gekruisigde persoon waterige vloeistof sou opgaar in die sak rond-om die hart, die perikardium. Johannes sou nie geweet het van hierdie mediese toestand nie en sou nie hierdie detail genoem het indien hy nie self teenwoordig was en 'n ooggetuie was van wat op daardie oomblik gebeur het nie. Om by te voeg, in die daaropvolgende vers bevestig Johannes dan ook dat hy dit gesien het in:

> 35 Hy wat dit gesien het, lê daarvan getuienis af, en sy getuienis is waar. Hy weet dat hy die waarheid praat, sodat julle ook kan glo.
>
> Johannes 19:35

**6.5. Die dissipels getuig dat hulle ooggetuienisse is:**

Die dissipels van Jesus het beslis die opgestane Jesus gesien en mee kontak gemaak. Dit het hulle laat verander na getuienisse tot die dood omdat hulle besef het dat hulle met God self te doen het.

Die apostels wat die Nuwe Testament vir ons nagelaat het, het aan twee belangrike vereistes voldoen: 1) Hy het wonderwerke gedoen in die Naam van Jesus Christus en 2) hy het die opgestane Jesus persoonlik gesien. Dit gee ons die versekering dat ons vandag kan glo aan wat hulle as getuienisse vir ons nagelaat het. Ten spyte van al die argumente teen die Evangelie van Jesus Christus, is die beste verduideliking om wel te glo dat Hy wel wondertekens gedoen het en dat Hy werklik uit die dood opgestaan het soos Hy self voorspel het.

Sien ook in 2 Korintiërs 12:12 wat Paulus oor 'n apostel sê:

> 12 Die dinge wat 'n apostel kenmerk, het ek met groot geduld by julle verrig: tekens en wonders en kragtige dade.
>
> 2 Korintiërs 12:12

Paulus sou beslis nie bestaande aan 'n gemeente skryf en verwys na die wonders wat Hy tussen hulle gedoen het indien dit nie waar was nie!

Buiten die apostels, kan daar duidelik gesien word dat daar talle ander ooggetuies was van Jesus se optrede, lyding, kruisiging en verskyning na Sy opstanding uit die dood. Die apostels getuig ook dat hulle saam met Jesus geëet het na Sy opstanding. Buiten die apostels was daar ook andere betrokke wat selfs by die naam genoem word wat ooggetuies van al die gebeure was. Kyk byvoorbeeld na:

> [21-22] 'Daar moet dus nog 'n getuie van Jesus se opstanding by ons gevoeg word. Dit moet een van die manne wees wat saam met ons rondgegaan het die hele tyd toe die Here Jesus in die openbaar opgetree het, vandat Hy deur Johannes gedoop is totdat Hy van ons af in die hemel opgeneem is.' [23] Hulle stel toe twee voor: Josef, wat ook Barabbas of Justus genoem word, en Mattias.
>
> Handelinge 1:21-23

Hou steeds in gedagte dat bostaande geskryf is deur Lukas wat alles feitelik nagevors het! Sien Lukas se woorde:

> [1] Hooggeagte Teofilus! Daar is baie wat onderneem het om 'n verhaal te skrywe van die dinge wat onder ons gebeur het. [2] Hulle het dit opgeteken soos dit aan ons oorgelewer is deur die mense wat van die begin af ooggetuies en dienaar van die Woord was. [3] Daarom het ek dit ook goedgedink om self alles stap vir stap van voor af te ondersoek en die verhaal noukeurig in die regte volgorde vir u neer te skryf. [4] So kan u te wete kom dat dinge waaroor u onderrig is, heeltemal betroubaar is.
>
> Lukas 1:1-4:

Die skrywer van Hebreërs getuig as volg:

> [1] Om hierdie rede moet ons soveel kragtiger vasgryp aan wat ons gehoor het, sodat ons nie dalk wegdrywe nie. [2] As die woord wat deur engele gepraat is, bindend was, en elke oortreding en ongehoorsaamheid regmatig gestraf is, [3] hoe sal ons dan ontkom as ons so 'n groot saligheid verontagsaam het? Hierdie saligheid is immers deur die Here verkondig, deur wie dit sy oorsprong het, en is aan ons bevestig deur die wat dit gehoor het. [4] Daarby het God ook saam getuig deur tekens en wonders en ook deur allerhande kragtige dade en gawes van die Heilige Gees, soos Hy dit toebedeel het volgens sy wil.
>
> Hebreërs 2:1-4:

# JESUS CHRISTUS DIE WAARHEID EN DIE LEWE

## EENHEID 3

# 1. Inleiding

'n Persoon wat nie in die Goddelikheid van Jesus Christus glo nie (Sagaria 12:10; Johannes 14:6-11) en ook nie glo in die profetiese maagdelike geboorte van Christus nie (Jesaja 7:14), het nie die Woord van God in hom/haar nie. Ongeag die feit dat Jesus Christus die Messias is, moet daar by die feit verbygekom word dat die Messias in detail in die Ou Testament voorspel is.

Ons gaan nou tematies na Jesus Christus kyk. Gedurende hierdie studie sal die profetiese (Ou Testamentiese), historiese (evangeliese) en teologiese konteks ondersoek word sodat geen twyfel kan bestaan oor Wie die Skepper van die heelal, en die lewe is nie. Deur die Woord op hierdie manier te besig in onsself en met iemand anders, word gou ontdek dat ander gelowe, gode en ikone nie kers kan vashou by die waarheid nie (Johannes 8:31-32). In skrifte buite die Bybel, bestaan die profetiese en die historiese konteks glad nie. Dit kan nie, want hulle oorsprong is nie vanuit die Ewige Skepper van lewe self nie.

God het Hom deur die uitverkore volk Israel aan die wêreld bekendgestel. Hy het onder hulle geprofeteer en wonderwerke gedoen sodat die wêreld Hom kan ken.

> [9] Al die nasies het saam vergader, en die volke is versamel. Wie onder
> hulle kan sulke dinge verkondig? En laat hulle ons die vorige dinge
> bekend maak! Laat hulle hul getuies bring, dat hulle in die gelyk
> gestel kan word; en laat hulle hoor en sê: Dit is die waarheid! [10] Júlle is
> my getuies, spreek die HERE, en my kneg wat Ek uitverkies het, sodat
> julle kan weet en My kan glo en insien dat dit Ek is — voor My is geen
> God geformeer nie, en ná My sal daar geeneen wees nie. [11] Ek, Ek is die
> HERE, en daar is geen Heiland buiten My nie. [12] Ék het verkondig en
> verlos en dit laat hoor, en daar was geen ander god onder julle nie; en
> julle is my getuies, spreek die HERE, en Ek is God. [13] Ook van vandag af
> is Ek dit, en niemand red uit my hand nie; Ek werk, en wie kan dit keer?
> [14] So sê die HERE, jou Losser, die Heilige van Israel: Om julle ontwil het
> Ek na Babel gestuur, en Ek sal hulle almal as vlugtelinge laat afdaal,
> naamlik die Chaldeërs, in die skepe waarop hulle gejuig het. [15] Ek is die
> HERE, julle Heilige; die Skepper van Israel, julle Koning. [16] So sê die HERE
> wat in die see 'n weg en in die sterk waters 'n pad gemaak het, [17] wat
> waens en perde, leërmag en held laat uittrek het; tesame lê hulle, hulle
> sal nie opstaan nie; hulle is uitgeblus, soos 'n lamppit uitgedoof. [18] Dink
> nie aan die vorige dinge nie, en slaan geen ag op wat vroeër gebeur
> het nie. [19] Kyk, Ek gaan iets nuuts maak; nou sal dit uitspruit; sal julle dit
> nie merk nie? Ja, Ek maak 'n pad in die woestyn, riviere in die wildernis.
> [20] Die wilde diere van die veld sal My eer, die jakkalse en die volstruise;
> want Ek gee waters in die woestyn, riviere in die wildernis om my volk,
> my uitverkorene, te laat drink. [21] Die volk wat Ek vir My geformeer het,
> hulle sal my lof verkondig.
>
> Jesaja 43:9-21

Soos ons kan sien in Jesaja 43, daag die Here die wêreld uit om te besef dat daar geen ander God is wat 'n ewige verbond met die mens aangegaan het en wonderwerke onder die volk Israel gedoen het nie. Ook is daar geen ander God wat deur hulle geprofeteer het nie en dit wat geprofeteer is, het volmaak tot vervulling gekom. Die profete wat God gebruik het was outentiek en het vir ons die Bybel nagelaat sodat ons dit kan bestudeer en kennis van God kan opdoen. Jesus Christus Homself, die Woord van God, Wie die profesieë vervul het, is Self aan die Woord (Hebreërs 1:1-5) toe, vandag, en tot in ewigheid.

# 1. Hy is die Woord van God

### 1.1. Inleiding

Wanneer ‘n mens na ‘n toespraak van byvoorbeeld Bill Gates luister wat lewendig op radio uitgesaai word, dan luister jy na Bill Gates se woorde. Hy is aan die woord. So kan ons dink aan Jesus Christus wat die Woord van God is. God is aan die Woord.

### 1.2. Die Drie-Enige God

Ongeveer 1350 jaar voor Christus het God die volgende vir Moses gesê**:**

> [15] ’n Profeet uit jou midde, uit jou broers, soos ek is, sal die HERE jou God vir jou verwek; na Hom moet julle luister [16] net soos jy van die HERE jou God by Horeb gevra het toe jy op die dag van die vergadering gesê het: Ek kan die stem van die HERE my God nie langer hoor en hierdie groot vuur nie meer sien nie, anders sterf ek. [17] Toe het die HERE vir my gesê: Dit is goed wat hulle gespreek het. [18] ’n Profeet sal Ek vir hulle verwek uit die midde van hulle broers, soos jy is, en Ek sal my woorde in sy mond lê, en Hy sal aan hulle sê alles wat Ek Hom beveel. [19] En die man wat nie luister na my woorde wat Hy in my Naam spreek nie, van hom sal Ek self rekenskap afeis.
>
> Deuteronomium 18:15-19

Wat sien ons in hierdie Skrifgedeelte?:

- Daar gaan ‘n Profeet gebore word as ‘n Hebreër (Joods). Onthou, ‘n profeet is iemand wat by God hoor en dit wat hy gehoor het oordra aan ander.
- Die Profeet sal slegs die woorde van God praat, Hy is die Woord van God. “Hy Is” God wat praat.
- Ongehoorsaamheid aan dié Woord van God sal van rekenskap geëis word.

Daar is vals aanspraakmakers op hierdie profesie. Islam sal byvoorbeeld beweer dat dit verwys na Mohammed wat sou kom. Wanneer die Bybel egter bestudeer word, is dit duidelik dat daar niemand anders as Jesus Christus kan wees waarna hierdie profesie verwys nie. Dink byvoorbeeld aan die volgende:

- God sou beslis nie buite konteks tot Sy ewige verbond met Abraham beweeg nie. Die Messias is gebore uit die nageslag van Abraham, Isak en Jakob en nie Ismael nie (Genesis 17:19-21; 21:12)
- Meer as 360 profesieë in die Ou Testament is ongetwyfeld deur Jesus Christus volmaak volbring. En dit in die fynste detail. Buiten die feit dat dit alreeds die Bybel as God geïnspireerde Skrif bevestig, kan geen ander aanspraakmaker eers amper hiermee kompeteer nie.
- Jesus Christus het self by verskeie geleenthede bevestig dat dit Hy Is wat alleenlik die Woord van God praat, met ander woorde, Hy Is die Woord van God. Sien byvoorbeeld Johannes 8:28; 14:10; 12:49-50; 17:8.

> [49] Want Ek het nie uit Myself gespreek nie; maar die Vader wat My gestuur het, Hy het My ‘n gebod gegee wat Ek moet sê en wat Ek moet spreek. [50] En Ek weet dat sy gebod die ewige lewe is. Wat Ek dan spreek — net soos die Vader vir My gesê het, so spreek Ek.
>
> Johannes 12:49-50

- Die apostel Petrus bevestig ook dat die Deuteronomium 18:18 profesie van toepassing is op Jesus Christus (Handelinge 3:19-26).

Ander gelowe sal ook beweer dat Christene drie gode aanbid. Hulle doen so omdat hulle nie die Drie-Eenheid van God verstaan nie. Dink mooi: **Indien Jesus Christus slegs die Woord van God spreek, en die Heilige Gees herinner aan alles wat Jesus gesê het, hoeveel stemme praat met ons? Die antwoord is: Slegs een. Dit is een Heilige God wat Hom met ons besig.**

Ons kan saam met Dawid pleit dat die Heilige Gees nooit van ons af weggeneem moet word nie (Psalm 51:13). So ook smag Paulus na vervulling met die Heilige Gees (Efesiërs 5:18) om in volheid te kan lewe as Geesvervulde mens.

Kom ons lees wat Jesus sê in Johannes 14:26:

> *26* maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.
>
> Johannes 14:26

Die persoon wat Jesus Christus as Here ontken is steeds soos 'n slaaf in Egipte. Hy/Sy moet nog die pelgrimstog maak deur die woestyn (duisternis) na die beloofde land (Lig).

> *1* En wat die geestelike gawes betref, broeders, wil ek nie hê dat julle onkundig moet wees nie. *2* Julle weet dat julle heidene was, weggevoer na die stomme afgode net soos julle ook al gelei is. *3* Daarom maak ek julle bekend dat niemand wat deur die Gees van God spreek, Jesus 'n vervloeking noem nie; en niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees.
>
> 1 Korintiërs 12:1-3

**Vrae vir bespreking**

1. Met bostaande Skrif in gedagte, hoe sal jy die Drie-Eenheid van God aan iemand verduidelik? Lees ook Sagaria 12:10 (528 v.C.)

## 2. Die Gekruisigde

### 2.1. Inleiding

Die feit dat Jesus Christus volgens die Geskrifte (1 Korintiërs 15:3-4) gekruisig is en opgestaan het uit die dood maak Hom wonderbaarlik uniek. Die uitkoms van Sy reddingsdaad is Goddelik, en onlosmaaklik, verweef in die Skrif, die Bybel. Wanneer jy met iemand in gesprek is oor geloofsekerheid, is hierdie onderwerp die kragtigste wat jy kan gebruik. Daar word soms deur ongelowiges beweer dat gelowige mense Christus soort van inlees in die Ou Testament van die Bybel in. Die waarheid is egter dat jy Hom onmoontlik daaruit kan verwyder.

### 2.2. Menslike wysheid teenoor Goddelike Openbaring

Een van die grootste evangeliste en apostel aan die heidense wêreld, Paulus, skryf die volgende aan die Korintiërs:

> [1] En toe ek by julle gekom het, broeders, het ek nie aan julle die getuienis van God kom verkondig met voortreflikheid van woorde of van wysheid nie , want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde. [3] Ek was ook by julle in swakheid en in vrees en in veel bewing; en my rede en my prediking was nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van gees en krag ,sodat julle geloof nie in wysheid van mense sou bestaan nie, maar in die krag van God.
>
> 1 Korintiërs 2:1-5

**Wat sien ons in hierdie Skrifgedeelte?:**

- Menslike wysheid is nie die sleutel tot oortuiging in Christus nie. Die Heilige Gees doen dit.
- Gedurende die tyd en wêreld waarin Paulus geleef het is die gelowiges wreed vervolg en gemartel tot die dood toe. Paulus het onder vrees en vervolging gewerk om die evangelie te verkondig. Hy het egter geweet dat sy boodskap van Goddelike krag is.
- Deur 'n mens se gedagtes te hou by Jesus Christus en Hom as die gekruisigde (Filippense 4:8; Kolossense 3:1-2; Romeine 12:1-2) bestaan die mens se geloof in die krag van God. Die onderwerp van 'n gesprek met iemand wie na die waarheid soek (Matteus 7:8; Johannes 14:23; Openbaring 3:20-22) sluit Goddelike krag in wanneer dit gefokus is op Jesus Christus.

Ander gelowe, soos Islam, beweer dat daar nie bewys kan word dat dit Jesus Christus is wat gekruisig is nie. Hierdeur probeer hulle bewys dat die Bybel nie vertrou kan word nie. Die vraag wat eerstens aan hulle gevra kan word is:

"Ongeag die feit dat dit Jesus Christus wel gekruisig is, is die kruisiging in die Ou Testament op verskeie plekke deur verskillende profete voorspel (bv. Daniël 9:25-26; Psalm 22:17; Sagaria 12:10; Jesaja 53:3). Hoe verklaar jy dit?"

Hulle beweer byvoorbeeld ook dat God oëverblindery gedoen het tydens die kruisiging en dat dit Judas Iskáriot is wat gekruisig is. Hulle dwaal omdat hulle nie die Drie-Eenheid van God verstaan nie. In elk geval word daar profeties en histories in die Bybel beskryf wat met Judas gebeur het na Christus oorgelewer is vir kruisiging (Matteus 27:3-5; Handelinge 1:18). Judas het homself opgehang en sy liggaam het geval en oopgebars. Die apostels het toe vir Matthías verkies om in Judas se plek apostel te wees (Psalm 109:8; Handelinge 1:15-26).

Daar kan dan ook geen twyfel bestaan dat dit juis Jesus Christus was wie gekruisig is. Geen ander persoon as Jesus Christus kon vanuit God kom en as God gekruisig word nie (Sagaria 12:10; Johannes 8:42). In Daniël 9 kan nie slegs die kruisiging gesien word nie, maar selfs ook wanneer dit sou gebeur. So is Jesus Christus, juis as die Lam van God op Nisan 14 (Paasfees) gekruisig en sterf aan die kruis dieselfde tyd as wat die paaslam geslag moes word (Sien Bylaag A).

Die redenasie deur ongelowiges kan nou gevoer word dat indien Christus God is en gekruisig is, is God dan dood?
Die antwoord hierop is dat Christus mens op aarde was (Johannes 1:14) maar God het in Sy volheid in Hom gewoon (Kolossense 1:19). Tydens Sy afsterwe aan die kruis het die Gees van God die mens, Jesus, verlaat (Psalm 22:2; Matteus 27:46).

Jesus Christus verryk 'n mens se lewe met Goddelike openbaring en ewige hoop (Romeine 15:12-13). Sonder hoop is 'n mens in homself verlore. Paulus getuig wat aan hom geopenbaar is:

[3] Ons dank die God en Vader van onse Here Jesus Christus altyd as
ons vir julle bid, [4]omdat ons gehoor het van julle geloof in Christus
Jesus en julle liefde tot al die[5] heiliges, vanweë die hoop wat vir julle
weggelê is in die hemele, waarvan julle vroeër gehoor het deur die
woord van die waarheid van[6]die evangelie, wat julle sowel as die hele
wêreld bereik het; en dit dra vrug, net soos onder julle ook, van die dag
af dat julle dit gehoor het en die genade van God in waarheid leer ken
het; [7]soos julle ook geleer het van Épafras, ons geliefde
medediensknег, wat 'n getroue dienaar van Christus vir julle is, [8] wat
ook julle liefde in die Gees aan ons te kenne gegee het. [9] Daarom hou
ons ook nie op nie, van die dag af dat ons dit gehoor het, om vir julle
te bid en te vra dat julle vervul mag word met die kennis van sy wil in
alle wysheid en geestelike insig, [10]sodat julle waardiglik voor die Here
mag wandel om Hom in alles te behaag en julle in elke goeie werk
vrug mag dra en in die kennis van God mag groei, [11] en met alle krag
bekragtig word volgens die mag van sy heerlikheid tot alle
lydsaamheid en lankmoedigheid met blydskap, [12]en die Vader mag
dank wat ons bekwaam gemaak het om deel te hê aan die erfdeel
van die heiliges in die lig — [13]Hy wat ons verlos het uit die mag van die
duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy
liefde,[14]in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die
vergifnis van die sondes. [15]Hy is die Beeld van die onsienlike God,
die Eersgeborene van die hele skepping; [16]want in Hom is alle dinge
geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik
is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte — alle dinge
is deur Hom en tot Hom geskape. [17]En Hy is voor alle dinge, en in Hom
hou alle dinge stand.[18] En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die
gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat
Hy in alles die eerste kan wees. [19] Want dit het die Vader behaag dat
in Hom die ganse volheid sou woon [20]en dat Hy deur Hom alles met
Homself sou versoen nadat Hy vrede gemaak het deur die bloed van
sy kruis — ek sê deur Hom — die dinge op die aarde sowel as die dinge
in die hemele.[21]Ook julle wat vroeër vervreemd was en vyandig gesind
deur die bose werke, het Hy nou versoen[22]in die liggaam van sy vlees
deur die dood, om julle heilig en sonder gebrek en onberispelik voor
Hom te stel; [23] as julle ten minste gegrond en vas bly in die geloof en
julle nie laat afbring van die hoop van die evangelie nie, wat julle
gehoor het en wat verkondig is in die ganse mensdom onder die
hemel, waarvan ek, Paulus, 'n dienaar geword het.

Kolossense 1:3-23

**Vrae vir bespreking**

1. Hoekom dink jy het Paulus gehou by die tema om slegs oor Christus te praat, en Hom as die gekruisigde?
2. Lees Kolossense 2:4-10. Wat dink jy is die gevaar van die wysbegeerte?

## 3. Die Naam van God – "Ek Is" – Die Here

### 3.1. Inleiding

By die bekende doringbos gebeurtenis soos beskryf in Genesis 3:14, het God vir Moses gesê dat Sy Naam is "Ek Is wat Ek Is".

In Prof Adrio König se boek "Die Groot Geloofswoodeboek" verduidelik hy as volg:

*"In Hebreeus word 'n vorm van 'is' gebruik om 'n verhaal in te lei. In die 1953-vertaling het ons nog soms iets gelees soos: 'Dit het gebeur dat … ' As die Naam Jahwe hiervan afgelei is, kan dit beteken dat God daarmee wil beklemtoon dat Hy dinge laat gebeur, dat Hy betrokke is. Dit sou dan verband hê met die verbond waarin Hy Hom aan ons verbind het om ons God te wees wat vir ons verantwoordelikheid aanvaar het."*

Prof König verduidelik ook dat die titel "Here" in die Bybel in drie betekenisse gebruik word.

1. Dit is 'n vertaling van die Naam van God (Jahwe).
2. Dis 'n vertaling van die Hebreeus (Adon, Adonai) vir heerser/ gebieder/eienaar.
3. Dis 'n vertaling van die Griekse woord kurios wat heerser, beskikker kan beteken (kwotering eindig).

Ons leer dus die Skepper in die Skrif ken as die Here, die Beskikker en Heerser. Ons God wat verantwoordelikheid vir die mens aanvaar het en dit geanker het met die ewige verbond wat Hy met Abraham aangegaan het (Genesis 12 en 15). Dié verbond hou redding in vir alle nasies. Redding word deur geloof in Christus vervolmaak as die Nuwe Verbond (Hebreërs 9:11-17). In Bybelse konteks het die Naam "Here" dus 'n besonderse en historiese betekenis vir die gelowige. Dit verwys spesifiek na die God van Abraham, Isak en Jakob.

> [14] En God sê vir Moses: EK IS WAT EK IS. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: EK IS het my na julle gestuur. [15] Toe sê God verder vir Moses: Dit moet jy aan die kinders van Israel meedeel: Die HERE, die God van julle vaders, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob, het my na julle gestuur. Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag.
>
> Eksodus 3:14-15

### 3.2. Verlossing het 'n Naam gekry op aarde

Voordat die mens die Almagtige God as "Die Here" leer ken het, soos in die tyd van Jakob, het Hy vir hulle bekend geraak as die God van Abraham, Isak en Jakob. Jakob het Hom ervaar as die Engel van God. Vir Jakob het daar geen twyfel bestaan met wie hy te doen gehad het nie:

> [15] En hy het Josef geseën en gesê: Die God voor wie se aangesig my vaders Abraham en Isak gewandel het, die God wat my as Herder my lewe lank gelei het tot vandag toe, [16] die Engel wat my uit elke teëspoed verlos het — mag Hy die seuns seën, en mag deur hulle my naam genoem word en die naam van my vaders Abraham en Isak, en mag hulle vermeerder in die land in menigte.
>
> Genesis 48:15-16

Met die groot gebeurtenis van die verlossing uit Egipte het Verlossing 'n Naam gekry: Die Here, die God van Abraham, Isak en Jakob. Dit is op Skrif gestel en ons kan vandag in die Bybel (Geskrewe Woord) Hom leer ken. Daar is slegs een God van die Verbond en Sy Naam is vir ewig aan ons bekend gemaak (Johannes 17:6). Moet Hom nie 'n ander naam gee nie (Jesaja 45:5; Hosea 2:15-16).

> 1 Verder het God met Moses gespreek en vir hom gesê: Ek is die HERE.
> 2 En Ek het aan Abraham, aan Isak en aan Jakob verskyn as God, die
> Almagtige, maar met my Naam HERE het Ek My nie aan hulle bekend
> gemaak nie. 3 Ook het Ek my verbond met hulle opgerig om hulle die
> land Kanaän te gee, die land van hulle vreemdelingskap waarin hulle
> vertoef het; 4 en Ek het ook gehoor die gekerm van die kinders van
> Israel wat deur die Egiptenaars in slawerny gehou word, en Ek het aan
> my verbond gedink. 5 Daarom, sê aan die kinders van Israel: Ek is die
> HERE, en Ek sal julle onder die harde arbeid van die Egiptenaars uitlei
> en julle red uit hulle slawerny, en Ek sal julle verlos deur 'n uitgestrekte
> arm en deur groot strafgerigte; 6 en Ek sal julle as my volk aanneem
> en vir julle 'n God wees. En julle sal erken dat Ek die HERE julle God is
> wat julle uitlei onder die harde arbeid van die Egiptenaars uit. 7 En Ek
> sal julle bring in die land waaromtrent Ek my hand opgehef het, om dit
> aan Abraham, aan Isak en aan Jakob te gee; en Ek sal dit aan julle as
> 'n besitting gee, Ek, die HERE.
>
> Eksodus 6:1-7

Die mens sonder die God van Abraham, Isak en Jakob sal ook die woord "Here (Lord)" gebruik om te verwys na hulle gode. Daar bestaan egter geen Goddelike verbond of profetiese konteks nie. Met ander woorde, daar is geen outentieke en objektiewe substansie nie want die oorsprong is ongegrond, verbeeldingryk en boos. Vir hulle is daar geen begin (Alfa) en einde (Oméga) nie want die begin en einde het geen verwantskap nie, die ware Here en hoop ontbreek.

> 8 Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat
> is en wat was en wat kom, die Almagtige.
>
> Openbaring 1:8

Vir die ware gelowige het die Naam van God, "Die Here", profetiese en reddende konteks gesetel in die ewige verbond met Abraham.

> [7] Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie. [8] Die leeu het gebrul, wie sal nie vrees nie? Die Here HERE het gespreek, wie sal nie profeteer nie?
>
> Amos 3:7-8

**3.3. Jesus Christus die Messias.**

Deur die Ou Testament te bestudeer kan gesien word dat die Messias voorspel is deur baie eeue en deur verskeie profete. Hy het gestalte gekry as die Gesalfde van God. "Hy Is" die Besondere Persoon met 'n spesifieke bediening. Dit is wat die woord, "Gesalfde" na verwys. In Grieks vertaal is dit "Christus". In Hebreeus is dit "Messias". Selfs in die Ou Testamentiese apokriewe boeke kan gesien word dat die Messias verwag is.

Die Messias is dus duidelik voorspel in die Ou Testament (die Tanakh). Dit is 'n feit waarby almal op hierdie aarde moet kan verbykom. Die detail is oorweldigend veral indien jy dit nie wil glo nie. Die stelling kan dus aan enigiemand gevra word: Buiten die feit dat Jesus Christus sonder twyfel al die profesieë van die Messias volbring het en dus die Messias is, is Hy as Gestuurde van God en vanuit God, in detail voorspel. Wanneer jy die Skrif bestudeer word Christus onomwonde die Beeld van God. Jou oë gaan oop en jy kan sien (Beeld):

> [15] Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping; [16] want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte — alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. [17] En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand. [18] En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees. [19] Want dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon [20] en dat Hy deur Hom alles met Homself sou versoen nadat Hy vrede gemaak het deur die bloed van sy kruis — ek sê deur Hom — die dinge op die aarde sowel as die dinge in die hemele.
>
> Kolossense 1:15-20

Josef het by God opdrag gekry om die Messias Jesus te noem (Matteus 1:21 - Hebreeus Jehoshua) en dit beteken "Verlosser". So, Jesus (die Verlosser) is die Christus (Persoon met die spesifieke bediening) en het volgens die Skrifte opgetree as Silo (Gestuurde Vredemaker) wat slegs deur God self volbring kon word. Hy staan dus as Immanuel (God met ons – Jesaja 7:14) bekend. Hy het volgens die Skrifte (1 Korintiërs 15:1-9) namens die mens die verbondsvoorwaarde volbring deur die pad van die dood te stap (Genesis 15:17; Jesaja 53:5-6; Matteus 27:35).

**Jesus Christus is dus nie slegs nog 'n profeet nie. Hy het dit wat die Messias moes kom doen, volgens die Skrif, volmaak volbring. Hy Is die Wese van die profesie self:**

> 10 En ek het voor sy voete neergeval om hom te aanbid; maar hy het vir my gesê: Moenie! Ek is ‘n mededienskneg van jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God. Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie.
>
> Openbaring 19:10

Nou kan ons nog beter die Almagtige Drie-Eenheid van God verstaan as ons na Jesus se Woorde luister:

> 23 Jesus antwoord en sê vir hom: As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak. 24 Hy wat My nie liefhet nie, bewaar my woorde nie; en die woord wat julle hoor, is nie myne nie, maar is van die Vader wat My gestuur het. 25 Dit het Ek tot julle gespreek terwyl Ek by julle bly; 26 maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. 27 Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie.
>
> Johannes 14:23-27

**Vrae vir bespreking**

1. Lees Jesaja 9:5-7 en bespreek die woorde: “Vrede sonder einde”
2. Lees Jesaja 28:9. Vir wie dink jy wil die Here Sy openbaring verstaanbaar maak?
3. Lees Amos 3:7-8 en Openbaring 5:5. Wie is die Brullende Leeu? Motiveer jou antwoord.
4. Hoe verstaan jy die Drie-Eenheid van God wanneer jy Johannes 14:23-27 lees?

## 4. Johannes die Doper en Jesus Christus in gesprek – “Is U die Een?”

### 4.1. Inleiding

Die lewe en sy uitdagings kan ‘n mens baie sterk beïnvloed en in twyfel dompel. Die evangelie van Jesus Christus is so sterk verkondig in die Bybel dat ons antwoorde tot volle geestelike berusting en versekering daarin kan kry want die Outeur van die Bybel is in ons harte wanneer ons dit lees!

### 4.2. Johannes die Doper se verwagting

Een van die grootste profete, Johannes die Doper (Matteus 11:11), oor wie self geprofeteer is (Jesaja 40:3-5; Maleagi 3:1), het die Messias self uitgeken duidelik op grond van Goddelike openbaring (Lukas 3:16; Johannes 1:29-34). Jesus Christus het self na hom verwys as die grootste een wat ooit gebore is (Matteus 11:11).

Johannes die Doper het verwagtinge gehad oor wat Jesus, as die Messias, sou doen. Die feit dat Hy Jesus as die Lam van God uitgeken het, wys dat hy wel Jesus as die Messias herken het, en wel as die Een wat geoffer gaan word vir die mens se sonde.

> 26 Johannes antwoord hulle en sê: Ek doop met water, maar onder julle
> staan Hy vir wie julle nie ken nie — 27 dit is Hy wat ná my kom, wat voor
> my geword het, wie se skoenriem ek nie waardig is om los te maak nie.
> 28 Dit het gebeur in Betábara, oorkant die Jordaan, waar Johannes
> besig was om te doop. 29 Die volgende dag sien Johannes Jesus na
> hom toe kom, en hy sê: Dáár is die Lam van God wat die sonde van die
> wêreld wegneem! 30 Dit is Hy van wie ek gesê het: Ná my kom 'n man
> wat voor my geword het, want Hy was eerder as ek. 31 En ek het Hom
> nie geken nie; maar dat Hy aan Israel openbaar sou word, daarom het
> ek gekom en met water gedoop. 32 En Johannes het getuig en gesê:
> Ek het die Gees soos 'n duif uit die hemel sien neerdaal, en Hy het op
> Hom gebly. 33 En ek het Hom nie geken nie; maar Hy wat my gestuur
> het om met water te doop, Hy het aan my gesê: Op wie jy die Gees
> sien neerdaal en op Hom bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop. 34
> En ek het gesien en getuig dat Hy die Seun van God is.
>
> Johannes 1:26-34

Johannes het waarskynlik ook menslike verwagtinge van Jesus gehad, soos om die Jode te verlos van Romeinse onderdrukking. Moontlik ook indrukwekkende dade om reeds die ewige koninkryk finaal op aarde te vestig.

Johannes het in haglike omstandighede onskuldig in die tronk gesit. Sy eie omstandighede en sy verlange na die Koninkryk van God het duidelik onmin in sy gemoed gebring en hy het waarskynlik ook self begin twyfel of hy dinge reg verstaan het. Hy het boodskappers na Jesus toe gestuur vanuit die tronk om die volgende vraag aan Jesus te vra:

> 3 Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?
>
> Matteus 11:3

Jesus se antwoord aan Johannes gee sekerheid oor Sy Identiteit, Hy Is die Messias oor Wie in die Skrifte geprofeteer is:

> 4 En Jesus het geantwoord en vir hulle gesê: Gaan vertel aan
> Johannes wat julle hoor en sien: 5 blindes sien weer en kreupeles loop,
> melaatses word gereinig en dowes hoor, dooies word opgewek en
> aan armes word die evangelie verkondig. 6 En salig is elkeen wat aan
> My nie aanstoot neem nie.
>
> Matteus 11:4-6

Jesus het hier aangehaal uit Jesaja 29:18–19 en 35:5–10 wat reeds ongeveer 750 jaar voor Christus oor die Messias geprofeteer is.

- Wat leer ons uit bostaande Skrif met Jesus se antwoord aan Johannes?
- Jesus is die Een van Wie die Skrifte getuig (Psalm 40:8; Johannes 5:39). Johannes, en ons vandag, kan seker wees dat Hy die Messias is ("Silo", die Gestuurde van God en de Een wat vrede bring tussen God en mens - Genesis 49:9-10). Met ander woorde, Jesus het vir Johannes gesê: "Ek Is".
- God is Realiteit en buite tyd. Hy is besig met Sy verlossingsplan vir die mens wat oor baie eeue strek. Soos Johannes, kan ons nie altyd verstaan presies hoe, waar en wanneer dinge gaan gebeur nie. Die feit dat Jesus die profesieë vervul het gee ons die versekering dat God wel in beheer is (Leeu van Juda). Paulus sê dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie (Romans 8:18).
- Hy Is dus die begin en die einde van geloof (Hebreërs 12:2) en Hy kom weer (Maleagi 3:2; Johannes 14:1-3; Handelinge 1:11; Openbaring 1:8). Daar hoef geen twyfel bestaan oor Sy Identiteit nie. Hy is die Gesalfde Een uit die stam van Juda (Genesis 49:10; Jesaja 11:1; Miga 5:1; Matteus 1:1) volgens die Skrifte. God het Homself deur die Messias op aarde openbaar deur profesie in, en deur, die volk van Israel en ook die vervulling daarvan volgens die Skrifte (Jesaja 40:21; 42:9; 1 Korintiërs 15:1-8; Hebreërs 1:1; 2 Petrus 3:).

Wanneer ons vasgevang word deur wêreldse uitdagings en probleme, kan ons ook leer uit Christus se antwoord aan Johannes. Hy Is die Een wat outentiek in die Skrif van getuig word. Ons vind ons berusting en hoop vir die ewige lewe in Hom. Deur Hom groei ons in die kennis van God en dra vrug.

> [9]Daarom hou ons ook nie op nie, van die dag af dat ons dit gehoor het, om vir julle te bid en te vra dat julle vervul mag word met die kennis van sy wil in alle wysheid en geestelike insig,[10] sodat julle waardiglik voor die Here mag wandel om Hom in alles te behaag en julle in elke goeie werk vrug mag dra en in die kennis van God mag groei, [11] en met alle krag bekragtig word volgens die mag van sy heerlikheid tot alle lydsaamheid en lankmoedigheid met blydskap.
>
> Kolossense 1:9-11

**Vrae vir bespreking**

1. Wat beteken dan hierdie Skrifwoord: die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword? Luke 20:17

## 5. Geen verskonings nie

### 5.1. Inleiding

Die liberale filosoof sal byvoorbeeld vir jou sê dat God te groot is om te ken, fokus eerder net op die liefde. Die ware karakter van God verbeeld nie in hom nie. Dit herinner sterk aan iemand soos die Duitse filosoof, Immanuel Kant (22 April 1724 – 12 Februarie 1804). Kant staan bekend daarvoor dat hy rasionalisme en empirisme bymekaar uitgebring het. Ongelukkig het hy die Here in die proses verloor. Vir hom kan die mens slegs iets verstaan wat hy kan beredeneer en dit is gebaseer slegs op dit wat hy empiris (sintuie) kan ervaar. Hy het dus 'n vooropgesteldheid teen die bo-natuurlike en plaas die fokus op die mens se ervarings- en beredenerings vermoë alleen.

'n Siening soos die van Immanuel Kant bring die filosoof tot sy eie trotse gemaksone waar hy homself bo openbaring plaas en 'n stelling maak soos: "Niemand het vir my antwoorde op my vrae nie!"

Hy is verblind en besef nie dat die Persoon van God self in Jesus Christus op aarde verskyn het nie. Vir hulle is Jesus slegs 'n profeet of 'n eerbare man. Hulle kan nie stry dat Jesus Christus wel op aarde was nie want daarvoor is daar te veel bewyse. Hulle wil egter nie die Goddelikheid van Christus erken nie want dit bring jou tot gehoorsaamheid aan Sy heilige Persoon.

**5.2. Goddelike Openbaring**

Die Here se kragtige en outentieke openbaring op aarde, op verskeie wyses, met talle ooggetuies, laat die mens met geen verskonings nie. Dink byvoorbeeld aan die volgende:

- Die mens is as morele wese geskape om te weet wat is reg en wat verkeerd is (Deuteronomium 30:19).
- "Algemene openbaring" deur die wonder van Sy skepping (Romeine 1:18-22).
- Kragtige, Goddelike openbaring by die berg Sinai (Eksodus 19).
- Talryke openbarings en wonderwerke deur die profete. Die hele Ou Testament is 'n profesie oor die Messias (Hebreërs 1:1; .2 Petrus 1:16-21).
- Jesus Christus die Messias wat die Skrifte kom vervul het (Romeine 1:1-7).
- Die beskikbaarheid van die Bybel waaroor alles van getuig word (2 Timoteus 3:16).

Wanneer 'n mens die Bybel bestudeer (Ou Testament en Nuwe Testament) word Christus vir jou openbaar as die Waarheid, regdeur die Bybel (Johannes 8:31-32). Dit gaan oor Hom te leer ken en nie oor wat Hy vir ons op aarde kan doen nie. Deur Christus in Wese te leer ken, leer ons die Vader ken want Christus is die Wese van God self (Kolossense 2:9). Sy dissipels het sy Goddelike Persoon as ooggetuies visueel self ervaar (Johannes 1:14). Dit het van hulle apostels gemaak.

Deur te glo dat jy God se guns gaan wen deur rituele (werke) op aarde is baie ver van die Waarheid (Christus) verwyder. Deur die Vader se toenadering in die Naam van Jesus te soek (Johannes 16:24) word 'n persoonlike verhouding met die Skepper 'n realiteit want jy is met God self besig.

> *28* Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. *29* Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; *30* want my juk is sag en my las is lig.
>
> Matteus 11:28-30

Dawid het in sy benoudste tyd van sondebesef God se teenwoordigheid gepleit sodat hy daardeur tot ware aanbidding kan kom en gevorm kan word tot 'n vaste gees (Psalm 51:11-15).

**5.3. Uniek**

Regdeur die Bybel word daar baie statutêre stellings gemaak wat die Here se uniekheid beklemtoon en genadiglik afdwing (Deuteronomium 18:19-20; Jesaja 45:5; Hosea 2:15). Die woord, statutêr, word paslik hier gebruik omdat die stellings in die Bybel gebaseer is profetiese konteks en Goddelike Eenheid. Getrou, en onlosmaaklik aan Sy Wese (Kolossense 1:15-20), sluit Christus hierby aan:

> *6* Jesus het vir hom gesê: 'Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie. *7* As julle My ken, sal julle my Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom.' *8* Toe sê Filippus vir Hom: 'Here, wys vir ons die Vader, en dit is vir ons genoeg.' *9* En Jesus sê vir hom: 'Ek is al so lank by julle, en ken jy My nie, Filippus? Wie My sien, sien die Vader. Hoe kan jy dan sê: 'Wys vir ons die Vader'? *10* Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek met julle praat, praat Ek nie uit my eie nie; maar dit kom van die Vader wat in My bly en sy werke doen.
>
> Johannes 14:6-10

Dit is deur God vooraf verordineer dat almal wat in Christus na Hom soek verheerlik sal word. Die gelowige het Jesus Christus in sy/haar hart wie van die Vader self gestuur is – Die Heilige Gees as unieke berader en hoop.

> 25 Maar as ons hoop wat ons nie sien nie, dan wag ons daarop met
> volharding. 26 En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want
> ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons
> in met onuitspreeklike sugtinge. 27 En Hy wat die harte deursoek, weet
> wat die bedoeling van die Gees is, omdat Hy ooreenkomstig die wil
> van God vir die heiliges intree. 28 En ons weet dat vir hulle wat God
> liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep
> is. 29 Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore
> verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun,
> sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders; 30 en die
> wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat
> Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig
> het, dié het Hy ook verheerlik.
>
> Romeine 8:25-30

Die mens sonder die Verlosser, Jesus Christus, wie vir jou tussenbeide tree, staar vergelding voor oë. Reeds 750-jaar voor Christus praat God deur Jesaja met ons en bevestig, getrou aan die verbond met Abraham, dat alle mense deur geloof in die Verlosser wie uit die nageslag van Abraham, Isak en Jakob sal kom, gered sal word.

> 16 En Hy het gesien dat daar niemand was nie en Hom verbaas dat
> niemand tussenbei tree nie; daarom het sy arm Hom gehelp en sy
> geregtigheid het Hom ondersteun. 17 En Hy het geregtigheid
> aangetrek soos 'n pantser, en die helm van heil was op sy hoof; en die
> klere van wraak het Hy aangetrek as kleding en Hom gewikkel in die
> ywer soos in 'n mantel. 18 Volgens die dade, daarmee ooreenkomstig
> sal Hy vergelde: grimmigheid aan sy teëstanders, vergelding aan sy
> vyande; aan die eilande sal Hy die loon vergelde. 19 En hulle sal die
> Naam van die Here vrees van die westekant af, en sy heerlikheid van
> die opgang van die son af; want Hy sal kom soos 'n saamgeperste
> stroom wat die asem van die HERE aandrywe. 20 Maar vir Sion kom
> Hy as Verlosser en vir die wat in Jakob hulle bekeer van oortreding,
> spreek die HERE. 21 Wat My aangaan, dit is my verbond met hulle, sê die
> HERE: My Gees wat op jou is, en my woorde wat Ek in jou mond gelê het,
> sal uit jou mond nie wyk nie, en ook nie uit die mond van jou kroos en
> uit die mond van die kroos van jou kroos, sê die HERE, van nou af tot in
> ewigheid nie.
>
> Jesaja 59:16-21

**Vrae vir bespreking:**

1. Lees Johannes 21:7: Waarom dink jy het Petrus sy bo-kleed omgord toe hy vir Jesus op die strand sien staan het? Onthou, dit het gebeur na Christus se kruisiging en opstanding uit die dood.
2. Lees Eksodus 23:21; Johannes 1:14 en Johannes 14:6-9. Wat leer dit ons oor Christus?

# 6. Die Leeu van Juda

### 6.1. Inleiding

Jesus Christus is deur die eeue in detail voorspel en dus lank verwag. Vandaar die Naam "Christus" uit Grieks afgelei wat "Gesalfde" beteken. Met ander woorde, iemand met 'n besondere doel en bediening. Die Naam "Messias" beteken dieselfde en is uit Hebreeus afgelei.

Wanneer daar dus na Jesus Christus, of Jesus die Messias, verwys word, word daar gepraat van die Persoon wie deur die eeue (Ou Testament - profeties) voorspel is om 'n spesifieke taak te verrig (Die Evangelies in die Nuwe Testament getuig daarvan - histories). Hierdie taak is om versoening tussen God en mens te bewerkstellig vir almal wie in Hom glo (Johannes 6:47). Hy Is dus die Vredemaker, die Plek van Rus (Silo – Genesis 49:10), tussen God en mens. Deur geloof kan ons in Sy ewige rus ingaan (Hebreërs 4:1-13).

Indien jy met enige ander profeet, ikoon of god te doen het wat op enige Goddelikheid, of openbaring, aanspraak maak, moet hy/sy aan dit wat van die Messias geprofeteer is, gemeet word. Die Krag van Openbaring en hoop sal ontbreek want die Waarheid is gesetel in die Messias.

Die naam "Áriël" beteken: "Die leeu van God." Sien wat God deur Jesaja reeds 750 jaar voor Christus gesê het:

> *1* Wee Áriël, Áriël, stad waar Dawid laer opgeslaan het! Voeg jaar by jaar; laat die feeste hulle kringloop volbring — *2* dan sal Ek Áriël benoud maak, en daar sal geklaag en geklag wees, en dit sal vir My soos Áriël wees.
>
> Jesaja 29:1-2

Jesus Christus is volgens die Geskrifte gebore uit die stam van Juda (histories outentiek en getrou aan die verbond met Abraham) en het die profesieë oor die Messias vervul. Hy het die feeste se kringloop volbring. Dit is nie meer die soeke na God deur middel van wettiese rituele nie. Deur geloof (outentieke sleutel van Dawid) in Hom is daar vir die mens ewige versoening met God, die Vader.

So, wanneer daar saam met iemand besin word oor die waarheid van die lewe, behoort die onderwerp te wees rondom die Begin en Voleinder van geloof (Hebreërs 12:3; Openbaring 1:8). Dit is egter slegs die Skepper alleen wie hieraan voldoen. So, behou die gesprek rondom Hom (2 Timoteus 2:23-26) sodat daar meer kennis oor juis Hom opgedoen kan word (1 Johannes 5:20-21).

### 6.2. Die Gestalte van God – Die Leeu van Juda

Geen ander wese op aarde kan God die Vader verteenwoordig in Woord en Daad wie nie self in die Gestalte van God is nie.

> [6] Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, [7] maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n diensknek aan te neem en aan die mense gelyk geword; [8] en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.
> [9] Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, [10] sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, [11] en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.
>
> Filippense 2:6-11 (Sien ook Jesaja 49:18; Johannes 14:9; Kolossense 1:15; Hebreërs 1:3)

Daar is slegs een God van Abraham, Isak en Jakob (Eksodus 3:14-15) wie die ewige verbond met Abraham aangegaan het (Genesis 12 en 15). God het deur die eeue getrou gebly aan Sy verbond met Abraham en seker gemaak dat die volk Israel behoue bly (2 Samuel 7:23) waaruit die Messias gebore is. Ons sien dit weereens uit die getuienis van Josef. Josef is deur sy broers as slaaf verkoop en het baie jare in Egipte gely totdat God hom opgerig het as opperheer in Egipte. Josef het homself nie as die slagoffer van gebeure gesien nie maar eerder as 'n gestuurde van God. Hy vind sin in dit waarmee God besig is en nie in sy eie belange nie. Vir Josef was God in beheer. Deur dit wat met Josef gebeur het, het die volk Israel behoue gebly (Genesis 50:19-24):

> [7] Maar God het my voor julle uit gestuur om vir julle 'n oorblyfsel op die aarde te verseker en om julle in die lewe te hou tot 'n groot verlossing.
>
> Genesis 45:7

Hierdie verbond sluit redding vir alle mense in wie in geloof staan tot Jesus Christus, die Engel van die verbond self (Maleagi 3:1).

> [1] Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die HERE van die leërskare. [2] Maar wie kan die dag van sy koms verdra? En wie kan standhou as Hy verskyn? Want Hy sal wees soos die vuur van die smelter en soos die loog van die wassers. [3] En Hy sal sit: 'n smelter en reiniger van silwer, en Hy sal die seuns van Levi reinig en hulle louter soos goud en soos silwer, sodat hulle aan die HERE in geregtigheid 'n offer sal bring. [4] Dan sal die offer van Juda en Jerusalem vir die HERE aangenaam wees soos in die ou dae en soos in die jare van die voortyd.
>
> Maleagi 3:1-4

Die gelowige kan met reg die vraag aan 'n persoon vra: "Dit waarmee jy besig is, wie het die beheer oor jou gedagtes? Hoe staan dit in konteks tot die Engel van die Verbond?" Daar bestaan geen ander god wat die verbond met Abraham aangegaan het en versoening met Homself bewerkstellig het deur die Messias nie.

> [20] Versamel julle en kom, kom almal nader, julle wat uit die nasies ontvlug het! Hulle weet niks, wat die hout van hul gesnede beeld dra en 'n god aanbid wat nie kan verlos nie. [21] Verkondig en bring voor, ja, laathulle saam raad hou: Wie het dit van ouds af laat hoor, lank tevore dit verkondig? Is dit nie Ek, die HERE, nie? En buiten My is daar geen ander God nie: 'n regverdige en reddende God is daar buiten My nie. [22] Wend julle tot My en laat julle red, alle eindes van die aarde! Want Ek is God, en daar is geen ander nie. [23] Ek sweer by Myself; geregtigheid gaan uit my mond, 'n woord wat nie herroep word nie: dat voor My elke knie sal neerbuig, by My elke tong sal sweer. [24] Hulle sal van My sê: Alleen in die HERE is volle geregtigheid en sterkte; na Hom sal hulle kom; maar hulle almal sal beskaamd staan wat op Hom toornig is. [25] In die HERE sal geregverdig word en hulle beroem die hele geslag van Israel.
>
> Jesaja 45:20-25 (Sien ook Jesaja 49:18)

Wanneer daar verwys word na 'n leeu, dwing dit respek af. 'n Leeu is 'n kragtige dier, en word geken as die koning van die diere. 'n Mens vrees sy kragtige optrede (Lukas 12:4-7; Filippense 2:12). HY IS IN BEHEER!! (Leeu). Hy Is getrou tot Homself (Gestalte). Wie is in beheer van jou denke en lewe? Leef jy God gesentreerd?

> [7] Want die Here Here doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie. [8] Die leeu het gebrul, wie sal nie vrees nie? Die Here Here het gespreek, wie sal nie profeteer nie?
>
> Amos 3:7-8

Christus het die gestalte van 'n mens aangeneem om die talle profesieë van Sy verskyning en kragtige optrede op aarde, volmaak te vervul. Die volmaakte vervulling van die profesieë dui daarop dat Hy die gestalte van God is en in beheer is van die verloop van die lewe, en die lewe self. Slegs Hy kan die mens se siel loskoop van die mag van doderyk (Psalm 49:16). Hy Is Die Een wat uit die nageslag van Abraham, en ook Juda, gebore is, soos in die Skrifte voorspel en het volgens die ewige verbond redding vir alle nasies bewerkstellig. Hy Is Goddelik Uniek en in beheer, die Koning van die heelal (Openbaring 19:11-16).

**Vrae vir bespreking**

1. Lees Openbaring 5:5. Hoekom het die ouderling vir Johannes gesê dat hy nie moet ween nie? Motiveer jou antwoord.

## 7. Die Sleutel van Dawid

### 7.1. Inleiding

'n Sleutel verleen unieke toegang tot iets besonders. Die sleutel waarna in die Bybel verwys word (Openbaring 3:7) is geestelik en verteenwoordig die waarheid.

> [7] En skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfía: Dít sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie:
>
> Openbaring 3:7

Daar is slegs een weergawe van die waarheid, daarom die sleutel as metafoor. Dit gaan oor iets wat jy weet, wat jou vorm en deel maak. Jy beskik oor kennis. Hierdie kennis oor God hou heilige ewigheidswaarde in.

**7.2. Sleutel tot die Ewige Koninkryk van God**

In die Skrif word die metafoor: "Sleutel van Dawid" gebruik (Jesaja 22:22; Openbaring 3:7) om toegang te beskryf tot die ewige koninkryk van God. Hierdie sleutel is vrees en geloof in die God van Abraham, Isak en Jakob wat groot wonders onder die Israeliete gedoen het sodat die hele mensdom Hom kan ken.

> [14] Vrees dan nou die HERE en dien Hom in opregtheid en waarheid, en
> verwyder die gode wat julle vaders gedien het oorkant die Eufraat en
> in Egipte, en dien die HERE. [15] Maar as dit verkeerd is in julle oë om die
> HERE te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: òf die gode wat
> julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het, òf die gode van die
> Amoriete in wie se land julle woon; maar ek en my huis, ons sal die
> HERE dien. [16] Toe antwoord die volk en sê: Dit is ver van ons, dat ons die
> HERE sou verlaat om ander gode te dien; [17] want die HERE onse God, dit
> is Hy wat ons en ons vaders uit Egipteland uit die slawehuis laat optrek
> het, en wat voor ons oë hierdie groot tekens gedoen het en ons
> bewaar het op die hele pad wat ons gegaan en onder al die volke
> waar ons dwarsdeur getrek het; [18] en die HERE het al die volke en die
> Amoriet, die inwoner van die land, voor ons uit verdrywe. Ook ons sal
> die HERE dien, want Hy is onse God.
>
> Josua 24:14-18

Die Waarheid is as volg: Daar is slegs een God wat met Abraham die Ewige Verbond aangegaan het en Hom deur die Messias openbaar. Die Messias is gebore volgens die Skrifte, uit die nageslag van Dawid uit die Stam van Juda. Indien jy oor hierdie kennis beskik en daarin glo, is die Waarheid jou eie tot in ewigheid. Jy word 'n heilige steen in God se koninkryk (1 Petrus 2:5) waarvan Jesus Christus die Hoeksteen is (Jesaja 28:16).

Indien jy in Jesus Christus glo, glo jy ook in die God van Abraham, Isak en Jakob, YAHWEH, Die Here. Die Koninklike Sleutel is op aarde gevorm en gemaak.

Die koninkryk van God is nie toeganklik vir sondaars nie. Die persoon wat die God van Abraham, Isak en Jakob verloën, beskik nie oor die sleutel wat die koninkryk oopsluit nie.

> 7 En skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfía: Dít sê die
> Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak
> en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie: 8 Ek ken
> jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand
> kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en
> my Naam nie verloën nie. 9 Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die
> Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg — Ek
> sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek
> jou liefgehad het. 10 Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar
> het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele
> wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel. 11 Kyk,
> Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem
> nie. 12 Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak,
> en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam
> van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die
> nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe
> Naam. 13 Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes
> sê.
>
> Openbaring 3:7-13

Die Here het in bostaande Skrif met die gemeente van Filadelfía gepraat en aangehaal uit Jesaja 22:22 (geskryf 750 jaar voor Christus). Hy het geweet hulle ken die Skrif en het hulle daardeur bemoedig net soos Hy vir Johannes die Doper in Matteus 11:4-6 bemoedig het.

> 22 En Ek sal die sleutel van die huis van Dawid op sy skouer lê; en hy sal oopmaak, en niemand sal sluit nie; en hy sal sluit, en niemand sal oopmaak nie.
>
> Jesaja 22:22

'n Mens, en 'n koning soos Dawid, kan beskik oor aardse besittings en 'n aardse koninkryk maar God stel dit ten doel om die mens geestelik te stig vir Sy ewige geestelike koninkryk. Dit behels heiligheid waarnatoe die mens groei deur sonde af te lê en die Here te dien (Eksodus 19:22; Hebreërs 5:12-6:3).

**7.3. Hoekom juis Dawid?**

In die Bybel word gelees van Salomo, die wyse seun van Dawid. Salomo het die Tempel gebou en oor baie rykdom en aansien beskik. Ten spyte van Salomo se aansien en wysheid, word verwys na die "Sleutel van Dawid" wat oopmaak, en niemand sal sluit nie; en hy sal sluit, en niemand sal oopmaak nie. Hoekom juis Dawid en nie Salomo nie? In 2 Samuel 7:12-15 word gelees dat Salomo gesondig het. Hy het baie vroue gehad en hulle aanbidding aan heidense gode getolereer. God was hom genadig op grond van Sy gelofte aan Abraham en Dawid. Die verskil lê in die feit dat Dawid ook gesondig het, maar hy het geen ander God gedien nie. Dawid was nie volmaak nie maar het sy sonde bely voor God. Hy was 'n man na God se hart (1 Samuel 13:14; Handelinge 13:22).

> 7 Maar die HERE sê vir Samuel: Kyk nie na sy voorkoms en sy hoë gestalte nie, want Ek ag hom te gering. Want nie wat die méns sien, sien God nie; want die mens sien aan wat voor oë is, maar die HERE sien die hart aan.
>
> 1 Samuel 16:7

Dawid was 'n man na God se hart, 'n vurige aanbidder. Onomwonde het Dawid God se teenwoordigheid (hart) gesoek. 'n Rusplek tussen Sy mense. Dit is immers hoe ons God in die Skrif leer ken het as God wat tussen die mense wil tabernakel (Immánuel – Jesaja 7:14). Sien Dawid se woorde in Psalm 132:

> 3 Sekerlik sal ek nie ingaan in die tent van my woning of klim op die bed wat vir my gesprei is nie; 4 sekerlik sal ek my oë geen slaap gun, aan my ooglede geen sluimering nie, 5 totdat ek 'n plek vind vir die HERE, 'n woning vir die Magtige van Jakob!
>
> Psalm 132:3-5

Toe Jesus gelykenisse vertel het, het Hy altyd begin met verwysing na die koninkryk van God (Matteus 13:1; 19; 24; 31; 44; 47). Hy het die mens bekend gestel aan die koninkryk van God en hoe kinders van hierdie koninkryk daarna uitsien. Dit is kinders wat een is met die hart van Dawid!

**Vrae vir bespreking**

1. Lees 1 Petrus 1:23 – 2:5; Openbaring 1:5-6 en Openbaring 22:1-5: Soos wat God aan Dawid 'n fisiese huis, koninkryk en 'n troon belowe het, so kan ons vir seker wees dat die ewige geestelike koninkryk van God 'n realiteit is. Hoe sien jy jouself as bousteen in hierdie koninkryk?

## 8. Jesus die Vredevors

### 8.1. Inleiding

Die Skepper is volmaak en heilig (Matteus 5:48). Die mens is in sonde verval en daarom onversoenbaar met God (Romeine 3:23). Sonder geloof kan jy die Skepper nie behaag nie al doen jy hoeveel sogenaamde goeie werke (Hebreërs 11:6). God is immers nie dom nie en weet baie goed met wie Hy te doen het (1 Kronieke 28:9). Die mens het Jesus Christus broodnodig as Vredevors tussen hom en God want geloof is nie slegs kopkennis in die Skepper nie (Jakobus 2:19) maar 'n volle vertroue in Christus vir saligheid. Laasgenoemde kan ook duidelik gesien word in die verskil tussen Kain en Abel se offers (Genesis 4). Abel het in geloof gelewe maar Kain in ongeloof en self geregtigheid deur werke. Abel se geloof getuig nog steeds tot vandag toe aan alle generasies dat 'n mens by God uitkom deur geloof alleen.

> 4 Deur die geloof het Abel 'n beter offer aan God gebring as Kain, waardeur hy getuienis ontvang het dat hy regverdig was, omdat God oor sy gawes getuienis gegee het; en deur dieselfde geloof spreek hy nog nadat hy dood is.
>
> Hebreërs 11:4

Ons moet egter ook mooi verstaan hoekom ons in die eerste plek geskep is en waaroor saligheid regtig gaan. ‘n Mens kan dus vrae vra soos:

- Waaroor gaan die lewe?
- Watter koninkryk domineer jou gedagtes? Is dit ‘n koninkryk wat tussen jou en God staan (wêrelds/vleeslik), of is jy deel van die hemelse koninkryk?
- Hoe betree jy die hemelse koninkryk? Deur wêreldse beginsels, of is dit in genade deur geloof?

Jesus Christus is deur al die eeue aan ons voorgehou as die unieke Vredevors sodat ons Hom kan ken en glo.

**8.2. Die Vredevors**

Die koninkryk van God wat deur die Heerser Jesus Christus as Vredevors geregeer word, is reeds van die vroegste tye af aan die mens geopenbaar.

Die woord Silo het twee betekenisse: “Gestuurde van God” en “Vredemaker”.

> [9] Juda is n jong leeu; van die roof af het jy opgeklim, my seun. Hy buig hom, hy gaan lê soos ‘n leeu en soos ‘n leeuin; wie sal hom opjaag? [10]Die septer sal van Juda nie wyk nie, nòg die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat **Silo** kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees.
>
> Genesis 49:9-10

Jesaja het dit ook reeds ongeveer 750 jaar voor Christus voorspel:

> [5] Want ‘n Kind is vir ons gebore, ‘n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: *Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader,* ***Vredevors*** — [6]tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërskare sal dit doen.
>
> Jesaja 9:5-6

**8.3. Die Vredevors wie se Magtige Koninkryk die hele aarde vul**

Gedurende ongeveer 605 voor Christus was Daniël een van die Israeliete wat in ballingskap weggevoer was na Babel. Daar het koning Nebukadnésar ‘n droom gehad en Daniel was die enigste een wat, onder leiding van die Heilige Gees, die droom vir hom kon uitlê. In Daniël 2 kan gelees word dat die droom oor ‘n groot beeld gehandel het wat van verskillende metale gemaak is. Dit het verskillende aardse koninkryke wat gaan kom verteenwoordig. “Sonder die toedoen van mense hande”, met ander woorde God self, sal kom en die aardse koninkryke verwoes om God se koninkryk vir ewige te vestig. Dit is Jesus Christus as die Heerser.

> [34] U het gekyk totdat daar sonder toedoen van mensehande 'n klip losraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het. [35] Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud fyngestamp, en dit het soos kaf geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie; maar die klip wat die beeld getref het, het 'n groot rots geword wat die hele aarde gevul het.
>
> Daniel 2:34-35

Jesus Christus, wat getrou aan die Skrif as die Rots (2 Samuel 22:1-3; Jesaja 8:14) bekend staan, het gekom en God se ewige koninkryk op aarde gevestig (2 Samuel 7:16). Dit vul die hele aarde. Dit is duidelik die kerk met Jesus Christus as die hoof. Elke mens, ongeag sy nasionaliteit, sal verantwoording moet doen:

> [9] Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, [10] sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, [11] en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.
>
> Filippense 2:9-11

Soos met al die profete wat in die Bybel aan die woord is, is dit wat ons van hulle lees outentiek. Die Messiaanse profesieë en historiese konteks het dit deur die eeue onomwonde bevestig. Daniël het byvoorbeeld ook voorspel dat die Messias gedood sal word en selfs die tydperk wanneer dit sou gebeur (Daniel 9:25-27). Dawid het die kruisiging duidelik voorspel selfs tot die detail van Christus se kruiswoorde en gebeure rondom die kruis(Psalm 22). Om net 'n paar te noem. Kyk wat het Dawid ook reeds 1000 jaar voor Christus voorspel:

> [8] En hy sal heers van see tot see en van die Rivier tot by die eindes van die aarde. [9] Die bewoners van dor plekke sal voor hom kniel, en sy vyande sal die stof lek. [10] Die konings van Tarsis en van die eilande sal geskenke aanbied, die konings van Skeba en Seba belasting aanbring. [11] Ja, al die konings sal hulle voor hom buig, al die nasies sal hom dien.
>
> Psalm 72:8-11

By wie wil jy skuil as jou Vredevors en Koning?:

> 1 Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge?
> 2 Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam
> raad teen die HERE en teen sy Gesalfde en sê: 3 Laat ons hulle bande
> stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp! 4 Hy wat in die hemel woon,
> lag; die HERE spot met hulle. 5 Dan sal Hy hulle aanspreek in sy toorn, en
> in sy grimmigheid sal Hy hulle verskrik: 6 Ék tog het my Koning
> gesalf oor Sion, my heilige berg. 7 Ek wil vertel van die besluit: Die HERE
> het aan My gesê: U is my Seun, vandag het Ek self U gegenereer. 8 Eis
> van My, en Ek wil nasies gee as u erfdeel en die eindes van die aarde
> as u besitting. 9 U sal hulle verpletter met 'n ysterstaf, U sal hulle
> stukkend slaan soos 'n erdepot. 10 Wees dan nou verstandig, o
> konings; laat julle waarsku, o regters van die aarde! 11 Dien die HERE
> met vrees, en juig met bewing. 12 Kus die Seun, dat Hy nie toornig word
> en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam.
> Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil!
>
> Psalm 2

Jesus Christus is die Lam van God (Johannes 1:29), die Vredevors, wat volwaardig as die Bruidegom (God) van die bruid (die gelowiges – die Kerk) optree tot versoening tussen God en mens (Matteus 9:15). Gaan jy eendag in die heilige Jerusalem wees?

> 9 En een van die sewe engele wat die sewe skale gehad het, vol van
> die sewe laaste plae, het na my gekom en met my gespreek en gesê:
> Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam. 10 En hy
> het my in die gees weggevoer op 'n groot en hoë berg en my die groot
> stad getoon, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God
> neerdaal; 11 en dit het die heerlikheid van God gehad, en sy lig was soos
> 'n baie kosbare steen, soos die kristalhelder jaspissteen.
>
> Openbaring 21:9-11

**Vrae vir bespreking**

1. Die woord Silo het twee betekenisse: "Gestuurde van God" en "Vredemaker". Lees en bespreek Genesis 49:9-10 en Jesaja 9:5-6.
2. Elke jaar tydens die Fees van Trompette word die basuin geblaas om die Koning van die heelal te vier wat die Israeliete uit Egipte van slawerny verlos het. Dit kan gesien word in Psalm 81:2-7. Lees nou ook Daniel 7:13-14. Dink jy daar is enigiemand anders as Jesus Christus waaraan die ewige heerskappy kan behoort? Motiveer jou antwoord.

## 9. Die Goddelike Hoëpriester?

### 9.1. Inleiding

Die mens se doen en late weeg nie op teen die heiligheid van God nie. Deur slegs een sonde te pleeg maak ons skuldig voor 'n Almagtige en Regverdige God. Om nee eers te dink aan 'n leeftyd van sonde nie.

Op aarde sal jy 'n prokureur, of 'n advokaat, nodig hê om tussenbeide te tree in 'n regsgeding vir jou wanneer dinge verkeerd verloop het. Wanneer jy die dag sterf gaan jou onsterflike siel bly lewe. Wie sou jy graag wou hê moet vir jou tussenbeide te tree voor God? Beslis eerder die Messias as enige ander gees of mensgemaakte god, of beeld.

### 9.2. Die Goddelike Priester en Koning volgens Melgisedek (Ewig)

Daar word baie gesê dat daar 'n goue lyn is deur alle gelowe en Christene word selfs beskuldig as arrogant en naïef om te dink dat hulle God uniek is. Wat op hierdie stadium belangrik is om te besef, is dat alle ander gelowe en denkrigtings hulle oorsprong vanuit die sondige mens het, sterk beïnvloed deur die Satan.

Die Almagtige Skepper was reeds ook in Wese betrokke by die mens deur die Persoon van Melgisedek. Melgisedek was die Goddelike Hoëpriester en Middelaar tussen die mens en die Here. So, indien jy soek na 'n sogenaamde "goue lyn", hier is dit. Die ware Goddelike orde volgens Melgisedek.

Die naam Melgisedek beteken: koning van geregtigheid. Koning van Salem beteken: koning van vrede. Dit wat elke mens wil hê, geregtigheid en vrede word in hierdie priester koning beliggaam.

> [18] Melgisedek, koning van Salem en priester van God die Allerhoogste, het vir Abram kos en wyn gebring [19] en hom geseën: 'Mag Abram geseën word deur God die Allerhoogste, Skepper van hemel en aarde. [20]Geloof sy God die Allerhoogste! Hy het jou vyand in jou mag oorgegee.' Toe het Abram vir Melgisedek 'n tiende van alles gegee.
>
> Genesis 14:18-20

Hoewel Melgisedek nie uit die Levitiese priesterorde kom nie, het Abraham hom tog as priester van God die Allerhoogste geëer.

Melgisedek was die koning van Jerusalem en priester van God. Salem word deur sommige gesien as 'n afkorting vir Jerusalem. Dit is wel met die verloop van tyd aan Jerusalem gekoppel. Van die begin van alle tye af het die Here reeds die gebied Jerusalem uitverkies vir die plek waar Hy Sy Naam gaan vestig. Geen ander buite-Bybelse gebou of ritueel of profeet of energie, of wat ook-al, kan hierby kers vashou nie. Die gebeure wat in hierdie stad plaasgevind het, en nog gaan plaasvind staan vandag soos 'n banier vir alle nasies (Jesaja 11:10).

Die stam van Levi het opgetree as menslike priesters wat die aanbiddingsproses by die Tempel behartig het. Die hoëpriester moes dan ook eenkeer per jaar op die "Dag van Verootmoediging" (Yom Kippur) die Tempel se Allerhoogste binnegaan om versoening te doen vir sy eie, en die volk se sonde. Hy moes dit elke jaar oor en oor doen want hy as mens kon nie volmaak versoening met God bewerkstellig nie (Hebreërs 9:25).

Die priesterorde van Melgisedek is van 'n baie hoër orde as die menslike Levitiese priesterorde. Die volgende redes word aangevoer:

- Melgisedek was koning van Salem en priester van God die Allerhoogste
- Daar word niks oor sy geslagsregister gesê nie en daarom is en bly hy, soos die Seun van God, priester vir altyd
- Die naam Melgisedek verwys na koning van geregtigheid en Koning van Salem beteken: koning van vrede.
- Geregtigheid en vrede is eie aan die Karakter van ons Almagtige Skepper.
- Melgisedek is die een wat vir Abram seën nadat hy konings verower het en ontvang ook tiendes van Abraham.
- Melgisedek is dus op 'n hoër vlak as Abraham en sy nageslag, die Leviete (Hebreërs 7:6-7). Op daardie stadium was Levi nog in die liggaam van die stamvader.

Hieruit kan gesien word dat die orde van Melgisedek met die verloop van tyd, bo die wette van mense, bo nepotisme (oorhandiging aan naasbestaandes) staan. Jesus Christus het opnuut 'n vars gestalte hieraan gegee as Goddelike Priester en ook Koning: Jesus Christus het volmaak versoening tussen God en mens moontlik gemaak (Hebreërs 10:12-13). Kyk wat profeteer Dawid alreeds ongeveer 1000 jaar voor Christus:

> [1] Van Dawid. 'n Psalm. Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete.
> [2] U magtige septer sal die HERE uitstrek uit Sion en sê: Heers te midde van u vyande. [3] U volk sal baie gewillig wees op die dag van u krygsmag; in heilige feesgewade, uit die moederskoot van die dageraad sal vir U wees die dou van u jong manskappe. [4] Die HERE het gesweer, en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek. [5] Die Here aan u regterhand verbrysel konings op die dag van sy toorn. [6] Hy sal 'n strafgerig hou onder die nasies; Hy maak dit vol dooie liggame; Hy verbrysel 'n hoof oor 'n groot land. [7] Uit die stroom sal Hy drink op die pad; daarom sal Hy die hoof ophef.
>
> Psalm 110

Melgisedek word as 'n prototipe van Jesus voorgehou in Hebreërs 7. Daar is misterie oor Melgisedek se persoon. Daar word niks oor sy geslagsregister gesê nie, en ook niks van sy einde van sy lewe nie. Daarom is en bly hy, soos die Seun van God, priester vir altyd.

> [1] Melgisedek was koning van Salem en priester van God die Allerhoogste. Dit is Melgisedek wat vir Abraham tegemoet gegaan en hom geseën het toe Abraham op pad terug was nadat hy die konings verslaan het, [2] en dit is ook aan hom dat Abraham 'n tiende van die oorlogsbuit gegee het. In die eerste plek, sy naam Melgisedek beteken: koning van vrede. [3] Niks bekend omtrent sy vader en moeder of sy afstamming of die begin en die einde van sy lewe nie. Hy is soos die Seun van God en hy bly priester vir altyd.
>
> Hebreërs 7:1-3

Toe Jesus sterf aan die kruis, het die voorhangsel in die Tempel geskeur van bo tot onder (Matteus 27:50-51). Die aarde het geskut. Hierdie gebeurtenis het Jesus bevestig as die Hoëpriester en Lam van God wat vir die mens ewige versoening met die Vader bewerkstellig het. Die voorhangsel in die Tempel wat skeiding tussen God en mens voorgehou het, het gesleur. Enige mens kan nou tot God nader in die Naam van Jesus Christus (Johannes 16:24).

**9.3. Die geldige onderskeidende vraag**

Die gelowige kan enige aanslag op die Bybel bevraagteken deur te vra: Waar pas Melgisedek in? Laasgenoemde vraag kan 'n geleentheid skep om te getuig wat die ware Hoëpriester van God, Jesus Christus, vir ons gedoen het, volgens die Skrifte. Ons ken Sy Naam, ons kan Hom direk aanbid, daar is geen mediums nodig nie, ons kan met Hom 'n persoonlike verhouding hê, Hy is ons Here en verlosser, die Enige wat uit die dood opgestaan het, volgens die Skrifte, en sodoende aan ons die sekerheid gee het dat Hy die ewige lewe aan ons kan gee.

'n Kragtige getuienis word deur die Woord ondersteun en die Woord is die Seun van God, die Gesalfde (Messias). Die feeste van die Here is gevier van meer as 1250 jaar voor Christus en het jaarliks opgebou na Versoendag wanneer die Hoëpriester verby die voorhangsel moes beweeg en versoening gaan doen het by die Here vir sy eie, en die volk se sonde. Wonderlik is dan ook om sonder twyfel te kan sien dat die feeste van die Here ons daarop wys dat Jesus Christus die ware Hoëpriester volgens die Goddelike priesterorde van God is en ook profeties daarop dui dat die Messias weer gaan kom om die gelowiges te kom haal. Dit is die kragtigste profesie wat die gelowige kan maak, want dit dui op die hoop wat in hom/haar 'n realiteit geword het. Dit alles deur die genade van Jesus Christus.

**Vrae vir Bespreking**

1. Lees die volgende Skrifgedeeltes en skryf jou weergawe neer van hoe die Goddelike optrede van Jesus Christus aan iemand verduidelik kan word met verwysing na Melgisedek: Psalm 40:8 (1000 v.C.); Johannes 5:39; Hebreërs 10:1-15;

# 10. Die Goddelike en Ewige Verbond

### 10.1. Inleiding

'n Vreugdevolle mens kan beskryf word as 'n mens met hoop. Wanneer hoop kwyn verval 'n mens in 'n diep groef van doelloosheid, deurlopende gevoel van verlorenheid en depressie. Laasgenoemde is ook die geval met 'n mens vol van sondeskuld en wêreldse uitkyk op die lewe.

Die Skepper van die heelal (Johannes 1:1-4) het die ewige verbond met die mens, Abraham, aangegaan wat saligheid inhou vir alle nasies (Genesis 12 en 15). God het Self die verbond namens die mens volbring in Jesus Christus se kruisiging (Sagaria 12:10) en gee ons die wonderlike boodskap van hoop (Titus 1:1; Romeine 15:13) sodat ons vreugde volmaak kan wees (Johannes 16:24). Alleenlik Hy is die Gewer van lewe en slegs Hy kan die lewe sinvol maak bo ons aardse uitdagings en hartseer (Matteus 11:28-30; 1 Johannes 5:20-21; 1 Korintiërs 15:19-20).

Bestudeer gerus die volgende verduideliking om beter te verstaan dat daar nie 'n ander Engel van die Verbond (Maleagi 3:1-4) kon gewees het nie, as Jesus Christus.

### 10.2.Die Verbond met Abraham, die Ewige Verbond

Belangrik om te besef is dat die verbond wat God met Abraham aangegaan het, juis bevestig dat Israel se geloof histories korrek is. So dan ook die geloof in Jesus Christus as die outentieke historiese Persoon wie al die Ou Testamentiese Geskrifte volmaak volbring het. Dit is nie die verbeelding van latere generasies wat, onder andere, die ontstaan van die mitiese gode tot gevolg gehad het nie.

By Sigem (Shechem, 'n dorp in Israel) het die Here aan Abraham verskyn (Genesis 12:1-7) en aan hom bevestig dat hierdie land aan sy nageslag gegee word en dat alle nasies deur Abraham se nageslag geseën sal wees. Abraham het daar 'n altaar gebou om sy geloof in die ware God te bevestig. So ook het Abraham se seun Isak (Genesis 26:24-25), en sy seun Jakob (Genesis 33:18-20) ook daar altare gebou. Die Here het daar aan hulle almal onderskeidelik verskyn en hulle het hulle geloof in God bevestig deur altare te bou.

Die Messias, Jesus Christus, is uit hulle nageslag gebore, uit die stam van Juda, die Seun van Jakob (Genesis 49:10; Jesaja 9:5-6; Matteus 1:1-17) en Jesus se optrede en bediening op aarde was onlosmaaklik van dit wat in die verbond met Abraham vervat is.

Geskrifte vanuit die antieke tyd gee 'n aanduiding van hoe verbintenisse tussen twee partye aangegaan is. Dit het 'n verstaan van die ooreenkoms ingesluit asook voorwaardes waaraan die twee partye moes voldoen.

Die gebruik van 'n verbond het reeds ontstaan lank voordat die Here formeel gebruik gemaak het daarvan in Sy versoeningswerk deur die ewige verbond met Abraham te sluit. Dit het die mens voorberei om die belangrikheid van 'n verbond te verstaan in 'n wêreld wat verdeel is deur sonde. In die Bybel word verskeie verbonde tussen God en mens gesien maar ons bespreek in hierdie hoofstuk hoofsaaklik die verbond met Abraham om spesifiek te kyk na ewige versoening tussen God en mens.

In 'n verbond word beide partye verbind tot die nakom van spesifieke beloftes, gegrond op sekere voorwaardes. Die verbond tussen God en die mens is beide 'n verbond van werke en 'n verbond van verlossing. Dit is deur God ingestel en Hy beskik genadiglik oor outoriteit (monopleuristies) in die verhouding. Die Here het deur Sy genade neergedaal na die vlak van 'n mens en die mens met respek behandel op soortvan 'n vlak van gelykheid. Hy het Sy opdragte en beloftes duidelik uiteengesit. Die mens is so geskep met die vermoë om 'n vrye keuse te maak vir dit wat die Here beveel en word sodoende die erfgenaam van die seën wat daaruit voortvloei. Dit is die verbond van verlossing.

As verbond van werke kan die mens die voorwaardes nakom deur gehoorsaamheid in geloof. As die verbond van verlossing (genade) kan hy dit slegs bekom deur die herskeppende en heiligmakende werking van die Heilige Gees. Die Here openbaar aan die mens om beide te wil en te doen. Die verbond met Abraham kan dan ook na verwys word as die verbond van genade want dit is 'n openbaring van die genade van God. Die mens ontvang al die seën as 'n geskenk van Goddelike genade.

Kom ons kyk hoe God die verbond met Abraham aangegaan het:

1 En die HERE het aan Abram gesê: Gaan jy uit jou land en uit jou
familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys. 2 En Ek
sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak,
dat jy 'n seën sal wees. 3 En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom
vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde
geseën word. 4 Toe het Abram weggetrek soos die HERE hom gesê het,
en Lot het saam met hom getrek. En Abram was vyf-en-sewentig jaar
oud by sy vertrek uit Haran. 5 En Abram het Sarai, sy vrou, en Lot, sy
broerskind, geneem en al hulle besittings wat hulle bymekaargemaak
en die slawe wat hulle in Haran verwerf het, en hulle het uitgetrek om
na die land Kanaän te gaan en in die land Kanaän gekom. 6 En Abram
het deur die land getrek na die plek Sigem, tot by die terpentynboom
More. Die Kanaäniete was toe in die land. 7 Daarop verskyn die HERE
aan Abram en sê: Aan jou nageslag sal Ek hierdie land gee. Toe bou hy
daar 'n altaar vir die HERE wat aan hom verskyn het 8 En daarvandaan
het hy verder versit na die gebergte oos van Bet-el en sy tent
opgeslaan tussen Bet-el aan die weste- en Ai aan die oostekant, en
daar vir die HERE 'n altaar gebou en die Naam van die HERE aangeroep.

Genesis 12:1-8

In Genesis 15 kan verder gelees word hoe die verbond met Abraham aangegaan is:

> 1 NÁ hierdie dinge het die woord van die HERE tot Abram gekom in 'n
> gesig en gesê: Vrees nie, Abram, Ek is vir jou 'n skild en jou loon is baie
> groot. 2 Toe vra Abram: Here HERE, wat sal U my gee, aangesien ek
> sonder kinders heengaan en die erfgenaam van my huis die
> Damaskéner Eliëser is? 3 Verder het Abram gesê: Aan my het U
> geen nageslag gegee nie; so sal dan die bediende van my huis my
> erfgenaam wees. 4 Toe kom die woord van die HERE tot hom en sê:
> Hierdie een sal jou erfgenaam nie wees nie, maar die een wat uit jou
> liggaam sal voortkom, hy sal jou erfgenaam wees. 5 Daarop lei Hy hom
> uit na buite met die woorde: Kyk nou op na die hemel en tel die sterre
> as jy hulle kan tel. En Hy sê vir hom: So sal jou nageslag wees. 6 En hy
> het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken.
> 7 Verder het Hy vir hom gesê: Ek is die HERE wat jou uitgelei het uit Ur
> van die Chaldeërs om jou hierdie land in besit te gee. 8 En hy sê: Here
> HERE, waaraan sal ek weet dat ek dit in besit sal neem? 9 En Hy
> antwoord hom: Neem vir My 'n driejaaroud vers en 'n driejaaroud
> bokooi en 'n driejaaroud ram en 'n tortelduif en 'n jong duif. 10 En hy het
> dit alles vir Hom gebring en dit middeldeur gedeel en die
> helftes teenoor mekaar gelê; maar die voëls het hy nie verdeel nie.
> 11 Toe kom daar roofvoëls op die dooie diere af, maar Abram het hulle
> weggejaag. 12 En toe die son wou ondergaan, val daar 'n diepe slaap
> op Abram, en kyk, skrik en groot duisternis het hom oorval. 13 Daarop sê
> Hy vir Abram: Weet verseker dat jou nageslag vreemdelinge sal wees
> in 'n land wat aan hulle nie behoort nie; daar sal hulle
> diensbaar wees en verdruk word vierhonderd jaar lank. 14 Maar Ek sal
> ook die nasie oordeel aan wie hulle diensbaar moet wees, en
> daarna sal hulle uittrek met baie goed. 15 Maar jý sal na jou vaders
> gaan in vrede, jy sal in goeie ouderdom begrawe word. 16 En die
> vierde geslag sal hierheen terugkom, want die ongeregtigheid van die
> Amoriete is tot nog toe nie vol nie. 17 En ná sononder, toe dit heeltemal
> donker was, gaan daar 'n rokende oond en vurige fakkel tussen dié
> stukke vleis deur. 18 Op dié dag het die HERE met Abram 'n verbond
> gesluit en gesê: Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van die rivier
> van Egipte af tot by die groot rivier, die Eufraatrivier: 19 die Keniete en
> Kenissiete en Kadmoniete 20 en Hetiete en Feresiete en Refaïete 21 en
> Amoriete en Kanaäniete en Girgasiete en Jebusiete.
>
> Genesis 15

**Wat sien ons uit bostaande Skrifgedeeltes?:**

- Die naam Abraham sal 'n bekende naam wees oor die hele wêreld sodat die mens daardeur geseënd sal wees. (12:2)
- Alle geslagte van die wêreld sal deur Abraham geseënd wees (12:3; 22:18).
- Dat Isak Abraham se erfgenaam sal wees en nie Ismael nie (15:3-4)
- Abraham sal 'n groot nageslag hê (12:2; 15:5).
- Die spesifieke land Kanaän (Israel) is aan Abraham, en sy nageslag, gegee (12:7; 15:7).
- Abraham het by Sigem 'n altaar gebou om sodoende sy geloof in God te bevestig (12:7).
- Abraham se geloof in, en gehoorsaamheid aan God, het hom tot geregtigheid gereken (15:6)

**Die gebruike van die sluit van 'n verbond was:**

- Diere se liggame is gesny (verbrysel) (15:9-11)
- Bloed het geloop
- Die partye wat die verbond aangegaan het, het die pad van die dood gestap tussen die gesnyde (verbryselde) diere se liggame deur (15:17). Dit is om te toon wat met dié party sal gebeur indien hy ongehoorsaam is aan die verbond – hy sal moet sterf. God het Sy beloftes aan Abraham bevestig deur alleen tussen die verbryselde liggame deur te beweeg.
  Die verbond met Abraham is 'n ewige verbond. Ewigheid en die Ewige Lewe is iets wat geen ander god die mens kan bied nie. Slegs die Skepper van die lewe kan dit doen, die God van Abraham, Isak en Jakob. Sy Naam is aan ons bekend gemaak: "Ek Is". Hy Is vir ewig (Eksodus 3:14-15). Dit is die oorsprong van die woord "Here" (Lord).

Deur die Bybel te bestudeer kan ons vandag die sekerheid hê en weet dat God getrou bly aan Sy verbond. Ons kan byvoorbeeld die volgende lees in Genesis 49:

> 8 Juda, jy is dit! Jou sal jou broers loof. Jou hand sal op die nek van jou vyande wees; voor jou sal die seuns van jou vader hulle neerbuig.
> 9 Juda is n jong leeu; van die roof af het jy opgeklim, my seun. Hy buig hom, hy gaan lê soos 'n leeu en soos 'n leeuin; wie sal hom opjaag?
> 10 Die septer sal van Juda nie wyk nie, nòg die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees.
>
> Genesis 49:8-10

**Wat sien ons in hierdie Skrifgedeelte?:**

- In die beloofde land, Israel, sal die stam van Juda besonders, en spesifiek, deur God gebruik word.
- Die volke van die aarde sal 'n groot nageslag van gelowiges word.
- Die Messias (Silo – Hebreeuse woord wat twee betekenisse het: "'n Gestuurde van God" en "Die Een wat vrede bring")sal uit die stam van Juda gebore word as die Leeu van Juda en sal die Goddelike, ewige koninkryk vestig op aarde.
- Baie belangrik dan om te besef dat indien 'n mens buite die verbond van God in ongeloof leef is jy outomaties nie deel van die Ewige Koninkryk van God nie. God het voorsiening hiervoor gemaak deur versoening met Homself moontlik te maak deur geloof in Jesus Christus. Hierdie geloof in Jesus Christus is nie slegs kopkennis dat Jesus geleef het nie. Ook nie slegs kopkennis dat Jesus uniek was nie, maar geloof in Hom as die Seun van God wat die verbond vervolmaak het aan die kruis.

Sommige ongelowige mense sal beweer dat hulle wel in Jesus glo en dat Hy uniek is, maar hulle ontken die Goddelikheid van Christus. Hulle sal byvoorbeeld die volgende beweer:

- Dat die maagdelike geboorte van Christus was moontlik nie. Hy/sy beweer dus dat dit maagdelike geboorte van Christus 'n klug is. Hulle maak 'n bespotting van 'n profesie soos Jesaja 7:14.
- Dat die Satan bestaan nie. Totale vooropgesteldheid teen die bo-natuurlike soos byvoorbeeld die bose geeste in die lug (Efesiërs 6:12)
- Christus kan nie God wees nie want Hy het aan die kruis gesê: "My God, My God, Waarom het U my verlaat?" Ironies is dat indien die persoon beweer dat Christus nie God geïnkarneer was nie, sou Hy dit dan juis nie kon se nie.

Die werklikheid egter kan gesien word in die volgende Skrif:

> 3 Daarom maak ek julle bekend dat niemand wat deur die Gees van God spreek, Jesus 'n vervloeking noem nie; en niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees.
>
> 1 Korintiërs 12:3

‘n Persoon vir wie Christus nie sy/haar Here (God) is nie en die Goddelikheid van Christus verloën, het nie die krag van die Heilige Gees nie. Hy/Sy kan nie die Waarheid, Christus, omhels nie en is verblind. Vir hom/haar is die Woord verseël (Jesaja 29:9-12; 2 Tessalonisense 2:11-12). Al gee ‘n mens hoeveel verduidelikings vanuit die Skrif daar word beweer dat jou antwoorde onvoldoende is. Die persoon sien homself/haarself dan ook gewoonlik as die slagoffer van onregverdige teologie. ‘n Mens kan net aanhou bid tot die Vader om so ‘n persoon genadig te wees en sy/haar geestesoog te open vir die evangelie.

**Vrae vir bespreking**

1. Lees die volgende Skrifgedeeltes: Jesaja 11:1-2 (750 v.C.); Miga 5:1 (500 v.C.); Matteus 1:1; Openbaring 3:7; Openbaring 5:5. Wat leer dit ons van Jesus Christus?
2. Lees Eksodus 6:4-6 en Galasiërs 4:1-7. Dink jy dat God steeds vandag aan Sy verbond dink? Is dit van toepassing op alle gelowiges?
3. Wat het gemaak dat God Abraham tot geregtigheid gereken het? Lees Genesis 15:6; Galasiërs 3:6-29 en Johannes 8:56.

# 11. Jesus Christus, die Nuwe Verbond

## 11.1. Inleiding

Die woord “Saligheid” (Salvation) verwys na die verlossing van sonde en die nagevolge daarvan. Die grootste nagevolg van sonde is die skeiding met God. Jesus Christus het ewige versoening met God moontlik gemaak vir alle mense - Saligheid.

> [12] Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie. [13] Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God.
>
> 1 Johannes 5:12-13

## 11.2. Mense van die verbond

Wanneer daar gepraat word van **“mense van die verbond”**, sluit dit Israel in wat onder Jehovah (God van verlossing, die Here) se verbond is (Die sogenaamde ou Verbond: Deuteronomium 30:19-20).

Die ou Verbond is vervolmaak deur Jesus Christus se kruisdood en opstanding uit die dood. **Die nuwe verbond** bring die seën-aspek van die Verbond van Abraham tot verlossing.

> [21] Die Here het gesweer en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek — [22] in sover het Jesus van n beter verbond borg geword.
>
> Hebreërs 7:21-22 (Sien ook Psalm 110)

Getrou aan die gebruike van die Ou Verbond sien ons die volgende in Jesus Christus:

- Met die kruisiging is Christus se liggaam is gesny, verbrysel, en bloed het gevloei. Dit is ook reeds honderde jare voor die tyd voorspel soos byvoorbeeld in: Psalm 22:17; Jesaja 53:5-12; en Daniël 9:26.
- Jesus Christus het die pad van die dood gestap namens die mens wat die verbond verbreek het (Eksodus 32:19; Jesaja 24; Daniel 9:4-19). “Hy Is” die nuwe verbond (Jeremia 31:31-34).
- ‘n Testament is dit wat beskryf wie wat gaan erf wanneer ‘n persoon sterf. Die belangrike is dat die persoon eers moet sterf voordat die testament volbring kan word. Genadiglik word die beloftes van die verbond, ewige saligheid, die testament van Christus. Dit sluit nou alle gelowiges in, die Kerk, wat onder die nuwe verbond val deur die bloed van Christus (Matteus 26:27-28 en 1 Korintiërs 11:25).

Kyk na Jesus se woorde in 1 Korintiërs 11:25 waar Hy Homself as die Nuwe Testament (Verbond) bevestig en die Nagmaal instel:

> [25] Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.
>
> 1 Korintiërs 11:25

Die Here bevestig dat Jesus Christus is die Nuwe Verbond reeds 750 jaar voor Christus:

> [5] So sê God, die HERE, wat die hemele geskape en hulle uitgesprei het, die aarde uitgespan het saam met wat daaruit voortkom, wat aan die aardbewoners die asem gee en die gees aan wie daarop wandel: [6]Ek, die HERE, het U geroep in geregtigheid, en Ek vat u hand en behoed U en gee U as 'n verbond van die volk, as 'n lig van die nasies, [7]om blinde oë te open; om gevangenes uit die kerker uit te lei, uit die gevangenis diegene wat in die duisternis sit.
>
> Jesaja 42:5-7

Die Nuwe Verbond doen dit wat die Verbond van Moses nie kon doen nie. Dit maak voorsiening vir die vergifnis van sonde (Jeremia 31:24b).

Die inwoning van die Heilige Gees word 'n werklikheid (Jeremia 31:33 en Esegiël 36:27)

Die Heiligdom sal herbou word. Die Verbond van Moses het uitgeloop op die oprigting van die Tabernakel.
Die Verbond van Dawid het uitgeloop op die oprigting van die eerste Tempel. Die Nuwe Verbond het uitgeloop op die uitstorting van die Heilige Gees op gelowiges (1 Korintiërs 6:19) en die toekomstige oprigting van die Millenniale Tempel (Esegiël 37:26-28; Esegiël 40-44).

Die Nuwe Verbond bevat nie die wet van Moses nie, maar die wet van die Messias (Romeine 8:2 en Galasiërs 6:2).
Dit wys hoe die geestelike seëninge van die Joodse verbonde oorvloei na die nie-Jode.

Gelowiges vandag bekom berusting en wonderlike hoop deur in die Skrif die profesieë te lees en te sien dat Jesus Christus dié Historiese Figuur is wie die profesieë volmaak volbring het. Sien byvoorbeeld hoe Maleagi ongeveer 430 jaar voor Christus geprofeteer het dat Johannes die Doper die Messias, die Lam van God, sal uitwys. Die Messias is die Engel van die Verbond uit die nageslag van Juda. (Maleagi 3:1-4). Johannes die Doper identifiseer dan ook Jesus Christus as die Messias, die Lam van God (Johannes 1:29).

Dink mooi, geen ander god, of profeet, is 'n historiese figuur soos Jesus Christus nie. Met ander woorde, hulle is nabootsers en daar bestaan geen profetiese konteks ten opsigte van Goddelike openbaring nie.

Die Messias is die ware Outentieke Verteenwoordiger. Waar die Ou Verbond van Moses die mens se onvolmaakte optrede as standaard voorgehou het, het genade en die waarheid deur die Messias gekom (Johannes 1:17; 8:31-32).

Die bloed van die Messias het verlossing gebring in die Nuwe Verbond (Hebreërs 8:1-10, 18).

> [20]Net so neem Hy ook die beker ná die maaltyd en sê: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed wat vir julle uitgestort word.
>
> Lukas 22:20

Jesus Christus, die Goddelike Hoëpriester (volgens die priesterorde van Melgisedek – Psalm 110:4; Hebreërs 7:11-13) het as Middelaar kom optree (Efesiërs 2:13-18) om die Nuwe Verbond te wees (Hebreërs 8:6). Hy het die muur kom afbreek tussen Jood en nie-Jood sodat die ewige lewe in Sy teenwoordigheid aan almal beskikbaar is wat in Hom glo (Efesiërs 2:8; Johannes 6:47)

**Vrae vir bespreking**

1. Bespreek hoe jy vir iemand sal verduidelik dat Jesus die ewige verbond wat God met Abraham gemaak het, volbring het.

# 12. Kind van die Verbond

### 12.1. Inleiding

Indien jy aartsvaders soos byvoorbeeld Abraham, Isak, Jakob, Moses, Dawid en Daniël as 'n outentieke figure beskou is dit belangrik om te vereenselwig met waarin hulle geglo het. Ook opmerklik is die profetiese konteks van elkeen se lewensverhaal wat direk verwant is aan die volbringing van die verbond in Jesus Christus, die Messias.

> *11* Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus.
>
> 1 Korintiërs 3:11

Jy kan dus nie enige Bybelse aartsvader neem en in isolasie 'n verhaal rondom hom bou nie. Jy kan ook nie enige een uitlaat nie. Nog minder kan jy 'n ander sogenaamde profeet of leerstelling inbring wat totaal buite konteks tot die verbond staan nie. Die profetiese konteks is te sterk. Deur nie te glo in die volle ware verhaal van wat God met Abraham en sy nageslag gedoen het nie, het jy die pad van die verbond byster geraak of nog nooit gevind nie.

Deur geloof word 'n mens 'n kind van die verbond. Abraham het geglo dat God die mag het om uit die dood op te wek (Hebreërs 11:17-18). Hy wou in gehoorsaamheid Isak offer (Genesis 22:1-18) soos wat God hom opdrag gegee het om te doen. Hy het geglo dat God Isak uit die dood sou moes opwek omdat daar geen ander nakomeling as Isak was wie die voorwaarde van die verbond kon volbring nie. In Genesis 15:2-5 word gesien dat God dit aan Abraham duidelik gestel het dat dit juis Isak gaan wees wie die nakomeling gaan wees en nie Ismael nie. So het God toe voorsien dat daar 'n ram beskikbaar was om geoffer te word en nie Isak nie (Genesis 22:13).

Die woord "kind" gebruik in Galasiërs 4:1 verwys na 'n baba wat nog nie kan praat nie en dus oorgelaat is aan die wat vir hom/haar versorg.

Die woord "kinders" in Galasiërs 4:6 verwys na die Joodse seremonie wat bekend staan as Bar Mitzvah vir Seuns en Bat Mitzvah vir dogters. Dit is 'n seremonie wat die tyd aandui wanneer 'n seun, of meisie, 'n Joodse volwassene word en dus verantwoordelikheid moet neem vir sy/haar eie dade. Dit geskied gewoonlik op die ouderdom van ongeveer 12 tot 14 jaar. Voor hierdie gebeurtenis was die ouers verantwoordelik.

As ongelowige persoon (baba) is jy oorgelaat aan die wêreld se vals gelowe en menslike wysheid (Kolossense 2:8).

Wanneer jy tot geloof kom in Jesus Christus (Die Nuwe Verbond) word jy erfgenaam van die belofte van die verbond, die Ewige Lewe in Jesus Christus.

> *12* Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; *13* wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is. *14* En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon — en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom — vol van genade en waarheid.
>
> Johannes 1:12-14

**12.2. Jesus Christus, die Lam van God**

Jesus Christus is deel van elke Ou Testamentiese verhaal. Jy kan Christus nie uithaal uit die Ou Testament nie want Hy Is die Lam van God, die Verhaal Self. Dink byvoorbeeld aan:

- Adam en Eva wat hulle sonde probeer bedek het met blare. Die Here bedek hulle met klere van vel. Daar het 'n onskuldige dier gesterf om die mens se sonde te bedek (Genesis 3). Die Here het die mens geklee met klere van geregtigheid (Jesaja 61:10) om te wees soos die bruid wat haar voorberei in geregtigheid vir die Bruidegom, Jesus Christus die Nuwe Verbond (Openbaring 19:7-8).
- Die vloed deur God om die boosheid van die mens te verdelg (Genesis 6:5-7) maar God voorsien deur die ark met Noag die regverdige en opregte man (Genesis 6:8-9).
- Die enigste nakomeling van Abraham volgens die gelofte, Isak, sou geoffer word maar God voorsien deur die ram wat in Isak se plek geoffer word (Genesis 22). Christus is die Lam van God (Johannes 1:29).
- Verdrukking in Egipte met verlossing deur die gestuurde van God, Moses (Eksodus 3). Die uittog ewig herdenk deur Paasfees op Nisan 14 (Eksodus 12), die dag wat die Lam van God gekruisig is (Johannes 19:14-16).
- Die volk wat as gevolg van hulle ongehoorsaamheid vir veertig jaar in die woestyn verkeer (Eksodus 16:35) ondergaan die pelgrimstog van selfondersoek tot redding na die beloofde land (verbond), die Heiland (Jesaja 49:26; Hosea 13:4).
- God het deur Moses vyf tipes offers formeel ingestel: Brandoffer, Graanoffer, Maaltydoffer, Sondoffer en Skuldoffer (Levitikus 1-7). Die eerste drie was vrywillig en die laaste twee verpligtend. Die Maaltydoffer was die enigste offer waar tydens die persoon wie die offer doen ook deel het aan die maal. Dit verbeeld die Vredevors (Jesaja 9:5-6) Jesus Christus wie versoening tussen God en mens bewerkstellig het. Dit staan dan ook bekend as die Vredesmaal (Peace Offering). Vir 'n meer volledige bespreking oor hoe Christus in die offers gesien kan word, lees gerus vanaf bladsy 123 in die gratis eboek: "Laat die Woord Getuig" bekombaar van **www.matthew28.co.za**.
- Die uitleg van die Tabernakel (Moses - Eksodus 26-27) en later die Tempel (Dawid se seun, Salomo - 1 Konings 6) verbeeld Christus as die Enigste Weg na die Vader (Johannes 14:6). Vir 'n meer volledige bespreking oor hoe Christus in die Tabernakel en Tempel gesien kan word, lees gerus vanaf bladsy 186 in die gratis eboek: "Laat die Woord Getuig" bekombaar van www.matthew28.co.za.
- Die ewige koninkryk (Daniel 2:44) op aarde gevestig uit die stam van Juda (2 Samuel 7:12-16 – Dawid was uit die stam van Juda). Die Messias, Jesus Christus, is uit die stam van Juda gebore (Matteus 1:2) en kom weer as Heerser en Koning (Openbaring 21:3-7) om die ewige koninkryk van God te vestig.
- Die Kneg van die Here (Jesaja 42 en 43) wat die reg na die nasies sal uitbring – steeds getrou aan die verbond met Abraham
- Die lys sal baie lank word indien ons alles wat Christus gedoen het sou neerskryf. Daarom kan ons saam met Johannes as volg verklaar:

> [24]Dit is daardie dissipel wat van hierdie dinge getuig en hierdie dinge geskryf het, en ons weet dat sy getuienis waar is. [25]En daar is nog baie ander dinge wat Jesus alles gedoen het; maar as hulle een vir een beskrywe moes word, sou die wêreld self, dink ek, die geskrewe boeke nie bevat nie. Amen.
>
> Johannes 21:24-25

Christus was duidelik die Beeld van God op aarde (Johannes 14:9; Kolossense 1:15) en was God self wat gespreek het (Deuteronomium 18:18; Johannes 12:49). Hy was in Gees die wese van profesie self (Jesaja 43:9-11; Openbaring 19:10). Hy het versoening tussen God en mens bewerkstellig soos verwoord in die Verbond met Abraham. Hy was die Lam van God wat die verbond voorwaarde namens die mens volbring het. Dit is nie iets waaraan die mens kan verander nie. Dit is 'n ewige monopleuristiese verhouding met die Lewende Almagtige God:

5 Want ‘n Kind is vir ons gebore, n Seun is aan ons gegee; en die
heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar,
Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors — 6 tot vermeerdering
van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid
en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en
deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE
van die leërskare sal dit doen.

Jesaja 9:5-6

‘n Kind van die verbond staan nie skepties teenoor die Skrif nie. Hy/sy bevraagteken nie, maar omhels die Woord van God tot verheerliking van God. Kyk wat skryf Paulus vanuit die tronk in haglike omstandighede:

9 En dit bid ek dat julle liefde nog meer en meer oorvloedig mag word
in kennis en alle ervaring, 10 om die dinge waar dit op aankom, te
onderskei, sodat julle rein en vir niemand ‘n aanstoot mag wees nie,
tot op die dag van Christus, 11 vervul met die vrug van geregtigheid
wat daar is deur Jesus Christus tot heerlikheid en lof van God. 12 En ek
wil hê dat julle moet weet, broeders, dat wat my wedervaar het,
eerder op bevordering van die evangelie uitgeloop het, 13 sodat my
boeie openbaar geword het in Christus onder die hele keiserlike
lyfwag en by al die ander, 14 en die meeste van die broeders wat in die
Here deur my boeie vertroue gekry het, dit des te meer waag om die
woord onbevrees te spreek.

Filippense 1:9-14

Jy wys nie jou ware kleure deur wettiese rituele nie, maar deur jou hart. Toe die Here die Egiptenaars getref het met die dood van die eersgeborenes tydens die tiende plaag, het Hy nie gekyk na wie in die huis is nie. Hy het die huis verbygegaan (Pass over) indien Hy die bloed van die lam aan die bo-drumpel en aan die twee deurposte gesien het (Eksodus 12:23). Deur geloof in die Lam van God en Sy bloed wat vir jou ingestaan het aan die kruis, is daar redding. Jy kan nie vrug dra tot die koninkryk van God sonder geloof nie. Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag.

2 Ja, my siel is stil tot God; van Hom is my heil. 3 Hy alleen is my rots en
my heil, my rotsvesting; ek sal nie grootliks wankel nie. 4 Hoe lank sal
julle aanstorm op ‘n man, julle almal hom verbrysel soos ‘n muur wat
oorhang, ‘n omgestote klipmuur? 5 Ja, hulle hou raad om hom van sy
hoogte af te stoot; hulle het behae in leuens; met hul mond seën hulle,
maar met hul binneste vloek hulle. Sela. 6 Wees net maar stil tot God,
my siel, want van Hom is my verwagting! 7 Sekerlik, Hy is my rots en my
heil, my rotsvesting; ek sal nie wankel nie. 8 By God is my heil en my eer;
die rots van my sterkte, my toevlug is in God.

Psalm 62:2-8

Jesus het die nagmaal ingestel en daarop gewys dat die wyn Sy bloed wat vir ons gevloei het verteenwoordig en ons dit moet drink tot Sy nagedagtenis. Die brood wat gebreek word, verteenwoordig Jesus se liggaam wat vir ons verbrysel is (Matteus 26:26-28).

Die verbond genote se liggame het met ander woorde 'n merk opgedoen deur die sluit van die verbond. Die gelowige se merk is reeds ongeveer 586 jaar voor Christus geprofeteer:

> 7 En Ek sal hulle 'n hart gee om My te ken, dat Ek die HERE is; en hulle sal
> vir My 'n volk wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees, want hulle sal na My
> terugkeer met hul hele hart.
>
> Jeremia 24:7

Die gelowige se hart is gesny en wil die Here dien.

> 28 Want nie hý is 'n Jood wat dit in die openbaar is nie, en nie dít is
> besnydenis wat dit in die openbaar in die vlees is nie, 29 maar hy is 'n
> Jood wat dit in die verborgene is, en besnydenis is dié van die hart, in
> die gees, nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar uit God.
>
> Romeine 2:28-29

'n Kind van die verbond kan dus uitgeken word aan 'n hart wat die Here wil dien!

In die volgende Skrif, Galasiërs 4:1-7, word verwys na 'n kind (4:1) en kinders (4:6).

> 1 Maar ek sê: So lank as die erfgenaam 'n kind is, verskil hy niks van 'n
> dienskneg nie, al is hy heer van alles; 2 maar hy staan onder voogde
> en bestuurders tot op die tyd tevore deur die vader bepaal. 3 So was
> ons ook, toe ons kinders was, in diensbaarheid onder die eerste
> beginsels van die wêreld. 4 Maar toe die volheid van die tyd gekom het,
> het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet,
> 5 om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming
> tot kinders kan ontvang. 6 En omdat julle kinders is, het God die Gees
> van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader!
> 7 Daarom is jy nie meer dienskneg nie, maar kind; en as jy kind is, dan
> ook erfgenaam van God deur Christus.
>
> Galasiërs 4:1-7

**Vrae vir bespreking**

1. In 1 Samuel 18:3-4 kan gelees word hoe Dawid en Jónatan mekaar se persone aangeneem het gedurende die sluit van 'n verbond tussen hulle twee. Jonathan het sy mantel en wapenrusting aan Dawid oorhandig. Jónatan het sy identiteit en sy vermoë om homself te beskerm aan Dawid oorhandig. Jonathan het teruggestaan as opvolger van koning Saul en Dawid erken as God se keuse vir koning. Toe Jónatan sy mantel aan Dawid oorhandig het, het Dawid met ander woorde Jónatan simbolies aangetrek. Wat gebeur met 'n mens wanneer jy Jesus Christus as Verlosser aanneem? Lees ook: Romeine 13:12-14; Efesiërs 4:17-32, Kolossense 3:1-17 en 2 Petrus 1:3-4
2. Lees die volgende Skrif wat reeds 750 jaar voor Christus wat die Here deur Jesaja gespreek het: Jesaja 42:6-11 en Jesaja 59:20-21. Watter hoop leer ons hieruit is vir gelowiges 'n realiteit en hoekom kan ons seker wees daarvan?

# 13. Die Groot Verhaal

## 13.1. Inleiding

God het altyd voorsien dat daar uitkoms is wanneer die bloedlyn van die Messias aangeval is. Dit is duidelik dat die Satan enigiets sou doen om te keer dat die Messias gebore sou word uit die nageslag van Abraham, Isak en Jakob en dat die ewige koningskap van die huis van Dawid verpletter moet word. Hy probeer steeds keer dat die wederkoms plaasvind. Om net na 'n paar voorbeelde te kyk, dink aan die volgende:

- Atalia, die kleindogter van Omri en dogter van Agab en Esebel, het Baäl godsdiens probeer bevorder soos haar ouers. Sy het ook probeer om die Dawid huis/nageslag uit te roei! Die Here het egter voorsien dat daar wel iemand uit die nageslag van Dawid, Joas, gespaar bly:

> 1 Toe Atália, die moeder van Ahásia, sien dat haar seun dood was, het sy haar klaargemaak en die hele koninklike geslag omgebring.
> 2 Maar Joséba, die dogter van koning Joram, die suster van Ahásia, het Joas, die seun van Ahásia, geneem en hom gesteel onder die koning se seuns uit wat gedood moes word, en hom en sy pleegmoeder in die beddekamer gebring. So het hulle hom dan vir Atália weggesteek, sodat hy nie gedood is nie. 3 En hy was saam met haar in die huis van die HERE verborge, ses jaar lank, terwyl Atália oor die land regeer. 4 Maar in die sewende jaar het Jójada die owerstes oor honderd van die Kariërs en van die hardlopers laat haal en by hom in die huis van die HERE laat kom en met hulle 'n verbond gesluit onder eedswering in die huis van die HERE, en vir hulle die koning se seun gewys.
>
> 2 Konings 11:1-4

Sien ook 2 Kronieke 22:10-12 en dan 2 Kronieke 23 hoe die priester Jójafa moed geskep het en die geredde Joas koning gemaak het volgens die belofde aan Dawid. Atalia is gedood. Ongelukkig het Joas slegs goed gewandel terwyl Jójada geleef het, daarna het hy boos opgetree!!

- Sien 2 Konings 16:5 waar die koningskap van die huis van Dawid weggeneem wou word en die Here het dit nie toegelaat nie. Jesaja wat in hierdie tyd gedien het, het ook so geprofeteer. Sien die bekende Jesaja 7:1-16.
- Sien 2 Konings 19:30-34 hoe die Here weereens sorg dat daar 'n oorblyfsel van Juda is waaruit die Messias gebore is. Jesaja het in hierdie tyd van Hiskia gewerk. Sien dit ook in Jesaja 1:9-12. Die Here benadruk dit ook in Jesaja 9:5-6 dat die Messias op die ewige troon van Dawid sal sit.
- Die Here sorg weereens dat 'n nakomeling van Dawid gered word 2 Konings 25:27-30.
- Tydens die geboorte van Moses soos gelees in Eksodus 1 en 2, het die koning van Egipte gepoog om al die Joodse seuntjies dood te maak. Die Here het gesorg dat Moses gespaar bly.
- In die tyd van Ester het Haman volmag gekry om die Jode uit te roei (Ester 3). In Ester 7 word gesien hoe die Here die Jode gered het.
- Tydens die geboorte tyd van Jesus het Herodus gepoog om al die Joodse seuntjies dood te maak (Matteus 2:13-18). Christus is steeds gebore!
- Toe Jesus vir Sy dissipels inlig dat Hy gedood gaan word, het die Satan deur Petrus Hom van die kruis probeer weghou (Matteus 16:23)
- Volgens oorlewering as al die apostels, behalwe Johannes, tot die dood toe gemartel vir hulle getuienis dat Jesus gekruisig is en uit die dood opgestaan het. Jesus het dit ook aan hulle meegedeel dat dit met hulle gaan gebeur (Matteus 24:9)
- Dink aan Hitler wat al die Jode wou vermoor.

Om dan terug te keer na Moses het die Here die groot verhaal laat plaasvind wat tot vandag toe aan die hele wêreld bekend is. Die tien plae in Egipte, die Rietsee wat Moses met sy staf aangeraak het en die see het oopgekloof. Daar is flieks daarvan gemaak. God is aan die hele wêreld as die God van Abraham, Isak en Jakob bekend gestel en dit het die wonderlike profetiese verhaal van redding begin verbeeld in die Messias wat as die Paaslam geslag is op Paasfees. Die dag wat die Israeliete uit Egipte getrek het. Paasfees word dan ook tot vandag toe deur die hele wêreld gevier. Ongelukkig vervals deur die meeste gebruike maar dit gee die gelowige geleentheid om die ware Paaslam aan mense bekend te stel.

Dit word gedoen deur uit die wys die presiese datums van Jesus se optrede (Feeste van die Here – Bylaag A), die Boodskap met die uitleg van die Tabernakel en later die Tempel, die Naam van God is die Here (Verlossing), en nog baie meer waarhede uit die Skrif.

**13.2. Die Uittog uit Egipte**

Die geskiedenis wat in die Bybel beskryf word en algemeen bekend staan as die Tien Plae van Egipte, die daaropvolgende uittog van die Israeliete uit Egipte en die trek droogvoets deur die Riet see nadat Moses met sy staf aan die water geraak het, is alom bekend. 'n Persoon wat die Bybel bestudeer vind geen twyfel dat dit 'n ware verhaal is waaroor getuig word. Ander sal dit probeer vergeestelik of selfs afmaak as 'n storie.

Soos ons in die vorige hoofstuk reeds gesien het, het die Here 'n besondere pad met die Israeliete, die Hebreërs (Jode), gestap van die vroegste tye af. Hulle as volk is deur God afgesonder deur wie Hy Hom aan die wêreld geopenbaar het deur die Messias wat uit hulle gebore is. Nadat Josef oorlede is, is die volk sleg in Egipte behandel en as slawe onderdruk. Die Here het dit egter so bestem dat hierdie verhaal, die verlossing van slawerny uit Egipte, deur die hele wêreld bekend sal wees en dit as die boodskap van hoop oor die hele aarde verkondig sal word.

> *13*Verder het die HERE aan Moses gesê: Maak jou môre vroeg klaar en stel jou voor Farao en sê vir hom: So spreek die HERE, die God van die Hebreërs: Laat my volk trek, dat hulle My kan dien. *14* Want hierdie keer sal Ek al my plae in jou hart stuur, en teen jou dienaars en jou volk, dat jy kan weet dat daar niemand op die hele aarde is soos Ek nie. *15*Want anders sou Ek my hand uitgestrek en jou en jou volk met die pes getref het, en jy sou van die aarde verdelg gewees het;*16*maar juis hierom het Ek jou nog laat bestaan, dat Ek jou my krag kan toon, en dat hulle my Naam op die hele aarde kan verkondig.
>
> Eksodus 9:13-16

Die feit dat God Homself kragtig openbaar het met dit wat in Egipte gebeur het, het 'n opdrag geword om aan ander oor te dra sodat die Here gevrees sal word en Sy Naam bekend sal wees oor die hele wêreld.

> *20* As jou seun jou later vra en sê: Wat beteken die getuienisse en die insettinge en die verordeninge wat die HERE onse God julle beveel het? *21* dan moet jy aan jou seun sê: Ons was slawe van Farao in Egipte; maar die HERE het ons deur 'n sterke hand uit Egipte uitgelei. *22*En die HERE het groot en onheilbrengende tekens en wonders voor ons oë in Egipte aan Farao en sy hele huis gedoen.*23*En Hy het ons daarvandaan uitgelei om ons in te bring, sodat Hy ons die land kan gee wat Hy aan ons vaders met 'n eed beloof het. *24*En die HERE het ons beveel om al hierdie insettinge te volbring, om die Here onse God te vrees, dat dit met ons altyd goed mag gaan, om ons in die lewe te hou soos dit vandag is. *25*En dit sal geregtigheid vir ons wees as ons sorgvuldig al hierdie gebooie hou voor die aangesig van die HERE onse God soos Hy ons beveel het.
>
> Deuteronomium 6:20-25
> (Sien ook Eksodus 10:1-2; Rigters 6:12-13; Psalm 44:1-3; Joël 1:1-4)

Soos reeds genoem, word die verhaal van die uittog uit Egipte deur baie mense as net 'n storie gesien, so ook die see wat oopgekloof het sodat die Israeliete droogvoets daardeur kon trek. Sommiges vergeestelik dit en beweer ook dat dit nie regtig plaasgevind het nie, maar slegs 'n boodskap inhou.

Met die bestudering van die Bybel word hierdie gebeure egter ware gebeure omdat die Skrif profetiese en historiese konteks gee wat enige twyfel en dwaalleer uit die weg ruim. In 'n volgende hoofstuk sal ons sien hoe die hele wêreld se kalender verander is, tot vandag toe, en die fokus op die Messias, Jesus Christus, geplaas is. Ons sien ook in die Skrif hoe akkuraat hierdie gebeure nie net op presiese datums en tye plaasgevind het nie soos geprofeteer nie, maar ook kontekstueel in detail deur die Messias volbring is.

Ongeveer 1000-jaar reeds voor Christus praat God deur David en voorspel dat die Messias gaan kom en dat dit in die Skrif (Boekrol) oor Hom getuig word.

> *6* Groot dinge het U gedoen, HERE my God — u wonders en gedagtes vir ons; niemand kan met U vergelyk word nie. Wil ek dit verkondig en uitspreek, dan is dit te veel om te vertel. *7* U het geen behae in slagoffer of spysoffer nie; ore het U vir my gegrawe; brandoffer en sondoffer het U nie geëis nie. *8* Toe het ek gesê: Kyk, ek kom; in die boekrol is dit my voorgeskrywe.
>
> Psalm 40:6-8

Jesus Christus bevestig dat die Skrifte oor Hom getuig:

> *38* En julle het sy woord nie as iets blywends in julle nie, omdat julle Hom wat Hy gestuur het, nie glo nie. *39* Julle ondersoek die Skrifte,
> omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig. *40* En julle wil nie na My kom om die lewe te hê nie.
>
> Johannes 5:38-40 (Sien ook Lukas 24:25-27)

Die Here het duidelik voorsien dat daar vandag die Bybel beskikbaar sal wees wat ware gebeure voorspel en daaroor getuig sodat ons kan glo. Al hierdie profesieë en gebeure bereik volmaaktheid in die Messias. Dit is dan ook duidelik hoekom daar na die Woord van God, dit is Jesus Christus, verwys word as volg:

> *12* Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart. *13* En daar is geen skepsel onsigbaar voor Hom nie, maar alles is oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het.
>
> Hebreërs 4:12-13 (Sien ook Openbaring 1:16 en 2:12)

Daar is geen ander bron vir die antwoorde van die lewe nie as die Woord van God. Buiten die feit dat Hy almal tot verantwoording gaan bring, vertroos en maak Hy ons vry. Daar waar dit hartseer is, twyfel bestaan, moeilike tye en verdediging van jou geloof, die Woord van God is dié waarheid. (Johannes 8:31-32; 2 Timoteus 3:16-17).

In Efesiërs 6:10-20 word die wapenrusting van die gelowige verduidelik. Inderdaad is die Woord van God die swaard van die Gees.

**Vrae vir bespreking**

1. Hoe sou jy die Woord van God aan iemand verduidelik? Is die Bybel die Woord van God?
2. In die Bybel word gesien dat die opdrag gegee is dat hierdie verhaal van verlossing uit Egipte aan die kinders oorgedra moet word. Doen ons dit nog vandag? Word dit in ons huise en skole gedoen?

**13.3. Die Groot Verhaal - Die hele wêreld kalender draai om Jesus Christus**

Die bekende Paasfees (Pasga) is ingestel toe die Israeliete uit Egipte van slawerny verlos is. Hierdie verlossing uit Egipte het plaasgevind op die 14de dag van die Joodse maand Nisan. In opdrag van God moes hierdie besondere datum jaarliks gevier word. Dit het aanleiding gegee tot die sogenaamde sewe feeste van die Here. Soos in die vorige hoofstuk bespreek, is hierdie die groot verhaal wat die Naam van die Here oor die hele wêreld laat verkondig (Eksodus 9:16).

- Dit sluit feite, wonderwerke en profesieë in, ondersteun deur histories outentieke getuienisse.
- Dit verbeeld dié Outentieke Historiese Figuur, Jesus Christus. Baie ikone en nabootsers het al gepoog om Sy plek in te neem maar die historiese en profetiese konteks ontbreek heeltemal.
- Met die woord "histories" word verwys na iemand wat 'n groot impak in die geskiedenis gehad het en ook 'n groot in vloed in die toekoms sal hê. Die feit dat Jesus Christus die feeste histories volmaak volbring het, volgens die Geskrifte, gee hoop en versekering dat dit wat nog voorlê, net so deur Hom volbring sal word (Romeine 15:4; 1 Korintiërs 15:1-4).
  Die vraag kan met reg aan iemand gevra word: "Waar is jou hoop gevestig?" – Hy is ons hoop en kom weer! (1 Timoteus 1:1; Hebreërs 9:28)
- God het Hom aan Moses bekend gestel as "Ek Is" (Eksodus 3:14). Ons kan dit in Afrikaans vertaal as "Die Here", in Engels "Lord". Hy is en was nog altyd daar. Jesus Christus gebruik dieselfde Naam vir Homself toe Hy Homself bekend gestel het aan die dissipels op die see van Galilea (Matteus 14:27). Hy het ook dieselfde Naam gebruik toe hy met die Fariseërs gepraat het (Johannes 8:58). Dit is God alleen wat die ewige lewe kan gee (1 Johannes 5:20-21) en Wie uit die dood kon opstaan, volgens die Geskrifte, want dit is juis die Geskrifte wat oor Hom getuig (Johannes 5:39). Die uittog uit Egipte is die Goddelike verhaal van verlossing wat deur God self volbring is tot ewige saligheid van die mens.

**13.4. Kom ons kyk hoe die Goddelike verhaal voor ons oë uitspeel:**

Toe Paasfees oorspronklik ingestel is, het die eerste maand van die Joodse kalender bekend gestaan as die maand Abib (Lente). Ons lees in die boek Ester dat die naam van die maand Abib verander het na Nisan (Om te bot, Wonderwerk = Geestelike geboorte)

> [1] Onderhou die maand Abib en hou pasga vir die HERE jou God; want in die maand Abib het die HERE jou God jou in die nag uit Egipte uitgelei. [2] En jy moet vir die HERE jou God as pasga kleinvee en beeste slag, op die plek wat die HERE sal uitkies om sy Naam daar te laat woon.
>
> Deuteronomium 16:1-2
>
> [7] In die eerste maand, dit is die maand Nisan, in die twaalfde jaar van koning Ahasvéros, het hulle die Pur, dit is die lot, voor Haman gewerp vir elke dag en vir elke maand, twaalf in getal, dit is die maand Adar.
>
> Ester 3:7

Die hele wêreld se aandag is daarop gevestig dat die Messias op 'n spesifieke dag gekruisig is. Die maand Adar se naam is verander na Nisan, wat verys na "om te bot". Op Nisan 14 het die Israeliete uit Egipte getrek en dié dag moet herdenk word as Paasfees (Levitikus 23:5; Eksodus 12). Elke jaar, op Nisan 14, is 'n lam, sonder gebrek, geslag om 15h00 en geen van sy bene mag gebreek word nie (Eksodus 12:46).

- Reeds tydens die Sondeval, toe vervreemding tussen God en mens plaasgevind het, het God verlossing bewerkstellig. Die Saad van Eva, die Messias, sal die Satan se kop vermorsel (Genesis 3:15) en sodoende instaan vir die mens sesonde. Daar sal weer versoening tussen God en mens moontlik wees.
- God het dienooreenkomstig 'n ewige verbond met Abraham gesluit wat vir hom 'n groot nageslag inhou en ook dat redding vir alle nasies deur Abraham se nageslag moontlik sal wees (Genesis 12:1-3).
- **Die Messias** is uit die nageslag van Abraham gebore as Seun van God (Immánuel – God met ons), uit die maagd Maria (Jesaja 7:14). Hy moes Jesus genoem word, wat Redder beteken (Matteus 1:21). "Hy Is" die Besondere Persoon met 'n spesifieke bediening. Dit is wat die woord, "Gesalfde" na verwys. In Grieks vertaal is dit "Christus". In Hebreeus is dit "Messias". So, Jesus (wat Redder beteken) was die Christus (met die spesifieke bediening) wat slegs deur God volbring kon word. Hy staan dus as Immanuel (God met ons – Jesaja 7:14) bekend. Hy het volgens die Geskrifte (1 Korintiers 15:1-9) namens die mens die verbondsvoorwaarde volbring deur die pad van die dood te stap (Genesis 15:17; Jesaja 53:5-6; Matteus 27:35). Hierdie Goddelike reddingsdaad is duidelik vervat, en voorspel, in die sogenaamde **Lentefeeste van die Here.** Jesus Christus het die Lentefeeste reeds volmaak volbring sodat enigie mand wat hom/haarself daarmee versoen en glo, sal die Here verwag tot ewige saligheid (Jesaja 25:9; Hebreërs 9:28) om as kind van God (Johannes 1:12) deel te kan hê aan die Goddelike heerlikheid (Romeine 3:23-24) wanneer die **Herfsfeeste** volbring gaan word. Die feit dat Jesus Christus die Lentefeeste in detail en volmaak volbring het, gee ons die sekerheid dat die Herfsfeeste net so volmaak deur Hom volbring sal word.

Hier volg 'n opsomming van hoe Christus die Lentefeeste (Paasfees, Fees van Ongesuurde Brode, Fees van Eerste Vrugte, Fees van Weke) volbring het (Lees in meer detail in Bylaag A):

- "Hy Is" op Paasfees, Nisan 14, gekruisig en sterf aan die kruis dieselfde tyd as wat die paaslam jaarliks geslag is tydens Paasfees, 15h00 (Matteus 27:46). Net soos die geval met die paaslam, is geen been van Hom gebreek nie (Eksodus 12:46; Johannes 19:33). Soos wat die paaslam onskuldig en sonder gebrek was, was Christus onskuldig en sonder sonde.
- Direk na Paasfees, word die Fees van Ongesuurde Brode gevier vanaf Nisan 15 vir sewe dae (Levitikus 23:6). Suurdeeg is 'n verwysing na sonde (1 Korintiërs 5:6-8). Tydens die jaarlikse Fees van Ongesuurde Brode moes alle suurdeeg uit die huise verwyder word (Eksodus 12:15). Jesus Christus het ons sondes afgewas deur namens die mens te sterf aan die kruis. Die mens het die verbond met God verbreek deur ander gode te aanbid. Die straf vir die party wat die verbond breek, is die dood (Genesis 15:10). Jesus Christus het dit namens ons gedoen as mens (Romeine 3:23-24) en regverdiging bewerkstellig vir die wat glo (Johannes 6:47). "Hy Is" die Gekruisigde (1 Korintiërs 2:2).
- Op die derde dag na Paasfees word die Fees van Eerste Vrugte gevier (Levitikus 23:9-14). Die eerste ryp are van die graan (van die lente oes) moes as beweegoffer aan die Here geoffer word. Die Hebreeuse oorsprong van bikkurim (eerste vrugte) is dieselfde as die van bekhor (eersgeborene). Eerste vrugte word aan die Here gewy want die eerste van alles, insluitend die eersgeborene van mens en dier, behoort aan die Here. Jesus was die eersgeborene. Die moeder van Jesus, Maria, was 'n maagd voor Jesus se geboorte. Jesus het vroeg die oggend van die Fees van Eerste vrugte uit die dood opgestaan en uit die graf uit beweeg. Hy Is die Eerste Vrugte na die Ewige Lewe.
- Die Israeliete is ingelig dat hulle die wet sou ontvang 50 dae na die uittog uit Egipte. Dit het dan ook gebeur by die berg Sinai (Eksodus 19-20). Daarna het hulle ook elke jaar die dae getel, die sogenaamde Aftel van die Omer soos wat hulle volk en voorvaders alreeds, elke jaar na Paasfees, vir 1500 jaar gedoen het. Die aftel van vyftig dae (sewe weke) het elke jaar verloop vanaf die Fees van Eerste Vrugte tot die aanvang van die Fees van Weke (Pinkster), in groot afwagting. Ons lees in die Bybel dat die dissipels dan ook op die vyftigste dag (Pinkster) bymekaar was in afwagting (Handelinge 2:1). Hulle voorvaders het op die Fees van Weke die wet van Moses ontvang en die volk Israel is gebore, so het die dissipels op dieselfde dag die Heilige Gees ontvang en die Kerk is gebore.

Die wonderlike feit dat Christus die Lentefeeste volmaak volbring het, gee ons die outentieke hoop dat Hy ook die Herfsfeeste gaan volbring. Daar kan ook van die Herfsfeeste in meer detail gelees word in Bylaag A. Dit verkondig dat die Skepper aan die kom is (Fees van Trompette), dat die mens voorbereid moet wees vir Sy koms (Die Versoendag) en dat Hy by ons gaan kom tabernakel (Die Fees van Tabernakels).

## 14. Goddelike Heerlikheid

### 14.1. Inleiding

Wanneer daar gekyk word na die wêreld waarin ons leef met haat, moord, wellus, oorlog en onsedelikheid, is dit duidelik dat die Satan 'n werklikheid is en wil hê dat die mens se gedagtes gefokus moet wees op aardse rituele en dus weg van God. God is wonderlik (bo menslike denke) en bo-natuurlik (buite tyd en ruimte). Indien die mens hom nie besig hou met die ware en ewige God nie, word hy/sy nie deel van Goddelike Heerlikheid nie (Romeine 3:23). Goddelike heerlikheid is nie 'n passiewe gawe nie.

### 14.2. U gebod is helder, dit gee insig

Dit is alleen Goddelike Heerlikheid wat die ewige lewe kan bied. Dit is alleen die Ewige, "Ek Is" (Eksodus 3:6; 3:14), wat Sy gebod, die Woord (Psalm 19:7-12; Psalm 119:105-107), kan bied tot insig en ewige saligheid. Die mens kan alleen ewige saligheid bekom deur na Sy Woord te luister en kennis van Hom op te doen (Romeine 10:13-14; 1 Johannes 5:20-21)

> [13] Ek gebied jou voor die aangesig van God wat aan alle dinge die lewe gee, en van Christus Jesus wat voor Pontius Pilatus die goeie belydenis betuig het, [14] dat jy die gebod onbevlek, onberispelik bewaar tot by die verskyning van onse Here Jesus Christus [15] wat op sy eie tyd vertoon sal word deur die salige en enigste Heerser, die Koning van die konings en Here van die here, [16] wat alleen onsterflikheid besit en 'n ontoeganklike lig bewoon, wat geen mens gesien het of kan sien nie, aan wie toekom eer en ewige krag. Amen.
>
> 1 Timoteus 6:13-16

**14.3. Ewige berusting**

Ons kan ons daarin berus, en verheug, dat Jesus Christus die Ewige, Goddelike Heerlikheid is en leef vandag steeds in die gelowige se hart. Kyk byvoorbeeld na die profetiese konteks wat spesifiek na Jesus Christus verwys:

- Hy Is die Ewige Verlosser en Vredemaker wat vanuit God self gestuur is (Johannes 8:42) omdat Hy self God is (Jesaja 9:5). Dit is reeds bevestig in Genesis 49:9-10. Onthou, Silo beteken die Een wat deur God gestuur is en die vredemaker is.
- Sy ewige koninkryk word gevestig (2 Samuel 7:12-16 – 1000-jaar voor Christus)
- Die Seun van God is ewig (Daniel 7:13-14 – 600-jaar voor Christus)
- Sy begin lê vêr terug in die gryse verlede (Miga 5:1)
- Hy Is een God wat met die mens praat – Die Woord van God (Deuteronomium 18:18; Johannes 12:49; Johannes 16:25)Jesus bevestig Sy ewigheid
- Hy Is reeds voor Abraham (Johannes 8:58)
- Hy Is reeds voor die wêreld bestaan het (Johannes 17:5)
- Jesus is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde (Openbaring 1:8; 22:13)

Hierdie getuienis van Jesus Christus, dat Hy die Ewige Koning en Verlosser van die mensdom is, moet in die troonkamer van die mens se hart plek inneem as Here van jou lewe.

> [3] Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.
>
> Johannes 3:3

Die gelowige neem die Persoon van Jesus Christus aan en leef 'n lewe wat God behaag (Jakobus 2:14-23). Dit moet nie verwar word met sogenaamde goeie werke om saligheid te verkry nie. Die gelowige se lewe weerspieël wie die Koning van sy/haar lewe is.

Die mens se sondes is vergewe deur geloof in Jesus Christus (Efesiërs 2:8-9; Johannes 6:47). Daar is niks aards wat jy kan doen om dit te bekom nie behalwe om sonde te haat en die Here te vrees (Psalm 34:8).

> [25] Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God — [26] om sy geregtigheid te toon in die teenwoordige tyd, sodat Hy self regverdig kan wees en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is.
>
> Romeine 3:25-26

Die wonderlike versameling van God-geïnspireerde Skrifte wat ons vandag die Bybel noem, sluit outentieke getuienisse in van Goddelike openbarings aan mense wat die volgende versekering gee:

- Dit is een God wat met verskeie mense oor duisende jare gepraat het (Jesaja 42:8-9: Hebreërs 1:1-5).
- Die Messias, Jesus Christus, is die Sentrale Ewige Historiese Persoon regdeur die Bybel en onttroon enige ander namaaksel of aanspraakmaker (1 Johannes 4:1-6; 1 Johannes 5:6-11).
- Die Messias het al die profesieë in die Ou Testament volmaak volbring. Dit gee die versekering dat die profesieë wat nog nie volbring is nie wel deur Hom volbring sal word. Hy Is ons Hoop (Psalm 59:10; 146:5; Romeine 15:4).
- Daar is slegs Een Ewige Ware Skepper en Almagtige God, Jahweh – Die God van Abraham, Isak en Jakob. Alleenlik Hy kan die Ewige Lewe gee, en dit is verniet.

> [14] Geseënd is dié wat hulle klere was, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en deur die poorte in die stad kan ingaan. [15] Buitekant is die dwaalleraars, die bedrieërs en die onsedelikes, die moordenaars en die afgodsdienaars en almal wat valsheid liefhet en doen. [16] 'Ek, Jesus, het my engel gestuur om dit alles aan julle in die gemeentes te betuig. Ek is die Wortel, dit is, die Nakomeling van Dawid. Ek is die helder Môrester.' [17] Die Gees en die bruid sê: 'Kom!' En elkeen wat dit hoor, moet sê: 'Kom!' En elkeen wat dors het, moet kom; elkeen wat die water van die lewe wil hê, moet dit kom kry, verniet!
>
> Openbaring 22:14-17

**Vrae vir bespreking**

1. Lees Jesaja 40:12-31. Wat leer dit ons van God?
2. Lees Sagaria 12:10; Johannes 1:14; Johannes 14:9; Kolossense 1:15-19. Wat leer dit ons van Jesus?

## 15. Die Lig vir die wêreld

### 15.1. Inleiding

In gesprek met die Fariseërs soos gesien in Johannes 8:12-14, maak Jesus twee stellings: 1) Hy Is die Lig en 2) Uitnodiging om Hom te volg.

> [12] En Jesus het weer met hulle gespreek en gesê: Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê. [13] Toe sê die Fariseërs vir Hom: U getuig van Uself; u getuienis is nie waar nie. [14] Jesus antwoord en sê vir hulle: Al getuig Ek ook van Myself, my getuienis is waar, omdat Ek weet van waar Ek gekom het en waarheen Ek gaan. Maar julle weet nie van waar Ek kom en waarheen Ek gaan nie.
>
> Johannes 8:12-14

Jesus gee ook die versekering dat die wie Hom volg nie in die duisternis sal wandel nie. Die wie in die duisternis wandel, is hulle wie die evangelie van Christus nie gehoorsaam nie en God nie ken nie. 'n Mens wie in sy sonde sterf beland in die ewige verderf (2 Tessalonisense 1:8-9).

Daar bestaan nie 'n ander lig vir die wêreld nie. Soos wat lig 'n mens in staat stel om iets te sien, so stel Jesus jou in staat om in die aangesig van die Here te wees en Sy heerlikheid en sterkte te beleef.

**15.2. Die Engel van die Lig**

Die volk Israel was as gevolg van hulle ongehoorsaamheid verwyderd van God en het vir veertig jaar in die woestyn verkeer. Steeds het God gedurende die nag in 'n vuurkolom voor hulle uitgetrek sodat hulle kon sien waar om te gaan. Hy was vir hulle, wie in die duisternis was, Die Lig (Eksodus 13:21).

> [20] Kyk, Ek stuur 'n Engel voor jou uit om jou op die pad te bewaar en om jou na die plek te bring wat Ek gereedgemaak het. [21] Neem jou in ag vir Hom en luister na sy stem; wees nie wederstrewig teen Hom nie; want Hy sal julle oortreding nie vergewe nie, want my Naam is in Hom. [22] Maar as jy terdeë na sy stem luister en alles doen wat Ek sal sê, sal Ek die vyand van jou vyande en die teëstander van jou teëstanders wees. [23] Want my Engel sal voor jou uit gaan en jou bring na die Amoriete en Hetiete en Feresiete en Kanaäniete, Hewiete en Jebusiete; en Ek sal hulle vernietig. [24] Jy mag jou voor hulle gode nie neerbuig en hulle nie dien nie, ook mag jy nie doen na hulle werke nie; maar jy moet hulle heeltemal afbreek en hulle klippilare kort en klein slaan.
>
> Eksodus 23:20-24 (Sien ook Eksodus 14:19)

Die mens kan God nie sien nie. In die Ou Testamentiese tyd, wanneer God Homself gebesig het met die mens en wel wanneer dit Hyself was wat betrokke was ("My Naam is in Hom"), is verwys na Die Engel van God. Die Engel van God het dus opgetree as Middelaar tussen mens en God. God se Naam was in Hom en sodoende was Hy die Lig vir die nasies. Hy gee die Ewige Lewe.

Die Naam van God het sigbaar geword in Jesus Christus wat as die sigbare Middelaar tussen God en mens opgetree het. Wanneer Jesus gepraat het is dit die Woord van God, want dit is God wat praat (Johannes 12:49):

> [1] Dit het Jesus gespreek, en Hy het sy oë na die hemel opgehef en gesê: Vader, die uur het gekom; verheerlik u Seun, sodat u Seun U ook kan verheerlik — [2] soos U Hom mag oor alle vlees gegee het, sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee. [3] En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het. [4] Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring. [5] En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was. [6] Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord bewaar.
>
> Johannes 17:1-6

Die hele wêreld se kalender draai om Christus. Wanneer is jy gebore? Is dit voor, of na Christus? I rest my case!

> [5] Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus, [6] wat Homself gegee het as 'n losprys vir almal, as die getuienis op die regte tyd.
>
> 1 Timotheus 2:5-6

**15.3. Jesus Christus die Lig vir die nasies**

Die Here het die Israeliete snags deur die woestyn gelei in 'n vuurkolom om vir hulle lig te wees (Eksodus 13:21). So het Hy hulle behoed en hulle herinner dat Hy die Messias sal stuur om die Lig vir die Nasies te wees. Sien wat die Here deur Jesaja gesê het ongeveer 750-jaar voor Christus:

> [5] So sê God, die HERE, wat die hemele geskape en hulle uitgesprei het, die aarde uitgespan het saam met wat daaruit voortkom, wat aan die aardbewoners die asem gee en die gees aan wie daarop wandel:
> [6] Ek, die HERE, het U geroep in geregtigheid, en Ek vat u hand en behoed U en gee U as 'n verbond van die volk, as 'n lig van die nasies,
> [7] om blinde oë te open; om gevangenes uit die kerker uit te lei, uit die gevangenis diegene wat in die duisternis sit.
>
> Jesaja 42:5-7

Jesus bevestig dat Hy die Lig vir die nasies is:

> [12] En Jesus het weer met hulle gespreek en gesê: Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê.
>
> Johannes 8:12

Lees Jesaja 43:9-11 hieronder en dink aan die volgende vraag: Wie is die Kneg van die Here en in watter verwantskap staan die Kneg tot God?

> 9 Al die nasies het saam vergader, en die volke is versamel. Wie onder hulle kan sulke dinge verkondig? En laat hulle ons die vorige dinge bekend maak! Laat hulle hul getuies bring, dat hulle in die gelyk gestel kan word; en laat hulle hoor en sê: Dit is die waarheid! 10 Júlle is my getuies, spreek die HERE, en my kneg wat Ek uitverkies het, sodat julle kan weet en My kan glo en insien dat dit Ek is — voor My is geen God geformeer nie, en ná My sal daar geeneen wees nie. 11 Ek, Ek is die HERE, en daar is geen Heiland buiten My nie.
>
> Jesaja 43:9-11

Indien ons sê dat Jesus is die Lig, dan sê ons ook God is Lig!

> 5 En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en geen duisternis is in Hom nie. 6 As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie. 7 Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.
>
> 1 Johannes 1:5-7

Kyk na Jesus se woorde:

> 35 En Jesus sê vir hulle: Nog 'n klein tydjie is die lig by julle. Wandel so lank as julle die lig het, sodat die duisternis julle nie oorval nie. En wie in die duisternis wandel, weet nie waar hy gaan nie. 36 So lank as julle die lig het, glo in die lig, sodat julle kinders van die lig kan word. Dit het Jesus gespreek, en Hy het weggegaan en Hom vir hulle verberg.
> 37 En alhoewel Hy so baie tekens voor hulle gedoen het, het hulle nie in Hom geglo nie; 38 sodat die woord van die profeet Jesaja vervul sou word wat hy gesê het: Here, wie het ons prediking geglo, en aan wie is die arm van die Here geopenbaar? 39 Daarom kon hulle nie glo nie, omdat Jesaja óók gesê het: 40 Hy het hulle oë verblind en hulle hart verhard, sodat hulle nie met die oë sou sien en met die hart verstaan en hulle bekeer en Ek hulle genees nie.
>
> Johannes 12:35-40

Dit is dan wonderlik om te besef dat Jesus juis tydens die Fees van Lig (ook na verwys as die Fees van Tempelwyding) letterlik lig gebring het aan die blinde man.

> [1] En toe Hy verbygaan, sien Hy 'n man wat blind was van sy geboorte af. [2] En sy dissipels vra Hom en sê: Rabbi, wie het gesondig, hierdie man of sy ouers, dat hy blind gebore is? [3]Jesus antwoord: Hy het nie gesondig nie, en sy ouers ook nie; maar die werke van God moet in hom openbaar word. [4] Ek moet die werke doen van Hom wat My gestuur het, so lank as dit dag is; die nag kom wanneer niemand kan werk nie. [5] So lank as Ek in die wêreld is, is Ek die lig van die wêreld. [6] En toe Hy dit gesê het, spuug Hy op die grond en maak klei van die spuug en smeer die klei aan die oë van die blinde man [7]en sê vir hom: Gaan was jou in die badwater Silóam, wat vertaal word: Uitgestuur. En hy het gegaan en hom gewas; en hy het siende teruggekom.
>
> Johannes 9:1-7

Jesus is die wortel van Dawid. Met ander woorde, Hy is die bron van Dawid se lewe en nageslag. Dit bevestig Jesus se Goddelikheid. Christus is gebore op aarde uit die stam van Juda (nageslag van Dawid). Dit bevestig Christus se menslikheid (Daniel 7:13).

Die môrester is die eerste en blinkste ster wat die begin van die nuwe dag aankondig. Wanneer Jesus weer kom sal Hy die blinkste ster wees wat die duisternis vernietig. Dit is aan alle nasies beskikbaar sonder dat jy hoef te veg, karmas verdien, wettiese rituele uitvoer, maar deur geloof.

> [16] Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester. [17]En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.
>
> Openbaring 22:16-17

**Vrae vir bespreking**

1. Lees 2 Petrus 1:19 en Openbaring 2:28. Wie is die môrester en hoe ontvang 'n mens Hom?
2. Hoe doen die Satan hom voor as die Engel van die lig? Lees 2 Korintiërs 11:13-15.
3. Lees 2 Korintiërs 4:4-6: Wat bring vir ons volmaakte heerlikheid?

## 16. Beide God en mens op aarde

### 16.1. Inleiding

Die meerderheid van die kritici teen die Bybel beweer dat christene meer as een God aanbid. Hulle verstaan nie die Drie-Eenheid van God nie en ook nie dat Christus beide God en mens op aarde was nie.

> [6] Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan
> God gelyk te wees nie, [7] maar het Homself ontledig deur die gestalte
> van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword;
> [8] en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur
> gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.
> [9] Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam
> gegee wat bo elke naam is, [10] sodat in die Naam van Jesus sou buig
> elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat
> onder die aarde is, [11] en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here
> is tot heerlikheid van God die Vader.
>
> Filippense 2:6-11

Indien 'n mens elke versie van die Bybel in isolasie probeer lees en nog verder gaan en in verskillende vertalings probeer Christine uitvang dat elke versie nie dieselfde is in elke vertaling nie, dan sit jy die pot mis. Die evangelie van Jesus Christus as God/mens kom in alle vertalings voor want Hy is die Boodskap van die Bybel. Jy kan 'n mens eerder die vraag vra: Wat is die ware boodskap van die Bybel?

**16.2. Die Seun van die mens**

Jesus Christus het versoening gebring tussen God en mens. Hy het die verbondsverhouding tussen God en mens herstel. Hy moes as mens die pad van die dood stap om die mens se straf vir sondes te dra soos die Here dit reeds ongeveer 750 jaar voor Christus deur Jesaja geprofeteer het (Jesaja 53:6). Hy het die pad van die dood gestap namens die mens, as mens, net soos wat God dit namens Homself gedoen het (Genesis 15:17).

> [19]As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die
> ellendigste van alle mense. [20]Maar nou, Christus is opgewek uit die
> dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het. [21] Want
> aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode
> ook deur 'n mens. [22]Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle
> ook almal in Christus lewend gemaak word; [23]maar elkeen in sy eie
> orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by
> sy koms. [24]Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan God
> die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag
> vernietig het. [25] Want Hy moet as koning heers totdat Hy al sy vyande
> onder sy voete gestel het. [26] Die laaste vyand wat vernietig word, is die
> dood.
>
> 1 Korintiërs 15:19-26

Ons kan nou beter verstaan hoekom Jesus Christus gereeld na Homself verwys het as die Seun van die mens. Sien, onder andere, Markus 2:10; 2:28; 8:31; 8:38; 9:9-12; 9:31; 10:33; 10:44; 13:26; 14:21; 14:41; 14:62. Hy kon dit duidelik nie genoeg benadruk dat Hy die Seun van die mens is nie. Dink aan die mistasting en dwaalleer wat in Islam se Koran, Surah 19, gelees word dat God nie 'n Seun kan hê nie. Ironies genoeg word in dieselfde hoofstuk verwys na die maagdelike geboorte van Isa (Christus). Sien hoe die Here deur Daniël geprofeteer het meer as 600 jaar voor Christus:

> [13] Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel
> het Een gekom soos die Seun van 'n mens, en Hy het gekom tot by die
> Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom. [14] En aan Hom
> is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies
> en tale het Hom vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie
> sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie.
>
> Daniël 7:13-14

Ongeveer 1000 jaar voor Christus praat die Here deur die profeet Natan met Dawid soos gesien kan word in 2 Samuel 7: 12-13:

> [12] As jou dae vol is en jy met jou vaders ontslaap het, sal Ek jou
> nakomeling wat uit jou liggaam sal voortkom, laat optree en sy
> koningskap bevestig. [13] Hý sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek sal sy
> koninklike troon bevestig tot in ewigheid.
>
> 2 Samuel 7:12-13

Dawid se seun Salomo het wel die Tempel gebou in Jerusalem. Die Messias wat uit Dawid se nageslag (stam van Juda) gebore is het die koninkryk vir ewig gevestig (Genesis 49:8-10).

Die Gees van die Here bevestig deur Dawid in Psalm 2 dat die Seun van die mens gegenereer gaan word en dat Hy ook as Seun van God die Ewige Koning is wat regeer en gaan oordeel.

> [1] Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge?
> [2] Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam
> raad teen die HERE en teen sy Gesalfde en sê : [3] Laat ons hulle bande
> stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp! [4] Hy wat in die hemel woon,
> lag; die HERE spot met hulle. [5] Dan sal Hy hulle aanspreek in sy toorn, en
> in sy grimmigheid sal Hy hulle verskrik: [6] Ék tog het my Koning
> gesalf oor Sion, my heilige berg. [7] Ek wil vertel van die besluit: Die HERE
> het aan My gesê: U is my Seun, vandag het Ek self U gegenereer. [8] Eis
> van My, en Ek wil nasies gee as u erfdeel en die eindes van die aarde
> as u besitting. [9] U sal hulle verpletter met 'n ysterstaf, U sal hulle
> stukkend slaan soos 'n erdepot. [10] Wees dan nou verstandig, o
> konings; laat julle waarsku, o regters van die aarde! [11] Dien die HERE
> met vrees, en juig met bewing. [12] Kus die Seun, dat Hy nie toornig word
> en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam.
> Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil!
>
> Psalm 2 (Sien ook Johannes 5:27)

Duidelik verheerlik die Seun van die mens die Vader in die hemel (Matteus 9:4-7; Johannes 17:1-8) met wonderwerke en lering sodat almal Sy Naam kan ken en in Hom kan glo en die ewige lewe kan beërwe.

Christus is uit die nageslag van Dawid gebore, uit die stam van Juda. Dit bevestig Sy menslikheid. Maar Hy is ook die Ewige Heerser en God se Naam is in Hom. Dit bevestig Sy Goddelikheid:

> [20] Kyk, Ek stuur 'n Engel voor jou uit om jou op die pad te bewaar en om jou na die plek te bring wat Ek gereedgemaak het. [21] Neem jou in ag vir Hom en luister na sy stem; wees nie wederstrewig teen Hom nie; want Hy sal julle oortreding nie vergewe nie, want my Naam is in Hom. [22] Maar as jy terdeë na sy stem luister en alles doen wat Ek sal sê, sal Ek die vyand van jou vyande en die teëstander van jou teëstanders wees. [23] Want my Engel sal voor jou uit gaan en jou bring na die Amoriete en Hetiete en Feresiete en Kanaäniete, Hewiete en Jebusiete; en Ek sal hulle vernietig. [24] Jy mag jou voor hulle gode nie neerbuig en hulle nie dien nie, ook mag jy nie doen na hulle werke nie; maar jy moet hulle heeltemal afbreek en hulle klippilare kort en klein slaan.
>
> Eksodus 23:20-24

Hy is verhewe bo enige aardse instelling. Sien Jesus Christus se eie Woorde:

> [6] En Ek sê vir julle: Een wat groter is as die tempel, is hier. [7] Maar as julle geweet het wat dit beteken: Ek wil barmhartigheid hê en nie offerande nie, sou julle die onskuldiges nie veroordeel het nie; [8] want die Seun van die mens is Here óók van die Sabbat.
>
> Matthew 12:6-8

**Vrae vir bespreking**


1. Lees Kolossense 1:13-20; Matteus 16:27; Handelinge 7:56 en Matteus 24:27. Wat wys dit vir ons oor Jesus Christus?
2. Lees Kolossense 3:1-17. Watter gehoorsame gedrag moet die mens handhaaf? Wat is die belangrike wat bereik moet word?

**16.3. Die Seun van God**

Jesus Christus het vlees geword en op aarde kom woon, getrou aan die Skrifte (1 Korintiërs 15:1-8).
Hy is dienooreenkomstig genoem Immanuel (God met ons) (Jesaja 7:14; Johannes 1:1;1:14). Die volle Wese van God het in Hom gewoon (Kolossense 1:19-20) en Hy kon dus slegs praat wat die Vader Hom beveel het om te praat, want Hy is die Vader wat deur Hom praat. Hy is dus die Woord van God (Deuteronomium 18:18; Johannes 12:49).

As die Profetiese Onderwerp is Hy outentiek die Ewige Historiese Figuur (Jesaja 42:1-7; Hebreërs 1:1-3), die Seun van God wat die heelal geskep het (Johannes 1:3). Hy is die Beeld van die onsienlike God (Kolossense 1:15; Johannes 14:9-10) alleen wat die lewe kan skep en gee, die Ewige Lewe (Deuteronomium 30:19; Johannes 6:47; 1 Johannes 5:20-21). Deur met Hom versoen te wees het jy toegang tot die Vader.

Dit is dan nie verrassend nie dat die woning wat God vir Hom op aarde laat bou het, die Messias as mens en Sy versoeningswerk tussen God en mens uitbeeld. Hy het kom tabernakel by die mens. Hy was God by ons (Immanuel – Jesaja 7:14). Eers was dit die Tabernakel wat Moses moes bou, later was dit die Tempel wat Salomo gebou het en profeties gaan die Millennium Tempel nog gebou word. Almal met dieselfde basiese en profetiese uitleg:



1 = Die Hek
2 = Die Brons brandofferaltaar
3 = Die Brons waskom
4 = Die Toonbrode tafel
5 = Die Goue Kandelaar (Menora)
6 = Die Wierookaltaar
7 = Die Voorhangsel
8 = Die Verbondsark
9 = Die Allerheiligste
10 = Die Heiligdom
11 = Die Voorhof
12 = Een van 60 pilare

**Voorstelling van die Tabernakel**

In Eksodus 25-27 kan ons lees hoe die Here aan Moses opdrag gegee het om die Tabernakel, en al die toebehore daarvan, te bou. Dit het 'n tydelike struktuur geword terwyl hulle deur die woestyn getrek het. Dit is opgeslaan in opdrag van die Here op 'n spesifieke plek, en wanneer hulle weer moes trek (in opdrag van die Here), is die Tabernakel opgeslaan en op 'n voorgeskrewe wyse gedra na die nuwe plek.

Bostaande figuur dui aan hoe die Tabernakel gelyk het, van bo gesien. Dit het hoofsaaklik bestaan uit drie areas: 1) Die Voorhof (11); 2) Die Heiligdom (10); en 3) Die Allerheiligste (9).

### 16.3.1. Die Voorhof (11)

Die Tabernakel is binne gegaan deur die Hek (1) wat dan toegang tot die Voorhof (11) verleen het. Hierdie ingang het altyd in 'n oostelike rigting gewys en is die enigste ingang. Die offerdier is op die Brandofferaltaar (2) geoffer en die priesters het hulle by die Waskom (3) gewas. Hulle moes hulle altyd was voordat die Heiligdom (10) betree is.

### 16.3.2. Die Heiligdom (10)

In die Heiligdom is drie voorwerpe aangetref. **Die Toonbrode Tafel** (4) waarop twaalf brode geplaas is. Hierdie brode het die twaalf stamme van Israel verteenwoordig. Die priesters het die brode weekliks op die Sabbat geëet en die brode is dan vervang. Die brode het altyd vars gebly.

**Die Kandelaar (Menora) (5)** met sy sewe lampe is voortdurend aan die brand gehou deur die priesters.



**Model van die Menorah in Jerusalem**

Die Wierookaltaar (6) is gebruik om wierook op te brand. Dit het rook veroorsaak wat 'n soet reuk gehad het.

#### 16.3.3. Die Allerheiligste (9)

Die Allerheiligste is van die Heiligdom geskei deur die Voorhangsel (7). Binne die Allerheiligste is die Verbondsark (8) geplaas. Die Verbondsark, Toonbrode tafel en die Wierookaltaar is alles van akasiahout gemaak en met goud oorgetrek. Binne die Verbondsark is die volgende artikels geplaas:

- Die twee kliptafels waarop die Tien Gebooie deur die Here geskryf is. Dit is die kliptafels wat Moses op die berg Sinai van die Here ontvang het.
- Die Staf van Aäron
- Die bak met Manna

Die wet wat by die berg Sinai ontvang is, is langs die Verbondsark neergesit. Die deksel van die Verbondsark het bekend gestaan as die Versoendeksel (Mercy Seat). Bo-op die Versoendeksel is twee gerubs ('n soort engel wat direk in die teenwoordigheid van God is) aangebring. Die gerubs was na mekaar gerig en hulle vlerke het na mekaar toe uitgestrek. In die middel van die gerubs was die area waar die teenwoordigheid van die Here gemanifesteer het.

Wanneer 'n dier op die Brandaltaar geoffer is, is die bloed versamel en aan die voet van die altaar gesprinkel. Slegs eenkeer per jaar, op die Versoendag, het die hoëpriester die Allerheiligste betree en is die bloed van die offerdier voor die versoendeksel gesprinkel. Dit is gedoen om versoening te doen vir die hoëpriester, en die volk, se oortredings.

#### 16.3.4. Magtige Goddelike Teenwoordigheid - Immanuel

In Eksodus 40 kan gelees word hoe Moses-hulle die Tabernakel opgerig het volgens die opdragte van die Here. Wanneer die Tabernakel ingewy is, was die teenwoordigheid van die Here vir almal sigbaar:

> *34* Toe het die wolk die tent van samekoms oordek, en die heerlikheid van die HERE het die tabernakel vervul, *35* sodat Moses nie in die tent van samekoms kon ingaan nie, omdat die wolk daarop gerus en die heerlikheid van die HERE die tabernakel vervul het. *36* En as die wolk van die tabernakel af optrek, het die kinders van Israel elke keer weggetrek op al hulle togte; *37* maar as die wolk nie optrek nie, dan trek hulle nie weg nie, totdat dit weer optrek. *38* Want die wolk van die HERE was bedags op die tabernakel, en vuur was snags daarin, voor die oë van die hele huis van Israel, op al hulle togte.
>
> Eksodus 40:34-38

Die tent van ontmoeting was Moses se tent waar hy opdragte van die Here ontvang het.

#### 16.3.5. Christus die Boodskap van die Tabernakel

Vandat Moses die opdrag ontvang het om die Tabernakel op te rig, het dit nege maande geduur vir voorbereiding totdat die Tabernakel ingewy is. Jesus Christus is as mens gebore op aarde en was nege maande in Maria se baarmoeder. Ons lees ook dat die buitenste materiaal wat die Heiligdom en die Allerheiligste bedek het, van bokhaarmateriaal (Eksodus 36:14) gemaak is. Dit verteenwoordig dus vlees en die teenwoordigheid van die Here was daarbinne (by die Versoendeksel van die Verbondsark). Jesus was God binne vlees, die Mens Jesus – Die Seun van God en die Seun van die Mens.

Wanneer die Voorhof ingegaan is deur die Hek, besef ons dat Jesus Christus die enigste weg is na die Vader. Hy is die enigste Ingang. Die offers is op die Brandofferaltaar geoffer. Jesus het vir ons sondes gesterf deur gekruisig te word. Hy is die Volmaakte Lam wat geslag is. Die versoeningsdood het plaasgevind. Daar word nou na die Bronswaskom beweeg waar reiniging plaasvind. Jesus het vir ons oortredinge ingestaan. Ons sondes is van ons afgewas deur Sy bloed.

Die Heiligdom word nou inbeweeg. Hier word eerstens die Toonbrode tafel aangetref. Jesus is die Brood van die lewe. Hy voorsien aan ons. Jesus is ook in Bethlehem gebore. Bethlehem beteken "Plek van brood". Aan die linkerkant in die Heiligdom staan die Kandelaar (Menorah) waarop sewe lampe brand. Die is die enigste lig wat in die donker Heiligdom teenwoordig is. Jesus is die Lig vir die wêreld, die enigste Lig. Sy lig verdryf alle duisternis. Die duisternis kan dit nie oorwin nie. Die Wierookaltaar staan voor die Voorhangsel. Die soetgeurige rook herinner aan die gebede van die gelowiges wat opstyg na die Here (Openbaring 8:3-4).

Daar word deur die Voorhangsel beweeg om toegang te verkry na die Allerheiligste. Met ander woorde, die Voorhangsel was die skeiding tussen die mens en die Here. Toe Jesus sterf aan die kruis, het die Voorhangsel in die Tempel middeldeur geskeur. Jesus is die Hoëpriester, volgens die Goddelike priesterorde van Melgisedek (Psalm 104:10, Hebreërs 7&9), wat ewige versoening bewerkstellig het tussen die Here en die mens. Alle mense het nou toegang tot die Here deur geloof in die Messias, Jesus Christus. Daarom bid ons in Sy Naam tot die Vader (Johannes 16:24)

Dit gaan duidelik alles om Christus, en Christus het vir ons versoening bewerkstellig met die Vader. Die hele proses van offers se hoofdoel was om toenadering te soek by die Here. Dit was nie slegs 'n geval van 'n offerdier wat instaan vir die mens se sonde nie, maar 'n soeke na toenadering tot die Here. Die Hebreeuse woord vir offer, (korban, lehakriv) is van dieselfde oorsprong as van dit om 'n nabye verhouding met iemand te soek. Dit gaan oor die soeke na toenadering - aanbidding.

Daar mag verkeerdelik geredeneer word dat 'n mens Christus in die Tabernakel "inwerk" om die Christelike geloof te pas. Die werklike onmoontlike uitdaging egter is om Christus uit die Tabernakel uit te haal! Laasgenoemde is onmoontlik wanneer die Here genadiglik in jou Sy Tempel gemaak het (2 Korintiërs 13:5).

**Vrae vir bespreking**

1. Lees Romeine 8:10-14. Bespreek die lewe van 'n kind van God.
2. Lees Galasiërs 2:20. Bespreek die teenwoordigheid van Jesus in 'n mens se lewe.

**16.4. Die Ewige Verlosser en Hoop**

Christus het die eerste keer aarde toe gekom as die Dienaar van God (Jesaja 42:1). Die tweede keer kom Hy as die Leeu van Juda (Openbaring 5:5). Hy word paslik genoem die Seun van die Allerhoogste. Dit is hoe die ware engel Gabriël die geboorte van Jesus Christus aangekondig het:

> *26* En in die sesde maand is die engel Gabriël deur God gestuur na 'n stad in Galiléa met die naam van Násaret, *27* na 'n maagd wat verloof was aan 'n man met die naam van Josef, uit die huis van Dawid; en die naam van die maagd was Maria. *28* En die engel het by haar binnegekom en gesê: Wees gegroet, begenadigde! Die Here is met jou; geseënd is jy onder die vroue. *29* En toe sy hom sien, was sy baie ontsteld oor sy woord, en sy het daaroor nagedink wat hierdie groet tog kon beteken. *30* En die engel sê vir haar: Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind. *31* En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem. *32* Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, *33* en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.
>
> Lukas 1:26-33 (Sien ook Jesaja 7:14; 2 Samuel 7:13; Johannes 1:14)

Die skrywer van die boek Hebreërs verduidelik dit baie mooi dat Jesus Christus as beide Seun van die Mens en Seun van God opgetree het:

> 14 Terwyl ons dan ‘n groot Hoëpriester het wat deur die hemele
> deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die
> belydenis vashou. 15 Want ons het nie ‘n hoëpriester wat nie met ons
> swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is
> net soos ons, maar sonder sonde. 16 Laat ons dan met vrymoedigheid
> na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan
> verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word. 5:1 Want
> elke hoëpriester wat uit die mense geneem word, tree ten behoewe
> van mense op in die dinge wat in betrekking tot God staan, om gawes
> en offers vir die sondes te bring 2 as een wat kan saamvoel met die
> onwetendes en dwalendes, omdat hy self ook met swakheid
> bevange is. 3 En daarom juis moet hy, net soos vir die volk, so ook vir
> homself vanweë die sondes offer. 4 En niemand neem die
> waardigheid vir homself nie, maar hy wat deur God geroep word, net
> soos Aäron. 5 So het Christus ook Homself nie verheerlik om Hoëpriester
> te word nie, maar Hý het Hom verheerlik wat vir Hom gesê het: U is my
> Seun, vandag het Ek U gegenereer (Sien Psalm 2:7). 6 Soos Hy ook op
> ‘n ander plek sê: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek
> (Sien Psalm 110:4). 7 Hy wat in die dae van sy vlees gebede en
> smekinge met sterk geroep en trane aan Hóm geoffer het wat Hom
> uit die dood kon red, en ook verhoor is uit die angs — 8 Hy, al was Hy
> die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het; 9 en nadat
> Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, n bewerker
> van ewige saligheid geword 10 en is deur God genoem n hoëpriester
> volgens die orde van Melgisédek; 11 waaroor ons veel te sê het wat
> swaar is om te verklaar, omdat julle traag geword het om te hoor.
> 12 Want hoewel julle vanweë die tyd leraars behoort te wees, het
> julle weer nodig dat ‘n mens julle die eerste beginsels van die woorde
> van God moet leer, en julle het weer behoefte aan melk en nie aan
> vaste spys nie. 13 Want elkeen wat melk gebruik, is onervare in die
> woord van geregtigheid, omdat hy ‘n kind is. 14 Maar vaste spys is vir
> volwassenes, vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte
> geoefen, om goed van kwaad te onderskei. 6:1 Daarom moet ons nie
> bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na
> die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê
> van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God, 2 van die
> leer van die doop en van die handoplegging en van die opstanding
> van die dode en van die ewige oordeel. 3 En dit sal ons doen as God
> dit toelaat. 4 Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig
> geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees
> deelagtig geword het, 5 en die goeie woord van God gesmaak het
> en die kragte van die toekomstige wêreld, 6 en afvallig geword het
> — om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van
> hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak.”
>
> Hebreërs 4:14 - 6:6

Sien Jesus se gesprek met die Fariseërs in Matteus 22:42. Hy gebruik die frase "Wat dink julle van die Christus?". Dit is 'n geldige vraag vir elke mens op aarde.

> [41] En toe die Fariseërs saamgekom het, vra Jesus hulle [42] en sê: Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is Hy? Hulle antwoord Hom: Dawid s'n. [43] Hy sê vir hulle: Hoe is dit dan dat Dawid Hom in die Gees Here noem as hy sê: [44] Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete? [45] As Dawid Hom dan Here noem, hoe is Hy sy seun? [46] En niemand kon Hom 'n woord antwoord nie; ook het geeneen van daardie dag af dit meer gewaag om Hom vrae te stel nie.
>
> Matteus 22:41-46 (Sien ook Psalm 110:1-2 en Genesis 49:10)

"Die Seun van Dawid" is 'n beskrywing wat gebruik is in Jesus se tyd vir die Messias. Die fariseërs het hierdie beskrywing geken. Hulle het egter geglo dat die Messias slegs 'n mens sou wees. Genadiglik was die Messias as mens gebore, maar Hy was God in die mens ook. Jesus se antwoord aan die Fariseërs het hierdie feit uit die Skrif duidelik bevestig. Dawid noem die Messias, wat uit sy nageslag (Stam van Juda) gebore gaan word: "My Here". Dawid sou nie iemand wat slegs 'n mens is "My Here" noem nie.

Kom ons besin nou mooi. Hoe vergelyk Jesus Christus met die ander gelowe se sogenaamde profete, ikone, ensomeer? Jesus Christus is voorspel en Hy het dit wat oor Hom voorspel is, outentiek volbring (Volgens die Skrifte: 1 Korintiërs 15:1-9). Hy het dit nie slegs volbring nie, maar het dit in konteks tot die verbond volbring. Uit die nageslag van Abraham (Genesis 12:3), en die nageslag van Juda (Jesaja 11;1; Jeremia 23:5), het daar redding vir alle nasies gekom deur geloof in die Lam van God (Johannes 1:35-37).

Die feit dat die Messias die profesieë Skrifgetrou volbring het gee hoop (1 Petrus 3:15; Romeine 15:12-13) want daar is profesieë wat nog volbring moet word. **Omdat Hy die profesieë oor Sy eerste koms na die aarde volmaak volbring het kan daar geen twyfel bestaan dat Hy die profesieë oor Sy tweede koms ook volmaak sal volbring.** Watter hoop hou Mohammed,
Confucius, Brahma, Krishna, Universe, liberalisme, of enige menslike ritueel, noem hulle maar op, watter outentieke, profeties-historiese konteks en hoop hou hulle vir jou in? Die antwoord is: "GEEN!"

**16.5. Die eindtyd**

Jesus Christus wat beide God en mens op aarde (Immanuel). Hy ons die versekering gegee dat Hy weer gaan kom. Getrou aan die gebruik van die Joodse Bruidegom, het Hy gegaan om vir plek vir ons voor te berei en **weer gaan weer kom om ons te kom haal.** Hy kon slegs hierdie belofte gemaak het as God. Op die regte tyd gaan Christus kom om Sy bruid, die kerk, te kom haal. Dit staan ook bekend as die Wegraping. Ons lees hiervan in (Johannes 14:1-3; 1 Tessalonisense 4:16-18; 1 Korintiërs 15:50-56)

Na die Wegraping gaan die sogenaamde sewe jaar tydperk (Daniël 7:29) aanbreek wat bekend staan as die Groot Verdrukking (tribulation). (Esegiël 38-39; Daniël 12:1; Openbaring 20:7-9). Die verstandiges sal verstaan (Daniel 12:8-13).

Dat ons in die eindtyd leef is geen twyfel nie. Dit kan gesien word in die profesieë oor die wêreld wat tans aan die vervulling is (Matteus 24; 2 Tessalonisense 2). Die **Groot Verdrukking** gaan opgevolg word deur die **Wederkoms** van Jesus Christus. Dit word genoem die **Dag van die Here** wat aan die einde van die groot verdrukking gaan plaasvind.

Die Dag van die Here is baie duidelik gedokumenteer in beide die Ou- en Nuwe Testamente (Ou Testament: Jesaja 13:6-9; Esegiël 13:5 en 30:1-3; Joel 1:15 en 2:1-8; Amos 5:18; Obadja 1:15; Sefánja 1:7-18; - Nuwe Testament: Handelinge 2:20; 1 Tessalonisense 5:23; 2 Petrus 3:10; Openbaring 6:17 en 16:14). Die dag van die Here gaan verskriklik wees met die oordeel van God wat op die bose wêreld gaan neerkom.

Na die Dag van Here gaan Hy Sy **1000-jaar heerskappy** op aarde vestig en die sogenaamde **Millennium Tempel** gaan opgerig word (Esegiël 40-43).

Gedurende millennium vrederyk van Christus gaan die verlossingswerk van die Messias steeds herdenk word deur dieselfde basiese uitleg van hierdie Tempel as die oorspronklike tempel wat deur Salomo gebou is. Die waskom gaan nie voorkom nie omdat Jesus Christus reeds die sonde van die mens afgewas het. Daar gaan slegs een ware geloof op aarde wees want alle ander vals gelowe sal deur Christus ontbloot wees (Sagaria 14:9). Steeds gaan daar mense wees wat nie ag gaan slaan op Christus se heerskappy nie (Sagaria 14:19). 'n Mens kan dit verstaan deur te sien dat, aan die einde van die duisendjarige vrederyk, **die Satan vir 'n kort tydperk vrygelaat gaan word** om hulle finaal te verlei (Openbaring 20:3).

Wanneer die Verlosser van die wêreld as Seun van die mens die Skrif finaal vervul het en die ou wêreld nie meer bestaan nie, is Sy rol as Seun van die mens voltooi. Hy het oorspronklik gekom vanuit die Vader om die wêreld, wat Hy geskep het, te oorwin sodat die wat glo, gered kan wees:

> *28*Ek het van die Vader uitgegaan en in die wêreld gekom. Weer verlaat Ek die wêreld en gaan na my Vader. *29* Sy dissipels sê vir Hom: Kyk, nou spreek U ronduit en gebruik geen gelykenis nie. *30*Nou weet ons dat U alles weet en nie nodig het dat iemand U iets vra nie. Daarom glo ons dat U van God uitgegaan het. *31*Jesus antwoord hulle: Glo julle nou?
>
> Johannes 16:28-31

Aan die einde van tyd, handig Hy die koninkryk aan die Vader vanwaar Hy gekom het:

> *24*Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het. *25*Want Hy moet as koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het. *26*Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood.
>
> 1 Korintiërs 15:24-26 (Sien ook Psalm 110; Openbaring 21 -22)

Aan die einde van die Millennium Koninkryk breek die finale ewigheid aan. **Die Nuwe Hemel en Aarde** (Openbaring 21).

**Vrae vir bespreking**

1. Besin Lukas 1:26-33. Dink jy dit kon dieselfde engel Gabriël wees wat aan Islam se Mohammed verskyn het en vir hom vertel het dat God nie 'n Seun kan hê nie?
2. Hoe sal jy die Goddelikheid van Jesus Christus aan iemand verduidelik?

# ’N PERSOONLIKE, LEWENDE VERHOUDING MET DIE SKEPPER

## EENHEID 4

# 1. Wie is die ware Leermeester?

## 1.1. Inleiding

In Matteus 23:1 sê Jesus dat 'n mens jou nie 'n leermeester moet noem nie want daar is slegs een Leermeester en dit is Jesus Christus

Die stelling word soms gemaak dat dit voldoende is om slegs te glo daar is 'n god. Hoekom moet 'n mens dan ook in Christus glo as jy glo dat daar 'n God is?

In werklikheid moet 'n mens die vraag omkeer en eerder vra: Hoekom wil jy die wonderlike verlossing in Jesus Christus nie glo nie? Daar is 'n paar algemene antwoorde tot hierdie vraag:

- Die persoon hou nie van dissipline oor hom nie. Hy wil sy eie ding glo en doen. Met ander woorde, hy is sy eie god. Hy broei in sy eie gefabriseerde, liberale wêreld waar reg en verkeerd deur hom/haar bepaal word.
- Hy is geestelik verlore en verwaand. So is die wêreld van die filosoof. Hy probeer alles verklaar vanuit 'n vleeslike en empiriese oogpunt en sien homself as die middelman vir die wat nog nie verstaan nie. Hartseer genoeg word hy dan vasgevang in sy eie verwysingsraamwerk sonder ware geestelike antwoorde en hoop. Hy vergader 'n gevolg wat in hulle eie oë helde word as slagoffers en stryders van die onregverdige hopelose wêreld. Van hulle is vals Christene wat in werklikheid antichriste is (1 Johannes 2:18). Hulle beweer dat hulle Christus respekteer maar omdat hulle geestesoog verblind is ontken hulle die Goddelikheid van Christus. Skrif soos Jesaja 7:14, die maagdelike geboorte van Christus 750 jaar voor die tyd voorspel, maak vir hulle nie sin nie. Hulle kan nie bely dat Jesus Christus die Verlosser is nie (1 Korintiërs 12:3) want vir hulle is daar nie ruimte vir Goddelike openbaring nie. Wanneer die Woord van God praat is die filosoof die arme beledigde slagoffer. As selfgegenereerde slagoffer kan hy net dankie sê vir genade maar die ware hoop in Christus, waaroor alles gaan, beskaam volledig.
- Hy is moedswillig, besig met die leuen en word verblind. Hartseer genoeg is dat sommiges wat seergekry het in die lewe dit ook as verskoning gebruik om nie te glo nie. Hulle sal byvoorbeeld beweer dat die Bybel sê dat jy enigiets in die Naam van Jesus kan vra en dit sal vir jou gegee word (Johannes 14:13; Johannes 16:24), maar dat die hartseer steeds plaasgevind het ten spyte van hulle gebede. Dit word dan as rede gebruik waarom hulle nie glo nie. Christus sê wel dat ons enigiets in Sy Naam kan vra en dit sal gegee word, maar dit gaan nie oor my eie onmiddellike aardse geluk nie.

## 1.2. Wat lees ons in die Bybel oor 'n sinvolle lewe?

Kom ons dink mooi, Job het sy vrou en kinders verloor (Job 1:18-22). Josef is deur sy broers in 'n put gegooi en toe verkoop as 'n slaaf (Genesis 37). Moses moes vir veertig jaar skape oppas (Handelinge 7:30) en toe weer vir 40 jaar in die woestyn vertoef (Deuteronomium 2:7). Johannes die Doper is deur Herodes in die tronk laat onthoof om 'n losbandige vrou se guns te wen (Markus 6:20-29). Al die dissipels van Christus is tot die dood toe gemartel oor hulle getuienis in Christus (Johannes 16:1-4; 33). Paulus is vele male in haglike omstandighede toegesluit, geslaan, gestenig en het skipbreuk gely (2 Korintiërs 11:25). So kan ons aangaan.

Bostaande mense was almal sentrale figure in die Christelike geloof. Indien ons hulle lewens sou meet op grond van aardse geluk alleen, was dit 'n totale mislukking. Indien jy hulle self kon vra, sou hulle sê dat die lewe 'n wonderlike pelgrimstog is tot kennis en eer van God. Juis in Hom vind hulle hulle vreugde en sin in die lewe.

Die mens word deur God voorberei om Hom te respekteer bo alles in die lewe. Om eerste Sy koninkryk en wil te soek (Matteus 6:31-34) en dit wat in my lewe gebeur toe te vertrou op dit wat die Here vir my bestem. Hy sal besluit wanneer wat in my lewe gebeur tot seën en openbaring in my lewe. Wanneer dit met my sleg gaan, steeds my vertroue op die soewereine wil van God te plaas en te verstaan dat Hy besig is met baie groter dinge as wat ek besef en wat myself behels (Genesis 50:19-21; Filippense 1:12-14).

Wanneer 'n mens die pelgrimstog stap na volwassenheid van geloof (Hebreërs 5:12-6:2) deur jou gedagtes te rig op dit wat daarbo is, waar Christus is, ontvang jy deel aan die Heilige Gees (Kolossense 3:1-4) en God sal jou gedagtes verander (Romeine 12:1). Jy sal jou verbly in die hoop van Christus (Psalm 9:3; Romeine 12:12) soos ook wat Paulus vanuit gehawende omstandighede uit te tronk getuig:

> [16] Laasgenoemdes verkondig Christus omdat hulle my liefhet en
> weet dat dit my taak is om die evangelie te verdedig; [17] maar
> eersgenoemdes maak Christus bekend uit selfsugtige en
> onsuiwere bedoelings. Hulle oogmerk is om die gevangenskap vir my
> nog swaarder te maak. [18] Maar wat maak dit saak? In elk geval, of
> dit met bybedoelings is of in opregtheid, op allerhande maniere word
> Christus bekend gemaak, en daaroor is ek bly. En ek sal my ook verder
> verbly, [19] want ek weet dat alles op my redding sal uitloop omdat
> julle vir my bid en die Gees van Jesus Christus my bystaan.[20]Dit is my
> vurige verlange, en daarna sien ek uit, dat ek niks sal doen waaroor
> ek my sal hoef te skaam nie. Ek wil ook nou, soos nog altyd, met alle
> vrymoedigheid deur my hele wese Christus verheerlik in lewe en in
> sterwe, [21] want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my
> wins. [22]As ek in die lewe bly, kan ek voortgaan met vrugbare arbeid.
> Wat ek moet kies, weet ek nie. [23] Ek is in 'n tweestryd: ek verlang
> daarna om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is
> verreweg die beste.
>
> Filippense 1:16-23 (Sien ook Romeine 5:1-5)

Die Here leer vir ons geestelike dissipline en gehoorsaamheid:

> [2] Jy moet onthou hoe die Here jou God jou nou veertig jaar lank in die
> woestyn gelei het. Hy het dit gedoen om jou nederig te laat word en
> om jou op die proef te stel sodat Hy kan weet wat jy dink en of jy sy
> gebooie sal gehoorsaam of nie. [3] Hy het jou laat swaarkry, laat honger
> ly en toe met manna gevoed, iets waarmee nóg jy nóg jou
> voorvaders bekend was. Hy het dit gedoen om jou te leer dat 'n mens
> nie net van brood leef nie, maar dat hy leef van elke woord wat uit die
> mond van God kom. [4] Jou klere het in die veertig jaar nie verslyt nie,
> en jou voete het nie geswel nie. [5] Jy moet diep in jou hart weet: soos 'n
> man dissipline by sy seun kweek, so het die Here jou God vir jou
> dissipline geleer. ' [6] Jy moet die gebooie van die Here jou God
> gehoorsaam en sy wil doen. Jy moet Hom dien, [7] want Hy sal jou in 'n
> goeie land bring: 'n land met waterstrome, met fonteine en riviere wat
> in valleie en berge ontspring, [8] 'n land met koring en gars, wingerde,
> vyebome en granate, 'n land met volop olyfolie en heuning, [9] 'n land
> sonder armoede, waarin jy genoeg sal eet en niks sal kortkom nie, 'n
> land waarin daar volop yster in die klippe is en waar jy kan koper delf
> in die berge. ' [10] Telkens wanneer jy genoeg geëet het, moet jy die Here
> jou God dank vir hierdie goeie land wat Hy aan jou gegee het. [11] Sorg
> dat jy nie die Here jou God vergeet deurdat jy nie gehoorsaam is aan
> sy gebooie en bepalings en voorskrifte wat ek jou vandag gee nie.
> [12] As jy nie gehoorsaam is nie, kan dit gebeur dat jy genoeg eet en
> mooi huise bou en rustig woon, [13]dat jou grootvee en jou kleinvee baie
> word, dat jou silwer en goud vermeerder en jou besittings al hoe meer
> word, [14]en dat jy dan hoogmoedig word en die Here jou God vergeet
> wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het.
>
> Deuteronomium 8:2-14

Die Here ontferm Hom egter oor wie Hy wil:

> [10] En dis nie al nie. Rebekka was net een keer swanger, deur ons voorvader Isak.[11–13] Toe haar kinders nog nie gebore was nie en ook nog niks goeds of kwaads gedoen het nie, toe is al vir haar gesê: 'Die oudste sal die jongste dien.' Daar staan ook geskrywe: 'Vir Jakob het Ek liefgehad, maar vir Esau het Ek gehaat.' Die besluit van God is gegrond op uitverkiesing; dit hang dus nie af van wat 'n mens doen nie, maar van Hom wat jou roep.[14]Wat moet ons hieruit aflei? Dat God onregverdig is? Beslis nie! [15]Vir Moses het Hy gesê: 'Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees, en Ek sal My ontferm oor wie Ek My wil ontferm. ' [16]Dit hang dus nie af van 'n mens se wil of strewe nie, maar van God wat barmhartig is.[17]In die Skrif sê God immers vir die farao: 'Juis hiervoor het Ek jou teen My in opstand laat kom: dat Ek in jou my krag kan toon en dat my Naam oor die hele aarde verkondig kan word.' [18]Dit is dus inderdaad so dat God Hom ontferm oor wie Hy wil, en dat Hy verhard wie Hy wil.
>
> Romeine 9:10-18 (sien Eksodus 33:19)

Die mens kan nie God wil verander om die mens te pas nie. God kan nie minder heilig word nie. God is ook nie in diens van die mens nie. Indien almal gelukkig gehou moet word kan daar nie sprake van eenheid wees nie. Dit wat sinvol op aarde gebeur is gesentreer rondom een God (Efesiërs 4:4-6; 1 Korintiërs 12:12-13).

Dit gaan oor geloof sodat die Vader verheerlik word deur ons kennis van God. God is soewerein, hy weet wie gaan vir Hom soek self voor ons geboorte. Dit is 'n pelgrimstog en soeke na God (Jeremia 29:13; 33:3; Matteus 7:7; Johannes 14:23; Openbaring 3:20). Dit is oor hulle wat God Hom ontferm.

Wanneer dit oor hartseer gaan sê die Skrif eerder as volg:

> [28]Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.[29]Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; [30]want my juk is sag en my las is lig.
>
> Matthew 11:28-30 (Sien ook Psalm 50:15)

Indien ons besef dat dit juis die Here is wie die trekos gemaak het, sal dit beslis wys wees om by Hom vertroosting te soek want Hy sal presies weet hoe die juk moet pas op Sy skepsel.

Die ironie is dat die grootse en wonderbaarlikste openbaring wat ooit op aarde plaasgevind het is Jesus Christus, die Messias. Hý word outentiek in die Bybel beskryf. Talle outentieke profesieë deur baie profete oor verskillende tydperke, met parallelle, kruisverwysings en detail is ongetwyfeld deur Christus vervul sodat dit baie maklik is om te glo.

Geloof is dan ook die sleutel tot redding en ewige saligheid. Dit maak baie sin dat God dit vir ons maklik maak om Hom te ken. Hierdie Waarheid in ons bring die Outeur van die Skrif, die Heilige Gees, in ons harte tot lewe en hoop. Die gelowige leef nou 'n God gesentreerde lewe eerder as 'n mens gesentreerde lewe. Wanneer jy jou met die Bybel besig word Hy vir jou lewendig, Hy word die Lewe. Dit gee die opdrag van liefde (Matteus 22:37-40) ware geestelike konteks tot hoop.

> [20]En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand
> gegee het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in
> sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe.
> [21] My kinders, bewaar julleself van die afgode. Amen.
>
> 1 Johannes 5:20-21
>
> [47] Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo, het die ewige lewe."
>
> Johannes 6:47

'n Mens kan nie hoop hè sonder geloof nie. Jy het hoop as gevolg van dit wat jy glo (1 Petrus 1:21-25). Baie logies kan die mens nie alles weet en verstaan nie, maar jy kan jou berus in dit wat jy glo en daarom weet.

> [18]Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie
> opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat
> aanbreek nie. [19]Die skepping sien met gespanne verwagting
> daarna uit dat God bekend sal maak wie sy kinders is. [20] Die skepping
> is immers nog aan verydeling onderworpe, nie uit eie keuse nie, maar
> omdat God dit daaraan onderwerp het. Daarby het Hy die belofte van
> hoop gegee: [21] die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing
> aan die verganklikheid, om so tot die vryheid te kom van die
> heerlikheid waaraan die kinders van God deel sal hê. [22] Ons weet dat
> die hele skepping tot nou toe sug in die pyne van verwagting. [23] En nie
> net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees ontvang het as die
> eerste gawe van God, ons sug ook. Ons sien daarna uit dat God sal
> bekend maak dat Hy ons as sy kinders aangeneem het: Hy sal ons van
> die verganklikheid bevry. [24]Ons is immers gered, en ons het nou hierdie
> hoop. Wat 'n mens al sien, hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op
> wat hy reeds sien? [25] Maar as ons hoop op wat ons nie sien nie, wag
> ons daarop met volharding.
>
> Romans 8:18-25

Die hoop in Christus word vir die gelowige 'n realiteit. Dit is nie 'n vae hoop nie, maar gefundeer op outentieke getuies, Skrif en volmaakte openbaring deur God in Sy Seun Jesus Christus. Die blik op wonderlike ewigheid in teenwoordigheid van die Skepper (Johannes 14:3). Die gelowige dra vrug deur sy diakonale werk (Lukas 6:35; Handelinge 20:35) met Christus as Voorbeeld en Rots (1 Johannes 2:6) en verkondiging van die evangelie (Mattheus 28:19-20; Lukas 24:47).

**1.3. Liefde is belangrik, maar dit staan nie alleen nie en is gefokus op Christus**

In 1 Korintiërs 13 word die belangrikheid van die liefde beklemtoon. Vers 13 sê:

> *13* En nou bly geloof, hoop, liefde — hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde.
>
> 1 Korintiërs 13:13

Bostaande Skrif word dikwels uit verband gesien en daar word beweer dat jy slegs die liefde moet nastreef. Christus word dus vervang met jou eie voorbeeldige lewe. Die werklikheid is dat Christus die bron van die liefde is. Jou liefde moet juis Christus verheerlik, nie jouself of een of ander vals wêreldse god nie.

**Goddelike liefde het 'n Oorsprong, Identiteit en 'n doel. Die doel is om God te verheerlik en daardeur siele vir die Here te wen.** God het dit so bestem om Homself op aarde deur Sy Seun, Jesus Christus, te verheerlik (Johannes 17:1-8). Met ander woorde, Goddelike liefde gaan om die Persoon van Jesus Christus te verbeeld, om Hom aan te neem en te lewe binne Sy wil (Efesiërs 4:17-32; Efesiërs 5:14). Ander mense sien en ervaar die Gees van God werksaam in die gelowige en in die gemeente (1 Korintiërs 14:24-25).

> *12* Geliefdes, verbaas julle nie oor die vuurgloed van vervolging onder julle wat tot julle beproewing dien, asof iets vreemds oor julle kom nie; *13* maar namate julle gemeenskap het aan die lyde van Christus, moet julle bly wees, sodat julle ook by die openbaring van sy heerlikheid met blydskap kan jubel. *14* As julle beledig word oor die Naam van Christus, is julle gelukkig, omdat die Gees van die heerlikheid en van God op julle rus. Wat hulle betref, word Hy wel gelaster; maar wat julle betref, word Hy verheerlik. *15* Want niemand van julle moet ly as moordenaar of dief of kwaaddoener of as een wat hom met die sake van 'n ander bemoei nie. *16* Maar wanneer iemand as 'n Christen ly, moet hy hom nie skaam nie, maar God verheerlik in hierdie opsig. *17* Want die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van God. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God ongehoorsaam is? *18* En as die regverdige nouliks gered word, waar sal die goddelose en die sondaar verskyn? *19* So laat dan ook die wat volgens die wil van God ly, hulle siele aan Hom as die getroue Skepper toevertrou met goeie dade.
>
> 1 Petrus 4:12-19

**Die gelowige kom tot die besef dat die wonderlike antwoorde oor die lewe lê genadiglik buite homself** (Jeremia 33:3). Hoe meer hy van homself afstand doen hoe meer maak die lewe sin, hy vind sy vreugde in die Naam van Jesus Christus (Johannes 16:24). Dit is die Woord van God wat die mens bemoedig en dit is die teenwoordigheid van die Heilige Gees wat krag gee om aan te gaan (Handelinge 1:8):

5 Oor hierdie man sal ek roem, maar nie oor myself nie, behalwe
oor my swakhede. 6 Al sou ek wil roem, sal ek tog nie dwaas wees
nie, omdat ek die waarheid sal praat. Maar ek weerhou my
daarvan omdat ek nie wil hê dat iemand aan my meer moet
toeskryf as wat hy my sien doen of my hoor sê nie, 7 selfs nie
vanweë die verhewenheid van die openbarings nie. Daarom,
sodat ek nie hoogmoedig sou wees nie, is daar vir my 'n doring in
die vlees gegee, 'n boodskapper van Satan om my met vuiste te
slaan. 8 Drie maal het ek die Here gebid dat dit van my af
weggeneem moet word. 9 Sy antwoord was: "My genade is vir
jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak
is." Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die
krag van Christus my beskutting kan wees. 10 Daarom is ek bly oor
swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter
wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk.

2 Korintiërs 12:5-10

Die grootste liefdesdaad wat 'n mens kan doen is om sy medemens onbaatsugtig te dien sodat God verheerlik word. Om jou diakonale plig na te kom (1 Petrus 4:8-11). Dit word gedoen met die Persoon van Jesus Christus as Rots (1 Samuel 2:2; 22:2-3; Psalm 18:3; 78:35; Jesaja 8:14; Romeine 9:33; 1 Petrus 2:6). Indien dit gedoen word sonder die Bybel, verheerlik jy jouself.

Met ander woorde, aanbidding en respek vir Sy Heilige Persoon. Dus nie om te voel dat jy 'n goeie mens is en jou kant gebring het nie, ook nie om alles goed te keer sodat jy niemand aanstoot gee nie. Die liefdesdaad geskied met volwassenheid van geloof en vrees (Lukas 12:4-9), en kennis van die Skepper (1 Korintiërs 15:33-34; 2 Korintiërs 2:14-15; Filippense 3:8; 2 Timoteus 2:25) sodat die medemens wat bedien word, ook voorberei word vir sy/haar ontmoeting met die Here.

3 Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe
en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het
deur sy heerlikheid en deug, 4 waardeur Hy ons die grootste en
kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote
kan word van die goddelike natuur, nadat julle die
verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld
is. 5 En juis daarom ook moet julle met aanwending van alle ywer
by julle geloof voeg die deug, en by die deug die kennis, 6 en by
die kennis die selfbeheersing, en by die selfbeheersing die
lydsaamheid, en by die lydsaamheid die godsvrug, 7 en by die
godsvrug die broederliefde, en by die broederliefde die
naasteliefde. 8 Want as hierdie dinge by julle aanwesig is en
toeneem, dan laat dit julle nie ledig of onvrugbaar tot die kennis
van onse Here Jesus Christus nie; 9 want hy by wie hierdie dinge
nie aanwesig is nie, is blind en kortsigtig, en het die reiniging van
sy vorige sondes vergeet.

2 Petrus 1:3-9

Die vraag kan dus gevra word, wie is jou Leermeester, of wie se dissipel is jy? Jou eie gedagtes (subjektief), 'n ander mens sin, of 'n dissipel van God (Objektief)?

> [11] Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind; maar nou dat ek 'n man is, het ek die dinge van 'n kind afgelê. [12] Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is. [13] En nou bly geloof, hoop, liefde — hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde.
>
> 1 Korintiërs 13:11-13

**Vrae vir bespreking**

1. Bespreek objektiewe teenoor subjektiewe moraliteit
2. Waar pas sogenaamde "Goeie dade" in?
3. Lees Psalm 51. Hierdie Psalm is deur Dawid geskryf nadat die profeet Natan hom aangespreek het oor sy sonde met Bátseba. Dawid het haar man laat sterf sodat hy Bátseba kon kry. Wat het Dawid gedoen nadat Natan met hom ge praat het en wat was Dawid se versoeke aan die Here? Het Dawid 'n God gesentreerde lewe gelewe?
4. Lees Eksodus 17:6-7; Psalm 78:16-22. Wat dink jy het die Here die mens geleer deur wat hier gebeur het?

## 2. Slagoffer of Getuie?

### 2.1. Inleiding

Ons almal leef in hierdie wêreld met sy uitdagings. Party van ons ervaar meer uitdagings as ander en ons verstaan nie altyd hoekom nie (Psalms 37 en 73). Watter impak egter het hierdie uitdagings op jou lewe? Daar is 'n paar moontlikhede:

- Dryf jou tot depressie
- Geen impak nie want jy blameer ander mense, of omstandighede, vir die negatiewe in jou lewe
- Uitdagings vorm jou tot 'n Godvresende en sinvolle lewe

Ons benadering tot uitdagings in die lewe het 'n geweldige impak op ons heil. So ook ons siening van die wêreld om ons. Word jy meegesleur, of seëvier jy (Romeine 8)? Wat propageer jy tot ander mense om jou? Is jy 'n getuie of 'n slagoffer? 'n Ingesteldheid om 'n getuie te wees maak jou soekend tot kennis en teenwoordigheid van God. Toe Dawid gepleit het vir die teenwoordigheid van die Gees van God (Psalm 51:13) het hy sekerlik nie 'n tweede God aanbid nie. Die Gees van God is God self. Toe dieselfde Dawid die Seun van God verheerlik het (Psalm 2:7-9), het hy sekerlik ook nie 'n and God aanbid nie, maar steeds die Almagtige God van Abraham, Isak en Jakob.

Die ware aanbidder na God se hart, Dawid, proklameer dan as volg aan die om hom:

> [11] Dien die HERE met vrees, en juig met bewing. [12] Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam. Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil!
>
> Psalm 2:11-12

**2.2. Volgens die wil van God**

Christus het as mens op aarde dieselfde uitdagings, en baie meer, deurgemaak as ons. Hy het egter nie 'n aardse vader gehad nie en is dus nie in sonde gebore nie, Hy was sondeloos en het onskuldig gely om versoening tussen God en mens moontlik te maak.

> *1* Omdat Christus dan vir ons na die vlees gely het, moet julle jul ook wapen met dieselfde gedagte, dat wie na die vlees gely het, opgehou het met die sonde, *2* om die orige tyd in die vlees nie meer volgens die begeerlikhede van die mense te leef nie, maar volgens die wil van God.
>
> 1 Petrus 4:1-2

'n Mens doen juis kennis op deur te ervaar en te leer in die sondige wêreld. Dit bou karakter, volharding en 'n sinvolle lewe van hoop (Romeine 5:1-5).

> *11* As iemand spreek, laat dit wees soos woorde van God; as iemand dien, laat dit wees soos uit die krag wat God verleen, sodat God in alles verheerlik kan word deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid en krag toekom tot in alle ewigheid. Amen.
>
> 1 Petrus 4:11

Goddelike karaktervorming in die mens vind dus nie plaas deur gelyk te word aan die wêreld nie, maar juis om God te verheerlik deur die Woorde en Gees van God.

#### 2.3. In die krag van God bewaar deur die geloof tot die saligheid

Voor Christus as Seun van die Mens op aarde Sy verskyning gemaak het, is Sy verlossingswerk in die hemele bewaar.

> [3] GESEËND is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode, [4] sodat ons 'n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis kan verkry, wat in die hemele bewaar is vir ons [5] wat in die krag van God bewaar word deur die geloof tot die saligheid wat gereed is om geopenbaar te word in die laaste tyd. [6] Daarin verheug julle jul, al word julle nou — as dit nodig is — 'n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge, [7] sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlikheid by die openbaring van Jesus Christus; [8] vir wie julle, al het julle Hom nie gesien nie, tog liefhet; in wie julle, al sien julle Hom nou nie, tog glo en julle verbly met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap, [9] en die einddoel van julle geloof, die saligheid van julle siele, verkry. [10] In verband met hierdie saligheid het die profete, wat die genade verkondig het wat vir julle bestem is, deeglik en noukeurig ondersoek ingestel. [11] Die Gees van Christus wat in hulle was, het vooruit verkondig dat Christus moet ly en daarna verheerlik sal word, en hulle het probeer naspeur wat die tyd en die omstandighede sou wees wat die Gees bedoel het. [12] Aan hulle is geopenbaar dat wat hulle geprofeteer het, nie vir hulleself bedoel was nie, maar vir julle. Nou het dié wat die evangelie aan julle verkondig het, dit aan julle bekend gemaak deur die Heilige Gees wat van die hemel af gestuur is. Dit is dinge waarin selfs engele begerig is om insig te kry.
>
> 1 Petrus 1:3-12 (Sien ook Hebreërs 1:1-14)

#### Vrae vir bespreking

1. Hoe sien jy die gelowige se verantwoordelikheid teenoor die wêreld?
2. Besin watter impak jou lewe op ander mense maak?

## 3. Lewende werke vir die Lewende God

#### 3.1. Inleiding

> [26] En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. [27] En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape. [28] En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip.
>
> Genesis 1:26-28

Die mens is geskep na God se gelykenis. Die gelowige straal die Beeld van God uit en sy/haar lewe is toegewyd om God te verheerlik. Ons is geskep om God se verteenwoordigers te wees en Sy werk op aarde te doen. Om vrug te dra (Johannes 15; Jakobus 2:14-18). Om Goddelike vrug te dra is om dinge te doen soos om sorg te dra vir mense wat swaar kry, soos armes en weduwees (Matteus 25:31-46).

Sogenaamde goeie werke behoort dus te wees om God te verheerlik deur gehoorsaamheid tot Sy Heilige Persoon en Sy hande en voete te wees op aarde. Dit gaan nie om Hom te probeer oortuig dat ek goed is nie. Ek, as mens, is nie vanuit God nie, slegs Christus is (Johannes 8:42) is. Ek kan ook nie terugkeer in Goddelikheid in wanneer ek sterf nie, of deur karma 'n hoër status bereik en reïnkarneer nie (Hindoeïsme). Christus het reeds eenmaal volmaak versoening bewerkstellig (Hebreërs 9:27).

> 11 Maar Christus, wat opgetree het as Hoëpriester van die toekomstige weldade, het deur die groter en volmaakter tabernakel wat nie met hande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie aan hierdie skepping behoort nie, 12 ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring. 13 Want as die bloed van stiere en bokke en die as van 'n vers wat die verontreinigdes besprinkel, heilig maak tot reiniging van die vlees, 14 hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien. 15 En daarom is Hy Middelaar van 'n nuwe testament, sodat, terwyl daar 'n dood plaasgevind het vir die verlossing van die oortredinge onder die eerste testament, die wat geroepe is, die belofte van die ewige erfenis kan ontvang. 16 Want waar 'n testament is, moet noodsaaklik die dood van die testamentmaker aangekondig word; 17 want 'n testament is geldig by sterfgevalle, aangesien dit nooit van krag is so lank as die testamentmaker nog leef nie.
>
> Hebreërs 9:11-17

**3.2. Geskape in Christus Jesus tot goeie werke**

Deur te glo dat ek, deur goeie werke, die lewende God moet dien om saligheid te verdien is in werklikheid dooie werke. Saligheid is 'n genadegawe van God deur geloof alleen:

> 8 Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; 9 nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. 10 Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.
>
> Efesiërs 2:8-10

Ons is geskape in Jesus Christus tot goeie werke. Met ander woorde, geloof en kennis in Jesus Christus as koning van jou lewe kom eerste (Matteus 6:33) wat dan uitvloei tot 'n afgesonderde (heilige) lewe tot eer van God. Jy doen afstand van sonde en soek die Here se Aangesig, Hy het liefde en medelye vir die mens (Jesaja 63:9).

Alle mense op aarde het deel aan die sogenaamde "Oersonde" wat gepleeg is deur ons voorvader Adam. Die hele mensdom het in sonde verval. As gevolg hiervan word elke mens in sonde gebore:

> *20* En Noag het vir die HERE 'n altaar gebou en van al die rein diere en al
> die rein voëls geneem en brandoffers op die altaar gebring.
> *21* En die HERE het die lieflike geur geruik, en die HERE het in sy hart gesê: Ek sal die aarde verder nie meer vervloek ter wille van die mens nie, want die versinsels van die mens se hart is sleg van sy jeug af. En Ek sal verder nie meer al die lewende wesens tref soos Ek gedoen het nie.
>
> Genesis 8:20-21

Ons sien dit ook in Dawid se woorde:

> *3* Wees my genadig, o God, na u goedertierenheid; delg my
> oortredinge uit na die grootheid van u barmhartigheid. *4* Was my
> heeltemal van my ongeregtigheid en reinig my van my sonde. *5* Want
> ék ken my oortredinge, en my sonde is altyddeur voor my. *6* Teen U
> alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë, sodat U
> regverdig kan wees as U spreek, rein as U gerig hou. *7* Kyk, in
> ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang.
> *8* Kyk, U het 'n welgevalle aan waarheid in die binneste, en in die
> verborgene maak U aan my wysheid bekend.
>
> Psalm 51:3-8

Maak nie saak wat ons doen nie, jy kan nie van hierdie toestand ontsnap deur jou eie toedoen nie. Jy kan jouself nie red nie want 'n persoon wat sonde doen verdien die dood en geen mens is sondeloos nie (1 Johannes 1:8-10). Met ander woorde, die loon wat jy verdien as gevolg van jou sonde, is die dood.

> *23* Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.
>
> Romeine 6:23

Die Here het geweet dat ons in hierdie toestand sou verkeer en het voorsiening gemaak in die sondelose Jesus Christus wat namens ons die dood ontvang het. Jesus, wat nie die dood verdien het nie is gedood deur sondige mense.

> [17] Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus. [18] Daarom dan, net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe. [19] Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word. [20] Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword; [21] sodat, soos die sonde geheers het in die dood, so ook die genade kan heers deur die geregtigheid tot die ewige lewe deur Jesus Christus, onse Here.
>
> Romeine 5:17-21

Wanneer ons dus besin oor die lewe op aarde, of met iemand in gesprek is, behoort dit te wees om meer kennis van die ware God, die God van Abraham, Isak en Jakob (Die Here) te bekom. 'n Mens moet waak dat die evangeliese gesprek nie gemanipuleer word om te fokus op godsdienstige rituele nie maar eerder op vrymaking deur Jesus Christus.

> [1] Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees. [2] Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood.
>
> Romeine 8:1-2

**Vrae vir bespreking**

1. Lees Romeine 8:1 en Kolossense 2:8-23. Bespreek die verskil om in die vlees te wandel teenoor om in die Gees te wandel.
2. Lees Hebreërs 11:3. Hoe bekom 'n mens kennis oor God?

# 4. Persoonlike verhouding

### 4.1. Inleiding

Ongelowige mense maak dikwels die spottende bewering dat God 'n fout gemaak het tydens die skepping. Hulle beweer dat God die mens so geskape het om te kan sonde doen. Hoe kan God dan die mens straf as Hy die mens so geskape het om sonde te kan doen? Die waarheid is egter dat die mens met 'n besondere doel as morele wese geskape is en dit is om die Skepper te verheerlik.

### 4.2. In sonde gebore maar bestem tot geloof

As gevolg van die mens se eie ongehoorsaamheid en toedoen (Genesis 3; 6:11-12), word alle mense in sonde gebore (Psalm 51). Die sleutelwoord hier is "ongehoorsaamheid". Dit beteken dat 'n persoon bewus was van dit wat van hom/haar verwag word maar steeds teen dit besluit het om op te tree na eie wil. Dit wat deur God van die mens verwag word is gehoorsaamheid aan Sy Heilige Persoon. Dit dwing onwillekeurig eensgesindheid onder die mens af (Matteus 18:19; 22:34-40).

In die Ou Testamentiese tyd het die mens nie Christus geken soos wat ons vandag dit kan doen nie. Hulle het nie die Nuwe Testament gehad nie. Hulle kon nie die Bybel geredelik lees soos ons vandag nie. Ons kan ook sê dat die Beeld van God (Kolossense 1:15) was nie visueel aan hulle geopenbaar in Christus soos aan ons vandag nie:

> [14]En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon — en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom — vol van genade en waarheid.
>
> Johannes 1:14

Deur middel van sogenaamde offers en onder leiding van die Levitiese priesters moes hulle tot God nader. Bo-natuurlike wonderwerke, rituele en die versoendeksel het God verbeeld. In Christus het God egter aan almal verskyn.

Ongehoorsaamheid aan God staan bekend as "sonde". Dit dryf jou weg van God en jy doen geen kennis van God op nie. Jy word in werklikheid geestelik verblind (Johannes 12:37-44). Selfbeheersing is by die deur uit want ongehoorsaamheid gaan oor jouself en nie tot eer van God nie (2 Petrus 1:3-9). Christus is die sondelose en volmaakte Wese van God self, "Ek Is". Daarom kan 'n persoon buite hierdie verhouding maklik beweer dat God 'n fout gemaak het met die skepping want God is nie vir hom/haar die Waarheid nie.

> [1] Wat die gawes van die Gees betref, broers, wil ek hê dat julle ingelig moet wees. [2] Julle weet dat, toe julle nog heidene was, julle blindelings na die stom afgode meegevoer is. [3]Daarom wil ek hê julle moet weet dat iemand wat sê: "Vervloek is Jesus", nie deur die Gees van God praat nie; en niemand kan sê: 'Jesus is die Here' nie, behalwe deur die Heilige Gees.
>
> 1 Korintiërs 12:1-3

God het dit so bestem dat die mens 'n intellek en vermoë het om sy Maker te soek, te leer ken, en te verheerlik. Ons is so geskep met die vermoë om te kan glo. Dit is 'n genadegawe van God. Dink mooi, indien dit nie so was nie, het ons almal soos robotte hier rondbeweeg wat geen sin vir die Here sou gemaak het nie. Daar sou nie sprake (Romeine 10:9-10) van 'n persoonlike, verantwoordbare, verhouding met God moontlik gewees het nie. Ons kan slegs Hom verheerlik wanneer ons Hom waarlik leer ken en gehoorsaam. Ons moet nie deur vals dogmas rondgeslinger word nie (Hebreërs 13:9; 2 Timoteus 3:7).

Verheerliking kan genadiglik slegs gedoen word deur geloof en aanname van Jesus Christus as jou persoonlike Verlosser (Romeine 1:16-17). Ons denke word deur Hom gevorm (Romeine 12:1-2) tot heiligmaking (Hebreërs 5:12-6:3) wanneer ons Christus as ons Here, die Sleutel tot die Ewige Lewe, aanneem. Met heiligmaking word bedoel, jy is afgesonder vir God en jy lewe om Hom te verheerlik.

Daar bestaan nie 'n mens op aarde wat sonder sonde is nie (Romeine 3:19). Al probeer ons hoe goed lewe, ons kan onsself nie tot saligheid verdien nie. Die enigste Weg tot saligheid is deur te erken dat jy sondig is, jou sondes te bely voor God, afstand te doen van sonde en Sy vergifnis te soek in die versoenende kruisdood van Jesus Christus (Levitikus 5:5; 1 Samuel 12:10; Psalm 32:5; 1 Johannes 1:9).

Wanneer 'n mens Christus openhartig leer ken kom jy tot ware sondebesef. Die gelowige se hele lewe word vernuwe in geestelike wedergeboorte (Johannes 3:3) om die Persoon van Christus te eerbiedig en sonde af te sterf (1 Johannes 5:18).

> [5] Dít is nou die boodskap wat ons by Hom gehoor het en aan julle
> verkondig: God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie. [6] As ons
> beweer dat ons aan Hom deel het, en ons lewe in die duisternis, lieg
> ons en handel ons nie volgens die waarheid nie. [7] Maar as ons in die
> lig lewe soos Hy in die lig is, het ons met mekaar deel aan dieselfde
> gemeenskap en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke
> sonde. [8] As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself
> en is die waarheid nie in ons nie. [9] Maar as ons ons sondes bely – Hy is
> getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle
> ongeregtigheid. [10] As ons beweer dat ons nie gesondig het nie, maak
> ons Hom tot leuenaar en is sy woord nie in ons nie.
>
> 1 Johannes 1:5-10

**Vrae vir bespreking**

1. Hoe sou jy die lewe van 'n dissipel van Jesus Christus beskryf?
2. Hoe sou jy sonde beskryf?

## 5. Is ek uitverkies?

### 5.1. Inleiding

Die sogenaamde uitverkiesingsleer, soos voorgehou deur byvoorbeeld "Calvinisme", veroorsaak dat mense glo dat God sekere mense vooraf uitverkies het, en andere nie. Met ander woorde, daar word geïnsinueer dat sekere mense is verlore en daar is niks wat hulle daaraan kan doen nie.

### 5.2. Die bron van die uitverkiesingsleer

Hierdie siening word egter gehandhaaf deur eensydig na byvoorbeeld die volgende Skrif te kyk: Johannes 6:43; Romeine 8:28-30; Romeine 9:6-33.

> [44] Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.
>
> Johannes 6:44

> [28] En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk,
> vir hulle wat na sy voorneme geroep is. [29] Want die wat Hy vantevore
> geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te
> wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees
> onder baie broeders; [30] en die wat Hy vantevore verordineer het, dié
> het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook
> geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik.
>
> Romans 8:28-30

> 11 Want toe die kinders nog nie gebore was en nog geen goed of kwaad
> gedoen het nie — dat die voorneme van God volgens die verkiesing
> kon bly staan, nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep — 12 is vir
> haar gesê: Die oudste sal die jongste dien. 13 Soos geskrywe is: Jakob
> het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat. 14 Wat sal ons dan sê? Is daar
> miskien onreg by God? Nee, stellig nie! 15 Want aan Moses sê Hy: Ek sal
> barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees en My ontferm oor
> wie Ek My wil ontferm. 16 So hang dit dan nie af van die een wat wil of
> van die een wat loop nie, maar van God wat barmhartig is. 17 Want die
> Skrif sê aan Farao: Juis hiervoor het Ek jou laat optree, dat Ek in jou my
> krag kan toon en dat my Naam verkondig kan word op die hele aarde.
> 18 So is Hy dan barmhartig oor wie Hy wil en Hy verhard wie Hy wil. 19 Jy
> sal dan vir my sê: Waarom verwyt Hy dan nog, want wie het sy wil
> weerstaan? 20 Maar tog, o mens, wie is jy wat teen God antwoord? Die
> maaksel kan tog nie vir die maker sê: Waarom het u my so gemaak
> nie? 21 Of het die pottebakker nie mag oor die klei, om uit dieselfde
> klomp die een voorwerp tot eer en die ander tot oneer te maak nie?
> 22 En as God, al wil Hy sy toorn bewys en sy mag bekend maak, tog met
> groot lankmoedigheid die voorwerpe van toorn wat vir die
> verderf toeberei is, verdra het, 23 juis om bekend te maak die rykdom
> van sy heerlikheid oor die voorwerpe van barmhartigheid wat Hy
> voorberei het tot heerlikheid, 24 ons naamlik wat Hy geroep het, nie
> alleen uit die Jode nie, maar ook uit die heidene?
>
> Romans 9:11-24

Daar ontstaan dan verskillende sieninge soos byvoorbeeld die volgende:

Omdat hulle glo dat God sekere mense vooraf uitverkies het en andere nie, val hulle onder die wie nie uitverkies is nie. Hulle lewe dus hulle eie lewe omdat hulle glo dat God Hom nie oor hulle ontferm nie. Die volgende vrae kan aan hierdie mense gevra word:

- Hoekom het Christus dan, volgens die Skrifte, aan die kruis gesterf (Matteus 27:50) en opgestaan om die Nuwe Verbond te wees vir die wat in Hom glo (Johannes 6:47; Hebreërs 8:13)?
- Hoekom word daar dan op so baie plekke in die Bybel gesê dat die evangelie verkondig moet word (Matteus 28:19-20; Romeine 1:8; 1 Korintiërs 11:26; 2 Timoteus 4:2)?
- Hoekom moet jy wedergebore word (Johannes 3:3)?
- Waarom het God dan 'n verbond met Abraham aangegaan wat die belofte van redding vir alle nasies inhou (Genesis 12 en 15).
- Hoekom openbaar God Hom dan aan die mens (Romeine 1:18-20)?
- God openbaar Hom aan mense wie Hom soek (Hebreërs 11:3)

Indien Hy alle mense vooraf verordineer het om of gered te wees, of nie, hoekom so bostaande dan gebeur het? God het wel vooraf verordineer deur redding in Christus en ook om Homself deur Christus bekend te stel. Vir hierdie doel het Hy wel sekere mense vooraf verordineer met besondere gawes en openbaring om deel te wees van Sy reddingswerk.

Ander mense glo weer dat hulle uitverkies is en op grond hiervan sal hemel toe gaan wanneer hulle sterf. Die risiko is dat hulle nie tot sondebesef kom nie en nie ware geestelike wedergeboorte en heiligmaking deur die Heilige Gees beleef nie. Hulle leer die Here nie werklik ken nie en ontwikkel nie 'n persoonlike verhouding met Hom nie. Die noodsaaklikheid van die kruisdood, en opstanding, van Jesus Christus word uit die oog verloor. Om nie eers te praat van die noodsaaklike geloof daarin nie. Die eenvoudige vraag dan: Indien God alle gelowiges vooraf uitverkies het, waarom het Christus dan aan die kruis gesterf?

Daar word ook deur sommiges beweer dat God se regverdigheid maak dat Hy sommige mense vooraf uitverkies het en sal red al het hulle nie van Christus geweet nie. Soos byvoorbeeld mense wat in 'n onbereikte woud woon of in lande soos Noord-Korea. Dit laat die vraag ontstaan: Wat dan van die mense wat sogenaamd nie uitverkies is nie. Is God dan nie juis onregverdig teenoor hulle nie!? Ons moet besef dat redding vir elke persoon 'n noodsaaklikheid is op aarde. Redding van ewige verwyt en Godverlatenheid. Indien jy oor hierdie onderwerp met iemand in gesprek is, moet dit vir die persoon duidelik gemaak word dat die belangrike is om oor jou eie redding en geloof besorgd te wees. God is regverdig en sal wel regverdig oor alle ander mense oordeel.

**5.3. Ons leer egter die volgende uit die Skrif:**

- God het Homself verbind aan 'n verlossingsplan vir die mens en dit is om Homself aan die mens te openbaar deur die volk Israel. Die hele Ou Testamentiese geskiedenis vertel ons van hoe die volk Israel ontstaan het, dat die Messias vanuit hierdie volk gebore sal word en dat Hy versoening tussen God en mens sal bewerkstellig deur aan die kruis te sterf en uit die dood op te staan. Dit het ook alles net so gebeur.
- Indien daar in die Skrif gepraat word van dat God mense vooraf verorden het, word na verwys van wat in die wêreld gaan gebeur deur sekere uitverkore mense, sodat ander mense kan glo. Om die Farao van die uittog uit Egipte te gebruik as voorbeeld. God het Farao se hart verhard sodat God se Naam verheerlik sal word oor die hele wêreld. Dit beteken nie noodwendig dat Farao sou hel toe gaan nie. Dit kon wees dat nadat dit alles met Farao gebeur het, hom op sy knieë gebring het. Indien God Farao se hart verhard het beteken dit ook nie dat Hy alle mense wat Hom nie ken nie se harte verhard nie. Farao moes 'n spesifieke rol in God se reddingsplan vervul. So ook byvoorbeeld Kores. Kores was 'n ongelowige Persiese koning wat selfs God se dienaar genoem word (Jesaja 45:1-7) en 'n groot rol gespeel het in Israel se geskiedenis. Die Here se Naam is verheerlik en Kores het die Here leer ken.
- Die mens is met 'n intellek geskep om in 'n verhouding met God te kan leef. 'n Verhouding kan slegs moontlik wees indien die twee betrokke partye intellektueel uit vrye wil optree. Die mens egter het daarteen gerebelleer en teen God gesondig.
- God, wat buite die menslike, natuurlike, konteks en tyd is, het steeds Sy verlossingsplan van die begin af daargestel in die Messias. Hy het die volk Israel vooraf uitverkies om verlossing te bewerkstellig. Hy het die profete vooraf ver orden en geroep om die koms en werk van die Messias te voorspel. Die apostels en evangelieskrywers, wat nie-Jode insluit (soos Lukas) is vooraf verordineer om die getuies te wees dat hulle Hom gesien het op aarde. Dit alles sodat ons vandag kan glo. Mense wat God in die Waarheid soek, die Messias, is dié mense wat deur die Vader na Jesus gestuur word want Jesus is die Een wat gaan oordeel oor alle mense.
- So, God het wel sekere mense en 'n volk vooraf verorden om Sy openbaring en verlossing te bewerkstellig (Jeremia 1:5). Dit is gedoen om verlossing aan die res van die wêreld (alle nasies), en geslagte moontlik te maak deur geloof in die Messias se versoeningsdood. 'n Mens kom tot geloof deur die evangelie van verlossing te hoor deur iemand wat dit spreek.
- Indien 'n mens dan na 'n Bybelse apostel soos Paulus luister, sien jy duidelik dat daar na beide "ons" en "julle" ver wys word.
- "Ons" – die volk Israel, profete en apostels
- "Julle" – die res van die wêreld.

> [7] In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade, [8] wat Hy oorvloedig aan ons bewys het in alle wysheid en verstand, [9] deurdat Hy aan ons die verborgenheid van sy wil bekend gemaak het na sy welbehae wat Hy in Homself voorgeneem het, [10] om die volheid van die tye te reël, met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig — [11] in Hom in wie ons ook 'n erfdeel ontvang het nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil, [12] sodat **ons kan wees** tot lof van sy heerlikheid, ons wat reeds tevore op Christus gehoop het, [13] **in wie julle ook**, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat **julle ook** geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte, [14] wat die onderpand is van ons erfdeel om sy eiendom te verlos tot lof van sy heerlikheid.
>
> Efesiërs 1:7-14

Die verbond met die belofte moet nie uit die oog verloor word nie:

> [8] Dit wil sê, nie hulle is kinders van God wat die kinders van die vlees is nie, maar die kinders van die belofte word gereken as die nageslag. [9] Want dit is die woord van die belofte: Omtrent hierdie tyd sal Ek kom, en Sara sal 'n seun hê. [10]En nie alleen dit nie, maar ook Rebekka was swanger uit een, naamlik Isak, ons vader.
>
> Romans 9:8-10

**Die Here het saligheid bedoel vir alle mense:**

> [12]Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; [13] wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is. [14]En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon — en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom — vol van genade en waarheid.
>
> Johannes 1:12-14

God is Gees en word in die Gees aanbid (Johannes 4:23-24). Die mens moet 'n geestelike wedergeboorte deurgaan om gered te word (Johannes 3:3). Die eerste tree wat 'n persoon moet gee tot sy/haar geestelike geboorte, is geloof. Christus het uit God, die Vader, voortgekom (Johannes 8:42). Hy Is vanuit God en dus God. Hy Is God se Gesalfde (Psalm 2:2), die Hoeksteen (Jesaja 28:16). Geloof in Hom maak die mens vry (Johannes 8:36).

> [24] Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe.
>
> Johannes 5:24

Ons sien dus dat 'n mens wat in Jesus Christus glo, gered sal word. Dit blyk teenstrydig te wees want sou God vooraf bestem, hoe kan Hy dan straf. Of, as God sê dat jy deur geloof in Jesus Christus gered word, hoe is dit dan dat Hy vooraf bestem het?

Die Here is beslis nie onregverdig nie, maar wel soewerein. Dink aan die volgende:

- God is Almagtig en buite tyd. Alhoewel Hy die mens geskep het met die vermoë om Hom te kan verheerlik, het Hy geweet wie gaan ongehoorsaam wees. So ook, weet Hy wie gaan vir Hom kies. Laasgenoemde word dan na verwys as die "uitverkorenes van God" (Romeine 8:33).
- Die Vader stuur mense na Jesus (Johannes 6:44). Dit is dié mense wat Hom in die waarheid soek (Matteus 7:7-8; Johannes 18:37), daar is slegs een God, die God van Abraham, Isak en Jakob. Daar is nie 'n ander Skepper nie. Die Waarheid verenig die Waarheid.
- Wanneer God met die mens te doen het, verwag Hy absolute gehoorsaamheid en respek want Hy is Heilig (Levitikus 19:2). Hoekom was Farao se hart verhard? As gevolg van sy eie ongeloof (Eksodus 5:2). Die Here is hierdeur verheerlik sodat die hele wêreld Sy Naam sou ken (Eksodus 9:14; 10:2).

Die heel belangrikste vir mensekind om te besef, is dat God soewerein, Almagtig én regverdig is. Hy besluit wat sal gebeur en wat nie sal gebeur nie. Dit alles tot verheerliking van Sy Naam en tot heiligmaking van die mens. God doen dit deur besondere openbarings aan mense soos gesien in die profete en apostels wat ons in die Bybel van lees. Sekere mense word in besonder verordineer om die evangelie uit te dra sodat ander kan glo. Almal kan die ewige lewe beërwe deur geloof in Jesus Christus. Die Here se Naam word verheerlik wanneer die mens na Hom vra, Hom leer ken en in die Waarheid dien, Jesus Christus (Johannes 17:3-6). Wie hoor moet gehoorsaam wees tot Sy Stem. Dit is tot die mens se eie voordeel. Dit is onmoontlik vir ons om antwoorde op alles te hê want ons is nie God nie, en kan ook nie wees nie. Die beste ding wat die mens kan doen wanneer dit by wysheid kom, is om die Here te leer ken. Daarin het die Here 'n behae:

> *23* So sê die HERE: Laat die wyse hom nie beroem op sy wysheid nie, en laat die sterke hom nie beroem op sy sterkte nie, laat die ryke hom nie beroem op sy rykdom nie; *24* maar laat hy wat wil roem, hom hierop beroem dat hy verstaan en My ken, dat Ek die HERE is wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen; want in dié dinge het Ek 'n behae, spreek die HERE.
>
> Jeremia 9:23-24

**Vrae vir bespreking:**

1. Lees Johannes 3:6–8 en bespreek hoe jy die wedergeboorte verstaan waarna Jesus verwys?
2. Lees Titus 3:1-11 en bespreek hoe ons erfgename word ooreenkomstig die hoop van die ewige lewe?
3. Lees 1 Kronieke 5:20(b) en Jesaja 49:23. Wat gebeur wanneer ons op God vertrou? Kan ons dit doen sonder om Hom te ken?
4. Lees Jeremia 29:11-14. Wanneer kan ons 'n hoopvolle toekoms beleef?

## 6. Hy kom weer vir die wat Hom verwag

### 6.1. Inleiding

Die vrolikheid in die gelowige se lewe is nie gesetel in onsekere hoop nie. Dit is toekoms gerig op 'n ontmoeting met die lewende Here, die Heiland.

> [1] Maar nou, so sê die HERE, jou Skepper, o Jakob, en jou Formeerder, o Israel: Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne! [2] As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere — hulle sal jou nie oorstroom nie; as jy deur vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie. [3] Want Ek is die HERE, jou God, die Heilige van Israel, jou Heiland; Ek het Egipte gegee as losprys vir jou, Kus en Seba in jou plek. [4] Omdat jy kostelik is in my oë, hooggeag is, en Ek jou liefhet, daarom gee Ek mense in jou plek en volke vir jou lewe.
>
> Jesaja 43:1-4

**6.2. Kies die Lewende Here**

Wanneer God die mens uitnooi om die lewe te kies (Deuteronomium 30:19-20) het Hy beslis nie verwys na 'n aardse lewe nie maar na 'n Godvresende lewe.

> [19] Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag, [20] deur die HERE jou God lief te hê, na sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe en die lengte van jou dae, sodat jy kan woon in die land wat die HERE aan jou vaders Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloof het om dit aan hulle te gee.
>
> Deuteronomium 30:19-20

Wanneer ons na die Woorde van Jesus Christus luister, sien ons dit is dieselfde Here wie met ons praat:

> [34] En toe die Fariseërs hoor dat Hy die Sadduseërs die mond gestop het, het hulle almal saam vergader. [35] En een van hulle, n wetgeleerde, het 'n vraag gestel om Hom te versoek en gesê: [36] Meester, wat is die groot gebod in die wet? [37] En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. [38] Dit is die eerste en groot gebod. [39] En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.
> [40] **Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.**
>
> Matteus 22:34-40

Die Godvresende lewe is ‘n wonderlike en ewige pelgrimstog na gehoorsaamheid aan God tot vrolikheid van Sy gunsgenote.

> 10 Wys u gesalfde nie af nie, ter wille van Dawid, u kneg. 11 Die HERE het
> aan Dawid gesweer in waarheid (Hy sal daarvan nie terugkom nie):
> Van die vrug van jou liggaam sal Ek laat sit op jou troon. 12 As jou seuns
> my verbond hou en my getuienisse wat Ek hulle leer, dan sal húlle
> seuns ook vir ewig op jou troon sit. 13 Want die HERE het Sion uitgekies,
> Hy het dit as woonplek vir Hom begeer en gesê: 14 Dit is my rusplek vir
> ewig; hier wil Ek woon, want Ek het dit begeer. 15 Sy voedsel sal Ek ryklik
> seën, sy behoeftiges versadig met brood; 16 en sy priesters sal Ek met
> heil beklee, en sy gunsgenote sal vrolik jubel. 17 Daar sal Ek vir Dawid ‘n
> horing laat uitspruit; Ek het vir my gesalfde ‘n lamp toeberei. 18 Ek sal sy
> vyande met skaamte beklee, maar op hom sal sy kroon skitter.
>
> Psalm 132:10-18

Jesus Christus is uit die nageslag van Eva gebore as Seun van die Mens. So is Hy ook uit die nageslag van Sem, die vader van die Hebreërs, gebore (Genesis 10:21). Sem, Gam en Jafet was die drie seuns van Noag. Die betekenis van die woord/naam “Sem” verwys na ‘n besonderse kragtige naam, ‘n besonderse persoon. Die Messias is uit Sem se nageslag gebore en het die kragtige Naam van God aan die mens bekend gemaak (Johannes 17:26) sodat ons Hom kan ken en hoop kan hê.

Reeds 750-jaar voor Christus praat God deur Jesaja oor Johannes die Doper wat die weg van die Here Jesus Christus gaan voorberei. Jesus se verskyning as mens (Seun van die Mens) sal deur en vir, die vlees (mense) sigbaar wees (Sien ook Maleagi 3:1-4).

> 3 ‘n Stem van een wat roep: Berei in die woestyn die weg van die HERE;
> maak gelyk in die wildernis ‘n grootpad vir onse God! 4 Elke dal moet
> opgevul en elke berg en heuwel klein gemaak word; en die bult moet
> ‘n gelykte en die rotsagtige plekke ‘n laagte word. 5 En die heerlikheid
> van die HERE sal geopenbaar word, en alle vlees tesame sal dit sien:
> want die mond van die HERE het dit gespreek.
>
> Jesaja 40:3-5

Jesus se Skrif getroue eerste koms op aarde het Sy belangrike boodskap ingesluit. Hy het gesê dat Hy weer gaan kom en dat Hy die enigste weg is na die Vader.

> 1 Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My.
> 2 In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie,
> sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. 3 En as Ek
> gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe
> neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. 4 En waar Ek heengaan, weet
> julle en die weg ken julle. 5 Thomas sê vir Hom: Here, ons weet nie waar
> U gaan nie, en hoe kan ons die weg ken? 6 Jesus antwoord hom: Ek is
> die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader
> behalwe deur My nie. 7 As julle My geken het, sou julle my Vader ook
> geken het, en van nou af ken julle Hom en het julle Hom gesien.
> 8 Filippus sê vir Hom: Here, toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg.
> 9 Jesus sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie,
> Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. En hoe sê jy: Toon
> ons die Vader? 10 Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie?
> Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die
> Vader wat in My bly, Hy doen die werke.
>
> Johannes 14:1-10

Dit wat Hy doen, is wat die Vader doen. Dit wat Hy sê is wat die Vader sê (Johannes 12:44-50; Johannes 14:9-11). Hy en die Vader is Een (Johannes 17:20-22). Dit is baie logies dat daar nie 'n ander weg is na die Vader nie want Christus Is Een met die Vader (Kolossense 1:15-20).

Die eerste verskyning van Christus op aarde het dit vir altyd en finaal bevestig dat daar 'n God is wat Hom oor die saligheid van die mens ontferm en sal die hele wêreld aanspreek tot verantwoording.

> 22 Kom na My toe dat julle gered kan word, almal op die aarde,
> want Ek is God, daar is geen ander nie. 23 Ek lê 'n eed af in my eie Naam,
> wat Ek sê, is betroubaar, dit is 'n woord wat nie onvervul sal bly nie:
> voor My sal elke knie buig, in my Naam sal elke tong 'n eed aflê.
>
> Isaiah 45:22-23 (Sien ook Romeine 14:11; Filippense 2:10-11)

Die ongelowige wêreld kan dit nie verstaan nie. Hy bevraagteken, en selfs vervolg, die gelowiges en werk ware aanbidding en die Bybel uit die samelewing uit. Hy bemoedig en keer sondige gebruike goed en hou homself voor as die verligte nuwe orde. Dit wat God vir die mens daargestel het vir 'n Godvresende, geseënde en morele samelewing word as onderdrukking voorgehou. Vir hom gaan dit slegs oor aardse liefde wat Goddelike dissipline uitsluit en die mens se eie wil voorhou. Hy hou die Bybel voor as 'n goeie mite en slegs een van die baie gelowe wat goed is. Hy ontken sy outeur, die Satan, wat logies volgens hom nie bestaan nie.

Reeds met die sondeval, in die Tuin van Eden, het Die Here God dit so bestem dat daar vyandskap gaan wees tussen die kinders van die Satan en die kinders van die Here. Die Messias is ook duidelik voorspel wat die Satan se kop gaan vermorsel. Die Satan sal poog om die evangelie te verdoesel.

> [15] En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hý sal jou die kop vermorsel, en jý sal hom in die hakskeen byt.
>
> Genesis 3:15

**6.3. Hy kom weer vir die wat Hom ken en verwag**

Die Bybel se kernboodskap is hoop. Hoop in Jesus Christus deur genade (Efesiërs 2:4-10). Genadiglik sluit die Bybel ook openbaringe en profesieë in wat die versekering gee dat God soewerein in beheer is oor alle toekomstige gebeure. "God, in Sy soewereine voorsienigheid, regeer oor die koninkryke van die aarde en sal Sy soewereine doelwitte behaal ongeag van die mens en demoniese opposisie" (John MacArthur). Christus het met Sy eerste koms die Skrif volmaak volbring (Matteus 5:17-18). Dit gee die gelowige die wonderlike verwagting, wete en hoop dat die Skrif steeds deur Hom volbring gaan word in die toekoms.

> [9] En hulle sal in dié dag sê: Kyk, dit is onse God op wie ons gewag het, dat Hy ons kan verlos; dit is die HERE op wie ons gewag het: laat ons juig en bly wees oor sy hulp.
>
> Jesaja 25:9

Ongeveer 60-jaar na die kruisiging, opstanding en Hemelvaart van Christus was die Apostel Johannes in gevangenis op die eiland Patmos omdat hy die evangelie van Christus verkondig het. Sy mede-apostels en baie ander gelowiges is almal tot die dood gemartel vir dieselfde rede sonder om afstand te doen van hulle getuienis – Jesus Christus wie hulle gesien en gehoor het (Markus 16:14-15; Johannes 1:14; 4:42; 2 Petrus 1:16-21; 1 Johannes 1:1-7).

Ons kan vandag in die boek Openbaring lees van die openbaringe wat Johannes op die eiland Patmos ontvang het ongeveer 95 jaar na Christus.

> [19] Skryf die dinge op wat jy gesien het, die wat is sowel as die wat gaan gebeur.
>
> Openbaring 1:19

In die boek Openbaring leer ons van die laaste politiese bestel van die wêreld, die laaste oorlog, die optrede en nederlaag van die Antichris, Christus se 1000-jarige aardse koninkryk, die wonderlikheid en ewigheid van die hemel en die finale lot van die goddeloses en die regverdiges. Dit is steeds dieselfde Almagtige God en Skepper wat met sy profete praat met dieselfde simboliek.

Sien byvoorbeeld dit wat Jesaja ongeveer 750-jaar voor Christus gehoor het:

> 6 So sê die HERE, die Koning van Israel en sy Losser, die HERE van die
> leërskare: Ek is die Eerste, en Ek is die Laaste, en buiten My is daar geen
> God nie. 7 En wie roep soos Ek — laat hom dit dan te kenne gee en aan
> My voorlê — vandat Ek die volk van die ou tyd gegrond het? En laat
> hulle die toekomstige dinge en wat sal gebeur, te kenne gee. 8 Wees
> nie verskrik nie, en moenie bewe nie! Het Ek jou dit nie lank tevore laat
> hoor en te kenne gegee nie? En júlle is my getuies! Is daar 'n God
> buiten My? Ja, daar is geen rotssteen nie; Ek ken geeneen nie.
>
> Jesaja 44:6-8

Ongeveer 95 na Christus is die volgende aan die apostel Johannes gesê:

> 7 Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat
> Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou
> bedryf; ja, amen! 8 Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde,
> sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.
>
> Openbaring 1:7-8

Ons kan steeds vandag openbaring ontvang deur dit te lees wat Johannes geskrywe het:

> 1 Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om
> aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die
> sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het,
> 2 wat getuig het van die woord van God en die getuienis van Jesus
> Christus — alles wat hy gesien het. 3 Salig is hy wat die woorde van die
> profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is,
> want die tyd is naby.
>
> Openbaring 1:1-3

Onthou, **'n ware Bybelse apostel** het twee belangrike eienskappe: 1) Hy het die opgestane Christus self gesien, aan Hom geraak, saam met Hom geëet (Lukas 24:27-49; Johannes 1:14; 1 Korintiërs 15:1-8; 2 Petrus 1:16-21 ; en 2) Hy het wonderwerke in die Naam van Christus uitgevoer (2 Korintiërs 12:12). Dit is hierdie apostels wat die Nuwe Testament in die Bybel vir ons nagelaat het. Johannes was een van hulle. Johannes het die Here Jesus Christus as Seun van die mens geken op aarde en Hom ook as die verheerlikte Seun van God ervaar soos wat hy beskryf in Openbaring 1:9

> [9] Ek, Johannes, julle broeder en deelgenoot in die verdrukking en in
> die koninkryk en lydsaamheid van Jesus Christus, was op die eiland
> wat Patmos genoem word, ter wille van die woord van God en om die
> getuienis van Jesus Christus. [10] Ek was in die Gees op die dag van die
> Here, en ek het agter my 'n groot stem gehoor, soos van 'n basuin,
> [11] wat sê: Ek is die Alfa en die Oméga, die eerste en die laaste, en skryf
> wat jy sien in 'n boek en stuur dit na die sewe gemeentes wat in Asië
> is: na Éfese en Smirna en Pérgamus en Thiatíre en Sardis en Filadelfía
> en Laodicéa. [12] Toe draai ek my om, om te sien watter stem met my
> gespreek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue
> kandelaars, [13] en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van
> die mens met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om
> die bors met 'n goue gordel. [14] Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos
> sneeu, en sy oë soos 'n vuurvlam, [15] en sy voete soos blink koper wat
> gloei soos in 'n oond, en sy stem soos die stem van baie waters. [16] En in
> sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp
> tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig
> was soos die son wat skyn in sy krag. [17] En toe ek Hom sien, val ek soos
> 'n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my
> gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste [18] en die lewende;
> en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die
> sleutels van die doderyk en van die dood. [19] Skryf die dinge op wat jy
> gesien het, die wat is sowel as die wat gaan gebeur; [20] die
> verborgenheid van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien
> het, en die sewe goue kandelaars: die sewe sterre is die engele van
> die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die
> sewe gemeentes.
>
> Openbaring 1:9-20

Indien ons lees hoe die Here aan die profete geopenbaar het, is dit duidelik dieselfde God wat aan die Woord is. Lees gerus: (Daniël 10; Jesaja 6:1-5; Esegiël 1; Openbaring 1:9-20)

Die pragtige en wonderlike simboliek wat die Here in die boek Openbaring laat neerskrywe het, soos byvoorbeeld bostaande Openbaring 1:9-20, is getrou aan die konsep wat "apokaliptiek" genoem word. Dit verwys na bo-natuurlike openbaring.

Ons sien hierin die Goddelikheid van Christus, dat Hy Ewig is, dat Hy die Woord van God is wat met die mens praat (konseptualiseer) en dat Hy intiem betrokke is by die gelowiges (gemeentes) op aarde.

Hy het gesê dat Hy weer gaan kom (Johannes 14:3) en dit kan onomwonde geglo word sonder enige verskoning. Die vraag kan met reg gevra word: Verwag jy Hom?!

> [28] so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid.
>
> Hebreërs 9:28

Daar kon nie 'n ander ware Goddelike openbaring gewees het wat sogenaamd die Bybel, of die evangelie van Jesus Christus vervang het nie:

> 16 Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die
> gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink
> môrester. 17 En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor,
> sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water
> van die lewe neem, verniet. 18 Want ek betuig aan elkeen wat die
> woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by
> hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan
> in hierdie boek geskrywe is. 19 En as iemand iets van die woorde van die
> boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel
> wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die
> dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is. 20 Hy wat dit getuig, sê: Ja,
> Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus! 21 Die genade van onse Here
> Jesus Christus sy met julle almal! Amen.
>
> Openbaring 22:16-21
>
> 11 TOE het ek die hemel geopend gesien; en daar was n wit perd, en Hy
> wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en
> voer oorlog in geregtigheid. 12 En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy
> hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand
> ken nie, behalwe Hy self. 13 En Hy was bekleed met n kleed wat in bloed
> gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God. 14 En die leërs in die
> hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne.
> 15 En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te
> slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die
> parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God,
> die Almagtige. 16 En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat
> geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here.
>
> Openbaring 19:11-16

Die Here kom weer vir die wat Hom verwag! Hy het dit van die begin af aan ons bekend gemaak:

> 1 'n Psalm van Dawid. Tot U, o HERE, hef ek my siel op. 2 My God, op U
> vertrou ek; laat my nie beskaamd staan nie; laat my vyande oor my
> nie juig nie. 3 Ja, almal wat U verwag, sal nie beskaamd staan nie. Hulle
> sal beskaamd staan wat troueloos handel sonder oorsaak. 4 Here,
> maak my u weë bekend; leer my u paaie. 5 Lei my in u waarheid en
> leer my, want U is die God van my heil. U verwag ek die hele dag. 6 Dink,
> HERE, aan u barmhartigheid en u goedertierenhede, want dié is van
> ewigheid af.
>
> Psalm 25:1-6

Ons hoef nie te reïnkarneer om beter mense te word en 'n hoër status te bereik soos wat die oosterse Hindoe geloof voorhou nie. Ons geestelike volmaaktheid word gevind in die Persoon en reddingswerk van Jesus Christus.

> [27] En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel, [28] so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid.
>
> Hebreërs 9:27-28

**Vrae vir bespreking**

1. Hoe sou jy vir iemand vertroosting kan gee dat hy/sy die Here kan verwag?
2. Wat dink jy is die verskil tussen 'n Christen en ander wat slegs erken dat Jesus op aarde was? Lees Jakobus 2:18-19.

## 7. Die God wat ek wil dien!

### 7.1. Inleiding

Ons dien 'n Ewige, Almagtige en Heilige God. Hy is nie wisselvallig nie en keer nie sonde goed nie (Levitikus 19:2; ; Matteus 5:48; Romeine 11; 1 Johannes 5:18; 1 Korintiërs 6:9–10; Galasiërs 5:19; Openbaring 21:8). Die standaard en lewe wat Hy voorhou is volmaak (Psalm 19). Dit is dié God wat ek wil dien en vrees (Lukas 12).

### 7.2. Die Here werk juis met sondaars

'n Mens kan nie vanuit 'n sondige lewe probeer ontsnap deur God te probeer beïndruk met rituele of 'n sogenaamde goeie lewe nie, die Here het geen erg daarin nie (Amos 5). Hy is ook nie dom nie en weet wat in ons harte aangaan (1 Samuel 2:3). Ons is in sonde gebore (Psalm 51). Kommerwekkend is die liberale siening dat die Satan nie bestaan nie en dat moraliteit slegs subjektief is tot die mens se eie behoeftes. So skep die mens sy eie god. Hy glo in die god wat hyself in sy kop gefabriseer het. Hierdie vals god is gehoorsaam aan die mens.

Indien jy jou verbeel dat jy sonder sonde is, plaas jy in werklikheid die blaam vir al jou sonde op ander mense en/of omstandighede, of jy is verblind. Jy kan dus nooit uit jou tekortkominge leer en tot ander insigte kom nie. Die Here werk en leer juis sondaars.

> [3] Gimel. Ja, almal wat U verwag, sal nie beskaamd staan nie. Hulle sal beskaamd staan wat troueloos handel sonder oorsaak. [4] Dalet. HERE, maak my u weë bekend; leer my u paaie. [5] He. Lei my in u waarheid en leer my, want U is die God van my heil. U verwag ek die hele dag. [6] Sajin. Dink, HERE, aan u barmhartigheid en u goedertierenhede, want dié is van ewigheid af. [7] Get. Dink nie aan die sondes van my jonkheid en aan my oortredinge nie; dink aan my na u goedertierenheid, om u goedheid ontwil, o HERE! [8] Tet. Die HERE is goed en reg; daarom sal Hy sondaars leer aangaande die weg. [9] Jod. Hy sal die ootmoediges lei in die reg en die ootmoediges sy weg leer. [10] Kaf. Al die paaie van die HERE is goedertierenheid en trou vir die wat sy verbond en sy getuienisse bewaar. [11] Lamed. Om u Naam ontwil, HERE, vergeef my ongeregtigheid, want dit is groot. [12] Mem. Wie tog is die man wat die HERE vrees? Hy sal hom leer aangaande die weg wat hy moet kies.
>
> Psalm 25:3-12 (Sien ook Romeine 5:1-11)

Indien jy beweer dat jy sonder sonde is, maak jy God tot leuenaar. Indien jy jou sondes bely kan God met jou werk:

> [8] As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie. [9] As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. [10] As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie.
>
> 1 Johannes 1:8-10

Mense word vasgevang in vals gelowe wat uitloop op slaafse en wettiese rituele wat beperk is tot die vlees en lei tot die dood (Romeine 6:23). Dit lyk, onder andere, soos volg:

- Jy moet goeie dade doen om vir God aanvaarbaar te wees.
- Jy moet net die liefde uitleef dan sal alles goed wees.
- Jy moet 'n sekere hoeveelheid kere bid per dag, jouself op sekere manier was en in 'n spesifieke rigting bid.

**7.3. Die bediening van die Gees**

Die Bybel leer ons egter dat God in die Gees aanbid moet word (Johannes 4:23-24) en die gelowiges hulle moet besig hou met hemelse dinge waar Christus is en tot ware kennis na die beeld van ons Skepper moet kom (Kolossense 3:1-10). Die fokus duidelik nie op aardse en vleeslike rituele en menslike behoeftes nie, maar eerder op die aanbidding van die Ware Ewige God. Hy was voor alles bestaan het reeds daar en sal vir ewig daar wees. Hy Is die Alfa en die Oméga (Openbaring 1:8; 22:13).

Die Heilige Gees leef in die gelowige en leer en bemoedig hom/haar (Johannes 14:26). Die gelowige streef na die waarheid, nie perfeksie nie. Sy/haar geloof dra vrug deur te dien. God is nie oningelig nie. Hy weet goed wat in ons harte aangaan. Ons buite-Bybelse en aardse rituele beïndruk Hom nie (Kolossense 2:16). Dit gaan oor gehoorsaamheid aan Sy Woord, aan Sy Heilige Persoon. Die beste "ritueel", of fees, wat die gelowige kan doen is om die gedagtes te orden tot heilige openbaring (Filippense 4:8). Laasgenoemde daad kom eerste, daarna die bediening van die vlees (Matteus 6:33).

**Vrae vir bespreking**

1. Lees Spreuke 2:1-5; Romeine 12:1-2 en Hebreërs 9:14. Wat is die beste ritueel wat 'n mens kan beoefen?
2. Lees Hosea 6:6: Hoe lyk die lewe van 'n gelowige?

# MISLEIDING

## EENHEID 5

### 5.1. Inleiding

Indien jy vorige gelees het sal jy besef dat hierdie afdeling eintlik nie nodig is nie want dwaalleer kan nie kompeteer met die Woord van God nie. God is lig en die duisternis kan dit nie oorweldig nie:

> [1]In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord
> was God.[2]Hy was in die begin by God.[3]Alle dinge het deur Hom
> ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het
> nie.[4]In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. [5]En die lig
> skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie.
>
> Johannes 1:1-5
>
> [20] Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg, wat die duisternis lig
> maak en die lig duisternis, wat bitter soet maak en soet bitter.
> [21] Wee hulle wat in eie oë wys en na eie oordeel verstandig is.
>
> Jesaja 5:20-21

Die ongelowige, vasgevang in sy/haar menslike verwysingsraamwerk verkeer in die duisternis. Kom ons kyk na 'n paar voorbeelde.

### 5.2. Die filosoof

Die filosoof probeer optree op as die middelman. Hy probeer jou beïndruk, of homself gerusstel, met oënskynlike wyshede soos byvoorbeeld – God is buite tyd en ruimte, kyk na daardie boom. Elke mens sien die boom anders. Wil daarby uitkom, binne sy natuurlike gevangenis, dat 'n mens God nie verstaan nie. Daar is baie vrae. Waarmee hy in werklikheid mee besig is, is die "basics". Dit het hoegenaamd geen waarde nie. Hoekom sê hy dit? Hy wil wegbly van die Woord af want vir hom is daar nie ruimte vir die Goddelike openbaring nie. Hyself is te vol van homself. Dit is soos iemand wat nie vir iemand anders kan sê dat hy lief is vir die persoon nie want hy is te vol van homself. Geestelike volwassenheid word gevind in Jesus Christus.

Hy moet wyslik vermaan word om sy fokus te plaas op dinge wat daarbo is:

> [1] As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo
> waar Christus is en aan die regterhand van God sit. [2]Bedink die dinge
> wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie.[3]Want julle het gesterwe, en
> julle lewe is saam met Christus verborge in God. [4]Wanneer Christus,
> wat ons lewe is, geopenbaar word, dan sal julle ook saam met Hom in
> heerlikheid geopenbaar word.
>
> Kolossense 3:1-4

Hy gaan jou subtiel wil uitdaag oor kennis en probeer bewys dat hy oor meer kennis beskik en jy eintlik minderwaardig is. Sy indrukwekkende vrae oor die lewe het niks met ewige saligheid te doen nie. Wat hy nie besef nie, is dit gaan egter nie oor my kennis nie, maar oor dit wat in die Woord geopenbaar word. Soek die antwoorde daar.

Jy moet hom uiteindelik bring by die kruis en die opstanding.

> 1 Broeders, die verlange van my hart en die gebed wat ek tot God vir Israel doen, is tot hulle redding. 2 Want ek getuig van hulle dat hulle 'n ywer vir God het, maar sonder kennis. 3 Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie. 4 Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo.
>
> Romeine 10:1-4

**5.3. Die gnostiese geskrifte**

Die Nag Hammadi geskrifte wat in die woestyn van Egipte ontdek is het direkte toegang verleen aan Gnostiese sieninge gedurende die vroeë Christen tye. Met die ontdekking van hierdie Nag Hammadi geskrifte is daar nou meer nie-kanonieke geskrifte beskikbaar as wat daar kanonieke geskrifte beskikbaar is.

Die Gnostiese lewensbeskouing het dit voorgehou dat die bewustheid van die geestelike voldoende is om die siel te red. Die woord "gnosties" verwys dan ook na die soeke na kennis. Om meer te weet van die geheime van die heelal.

Prof. Stephan Joubert verduidelik in sy praatjie oor die Judas Evangelie dat die Gnostiese ook bekend is daarvoor dat hulle karakters van die Bybel, soos Kain, Esau, Judas, ens., geneem het en hulle as helde voorgehou het. Die groot kerkvader, Irenaeus (130-200nC), het ook in sy werk na hierdie dwaal leringe verwys. Die gnostiese het fiksie soos die evangelie van Philippus, die evangelie van Thomas en die evangelie van Judas tot gevolg gehad wat valslik onder naam van 'n apostel geskryf is en ontstaan het na 180n.C. Dit is dan ook dwaalleer soos hierdie wat mense soos Dan Brown op loop laat gaan met sy eie weergawe van dwaalleer in "The Da Vinci Code".

Die outeurs van hierdie gnostiese geskrifte het dus karakters van die Bybel geneem, asook die evangelieskrywers, en verhale rondom hulle gebou wat die verbeelding aangegryp het. 'n Mens kan dit duidelik raaksien indien jy besef dat hierdie geskrifte irrelevante, en selfs lasterlike, inhoud bevat rondom die ware evangelie van verlossing. Dit is hoekom die kerkvaders hulle uit die Bybel uitgehou het oor al die jare. Hier volg 'n paar voorbeelde:

- Die evangelie van Judas – Volgens hierdie evangelie was Judas eintlik 'n held want hy was ingesluit in God se geheime plan. Hy sou dan ook die nouste verhouding met Jesus gehad het en Jesus het hom ingelig oor die geheime van God.
- Die Handelinge van Petrus – Volgens hierdie evangelie het Petrus weer met Simon, die towenaar, kontak gemaak (Handelinge 8:9). Daar het toe 'n magstryd in Rome ontstaan tussen Petrus en Simon oor wie die ware God verteenwoordig. Petrus het die stryd gewen veral toe hy die vlieënde Simon grond toe beveel.

Volgens oorlewering is Petrus onderstebo gekruisig omdat hy onwaardig gevoel het om soos Jesus gekruisig te word. Die Handelinge van Petrus beweer dat Petrus beweer het dat hy gefokus is en oor meer insig beskik as ander mense. Daarom het hy versoek om onderstebo gekruisig te word.

- Die Handelinge van Paulus – Volgens hierdie dokument het Paulus sterk daarop uitgegaan en mense beveel om selibaat te lewe. Dit het dan onmin veroorsaak in families wat tot gevolg gehad het dat Paulus tereggestel is. Paulus het ook met 'n vrou saamgewerk met die naam van Thecla. Sy het geskei van haar man onder Paulus se lering en het baie teregstellings wonderbaarlik oorleef. Sy het ook in die publiek gepreek.
  Bostaande is duidelik in stryd met die optrede van die ware apostel Paulus. Hy het nie beweer dat mense (1 Korintiërs 7:1-7) nie moet trou nie, maar juis dat elke man een vrou moet hê. Paulus het ook beweer dat vrouens nie moet preek in die publiek nie (1 Korintiërs 14:34-35).
- Die Geheime Evangelie van Markus – In die Bybelse Markus 14:51 word getuig van 'n sekere jongman wat 'n kleed om sy naakte lyf gedraai het en Jesus gevolg het. Toe die ander jongmanne hom wou gryp het hy van hulle weg gevlug. Die Geheime Evangelie van Markus hou dit subtiel voor dat Jesus 'n seksuele verhouding met hierdie jong man gehad het en dat Hy hom moontlik uit die dood opgewek het. Volgens hierdie dokument het Jesus ook gereeld vir Markus eenkant toe gevat om die geheime van die koninkryk van God aan hom te deel.

**Onthou altyd die volgende:**

- Al hierdie geskrifte is geskryf meer as 150 jaar na Christus en bevat sonder twyfel fiksie.
- Daar bestaan geen profetiese konteks in hierdie skrifte nie.
- Daar is 'n baie goeie rede hoekom die kerkvaders uit die tyd van die gebeure self, hierdie skrifte uit die Bybel gehou het.

## Bylaag A

Wat nou volg oor die Messiaanse realiteit in die Feeste van die Here is 'n verkorte en hersiene weergawe soos aangeteken in die gratis e-boek: "Laat die Woord Getuig" bekombaar van **www.matthew28.co.za**. Die oorspronklike verwysings en bronnelys kan ook daarin aangetref word.

Die Here het sewe feeste ingestel waardeur belangrike mylpale, wat bereik is, herdenk word. Met die verloop van tyd het die Here outentiek die feeste in vervulling laat kom sodat ons die parallelle en kontinuïteit kan raaksien en sodoende kan glo in die Woord van God. So ook het die offers in vervulling gekom deur die Lam wat geslag is. Indien mooi hieraan gedink word, besef 'n mens dat daar geen ander sekte, geloof of leerstelling is wat hierdie kontinuïteit daar kon stel nie. Die ooglopende rede is dat daar nie 'n transendentale en teïstiese God (God wat geskep het en steeds betrokke is by Sy skepping) agter dit staan nie. Weereens het die Here, deur Sy genade, tot ons redding getree deur Sy Woord.

Daar is sewe jaarlikse feeste. Paasfees en die Fees van Ongesuurde Brood is eerste ingestel, reeds met die uittog uit Egipte. Die Fees van Ongesuurde Brood was die eerste van die drie jaarlikse pelgrimsfeeste. Gedurende drie van die sewe jaarlikse feeste (die Fees van Ongesuurde Brood, Weke, en Tabernakels) moes alle Joodse mans voor die Here verskyn by die Tempel (Eksodus 23:14-17; 34:18-23; Deuteronomium 16:16; 2 Kronieke 8:13). Dit is gedurende een van hierdie pelgrimsfeeste, die Fees van Ongesuurde brood, wat die Messias (12 jaar oud) gesorg het vir groot opwinding:

> [42]Toe Hy twaalf jaar oud was, het hulle weer soos gebruiklik daarheen gegaan vir die fees. [43]En toe die feesdae verby was, het sy ouers die terugreis begin, maar die Kind Jesus het in Jerusalem gebly sonder dat hulle dit geweet het. [44]Omdat hulle gedink het Hy is by die reisgeselskap, het hulle 'n dag lank gereis voordat hulle Hom onder die familie en bekendes begin soek het. [45] Toe hulle Hom nie kry nie, het hulle omgedraai na Jerusalem toe op soek na Hom. [46]Na drie dae het hulle Hom by die tempel gekry waar Hy tussen die geleerdes sit en na hulle luister en hulle uitvra. [47]Almal wat Hom gehoor het, was verbaas oor sy insig en sy antwoorde.
>
> Lukas 2:42-47

In Levitikus 23, ongeveer 1200 jaar voor Christus, word vertel van die feeste van die Here. Let asseblief noukeurig op hoe dit direk verband hou met Jesus, die Messias, die Lam, die Bruidegom, die Rots wat dit volmaak in vervulling gebring het:

## 1. Paasfees (Pesach)

> [5]In die eerste maand, op die veertiende van die maand, teen die aand, is die pasga van die Here.
>
> Levitikus 23:5

In Eksodus 12 word Paasfees verbind aan die nag toe die Here die eersgeborenes van Israel uit Egipte van die dood gered het (tiende plaag) en die volk uit slawerny bevry het. Die Here het die huise van die Israeliete oorgeslaan (pass over) en hulle eersgeborenes het nie gesterf nie. Die woord Paasfees is afgelei van die Hebreeuse woord Pesach wat oorslaan beteken.

Die lam (sonder gebrek) moes geslag word en sy bloed is gesmeer aan die deurkosyne om sodoende die huis te red teen die toorn van die Here. Hierdie gebeurtenis is herdenk deur die Paasfees (Eksodus 12:13-14).

Die onskuldige lam het ingestaan vir die hele gemeente sodat die Here se oordeel hulle oorslaan.

> [8] Nog dieselfde dag moet julle die vleis eet. Julle moet dit gebraai eet, saam met ongesuurde brood en bitter kruie.
>
> Eksodus 12:8

Die lam moes jonk wees wat gewys het op sy onskuld, en hy moes ook gebraai word wat gewys het op die oordeel van God wat op die lam gekom het in plaas van op die gelowiges. Die ongesuurde brood (Matzah) is geëet wat gewys het op die volmaaktheid van die offer. Die ongesuurde eienskappe het ook dikwels gewys op sonde. Die bitter kruie is geëet om 'n mens te herinner aan die lyding wat die lam deurgemaak het.

Die Here het opdrag gegee Paasfees elke jaar op die veertiende dag van die Hebreeuse maand, Nisan (Maart-April), gevier moet word. Dit is die dag wat die Here Sy volk uit Egipte gered het (Eksodus 12:6; Levitikus 23:5; Numeri 9:3; 28:16). Die Here se verlossingswerk was so magtig dat Israel se religieuse kalender vir ewig verander het. In herinnering tot hierdie wonderlike verlossing het die maand Nisan (oorspronklik bekend as Abib voor die Babiloniese wegvoering, Eksodus 13:4; 34:18) die eerste maand geword in die Hebreeuse kalender (Eksodus 12:2; Numeri 9:5; 28:16).

Hierdie fees is dus gevier vanaf die tyd toe die Israeliete uit Egipte getrek het (Numeri 9:1-14), ongeveer 1500 jaar voor Christus. Dit is ook steeds gevier tydens Christus se bediening op aarde. Die apostel Johannes getuig in Johannes 11:55-56 as volg:

> [55] Die Paasfees van die Jode was naby. Baie mense het voor die Paasfees van die platteland af na Jerusalem toe gegaan om hulle te reinig. [56] Hulle het daar na Jesus gesoek en waar hulle in die tempel gestaan het, vir mekaar gesê: 'Hoe dink julle? Hy sal seker nie fees toe kom nie, of hoe?
>
> Johannes 11:55-56

Hoe wonderlik is dit om te besef dat Jesus juis tydens Paasfees gekruisig is! Hy is die Lam wat geslag is om versoening te doen vir ons sondes. Jesus het Self die Nagmaal ingestel, met die aanvang van Paasfees. Sodoende is die lam wat tydens die fees geëet is, met die brood wat gebreek moet word vervang. Paasfees na Christus word dan ook gevier met drie ongesuurde brode (Matzah) waarvan die middelste een gebreek word. Dit verwys na die Drie-Eenheid van God, Vader-Seun-Heilige Gees. Die middelste een word gebreek wat verwys na Jesus se liggaam wat verskeur is.

17 Op die eerste dag van die fees van die ongesuurde brood kom die
dissipels na Jesus toe en vra: 'Waar wil U hê moet ons gaan regmaak
vir U om die paasmaaltyd te eet?' 18 Jesus het geantwoord: 'Gaan in
die stad na so en so toe en sê vir hom: 'Ons Leermeester sê: My tyd is
naby. In jou huis wil Ek saam met my dissipels die paasmaaltyd hou.'
19 Die dissipels het gemaak soos Jesus aan hulle opgedra het, en die
paasmaaltyd voorberei.

Matteus 26:17-19

26 En terwyl hulle eet, het Jesus brood geneem en die seën gevra.
Daarna het Hy dit gebreek en vir sy dissipels gegee met die woorde:
'Neem, eet; dit is my liggaam.' 27 Toe neem Hy 'n beker, en nadat Hy die
dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir hulle en sê: 'Drink almal
daaruit, 28 want dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël
word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes. 29 Ek sê
vir julle: Van nou af sal Ek nie weer van hierdie wyn drink nie tot op die
dag wanneer Ek saam met julle die nuwe wyn in die koninkryk van my
Vader sal drink.

Matteus 26:26-29

Merk op dat die lam sonder liggaamsgebrek moes wees (Jesus volmaak), die datum wanneer hy geslag moes word baie duidelik bepaal is (Jesus op Nisan 14 gekruisig), en dat die lam juis laatmiddag geslag moes word (Jesus sterf aan die kruis teen laat middag).

5 Dit moet 'n jaaroud rammetjie wees, sonder liggaamsgebrek, 'n
skaap of 'n bok. 6 Julle moet hom goed oppas tot die veertiende van
hierdie maand, en dan moet die hele gemeente van Israel teen laat
middag slag.

Eksodus 12:5-6

Die Pelgrims het in Jerusalem aangekom ongeveer 'n week voor die fees. Elke familie het 'n lam gekies op die tiende van die maand Nisan. Hulle het dan hierdie lam na die beamptes by die Tempel geneem om ondersoek te word. Indien die lam sonder liggaamsgebrek verklaar is, is die lam geoffer op die veertiende dag van die maand. As Christen kan mens duidelik die voorafskaduwing van die offer van Christus raaksien. Die Lam van God het na Jerusalem toe gegaan op Palmsondag, dieselfde dag wat die Jode hulle Paaslam moes kies. Hy is gebring voor die regterstoel van Pontius Pilatus en Herodus. Na ondersoek het hulle Hom sonder gebrek verklaar:

14 Julle het hierdie man voor my gebring as 'n opruier van die volk. Nou
het ek in julle teenwoordigheid die saak ondersoek, en ek het in hierdie
man geen grond gevind vir die aanklag wat julle teen hom inbring.
15 Herodus ook nie, want hy het hom na ons toe teruggestuur. Hy het
beslis niks gedoen wat die dood verdien nie.

Lukas 23:14-15


Dus, na hierdie publieke bevestiging deur die beamptes van die volk tot Sy onskuld, is die Lam van God oorgelewer om gekruisig te word en het Hy Sy versoeningsbloed op daardie selfde dag gestort, op dieselfde uur wat die Paaslam geoffer is.

> [45] Van twaalfuur af het daar duisternis oor die hele land gekom, en dit het tot drie-uur geduur.[46] Teen drie-uur het Jesus hard uitgeroep: 'Eli, Eli, lemá sabagtani?' Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat? [47] Party van dié wat daar gestaan het, het dit gehoor en gesê: 'Hy roep vir Elia.'[48] Een van hulle hardloop toe gou, vat 'n spons en maak dit vol suur wyn en hou dit op 'n stok vir Hom om te drink. [49] Maar die ander sê: 'Wag, laat ons kyk of Elia hom kom red.' [50] Jesus het weer hard uitgeroep en die laaste asem uitgeblaas. [51] Op daardie oomblik het die voorhangsel van die tempel van bo tot onder middeldeur geskeur. Die aarde het geskud, en die rotse het uitmekaar gebars. [52] Grafte het oopgegaan, en baie gelowiges wat dood was, is opgewek, [53] en hulle het uit hulle grafte uitgegaan. Na Jesus se opstanding het hulle in die heilige stad gekom, waar hulle aan baie mense verskyn het. [54] Toe die offisier en die soldate wat saam met hom vir Jesus bewaak het, die aardbewing sien en die dinge wat gebeur, het hulle baie bang geword en gesê: 'Hierdie man was werklik die Seun van God.
>
> Matteus 27:45-54

Ironies is dat hierdie selfde soldate in 'n haas was om die gekruisigdes van die kruise af te verwyder om sodoende nie die belangrike Sabbatdag te ontheilig nie, sonder om te besef dat die Verlosser Self, waaroor die hele Paasfees gaan, reg voor hulle aan die kruis hang!

Johannes die apostel getuig as volg:

> [31] Dit was Vrydag en die Jode wou nie hê dat die liggame op die Sabbatdag aan die kruis moet bly nie, want daardie Sabbatdag was 'n groot dag. Daarom het hulle vir Pilatus gevra dat die mense wat gekruisig is, se bene gebreek en die liggame weggevat moes word. [32] Toe het die soldate gekom en die bene van die eerste een gebreek en ook dié van die tweede een wat saam met Jesus gekruisig is.[33] Toe hulle egter by Jesus kom en sien dat Hy al klaar dood is, het hulle nie sy bene gebreek nie.[34] Maar een van die soldate het met 'n spies en sy sy gesteek, en daar het dadelik bloed en water uitgekom. [35] Hy wat dit gesien het, lê daarvan getuienis af, en sy getuienis is waar. Hy weet dat hy die waarheid praat, sodat julle ook kan glo.[36] Dit het gebeur sodat die Skrif vervul kan word: 'Geen been van Hom sal gebreek word nie.'[37] En vêrder sê die Skrif op 'n ander plek: 'Hulle sal Hom sien vir wie hulle deurboor het.
>
> Johannes 19:31-37 (Sien Eksodus 12:46; Sagaria 12:10)




'n Voorstelling van hoe die weeksdae moontlik kon verloop het die week van Christus se kruisiging

## 2. Fees van Ongesuurde Brood (Hag Hamatzot)

> [6] Op die vyftiende van dieselfde maand begin die fees van ongesuurde brood tot eer van die Here. Sewe dae moet julle ongesuurde brood eet. [7] Op die eerste dag moet julle ‘n gewyde byeenkoms hou: julle mag dan geen werk doen nie. [8] Sewe dae lank moet julle offers aan die Here bring. Die sewende dag moet julle weer ‘n gewyde byeenkoms hou, en niemand mag werk nie.
>
> Levitikus 23:6-8

Soos wat Paasfees getuig van die Here se dood op Golgota – en dit doen ook so, hard en duidelik – so getuig die Fees van Ongesuurde Brood van die feit dat Sy fisiese liggaam, in die graf, nie die ontbinding van die dood sal ondergaan nie. Die Fees van Ongesuurde Brood is ‘n herinnering van die Here se verlossing wat Hy bewerkstellig het vanuit die verdrukking in Egipte. Toe die Israeliete uit Egipte getrek het, was daar nie tyd vir brood om te rys nie. Die Here het dus opdrag gegee:

> [3] Jy mag nie brood met suurdeeg in eet nie, maar sewe dae lank moet jy ongesuurde brood eet. Dit is brood wat herinner aan jou swaarkry, en jy moet jou lewe lank dink aan die dag waarop jy uit Egipte weg is: hoe haastig jy daar weg is.
>
> Deuteronomium 16:3

Omdat die twee feeste: Paasfees en Fees van Ongesuurde Brood direk na mekaar gevier is, is hulle gereeld saamgevoeg as ‘n 8-dae fees en na verwys as “Die agt-dae van Paasfees”. Gedurende die tyd van die tweede tempel, met ander woorde, ook die tyd wanneer Jesus op die aarde was, is al die agt dae soms ook verwys na die Fees van Ongesuurde Brood. Sien Lukas 22: 1 en 7:

> [1] Die fees van ongesuurde brood, wat pasga genoem word, was naby.
> [2] Die priesterhoofde en die skrifgeleerdes wou Jesus uit die weg ruim, maar omdat hulle bang was vir die volk, het hulle nog gesoek na ‘n manier om dit te doen.
>
> Lukas 22:1-2
>
> [7] Die dag van ongesuurde brood, waarop die paaslam geslag moes word, het aangebreek. [8] Jesus stuur toe vir Petrus en Johannes vooruit met die opdrag: ‘Gaan berei die paasmaaltyd vir ons voor dat ons dit kan eet.
>
> Lukas 22:7-8

Suurdeeg (Engels: leaven, of gis) staan in Hebreeus bekend as hametz. Dit beteken letterlik “suur”. Dit word gebruik om fermentering te veroorsaak, veral in brooddeeg. Soos die gis die brooddeeg versuur ontstaan klein lug borreltjies wat veroorsaak dat die deeg rys. Suurdeeg is in die Bybelse tyd beskou as verteenwoordigend van die mens se sonde (Matteus 16:6,11; Markus 8:15; Lukas 12:1; Galasiërs 5:9). Daarom is daar gedurende die Fees van Ongesuurde Brood geen suurdeeg (soos brood en broodrolletjies) geëet of selfs in die huis toegelaat nie.

> 4 Sewe dae lank mag daar in jou hele gebied geen suurdeeg wees nie...
>
> Deuteronomium 16:4

Selfs hedendaagse Joodse families, wat hierdie fees herdenk, begin reeds weke voor die Fees van Ongesuurde Brood met voorbereiding. Hulle huise se mure word gewas en geverf, kookgereedskap word skoongemaak, klere word gewas met sakke omgedop, matte word skoongemaak, stofsuiersakke word weggegooi en spesiale disse word voorberei vir die fees. Geen suurdeeg mag in die huis aangetref word nie. Die aand voor die fees sal die pa van die huis die Bedikat Hametz uitvoer. Dit is die “Soek vir Suurdeeg” seremonie. Die ma van die huis sal, voor die seremonie, ‘n paar stukkies brood op strategiese plekke in die huis plaas sodat daar iets is om te vind. Die pa sal dan, in kerslig en gevolg deur die kinders, met ‘n houtspaan in die een hand en ‘n verestoffer in die ander hand, van kamer-tot-kamer begin soek vir die brood. Die brood wat gevind word, word dan in die houtspaan ingevee. Aan die einde van die soektog word die houtspaan, die brood en die verestoffer in ‘n sak gesit, of in ‘n lap toegedraai. Dit word dan met ‘n tou vasgebind en eenkant gesit om die volgende môre verbrand te word.

Soos met die ander feeste van die Here (Levitikus 23), word die profetiese realiteit van die Fees van Ongesuurde Brood gevind in die werk van die Messias. Paasfees wys op die versoeningsdood van die Messias as die Lam en die Fees van Ongesuurde Brood wys op die begrafnis (en afwas van sondes) van die Messias. Die Fees van Eerste Vrugte wys op die opstanding van die Messias.

Normaalweg is diegene wat die kriminele dood gesterf het ook ‘n kriminele begrafnis gegee. Die profete het die dag voorspel dat die Messias geoffer sou word vir die mens se sonde. Hy sou die Lam wees wat deur God geoffer sou word as die finale offer.

In Jesaja 53:4 lees ons een van die meer as driehonderd Messiaanse profesieë. Ongeveer 700 jaar voor Christus is as volg geprofeteer:

> 4 Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word.
>
> Jesaja 53:4

Die profete het egter ook voorspel aangaande die Messias se besonderse begrafnis. Jesaja het as volg geprofeteer reeds ongeveer 750-jaar voor Christus:

> 4 En hulle het Hom sy graf by die goddelose gegee; en by ‘n ryke was Hy in sy dood, omdat Hy geen onreg gedoen het nie en geen bedrog in sy mond gewees het nie.
>
> Jesaja 53:9

Die Messias is tereggestel as 'n misdadiger maar God het nie toegelaat dat Sy liggaam buite die stad op 'n vuilgoedhoop gegooi word nie. Die Messias is gerespekteer tydens Sy begrafnis want Hy was volmaak, 'n sondelose (sonder suurdeeg) offer. Hy het gesterf nie as gevolg van Sy eie oortredings nie (Hy was onskuldig), maar vir ons sin (ons is skuldig). Daarom het die Here die Messias gerespekteer deur Hom 'n ryk man se graf te gee. Die Messias is begrawe in die graf van Josef van Arimatea.

> *57* EN toe dit aand geword het, het daar 'n ryk man van Arimathéa gekom met die naam van Josef, wat self ook 'n dissipel van Jesus was. *58*Hy het na Pilatus gegaan en die liggaam van Jesus gevra. Toe beveel Pilatus dat die liggaam afgegee moes word.*59*En Josef het die liggaam geneem en dit met skoon linne toegedraai *60*en dit in sy nuwe graf gelê wat hy in die rots uitgekap het; en nadat hy 'n groot steen teen die opening van die graf gerol het, het hy weggegaan.
>
> Matteus 27:57-60

Daar is egter nog vêrdere besondersheid met betrekking tot die begrafnis van die Messias. Dit is dat Sy liggaam nie sou terugkeer na stof nie. Ongeveer een duisend jaar voor Christus het Dawid soos volg geprofeteer met betrekking tot die Messias:

> *10* want U sal my siel aan die doderyk nie oorgee nie; U sal nie toelaat dat u gunsgenoot verderwing sien nie.
>
> Psalm 16:10

Dawid het hier duidelik nie oor homself geprofeteer nie. Dawid se liggaam is afgebreek, sy graf is na verwys vir amper 3000 jaar. Alle mense se liggame keer weer terug na stof.

> *19* In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.
>
> Genesis 3:19

Die Messias se liggaam is egter nie afgebreek nie. As die volmaakte, sondelose offer, was die Messias nie onderhewig aan die oordeel om terug te keer na stof nie. Daarom het die Messias op die derde dag weer opgestaan nadat Hy ons sondes vêr van ons af verwyder het (Psalm 103:11-13).

Die skrywer van Hebreërs verduidelik in Hebreërs 9:23-28:

> 23 Dit was dus nodig dat die afbeeldinge van die dinge in die hemele
> deur hierdie offers gereinig moes word, maar die hemelse dinge self
> deur beter offers as hierdie. 24 Want Christus het nie ingegaan in 'n
> heiligdom met hande gemaak, 'n teëbeeld van die ware nie, maar in
> die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te
> verskyn; 25 ook nie om Homself dikwels te offer, soos die hoëpriester
> elke jaar in die heiligdom ingaan met bloed wat nie sy eie is nie, 26 want
> dan moes Hy dikwels gely het van die grondlegging van die wêreld af.
> Maar nou het Hy een maal in die voleinding van die eeue verskyn om
> die sonde deur sy offer weg te doen. 27 En net soos die mense bestem
> is om een maal te sterwe en daarna die oordeel, 28 so sal Christus ook,
> nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem,
> vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag
> tot saligheid.
>
> Hebreërs 9:23-28

Die Messias het die Fees van Ongesuurde Brood volbring deurdat Hy 'n volmaakte, sondelose (sonder suurdeeg) offer was. God het dit bevestig deur die Messias se begrafnis in 'n ryk man se graf. Dit is ook vêrder bevestig deurdat die liggaam van die Messias nie toegelaat is om te ontbind in die graf nie (soos deeg versuur word deur suurdeeg).
Die liggaam van die Messias is na vore gebring omdat Hy nie 'n sondaar was wat onder die oordeel van die dood en ontbinding gestaan het nie.

Paulus skryf in 1 Korintiërs 5:6-8:

> 6 Julle roem is nie mooi nie. Weet julle nie dat n bietjie suurdeeg die
> hele deeg suur maak nie? 7 Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle
> 'n nuwe deeg kan wees — soos julle inderdaad ongesuurd is — want
> ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus. 8 Laat ons dan
> feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en
> boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en
> waarheid.
>
> 1 Korintiërs 5:6-8

Paulus se boodskap is duidelik en direk. Vir gelowiges wat, deur middel van geloof, die offer van die Paaslam op Golgota aangeneem het, is Paasfees geskiedenis. Die verlossing deur die Messias, die ware Paaslam het reeds 'n werklikheid geword in hulle lewens. Hulle leef nou in die Fees van Ongesuurde Brood waar reinheid en verwydering van suurdeeg 'n noodsaaklikheid is.

### 3. Die Fees van Eerste Vrugte (Firstfruits) (Yom Habikkurim)

> [9] En die HERE het met Moses gespreek en gesê: [10] Spreek met die kinders van Israel en sê aan hulle: As julle in die land kom wat Ek julle gee en sy opbrings oes, moet julle die eerstelingsgerf van julle oes na die priester bring. [11] En hy moet die gerf voor die aangesig van die HERE beweeg, sodat julle welgevallig kan wees; die dag ná die Sabbat moet die priester dit beweeg. [12] Julle moet ook op die dag as julle die gerf beweeg, 'n jaaroud lam sonder gebrek as brandoffer aan die HERE berei, [13] en die spysoffer wat daarby behoort, twee-tiendes van 'n efa fynmeel met olie gemeng as vuuroffer aan die HERE, 'n lieflike geur, en daarby die drankoffer van wyn, 'n kwart hin. [14] En julle mag geen brood of gebraaide koring of vars graan eet tot daardie selfde dag toe nie, totdat julle die offer van julle God bring. Dit is 'n ewige insetting vir julle geslagte in al julle woonplekke.
>
> Leviticus 23:9-14

Die Fees van Eerste Vrugte was 'n vroeë lentefees, die derde in die Joodse siklus van feeste. Koring was die eerste graan om ryp te word van dit wat gesaai is gedurende die wintermaande. Gedurende Die Fees van Eerste Vrugte (Begin van die Graanoes) is daar 'n bondel koring geoes en na die tempel geneem as 'n dankoffer aan die Here vir die oes. Dit was verteenwoordigend van die hele oes en het ook as 'n versoek of waarborg gedien dat die res van die oes sal realiseer in die dae wat sou volg. Daar was ook ander offers wat saam met die bondel koring geoffer moes word, soos die jaaroud lam sonder liggaamsgebrek, 'n drankoffer van wyn en 'n graanoffer meel gemeng met olyfolie. Die mense was verbied om enige van hierdie oes te gebruik voordat Die Fees van Eerste Vrugte gevier is nie. Andersins is dit beskou as diefstal van God volgens die Skrif (Maleagi 3:8). Deuteronomium 26:1-10 beskryf die proses in detail.

Daar bestaan verskillende sieninge met betrekking tot wanneer Eerste Vrugte voorkom. Dit word toegeskryf aan verskillende interpretasies van Levitikus 23:11:

> [11] En hy moet die gerf voor die aangesig van die HERE beweeg, sodat julle welgevallig kan wees; die dag ná die Sabbat moet die priester dit beweeg.
>
> Levitikus 23:11

Daar bestaan twee tipes Sabbatte in die Bybel. Die sewende dag van die week word beskou as die weeklikse Sabbat en die jaarlikse Heilige Dae word ook beskou as Sabbatte. "..die dag na die Sabbat.." kan dus in hierdie geval een van twee dinge beteken: 1) Die dag na die weeklikse Sabbat, of 2) Die dag na die tweede dag van Paasfees, wat 'n Heilige dag is. Onthou, daar is verskillende gebruike van die woord Paasfees. Daar is byvoorbeeld heidense paasfeeste wat sy oorsprong het uit die mitiese verhale en Baäl godsdiens van vrugbaarheid en opstanding uit die dood van byvoorbeeld 'n seun van die Hemelkoningin. Sy het verskeie name gehad en word in verskeie godsdienste aangetref. Die Roomse gebruik van Paasfees het hierby aangesluit. Die sogenaamde paashaas met die soek van eiers mag 'n klokkie lui. Omdat hase so vinnig aanteel het dit 'n simbool van vrugbaarheid geword.

Gelowiges word egter baie duidelik in die Skrif gewaarsku om nie die heidense gebruike aan te hang nie.

> 29 As die HERE jou God die nasies waar jy na toe gaan om hulle uit die
> besitting te verdrywe, voor jou uitroei, en jy hulle verdrywe en in hulle
> land woon, 30 neem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle aan, verstrik
> word nadat hulle voor jou uit verdelg is nie, en dat jy nie na hulle gode
> vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? — dat ek ook
> so kan doen. 31 So mag jy nie handel met die HERE jou God nie; want
> alles wat vir die HERE 'n gruwel is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode
> gedoen; want selfs hulle seuns en hulle dogters verbrand hulle met
> vuur vir hulle gode. 32 Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig
> hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie.
>
> Deuteronomium 12:29-32

Wanneer daar in Bybelse konteks na Paasfees verwys word, verwys dit na die dood van die Messias. Alles behalwe vrugbaarheid en opstanding. Die Bybelse Paasfees verwys na die dag waarop die volmaakte lam geslag is op Nisan 14 (Deuteronomium 12:43-51). Dit was die herdenking van die dag, Nisan 14, wat die Israeliete van slawerny uit Egipte gered is. Dit is dieselfde datum dat God se Lam, Jesus Christus, gekruisig is. Paulus getuig hoe hierdie Lam self Paasfees ingestel het:

> 23 Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer
> het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem
> het; 24 en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet;
> dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my
> gedagtenis. 25 Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie
> beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as
> julle daaruit drink, tot my gedagtenis. 26 Want so dikwels as julle hierdie
> brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here
> totdat Hy kom.
>
> 1 Korintiërs 11:23-26

Die woord Pasga verwys gewoonlik na die 8-dae fees waar Paasfees en die 7-dae Fees van Eerste vrugte saamgevoeg is. Soms word die woord Paasfees ook gebruik om na die 8-dae fees te verwys.

Die Messiaanse en Saddusese benadering plaas die Fees van Eerste Vrugte (en dus ook die dag waarop die tel van die Omer begin) as die dag na die weeklikse sewende dag (Saterdag) gedurende Paasfees. Die Rabbynse benadering plaas dit as die tweede dag van Pasga, met ander woorde, die dag na die Sabbat van Paasfees (of eerste dag van die Fees van Ongesuurde Brood) in plaas van gedurende Paasfees.

Die Rabbynse siening kan gesien word in die geskrifte van die Joodse geskiedkundige, Josephus (gebore 37 n.C.) wat geskryf het: "Maar op die tweede dag van ongesuurde brood, wat die sestiende dag van die maand is, het hulle eers deelgeneem aan die vrug van die aarde, want voor daardie dag het hulle nie daaraan geraak nie."

Gedurende Eerste Vrugte is een omer (ongeveer 2.4 liter of 5 pinte) meel gemeng met ongeveer 0.35 liter (0.75 pinte) olyfolie. 'n Klein hoeveelheid wierook is daaroor gestrooi. Hierdie het die Eerste Vrugte offer geword. Die priester het dit as beweegoffer vir die Here aangebied soos beskryf in Levitikus 23:11-13 en 'n klein hoeveelheid is op die altaar gebrand. Die oorskiet is aan die Leviete gegee.

Joodse literatuur getuig van die feit dat toe die Israeliete ingelig is van hulle toekomstige redding uit Egipte, hulle vyftig dae (sewe weke) daarna die Torah (die wet van God) sal ontvang. Hulle was so opgewonde daaroor dat hulle die dae begin tel het totdat dit inderdaad plaasgevind het by die berg Sinai (ook bekend as Horeb).

Hierdie aftel van die dae (of sewe weke) staan bekend as die Aftel van die Omer (Counting of the Omer) en was 'n tydperk van groot afwagting.

Hedendaagse Jode begin die aftel op die tweede dag van Paasfees (Die 8 dae Pasga). Dit is die eerste dag van Ongesuurde Brood (Jesus is gekruisig op Nisan 14 en het opgestaan uit die dood op Nisan 17). Dit is die dag na die weeklikse Sabbat gedurende die week van Paasfees.

Die kerf graan is duidelik simbolies van Jesus Christus. Jesus is die Eerste Vrugte, die Eerste Vrugte van die oes van die siele wat gaan rus het in Christus. Christus was die eersgeborene (Sagaria 12:10). Dit het realiteit geword op die wonderlike dag van opstanding van die Here uit die dood.

Eerste vrugte praat van die opstanding uit die dood. Toe die skrifgeleerdes en Fariseërs 'n wonderteken van Jesus verlang het, het Jesus hulle tereggewys en gesê dat die enigste teken sal wees drie dae en drie nagte in die middel van die aarde soos Jona drie dae en drie nagte in die maag van die vis was. Jesus het hier dus weer self Sy eie kruisiging akkuraat voorspel:

> *38* Toe spreek sommige van die skrifgeleerdes en Fariseërs en sê: Meester, ons wil graag 'n teken van U sien. *39* Maar Hy antwoord en sê vir hulle: 'n Slegte en owerspelige geslag soek na 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona. *40* Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees. *41* Die manne van Ninevé sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag en dit veroordeel; want hulle het hul op die prediking van Jona bekeer, en — meer as Jona is hier!
>
> Matteus 12:38-41

Jesus het gesterf aan die kruis reg op Paasfees (Nisan 14), maar die dood kon Hom nie daar hou nie. Hy het uit die dood opgestaan na drie dae en drie nagte, op Eerste Vrugte (Nisan 17), soos dit vanaf 1500-jaar voor Christus alreeds gevier is. Reeds ongeveer 750 jaar voor Christus het die profeet Jesaja Eerste Vrugte aan die Lam wat geslag sou word, die Messias, gekoppel.

> *2* In dié dag sal die Spruit van die HERE wees tot sieraad en heerlikheid, en die vrug van die land tot hoogheid en versiering vir die vrygeraaktes van Israel. *3* En wie in Sion oorgebly het en gespaar is in Jerusalem, dié sal heilig genoem word, elkeen wat onder die lewendes opgeskrywe is in Jerusalem *4* as die Here die onreinheid van die dogters van Sion afgewas en die bloedskulde van Jerusalem daaruit weggespoel het deur die Gees van strafgerig en die Gees van uitdelging.
>
> Jesaja 4:2-4

Die apostel Paulus bevestig dit ook:

> [20]Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het. [21] Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens.[22] Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word.
>
> 1 Korintiërs 15:20-22

Ons leer uit die Woord dat ons die Here moet vereer met ons besittings en met die eerste vrugte van ons opbrengs.

> [9] Vereer die HERE uit jou goed en uit die eerstelinge van al jou inkomste; [10]dan sal jou skure vol word van oorvloed en jou parskuipe oorloop van mos.
>
> Spreuke 3:9-10

Johannes getuig van Jesus se woorde:

> [24] Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug.
>
> Johannes 12:24

Die Hebreeuse oorsprong van bikkurim (eerste vrugte) is dieselfde as die van bekhor (eersgeborene). Eerste vrugte word aan die Here gewy want die eerste van alles, insluitend die eersgeborene van mens en dier, behoort aan die Here. Jesus was die eersgeborene. Die moeder van Jesus, Maria, was 'n maagd voor Jesus se geboorte.

> [18]Die geboorte van Jesus Christus was dan só: Toe sy moeder Maria verloof was aan Josef, voordat hulle saamgekom het, is sy swanger bevind uit die Heilige Gees. [19]En Josef, haar man, omdat hy regverdig was en onwillig om haar openbaar te maak, het hom voorgeneem om in die geheim van haar te skei. [20]Maar terwyl hy dit in die gedagte gehad het, verskyn daar 'n engel van die Here in 'n droom aan hom en sê: Josef, seun van Dawid, wees nie bevrees om Maria, jou vrou, by jou te neem nie, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees; [21]en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.
>
> Matteus 1:18-21

Ongeveer 750 jaar voor Christus profeteer Jesaja as volg:

> [14] Daarom sal die HERE self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem.
>
> Jesaja 7:14

Paulus verwys na Jesus wat die eersgeborene was in Romeine 8:29:

> [29] Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders; [30] en die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik.
>
> Romeine 8:29-30

Die Bybel vertel ons dat God, die Bruidegom, wag ywerig vir die kosbare vrugte van die aarde en Hy het ook baie geduld om daarvoor te wag.

Jesus se Eie aardse halfbroer, Jakobus, getuig as volg:

> [7] Wees dan geduldig, broeders, tot op die wederkoms van die Here. Kyk, die landbouer wag op die kostelike vrug van die aarde en het geduld daarmee totdat dit die vroeë en die laat reën ontvang het.
>
> Jakobus 5:7

Die vraag mag nou ontstaan, wat van die Aftel van die Omer? Die vyftig dae (sewe weke)? Jesus het die volgende vir Sy dissipels gesê:

> [7]Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur.
>
> John 16:7

Lukas wys op Jesus se woorde (na Jesus se opstanding uit die dood waarna Hy verskeie kere aan hulle verskyn het) aan Sy dissipels in Handelinge 1:4-5:

> *4* En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het. *5* Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie.
>
> Handelinge 1:4-5

Die dissipels het geweet dat die Heilige Gees sou kom. Direk na Jesus se kruisiging, met ander woorde direk na Paasfees, was die dissipels besig met die Aftel van die Omer soos wat hulle volk en voorvaders alreeds, elke jaar na Paasfees, vir 1500 jaar gedoen het. Die aftel van vyftig dae (sewe weke) het elke jaar verloop tot die aanvang van die Fees van Weke (Pinkster), in groot afwagting. Ons lees in die Bybel dat die dissipels dan ook op die vyftigste dag (Pinkster) bymekaar was in afwagting.

Lukas bevestig dit in Handelinge 2:1:

> *1* En toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar.
>
> Handelinge 2:1

Dit bring ons by Die Fees van Weke.

## 4. Die Fees van Weke (Shavuot=Hebreeus vir “weke”), later die Pinksterfees

> [15] Dan moet julle tel van die dag ná die sabbat, van die dag af as julle
> die beweegoffergerf bring — sewe volle weke moet dit wees; [16] tot die
> dag ná die sewende sabbat moet julle vyftig dae tel; dan moet julle n
> nuwe spysoffer aan die HERE bring. [17] Julle moet uit jul woonplekke twee
> beweegbrode bring; dit moet van twee-tiendes van ‘n efa
> fynmeel wees; gesuurd moet dit gebak word as eerstelinge aan die
> HERE. [18] Julle moet ook by die brood sewe jaaroud lammers sonder
> gebrek en een jong bul en twee ramme bring. Hulle moet ‘n
> brandoffer aan die HERE wees saam met die spysoffer en die
> drankoffers wat daarby behoort as vuuroffer van lieflike geur aan die
> HERE. [19] En julle moet een bokram as sondoffer berei. Ook twee
> jaaroud lammers as dankoffer, [20] en die priester moet hulle saam met
> die eerstelingsbrood as beweegoffer voor die aangesig van die HERE
> beweeg saam met die twee lammers; dié moet aan die HERE heilig
> wees, ten voordele van die priester. [21] En julle moet op daardie selfde
> dag uitroep: ‘n heilige vierdag moet dit vir julle wees; géén
> beroepswerk mag julle doen nie. Dit is ‘n ewige insetting in al julle
> woonplekke vir julle geslagte. [22] En as julle die opbrings van jul land oes,
> moet jy die kant van jou land as jy oes nie heeltemal afoes en die are
> wat val, nie versamel nie. Vir die arme en die vreemdeling moet jy dit
> laat oorbly. Ek is die HERE julle God.
>
> Levitikus 23:15-22

Die mees-algemene Hebreeus vir die Fees van Weke is Hag Hashavuot. Die fees is ook na verwys as die Later Eerste Vrugte. In die Nuwe Testament word die fees na verwys as Pinkster. Die woord Pinkster is afgelei van Grieks wat vyftigste beteken.

Hierdie fees word beskou as die afsluiting van die Paasfees tydperk van feeste (Lente feeste). Dit is die herdenking van die dag toe die Israeliete die wet van die Here ontvang het by die berg Sinai. Dit is hier waar die volk Israel gebore is, waar die Here Hom aan hulle geopenbaar het. Abib (aar van graan) het verander na Nisan (Om te bot, Wonderwerk). Die geboorte van die volk Israel. Dit is uit hierdie geoormerkte volk wat die Messias gebore is tot redding van alle nasies. Op hierdie vyftigste dag (Pinkster) na die kruisiging van Christus is die Heilige Gees uitgestort (Handelinge 2:1-4), is die Kerk is gebore tot verheerliking van die Here se Heilige Naam.

Die Jode vandag vier gewoonlik Pinkster op die sesde dag van die Joodse maand Sivan. Oorspronklik, voor Jesus die Messias, is Die Fees van Weke gevier vyftig dae vanaf die Fees van Eerste Vrugte. Dit is op hierdie dag wat die wet aan Moses gegee is, vyftig dae nadat die Israeliete uit Egipte getrek het. Dit is op hierdie dag wat die huwelik tussen die Bruidegom (God) en die bruid (Israel) plaasgevind het. Dit het ‘n geweldige groot geestelike impak. Die volk Israel is deur middel van hierdie wet verlos van afgodediens en immoraliteit. Die Wese van God is aan hulle bekend gemaak en ingestel as onderwysing en insig tot die ware God, Jahweh.

Die Fees van Weke is ‘n spesiale tydperk van danksegging. Die gebruik is om die eerste nag wakker te bly en die Torah te leer (Die Torah bevat die vyf boeke van Moses, die Profesieë en die Geskrifte). Die begin en die einde van elk van die gedeeltes van die Torah word hersien, so ook die van die Profete (bv. Esegiël en Habakuk), Geskrifte (bv. Rut) en die Mishnah (Die eerste gedeelte van die Talmud - ‘n Orale interpretasie van die Torah).

Een van die mees-populêre Shavuot gewoontes is die eet van suiwel voedsel. Dit is ‘n herinnering aan die wet, want die woorde van die Skrif is soos melk en heuning. Voedsel soos kaaskoek, kaas pasteitjies (blintzes= kaas wat gerol is in pannekoek en gebraai is in ‘n braaipan), en kaas kreplach (deegpakkies gevul met kaas). Die kreplach is driehoekig wat elk die drie verklarings van die antieke rabbis herroep: “Geseënd is die Genadige Een wie die drieledige wet gegee het (Wet, Profete, en Geskrifte) aan mense wat gemaak is van drie klasse (priesters, Leviete en Israeliete), deur ‘n derde-geborene kind (Moses wat gebore is na Miriam en Aaron) in die derde maand (Sivan).

Dit is ook die gebruik om twee “hallah” brode te bak tydens Shavuot. Dit verteenwoordig die twee brode wat in die tempel geoffer is en die twee kleitablette van die Tien Gebooie wat op die berg Sinai ontvang is. ‘n Uitbeelding van ‘n leer met sewe sporte word tradisioneel op die brode aangebring. Laasgenoemde simboliseer Moses wat die berg opgegaan het om die Tien Gebooie te ontvang.

Gedurende die eerste nag wat deurnag wakker gebly word en die Torah hersien word, word dan gereeld periodieke pouses geneem om koffie en kaaskoek te eet. Steeds vandag, tydens dagbreek van Shavuot kan duisende Jode gesien word wat beweeg van die ortodokse gedeeltes van Jerusalem na die gebied van die antieke tempel (Tempelberg). Hierdie duisende kom dan bymekaar in die plein voor die Westelike Muur om die antieke Amidah-gebed saam te sê. Die Amidah of "staande" gebed met negentien seëninge dateer terug meer as 2000 jaar. Dit vorm die sentrale gebed van alle aanbiddingsdienste (môre, middag, aand, Sabbat, en vakansiedae).

Soos reeds genoem is deur die eerste nag van Die Fees van Weke deurnag, onder andere, gelees uit die Profete. Esegiël en Habakuk. Dit is gedoen reeds honderde jare voor Christus.

> 4 Toe het ek gekyk — en daar het 'n stormwind uit die noorde gekom, 'n groot wolk met onophoudelike vuur; en 'n glans was rondom die wolk, en daaruit, uit die vuur, het iets soos blinkende metaal geskitter.
>
> Esegiël 1:4

> 12 Toe het die Gees my opgeneem, en ek het agter my die geluid van 'n groot gedreun gehoor wat sê: Geloofd sy die heerlikheid van die HERE uit sy woonplek!
>
> Esegiël 3:12

> 3 God kom van Teman en die Heilige van die berg Paran. Sela. Sy majesteit bedek die hemel, en die aarde is vol van sy lof. 4 En glans soos sonlig is daar, ligstrale aan sy sy; en dáár is die omhulsel van sy krag. 5 Voor Hom uit loop die pes, en 'n koorsgloed trek uit agter Hom aan.
>
> Habakkuk 3:3-5

Let op dat Teman verwys na die Sinai gebied. Met ander woorde die gebied waar die Wet van God ontvang is.

Vyftig dae nadat die Israeliete uit Egipte verlos is (Paasfees, Nisan 14, gered deur die bloed van die lam) het hulle die wet van God ontvang (die wet dui op God se wil). Dit het hulle gebring by die Fees van Weke. Hulle het dit ook so gevier vanaf ongeveer 1500 jaar voor Christus. Jesus Christus is op Nisan 14 gekruisig en die Heilige Gees is inderdaad reg op die Fees van Weke uitgestort, vyftig dae na Paasfees. Die dissipels was bymekaar om die Fees van Weke te vier, in groot afwagting, en het toe die Heilige Gees ontvang soos Jesus vir hulle gesê het sou gebeur. Kyk wat het met hulle gebeur:

> [2] En daar kom skielik uit die hemel ‘n geluid soos van ‘n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het.[3] Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. [4] En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.
>
> Handelinge 2:2-4

Kyk weer na die Skrif wat hulle gelees het tydens die nag van die Fees van Weke (voor Christus), Esegiël 1:4. Hierin kan weereens gesien word hoe outentiek die Woord van God is. Die openbaring van die Here aan die profete het ook sigbaar geword vir die dissipels soos gesien kan word in Handelinge 2:2-4 (vuur en storm). Dit alles sodat ons vandag kan glo.

Dit is met hierdie gebeurtenis wat die Fees van Weke verander is na Pinksterfees. (Betekenis van die woord pinkster = 50). Die Heilige Gees is uitgestort om ons steeds die wil van God te leer en Sy Woord en Wese, Jesus Christus, aan ons te openbaar.

Kyk na Jesus se woorde voor Sy hemelvaart:

> [25] Dit het Ek tot julle gespreek terwyl Ek by julle bly; [26] maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.
> [27] Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie.
>
> Johannes 14:25-27

> [5] Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie. [6] Die wat bymekaargekom het, vra Hom toe en sê: Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig? [7] En Hy antwoord hulle: Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie; [8] maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.
>
> Handelinge 1:5-8

Dit is dan ook dieselfde dissipels wat aan ons vandag die Nuwe Testament nagelaat het. Hulle is tot die dood toe gemartel vir hulle getuienis sonder om daarvan afstand te doen. Hulle het Jesus gesien nadat Hy uit die dood opgestaan het, het verskeie kere saam met Hom verkeer, en selfs saam met Hom geëet na die kruisiging, het in Sy Naam wonderwerke verrig en seker gemaak dat ons vandag kan glo. Dit is die eienskappe van 'n ware Apostel. Outentieke boodskappers wie se getuienis ons vandag kan glo. Dit staan uit bo enige dwaalleer en dateer vanuit die tyd van die Messias Self. Hulle getuienis getuig van wat hulle self gesien en ervaar het. Dit is outentiek in konteks gebring met wat hulle uit die Woord van God geleer het met betrekking tot die Messias, wat die Messias Self vir hulle geleer het en ook bevestig het met Sy dade. Dit is nie gebaseer op afleidings of interpretasies nie.

Kyk hoe getuig die apostel Johannes:

> *24* Dit is daardie dissipel wat van hierdie dinge getuig en hierdie dinge geskryf het, en ons weet dat sy getuienis waar is. *25* En daar is nog baie ander dinge wat Jesus alles gedoen het; maar as hulle een vir een beskrywe moes word, sou die wêreld self, dink ek, die geskrewe boeke nie bevat nie. Amen.
>
> Johannes 21:24-25

Lukas, die outeur van die Nuwe Testamentiese boeke Lukas en Handelinge, bevestig dat hy die getuies feitelik nagevors het, dit is nie stories nie! Kyk hoe bevestig hy dit:

> *1* Aangesien baie onderneem het om 'n verhaal op te stel oor die dinge wat onder ons al vervul is, *2* soos hulle wat van die begin af ooggetuies en dienaars van die Woord was, dit aan ons oorgelewer het, *3* het ek ook dit goedgedink, hooggeagte Theófilus, nadat ek van voor af alles noukeurig ondersoek het, om dit in volgorde aan u te skrywe, *4* sodat u met volle sekerheid kan weet die dinge waaromtrent u onderrig is.
>
> Luke 1:1-4

Indien ons in gedagte hou dat Lukas in die tyd van Jesus geleef het, en dus ook in die tyd van die dissipels, wat later apostels geword het, geleef het, besef 'n mens van vooraf dat die Evangelies nie net die getuies se ervarings self weerspieël nie, maar dit ook bevestig word deur Lukas. Moet nie dat dwaalleer, wat honderde jare na die tyd ontstaan het, soos die DaVinci Code en gnostiese geskrifte soos die Judas Evangelie of die leer van enige plaasvervanger, of sogenaamde opvolger van die Messias, of sogenaamde profeet, of sogenaamde boodskapper van God, jou verwar nie. Niks daarvan kan meer outentiek gekoppel word aan die Messias as die Nuwe Testament in die Bybel nie. Die Heilige Gees is aan ons nagelaat sodat elkeen van ons self 'n persoonlike verhouding met die Here kan hê. Die Heilige Gees openbaar die Woord van God aan ons, die Woord van God is die Messias, Jesus Christus. Daar is nie ander verteenwoordigers nodig en moontlik nie.

Wat is die Nuwe Testament in werklikheid? Dit is die outentieke bevestiging dat Jesus Christus die Messias is soos geprofeteer in die hele Ou Testament. Met ander woorde, die hele Bybel getuig oor die Here se verlossingswerk vir die mens. Ons kan daarmee identifiseer in die Persoon van Jesus Christus. Nou kan ons verstaan wat Johannes vir ons sê in Johannes 1:1-5 en Johannes 1:14:

> [1] In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord
> was God.[2]Hy was in die begin by God.[3]Alle dinge het deur Hom
> ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het
> nie. [4]In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. [5]En die
> lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie.
>
> Johannes 1:1-5

> [14]En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon — en ons
> het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene
> wat van die Vader kom — vol van genade en waarheid.
>
> Johannes 1:14

Wat beteken Pinkster dan vir ons? Dit wys daarop dat Eerste Vrugte sigbare leiding is van hoe die Here wil hê ons moet verander deur Christus. Wanneer 'n persoon Jesus, die Paaslam wat vir ons sondes gesterf het, aanneem, verander ons na sondeloos in die oë van die Here want Jesus het ons sondes weggeneem. Ongesuurde Brood leer ons om die ou sondige mens van afstand te doen en Eerste Vrugte leer ons om die nuwe mens op te neem. Paulus skryf aan die Efesiërs:

> [17] Dit sê en betuig ek dan in die Here, dat julle nie meer moet
> wandel soos die ander heidene ook wandel in die verdwaasdheid
> van hulle gemoed nie — [18]mense wat verduisterd is in die verstand
> en vervreemd van die lewe van God deur die onkunde wat in hulle is
> vanweë die verharding van hulle hart; [19]wat ongevoelig geword het en
> hulle oorgegee het aan die ongebondenheid om in hebsug
> allerhande onreinheid te bedrywe.[20]Maar julle het Christus nie so leer
> ken nie,[21]as julle ten minste van Hom gehoor het en in Hom onderrig is
> soos die waarheid is in Jesus: [22]dat julle, wat die vorige l
> ewenswandel betref, die oue mens moet aflê wat deur die
> begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan,[23]en dat julle
> vernuwe moet word in die gees van julle gemoed [24]en julle met die
> nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid
> en heiligheid.
>
> Efesiërs 4:17-24

Sien ook Paulus se woorde aan die Galasiërs:

> [20] Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het. [21] Ek verwerp nie die genade van God nie; want as daar geregtigheid deur die wet is, dan het Christus tevergeefs gesterwe.
>
> Galasiërs 2:20-21

## 5. Die Fees van Trompette (Rosh Hashanah)

> [24] Spreek met die kinders van Israel en sê: In die sewende maand, op die eerste van die maand, moet dit vir julle 'n rusdag wees, 'n gedenkdag deur basuingeklank, 'n heilige vierdag.
>
> Levitikus 23:24

> [1] En in die sewende maand, op die eerste van die maand, moet daar vir julle 'n heilige samekoms wees; géén beroepswerk mag julle doen nie; dit moet vir julle 'n dag van trompetgeklank wees.
>
> Numeri 29:1

Die Fees van Trompette is die eerste fees van die drie herfsfeeste (Rosh Hashanah, Yom Kippur en Sukkot). Die lentefeeste het baie duidelik gewys het op die koms van die Messias, so dui die herfsfeeste baie duidelik op die wederkoms van die Messias. Met ander woorde, die vier lentefeeste (Pesach, Hag Hamatzot, Yom Habikkurim en Shavuot) is reeds volmaak volbring. Die herfsfeeste hou vandag vir ons 'n profetiese realiteit in en is dit waarna ons kan uitsien en sal baie beslis, net soos die lentefeeste, in vervulling kom.

Presies hoe en wanneer dit sal plaasvind is 'n geval van interpretasie van die profetiese inhoud van dit wat ons in die Woord van die Here lees. Sien Jesus se woorde:

> [32] Maar van daardie dag en dié uur weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel of die Seun nie, maar net die Vader. [33] Pas op, waak en bid, want julle weet nie wanneer die tyd daar is nie.
>
> Mark 13:32-33

Ons kan dus nie presies voorspel wanneer die gebeure gaan plaasvind nie, maar die feit bly staan dat ons geen twyfel hoef te hê dat dit wel gaan plaasvind nie. Die feeste wat reeds in vervulling gekom het spreek ons te sterk aan om nie te twyfel nie! Waarvan ons wel verseker kan wees is dat dit in die tydperk van hierdie geslag, die Nuwe Testamentiese geslag, sal plaasvind.

> 30 Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie.
>
> Mark 13:30

Die Fees van Trompette is in die begin van die maand Tishri gevier (stem ooreen met September tot Oktober). Dit is die eerste maand van die siviele (burgerlike) jaar. Dit was ook die eerste dag van sewe dae van die heilige byeenkoms. Tishri is die sewende maand van die Bybelse kalender en loop in hierdie opsig parallel aan die Sabbat as 'n spesiale en heilige tyd om die Here na te streef. Die vorige maand, Elul, is die maand van voorbereiding net soos Vrydag 'n dag van voorbereiding is vir die Sabbat op Saterdag. Hierdie tydperk is 'n tyd van oordenking en bepeinsing om dinge reg te maak en ons verhouding met die Here in orde te kry.

Alhoewel hierdie fees (Rosh Hashanah) se wortels ferm geplant is in die Bybel, word dit nooit in die Bybel daardie naam genoem nie. In die Bybel word daarna verwys as Zikhron Teruah ("'n gedenkdag deur basuingeklank (trompette)....", Levitikus 23:24) en ook Yom Teruah ("'n dag van trompetgeklank..." Numeri 29:1). Gebaseer op hierdie Bybelse verwysings word die antieke siening van Rosh Hashanah na verwys as "Die Fees van Trompette", 'n dag van die blaas van trompette in die Tempel en regdeur die land van Israel.

Die Fees van Trompette is die viering van die Joodse Nuwe Jaar. Dit word ook deur beide Jode en Christene beskou as 'n herdenking van die skepping van die wêreld toe die môresterre saam gejubel en die seuns van God gejuig het (Job 38:7). Dit is 'n dag waartydens die gawes van die Here herdenk word en die Here se seën vir die nuwe jaar voor gebid word. Die Fees van Trompette en daaropvolgende Versoendag (Yom Kippur) is die twee heiligste dae van die Joodse jaar. Hierdie tydperk van tien dae word ook genoem die Dae van Ontsag (Eerbied) (Days of Awe). Anders as die ander feesdae, herdenk hierdie dae nie 'n seisoen of 'n historiese gebeurtenis nie. Dit is 'n tydperk van selfondersoek vir geestelike groei. Dertig dae voor die Fees van Trompette begin die tydperk wat as Teshuvah (terugkeer of berou/verootmoediging) bekend staan. Die tien dae vanaf die begin van die Fees van Trompette tot die Versoendag (Yom Kippur) staan bekend as die Dae van Berou of Dae van Ontsag.

Een teorie verdeel die profetiese inhoud van hierdie feesdae as volg:

- Die dertig dae van die maand Elul – Die Kerk
- Die dag van die Fees van Trompette – Die Wegraping
- Die dae tussen die Fees van Trompette en die Versoendag – Die Onderdrukking (Tribulation)
- Die Versoendag – Die Wederkoms van Christus

Temas vir hierdie fees is as volg:

- Joodse Nuwe Jaar (Rosh Hashanah is letterlik die Hoof of begin van die jaar)
- God se Getrouheid (Die Versoendag)
- Dag van Oordeel (Amos 5:18-20)
- Herdenking (Yom Ha-Zikaron, gedenkdag) (Die Here het vir Sarah, Ragel en Hanna onthou)
- Geboorte van die Wêreld op Tishri 1, die sewende maand van die Bybelse kalender (Dit vind plaas in September)

Die Fees van Trompette vind plaas tydens nuwe maan. Die hele Joodse kalender hang af van die posisie van die maan. Dit is dus vir hulle baie belangrik om die datum van nuwe die maan korrek te bepaal. Dit is nie altyd moontlik om presies die dag van nuwe maan te bepaal nie as gevolg van byvoorbeeld wolke wat veroorsaak dat die maan nie gesien kan word nie asook die tekort aan voldoende getuies. Omdat Rosh Hashanah juis op die eerste dag van die nuwe jaar val, is dit veral belangrik om presies hierdie dag te bepaal. Die hele Joodse gemeenskap moet ingelig word wanneer die fees begin. Om die risiko vir 'n fout te verminder, is Rosh Hashanah vir twee dae gevier. Hierdie tradisie word vandag nog in Israel volgehou.

Die twee dae kan gesien word in Nehemia 8:1-3 en 13-14 wat ongeveer 445 jaar voor Christus geskryf is:

[1]En toe die sewende maand aankom, terwyl die kinders van Israel in
hulle stede was,[2] het die hele volk soos een man op die plein voor die
Waterpoort bymekaar gekom en aan Esra, die skrifgeleerde, gesê om
die boek van die wet van Moses, wat die Here Israel beveel het, te
bring. [3]En Esra, die priester, het die wet voor die vergadering gebring,
manne sowel as vroue en almal wat met verstand kon luister, op die
eerste dag van die sewende maand............[13] Toe het die hele volk
weggegaan om te eet en te drink en porsies te stuur en groot
vreugde te bedrywe; want hulle het ag gegee op die woorde wat aan
hulle bekend gemaak is.[14]En op die tweede dag het die familiehoofde
van die hele volk, die priesters en die Leviete by Esra, die skrifgeleerde,
vergader om naamlik die woorde van die wet te ondersoek.

Nehemia 8:1-3 en 13-14

Let ook op dat Psalm 81 aan hierdie fees gewy is:

[1] Vir die musiekleier; op die Getiet. ‘n Psalm van Asaf. [2]Jubel tot eer van
God, ons sterkte! Juig tot eer van die God van Jakob! [3] Hef aan ‘n lied
en laat die tamboeryn klink, die lieflike siter saam met die harp.[4]Blaas
die basuin op nuwemaan, op volmaan vir ons feesdag. [5] Want dit is ‘n
insetting vir Israel, ‘n verordening van die God van Jakob. [6]Hy het dit
ingestel as getuienis in Josef toe hy uitgetrek het teen Egipteland. ‘n
Taal wat ek nie geken het nie, het ek gehoor: [7]Ek het sy skouer bevry
van die las, sy hande het die mandjie gelos.[8] In die nood het jy geroep,
en Ek het jou uitgered; Ek het jou geantwoord in die skuilplek van die
donder; Ek het jou getoets by die waters van Mériba. Sela. [9]Hoor, my
volk, en Ek wil jou dit inskerp; Israel, as jy tog na My wou luister! [10]Daar
mag by jou geen vreemde god wees nie, en voor ‘n uitlandse god
mag jy jou nie neerbuig nie. [11] Ek is die Here jou God wat jou laat optrek
het uit Egipteland; maak jou mond wyd oop, dat Ek dit kan vul.[12] Maar
my volk het na my stem nie geluister nie, en Israel was vir My nie
gewillig nie.[13] Toe het Ek hulle oorgegee aan die verhardheid van hul
hart, dat hulle in hulle eie planne kon wandel.[14] Ag, as my volk maar na
My wou luister, Israel in my weë wou wandel! [15]Gou sou Ek hul vyande
onderwerp en my hand teen hulle teëstanders uitstrek.[16] Die hater van
die Here sou kruipend na Hom toe kom; maar húlle tyd sou vir ewig
wees. [17]Ja, Hy sou hulle voed met die beste van die koring; en met
heuning uit die rots sou Ek jou versadig.

Psalm 81

Die seremonie van die blaas van die ramshoring was 'n wonderlike gesig. Die priester wat die ramshoring moes blaas, is opgelei van kindsbeen af. Op die eerste dag van die fees het die priester voor die Tempel gestaan met twee trompetblasers. Die ramshoring verteenwoordig, onder andere, 'n oproep om die gewete wakker te maak. Volgens Joodse tradisie, het die volgende op Tishri 1 plaasgevind:

- Adam en Eva is geskape
- Die vloedwaters het opgedroog
- Henog is deur die Here weggeneem (Genesis 5:24)
- Sarah, Ragel en Samuel is gevorm (se moeders het swanger geraak (conceived))
- Josef is vrygelaat uit die tronk deur Farao
- Die slawearbeid van die Hebreërs in Egipte is beëindig
- Job het melaatsheid opgedoen
- Die begin van offers op die altaar wat deur Esra gebou is (Esra 3:1-2)

Vandag steeds vier die Jode hierdie fees deur die ramshoring elke oggend in die sinagoge te blaas en Psalm 27 twee-keer per dag te lees. Nuwe-jaar kaartjies word uitgestuur, kore sing en spesiale kollektes word gehou vir die armes. Dit is 'n tyd van vergewensgesindheid, met ander woorde 'n tyd om ander te vergewe en ook om vergifnis te soek by andere (familie, vriende en besigheidsvennote). Die aand voor Rosh Hashannah word daar 'n middernagdiens gehou, genoem die Selichos (berouvolle gebede), waartydens die aanbidder gehelp word om voor te berei vir die tyd van selfondersoek en dae van ontsag. Die lees van die Torah fokus op tekste soos volg: Genesis 21:1-4, 5-12, 13-21, 22-27, 28-34; Numeri 29:1-6; 1 Samuel 1:1-2:10. Die tema vir die lees is herinnering omdat die Here vir Sara en Hanna onthou het.

Sampson en Pierce (A family guide to the Biblical Holidays; Robin Sampson and Linda Pierce; Heart of Wisdom Publishing; 2001) haal die rabbi Saadiah Gaon (negende eeu) aan wat daarop gewys het dat daar hoofsaaklik tien redes is waarom die ramshoring op Rosh Hashannah geblaas moet word:

1. Rosh Hashannah dui die begin van die Skepping aan waartydens die Skepper die heelal geskep het en daaroor geregeer het. Soos konings hulle heerskappye aangekondig het met die blaas van trompette en horings, so ook bevestig ons die Koningskap van die Skepper met die blaas van die ramshoring. Dawid het gesê:

> 6 met trompette en basuingeklank (shofar); juig voor die aangesig van die Koning, die Here!
>
> Psalm 98:6

2. Omdat Rosh Hoshannah die begin van die tien dae (Teshuvah) is, word die ramshoring geblaas om die begin daarvan aan te dui. Dit dui aan dat die wat wil deur die proses van selfondersoek gaan, dit nou kan doen. Indien jy dit nie doen nie, is daar geen rede om verontreg te voel nie. Konings doen dieselfde. Eers waarsku hulle die volk in hulle slagkreet. Die wat die slagkreet verontagsaam se verskonings is ongeldig.
3. Die derde rede vir die blaas van die ramshoring, is om ons te herinner aan ons byeenkoms aan die voet van die berg Sinai. Daar word in Eksodus 19:19 gesê:

> 19 Toe die geluid van die basuin sterker en sterker word, het Moses gespreek, en God het hom telkens hardop geantwoord.
>
> Eksodus 19:19

Ons kan nou die verantwoordelikheid aanvaar wat ons voorvaders opgeneem het soos wat gesê word in Eksodus 24:7:

> [19] En hy het die boek van die verbond geneem en dit voor die ore van die volk gelees. En hulle het gesê: Alles wat die Here gespreek het, sal ons doen en daarna luister.
>
> Eksodus 24:7

4. Die vierde rede is om ons te herinner aan die woorde van die profete wat vergelyk word met die ramshoring. In Esegiël 33:4-5 staan geskrywe:

> [4] as dan iemand die geluid van die basuin hoor, maar hom nie laat waarsku nie, en die swaard kom en neem hom weg, dan is sy bloed op sy hoof. [5] Hy het die geluid van die basuin gehoor, maar het hom nie laat waarsku nie: sy bloed is op hom. Maar as hy hom laat waarsku, dan red hy sy siel.
>
> Esegiël 33:4-5

5. Die vyfde rede is om ons te herinner aan die verwoesting van die Tempel en die oorlogskrete van die vyand. In Jeremia 4:19 staan geskrywe:

> [19] o My ingewande, my ingewande, ek moet bewe van angs! o More van my hart! My hart steun in my, ek kan nie swyg nie; want jy, my siel, het basuingeluid gehoor, oorlogsgeskreeu!
>
> Jeremia 4:19

Wanneer ons die basuingeklank hoor, smeek ons God om die Tempel te herbou.

6. Die sesde rede is om ons te herinner aan die verpligting van Isak wat homself aangebied het (geoffer het) vir die hemel. So behoort ons ten alle tye gereed te wees om ons lewens te offer tot verheerliking van Sy Naam.
7. Die sewende rede is, wanneer ons die ramshoring hoor blaas, ons vreesbevange raak en ons wil aanpas by die wil van die Skepper. Dit staan geskrywe in Amos 3:6:

> [6] Sal die basuin in die stad geblaas word en die bevolking nie skrik nie? Sal daar 'n onheil in die stad voorval as die Here dit nie bewerk het nie?
>
> Amos 3:6

8. Die agste rede is om ons te herinner aan die groot dag van die Oordeel, sodat ons almal dit mag vrees. In Sefanja 1:14-16 staan geskrywe:

> [14] Naby is die groot dag van die Here, naby en baie haastig. Hoor! die dag van die Here! Bitterlik skreeu die held daar. [15]Dié dag is 'n dag van grimmigheid, 'n dag van benoudheid en angs, 'n dag van woestheid en verwoesting, 'n dag van duisternis en donkerheid, 'n dag van wolke en wolkenag, [16] 'n dag van basuingeklank en krygsgeskreeu teen die versterkte stede en teen die hoë hoekvestings.
>
> Sefanja 1:14-16

9. Negende is 'n herinnering en verlange na die terugkeer van die Israeliete na Israel. In Jesaja 27:13 staan geskrywe:

> [13] En in dié dag sal daar met 'n groot basuin geblaas word; dan sal kom die wat verlore is in die land Assur en die wat verdryf is in Egipteland, en hulle sal die Here aanbid op die heilige berg in Jerusalem.
>
> Jesaja 27:13

10. Die tiende rede is om ons te herinner aan die opwekking van die dooies. Sodat ons daarin kan glo. In Jesaja 18:3 staan geskrywe:

> [3] Al julle bewoners van die wêreld en bewoners van die aarde, as 'n banier opgehef word op die berge, kyk! En as die basuin geblaas word, luister!
>
> Jesaja 18:3

Tydens aandete van die eerste dag van die fees word soet geregte soos soet vrugte en koeke voorgesit om simbolies 'n soet nuwe jaar voor te stel. Dit kan reeds gesien word in die tyd van Dawid (1000v.C.):

> [15] So het Dawid en die hele huis van Israel dan die ark van die Here met gejuig en basuingeklank opgehaal.......[19]en aan die hele volk, die hele menigte van Israel, manne sowel as vroue, aan elkeen een broodkoek en een stuk vleis en een rosynekoek uitgedeel. Daarop het die hele volk elkeen na sy huis gegaan.
>
> 2 Samuel 6:15,19

‘n Baie bekende gebruik van hierdie fees is ook om ‘n appel wat in heuning gedoop is te eet. Brode word in spesiale vorms gebak, byvoorbeeld: rond – stel hoop voor vir ‘n goeie, ronde nuwe jaar; vorm van ‘n kroon – stel die koningskap van die fees voor; vorm van ‘n leer – stel Jakob se leer voor, of die mens se strewe opwaarts na God; ‘n voëlvormige brood stel die Here se beskerming voor:

> [5] Soos voëls wat fladder, so sal die Here van die leërskare Jerusalem beskut, beskut en red, verskoon en bevry.
>
> Jesaja 31:5

Let weereens op na die Messiaanse realiteit van die Fees van Trompette. Die blaas van die trompette is ‘n teken van die wederkoms van Christus en ook ‘n herdenking van die Here se genade tot Abraham toe Hy ‘n lam voorsien het om, in die plek van Isak, deur Abraham geoffer te word (Genesis 22, meer as 1250v.C.). Isak is ‘n prototipe van Christus. Net soos Abraham sy seun moes offer op die altaar, so het die Here Sy Seun geoffer op die altaar Golgota.

> [17] Deur die geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer; ja, hy wat die beloftes ontvang het, het sy eniggeborene geoffer, [18] aan wie gesê is: In Isak sal jou nageslag genoem word — want hy het gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek; [19] daaruit het hy hom ook, om so te spreek, terug ontvang.
>
> Hebrews 11:17-19

Beide Isak en Jesus se geboortes was wonderwerke en beide was getrou tot aan die altaar.

Trompette is gebruik as tekens van oorlog. Jesus is die bevelvoerder van die Here se weermag. Hy het die eerste-keer gekom om die werk van die Satan te verslaan asook die sondes in die hart van mense.

> [15] nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het.
>
> Kolossense 2:15

So ook spreek hierdie fees tot die Christen met betrekking tot geestelike oorlogvoering. In Efesiërs 6:11-13 staan geskrywe:

> [11] Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. [12] Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.[13] Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly.
>
> Efesiërs 6:11-13

Die Fees van Trompette is 'n baie besondere tyd vir die Christen. Ons geloof in Jesus Christus lei tot 'n berouvolle hart ten opsigte van ons sondes. Ons moet die Vader om vergifnis vra vir ons sondes. Die Vader vergewe Sy kinders. Hierdie versoening en vergifnis is moontlik gemaak deur die kruisdood van Jesus Christus.

> [19]Jy glo dat God één is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder. [20] Maar wil jy weet, o nietige mens, dat die geloof sonder die werke dood is? [21]Is Abraham, ons vader, nie uit die werke geregverdig toe hy Isak, sy seun, op die altaar geoffer het nie?[22]Sien jy dat die geloof saamgewerk het met sy werke en dat die geloof volkome geword het uit die werke? [23] En die Skrif is vervul wat sê: En Abraham het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken, en hy is n vriend van God genoem. [24]Sien julle dan nou dat die mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie?[25]En is Ragab, die hoer, nie ook net so geregverdig uit die werke toe sy die boodskappers ontvang en met 'n ander pad weggestuur het nie?[26] Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder die werke dood.
>
> Jakobus 2:19-26

Dit is indrukwekkend om te besef dat hierdie woorde deur Jesus se aardse broer, Jakobus, geskryf is. Tydens Jesus se aardse bediening wou Jesus se familie, insluitend Jakobus, niks daarmee te doen gehad het nie. Jesus se opstanding uit die dood het so 'n indruk op Jakobus gehad dat hy een van die stigters van die Christelike Kerk geword het. Hy is ook gedood as gevolg van sy geloof in Jesus Christus (In die dokument: "Inleiding tot Apologetika" kan meer hieroor gelees word **www.matthew28.co.za**).

Daar bestaan bewyse dat Jesus in die herfs gebore is. Daar word ook geglo dat Sy doop in die herfs plaasgevind het. Na Jesus se doop het hy veertig dae in die woestyn deurgebring om deur die duiwel versoek te word.

> [1] Toe is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in om versoek te word deur die duiwel. [2] En nadat Hy veertig dae en veertig nagte gevas het, het Hy naderhand honger geword.
>
> Matteus 4:1-2

Sommige glo dat hierdie veertig dae in die woestyn ooreengestem het met die veertig dae tydperk van Teshuvah (terugkeer of verootmoediging). Dit is die tyd toe Jesus begin het met Sy bediening op aarde, aan die einde van die veertig dae, toe Hy begin het om Sy boodskap te verkondig.

> [17] Van toe af het Jesus begin om te preek en te sê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom.
>
> Matteus 4:17

Die Fees van Trompette is een van die drie belangrikste feeste. 1) Paasfees -verteenwoordig die kruisiging van Christus; 2) Pinkster – die uitstorting van die Heilige Gees en dan 3) Fees van Trompette wat duidelik op iets belangriks dui. Paasfees en Pinkster is reeds volbring. Die Fees van Trompette het 'n profetiese realiteit, dit dui duidelik op 'n belangrike gebeurtenis van die toekoms. Ons kan slegs die antwoord uit die Woord van God kry om te verstaan wat die Fees van Trompette inhou. Sommiges beweer dat dit een van twee gebeurtenisse voorspel: Die wegraping, of die wederkoms van Christus. Dit is duidelik dat die herfsfeeste almal in vervulling sal kom tydens die wederkoms van Christus.

Die Woord van God plaas hierdie profetiese realiteit in konteks sodat ons dit kan verstaan. Deur al die eeue, en deur middel van baie outeurs, het die Here Sy verhouding met Israel voorgestel as 'n liefdesverhouding, 'n huwelik (bv: Jesaja 54:5; 62:5; Jeremia 2:2; 3:1; 3:6-7; 3:20-21; Esegiël 16:5-7; 16:8, Markus 2:19-20; Johannes 16:20-22). Tydens die huwelik word die Bruidegom en die bruid herenig. Die Woord leer ons ook dat alle nasies deur middel van Israel gered kan word (bv: Deuteronomium 29:1; 26:18-19, Jesaja 42:6; 49:6; 60:3). Indien gekyk word na die gebruike van 'n antieke Joodse huwelik, kan beter verstaan word met betrekking tot die vereniging van die Kerk (die bruid) met die Bruidegom (die Messias).

Wanneer 'n man in antieke Israel op trou gestaan het, het hy met 'n geskenk vir die bruid na die bruid se huis gegaan en 'n verbond met die bruid se pa aangegaan. Indien die pa die geskenk en die man aanvaar het, het die man 'n glas wyn geskink. Indien die bruid die man aanvaar het, sou sy die wyn drink en hulle het verloof geraak. Die man sou dan weg gaan en 'n plek gaan voorberei vir sy bruid. Wanneer die bruid se pa besluit het dat die plek gereed is vir die bruid, gewoonlik een tot twee jaar later, het die bruidegom terug gekom en haar kom steel wanneer niemand dit verwag nie, soos 'n dief in die nag. Die bruidegom sou dan die bruid vir sewe dae hou by die plek wat hy vir haar voorberei het. Gedurende hierdie tyd sou die pa 'n fees vier, en die huwelik aankondig. Aan die einde van die sewe dae sou die bruid en bruidegom by die feesviering aansluit en die aandete saam met die gaste nuttig.

Die antieke Joodse huwelik is duidelik verteenwoordigend van die Messias en Sy bruid (Kerk). Die kontrak (verbond) is bevestig tydens die Laaste Avondmaal toe Jesus die wyn saam met Sy dissipels gedrink het.

> [23] Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle, en hulle het almal daaruit gedrink.[24] En Hy sê vir hulle: Dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word.
>
> Markus 14:23-24

Kort nadat Jesus dit vir hulle gesê het, het Hy gepraat soos wat enige Joodse bruidegom met sy bruid sou praat, sien Jesus se woorde in Johannes 14:2-3:

> [2] In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. [3] En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.
>
> Johannes 14:2-3

Sien Jesus se woorde soos getuig in Matteus 24: 43-44:

> [43] Maar weet dit: as die huisheer geweet het in watter nagwaak die dief sou kom, sou hy gewaak en nie toegelaat het dat in sy huis ingebreek word nie. [44] Daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie.
>
> Matteus 24:43-44

Jesus het dan ook, deur middel van Sy kruisiging, die bruidsprys betaal. Die bruid het steeds die keuse om self te besluit of sy die Bruidegom aanvaar.

> [7] Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. [8] En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges.
>
> Openbaring 19:7-8

Bogenoemde is geskryf deur Johannes ongeveer 95 na Christus. Kyk wat het Hosea reeds geskryf ongeveer 720 voor Christus:

> [15] En in dié dag, spreek die HERE, sal jy My noem: My man; en jy sal my nie meer noem: My Baäl nie. [16] Dan verwyder Ek die name van die Baäls uit haar mond, sodat hulle by hul naam nie meer genoem sal word nie. [17] Verder sluit Ek in dié dag vir hulle 'n verbond met die wilde diere van die veld en met die voëls van die hemel en die kruipende diere van die aarde; ja, boog en swaard en oorlog sal Ek verbreek uit die land, en Ek sal hulle in veiligheid laat rus. [18] En Ek sal My met jou verloof tot in ewigheid en My met jou verloof in geregtigheid en in reg en in goedertierenheid en in ontferming. [19] En Ek sal My met jou verloof in trou; dan sal jy die HERE ken.
>
> Hosea 2:15-19

Eskatologie verwys na die studie van die eind tye. Sampson en Pierce (A family guide to the Biblical Holidays; Robin Sampson and Linda Pierce; Heart of Wisdom Publishing; 2001, p.297-298) behandel hierdie tema onder die titel: Die Kroning van Y'shua, Ons Koning (The Coronation of Y'shua, Our King). Hulle verwys na Joodse eskatologie wat glo dat op die Versoendag, na sesduisend-jaar verloop het, sal die dag van die Here aanbreek. Op daardie dag sal die ramshoring blaas, die regverdiges sal opgewek word, en die kroning van die Koning meemaak. Volgens die Joodse eskatologie sal die hekke van die hemel oopgemaak word op Rosh Hashanah en weer gesluit word op Yom Kippur. Dit kan gesien word in die boek van Openbaring 3:7-11:

> 7 En skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfía: Dít sê die
> Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak
> en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie: 8 Ek ken
> jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand
> kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en
> my Naam nie verloën nie. 9 Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die
> Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg — Ek
> sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek
> jou liefgehad het. 10 Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar
> het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele
> wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel. 11 Kyk,
> Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem
> nie.
>
> Openbaring 3:7-11

Beide die oop deur en die kroon verwys na Rosh Hashanah.

Daniël profeteer ook oor die Messias wat sal terugkeer as Koning. Sien Daniël 7:9-14:

> 9 Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en n Oue van dae gaan sit het;
> sy kleed was wit soos sneeu en die hare van sy hoof soos skoon wol;
> sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan 'n brandende vuur; 10 'n
> stroom van vuur het gevloei en voor Hom uit gegaan; duisend maal
> duisende het Hom gedien, en tienduisend maal tienduisende het voor
> Hom gestaan; die gereg het gaan sit, en die boeke is geopen.
> 11 Ek het toe bly kyk vanweë die stem van die groot woorde wat die
> horing gespreek het; ek het bly kyk totdat die dier gedood en sy
> liggaam vernietig en aan die verbranding deur vuur oorgegee is.12 Ook
> aan die ander diere is hulle heerskappy ontneem, en verlenging van
> die lewe is aan hulle gegee tot op tyd en uur. 13 Ek het gesien in die
> naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos
> die Seun van 'n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle
> het Hom nader gebring voor Hom. 14 En aan Hom is gegee heerskappy
> en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom
> vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie,
> en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie.
>
> Daniël 7:9-14

Kyk na Jesus se profesie oor die wederkoms, Matteus 24:30-31:

> [30] En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid. [31] En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.
>
> Matteus 24:30-31

Kevin Howard (The Feasts of the Lord; Kevin Howard and Marvin Rosenthal; Thomas Nelson, Inc.; 1997, p.114-115) wys daarop dat die skrif gereeld verwys na engele of mense wat op trompette blaas. Dit word egter slegs twee-keer genoem dat die Here op die trompet blaas, en beide van hierdie twee kere, is dit die ramshoring (shofar).

Die eerste voorval was by Sinaiberg toe die Here Homself openbaar het van die hemel en voorbereidings getref het om die volk onder die Ou Verbond te bring. Die Shekinah glorie van die Here het afgekom met 'n vurige storm en die klank van die ramshoring.

> [18] En die hele berg Sinai het gerook, omdat die HERE in n vuur daarop neergedaal het. En sy rook het opgetrek soos die rook van 'n oond, en die hele berg het vreeslik gebewe. [19] Toe die geluid van die basuin sterker en sterker word, het Moses gespreek, en God het hom telkens hardop geantwoord.
>
> Eksodus 19:18-19

Die laaste voorval sal wees wanneer die Here die ramshoring gaan blaas met die wederkoms van die Messias. Die Here sal weereens afdaal van die hemel met 'n storm/wind, wolke tot Sy eer, en die klank van die ramshoring. Kyk hoe het die profeet Sagaria voorspel ongeveer 500 voor Christus:

> [14] Dan sal die HERE oor hulle verskyn, en soos weerlig sal sy pyl uitskiet; en die Here HERE sal met die basuin blaas en intrek met die storms uit die suide.
>
> Sagaria 9:14

Om by te voeg, is dit nie geweldig insiggewend dat al hierdie profete en apostels, oor soveel honderde jare, presies dieselfde visioene ontvang het nie. Dit alles ondersteun deur die werklike gebeurtenis by Sinaiberg waarvan so baie mense getuig, die uitverkore volk, waardeur die Skrif vir ons vasgelê is as gevolg van hulle getuies, en waaruit die Messias gebore is, volgens die profesieë. Dit alles sodat ons vandag kan glo en kan uitsien na die blaas van die tweede ramshoring, deur die Here self!!

Die laaste basuin sal blaas, die Messias sal Homself openbaar in groot krag, en Hy sal die volk voorberei om in die Nuwe Verbond ingebring te word (Jeremia 31:31; Esegiël 20:35-38, Sagaria 13:9).

Kevin Howard gaan voort om sy persepsie van die eind tye te beskryf. Antieke Joodse tradisie leer dat die opwekking van die dooies sal plaasvind op Rosh Hashanah. Daarom is baie Joodse grafstene met 'n ramshoring gegraveer. Beide van hierdie groot gebeurtenisse - die Here se laaste basuingeklank en die opwekking van die regverdiges - is verbind aan die Wegraping van die Kerk in die Nuwe Testament.
Paulus sê in 1 Korintiërs 15:51-52 as volg:

> [51] Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, [52] in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.
>
> 1 Korintiërs 15:51-52

In een van sy ander briewe 1 Tessalonisense 4:16-17 skryf Paulus:

> [16] Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. [17] Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.
>
> 1 Tessalonisense 4:16-17

In hoofstukke 8 tot 10 van die boek Openbaring word die "verborge bedoeling van God" geopenbaar met die blaas van die laaste trompet. Sien Openbaring 10:5-7:

> [5] En die engel wat ek op die see en op die land sien staan het, het sy hand na die hemel opgehef, [6] en hy het gesweer by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die hemel geskape het en wat daarin is, en die aarde en wat daarin is, en die see en wat daarin is, dat daar geen tyd meer sal wees nie; [7] maar in die dae van die stem van die sewende engel, wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is die verborgenheid van God volbring, soos Hy die blye tyding verkondig het aan sy dienskneqte, die profete.
>
> Openbaring 10:5-7

Ons kan verseker uitsien na die wederkoms van ons Here!!

## 6. Die Versoendag (Yom Kippur)

> 27 Maar op die tiende van hierdie sewende maand is dit die versoendag. 'n Heilige vierdag moet dit vir julle wees; dan moet julle jul verootmoedig en aan die HERE 'n vuuroffer bring. 28 En op daardie selfde dag mag julle géén werk doen nie, want dit is 'n versoendag om vir julle versoening te doen voor die aangesig van die HERE julle God.
>
> Levitikus 23:27-28

Dertig dae voor die Fees van Trompette begin die tydperk wat as Teshuvah (terugkeer of berou/verootmoediging) bekend staan. Die tien dae vanaf die begin van die Fees van Trompette tot die Versoendag (Yom Kippur) staan bekend as die Dae van Berou of Dae van Ontsag. Die Versoendag (Yom Kippur) is die hoogtepunt van die tien dae tydperk (Dae van Berou) en word herdenk op die tiende dag van Tishri.

Volgens Sampson en Pierce (A family guide to the Biblical Holidays; Robin Sampson and Linda Pierce; Heart of Wisdom Publishing; 2001, p.319) is daar drie name vir hierdie fees in die Bybel: 1) Die Versoendag; 2) Die dag van Oordeel; 3) Die Sabbat van Sabbatte.

Die Versoendag is die dag wat die volk Israel deur die Here geoordeel word en die sondes van die volk voor versoening gedoen word. Daar word ook verwys na hierdie dag as die "dag van verlossing". Dit is 'n dag van vas, oordenking en reiniging.

Die Versoendag is 'n herinnering dat die brandoffers wat daagliks, weekliks en maandeliks geoffer is, nie voldoende was tot verlossing van sondes nie. Selfs by die altaar het die aanbidder vêr-weg gestaan van die Allerheiligste (in die Tabernakel en later die Tempel) wat die teenwoordigheid van die Here verteenwoordig het. Op hierdie dag is versoeningsbloed van die offerdier in die Allerheiligste ingebring deur die hoëpriester as verteenwoordiger van die volk.

Die gebruik is ook om wit klere te dra op Versoendag wat daarop wys dat ons sondes so wit soos sneeu gemaak word:

> 18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.
>
> Jesaja 1:18 (geskryf ongeveer 750 voor Christus)

Versoendag self wys daarop dat die wet van Moses nie volbring is nie. Daar skort iets. Dit bring nie volmaakte versoening met die Skepper mee nie.

Die apostels wat as dissipels van Jesus as ooggetuies opgetree het, het self gesien hoe die profesieë oor die Verlosser, die Messias, in vervulling kom. Hulle het daaroor getuig sodat ons dit vandag duidelik in die Nuwe Testament kan lees. Die skrywer van die boek Hebreërs skryf dan ook uit die tyd van die apostels as volg:

> [1]Want die wet, wat n skaduwee het van die toekomstige weldade, nie
> die beeld self van die dinge nie, kan nooit deur dieselfde offers wat
> jaar na jaar gedurig gebring word, die wat toetree, tot volmaaktheid
> lei nie. [2]Anders sou hulle opgehou het om geoffer te word, omdat die
> wat die diens verrig, nadat hulle een maal gereinig is, geen bewussyn
> meer van sondes sou gehad het nie. [3] Maar in dié offers is daar jaar
> na jaar 'n herinnering aan die sondes; [4] want die bloed van stiere en
> bokke kan onmoontlik die sonde wegneem. [5]Daarom sê Hy, as Hy in
> die wêreld inkom: Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie, maar U het
> vir My n liggaam berei. [6] Brandoffers en sondoffers het U nie behaag
> nie. [7] Toe het Ek gesê: Kyk, Ek kom — in die boekrol is dit van My
> geskrywe — om u wil te doen, o God."
>
> Hebreërs 10:1-7

Hieruit kan gesien word dat die Tien Gebooie wat by Sinai ontvang is vir ons die Wese van God (Die Here) voorgestel het. As gevolg van die sondes van die mens kon die mens nie met die Wese van God vereenselwig word nie. Die offers is ingestel om die mens te herinner aan sonde. Dit alles: die Tempel, offers en die feeste, is so gevestig dat dit die gelowige profeties sterk aanspreek deur die werking van die Heilige Gees – dit alles wys na die Messias wat sal kom om dit te vervolmaak. Die Messias het toe ook self gekom outentiek volgens die profesieë, bevestig ook deur Sy eie profesieë dat Hy die Messias is, bevestig dit vêrder deur uit die dood op te staan en Hom aan baie mense te openbaar, en bevestig ook dat die geskrifte oor Hom getuig het ("In die boekrol is dit van My geskrywe" (Psalm 40:8; Johannes 5:39) – ons het die Wese van God self op die aarde kon sien in die Seun van God – Jesus Christus. Ons kon Hom sien, en verstaan, binne ons menslike verwysingsraamwerk – Die Seun van die Mens. Die Messias het verlossing bewerkstellig deur dit vir die kinders van God moontlik te maak om 'n persoonlike verhouding met die Here te hê – Die Dienaar van God.

Die apostel Paulus getuig as volg:

> [9] Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik;
> [10] en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en
> mag; [11] in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande
> verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die
> besnydenis van Christus, [12] omdat julle saam met Hom begrawe isin
> die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die
> werking van God wat Hom uit die dode opgewek het.
>
> Kolossense 2:9-12

Johannes getuig wat hy Jesus hoor sê het aan die Fariseërs in Johannes 5:36-40

> 36 Maar Ek het n groter getuienis as dié van Johannes, want die werke wat die Vader My gegee het om te volbring, die werke self wat Ek doen, getuig van My dat die Vader My gestuur het. 37 En die Vader wat My gestuur het, Hy het van My getuig. Julle het nog nooit sy stem gehoor of sy gedaante gesien nie. 38 En julle het sy woord nie as iets blywends in julle nie, omdat julle Hom wat Hy gestuur het, nie glo nie. 39 Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig. 40 En julle wil nie na My kom om die lewe te hê nie.
>
> Johannes 5:36-40

Ons kan nou beter verstaan wat in Hebreërs 7:19 gesê word:

> 19 omdat die wet niks volkome gemaak het nie; maar aan die ander kant is daar die invoering van 'n beter hoop waardeur ons tot God nader.
>
> Hebreërs 7:19

Soos reeds genoem het die Hoëpriester eenkeer per jaar, op Versoendag, die Allerheiligste van die Tempel binne gegaan om vergifnis vir die volk se sonde te pleit. Die binnekant van Salomo se Tempel was in drie dele ingedeel: 1) Die Voorportaal; 2) Die Heiligdom en 3) Die Allerheiligste. In die Allerheiligste het die Ark van die Verbond gestaan wat die kleitablette bevat het waarop die Tien Gebooie geskryf was. Dit was dieselfde kleitablette wat Moses van die Here op die berg Sinai ontvang het.

Die hoëpriester het spesiale klere aangetrek vir die geleentheid en het dan ook eers 'n offer aan die Here gebring vir sy eie sonde, en vir die priesterskap, voordat hy die Allerheiligste binne gegaan het. Die hoëpriester het dan die wierookvat gevul met warm kole van die altaar en dan wierook daarop geplaas. Die wierook het 'n wolk gegeurde rook veroorsaak wat dan die genadetroon bedek het. Die genadetroon is verteenwoordig deur die deksel van die Verbondsark. Bloed van die offerdier (jong os) is dan besprinkel op die genadetroon en ook op die grond voor die Verbondsark om dit sodoende te reinig van verderf.

Die vuuroffers wat geoffer is was sewe manlike lammers, elk 'n jaar oud; 'n jong bul; en 'n ram. Die sondeoffer was een manlike bok. Die hoëpriester het drie-en-veertig keer tussen die binnehof en die heiligdom beweeg op hierdie dag om verskillende, geskrewe take te verrig. (A family guide to the Biblical Holidays; Robin Sampson and Linda Pierce; Heart of Wisdom Publishing; 2001, p.322)

Die hoëpriester het ook op Yom Kippur tien keer die Naam van God aangeroep. Ses-keer met die os, drie keer met die manlike ram en eenkeer met die loting (die bepaling van die lot van die twee bokke, een vir God en een vir Azazel). Elke keer wanneer die Naam van God aangekondig is, het almal wat naby die hoëpriester was op hulle gesigte neergeval en die wat vêrder weggestaan het, het dan beaam en gesê: "Geseënd is Sy Naam wie se wonderlike koninkryk bestaan vir ewig en ewig". Niemand het uit hulle posisies uit beweeg totdat die hoëpriester weg beweeg het nie.

Moderne Jode beskou die getal tien as verteenwoordigend tot volmaaktheid en die fokus is op die heiligste dag van die jaar. Die belydenis van sonde (Viddui) begin met onderdompeling (doop) van berou (oor sonde) wat tien keer op Yom Kippur herhaal word. Laasgenoemde word gedoen om ooreen te stem met die tien keer wat die hoëpriester oorspronklik (in die tyd van die Tabernakel en later die Tempel) die Here se Naam aangeroep het om sodoende vergifnis van sonde te soek vir die volk op Yom Kippur (ook verwys na Yom HaKipurrim). Yom HaKipurrim herdenk ook die Tien Gebooie.

Op die aand van Yom Kippur (in Westerse konteks die vooraand) word 'n spesiale ete voorberei wat geneem word voor sonsondergang. Die Jode begin dan vas vir ten minste 25-uur om sodoende te kan fokus op die geestelike en nie die fisiese nie. Nadat die ete geëet is, word kerse aangesteek om die Versoendag binne te sien. Leerskoene word vervang met nie-leerskoene of pantoffels. Op hierdie stadium seën families ook hulle kinders voordat daar na die sinagoge toe vertrek word. Die Versoendag begin dan, soos die weeklikse Sabbat, teen sononder waartydens 'n lang aanddiens gehou word, met die Kol Nidre en ook ander dienste gedurende die dag. Die ramshoring word geblaas om die mense byeen te roep vir die diens. Wit klere word gewoonlik gedra en die gewoonte is om mekaar te groet met die woorde: "Gemar Hatimah Tovah" wat beteken: Mag jy finaal verseël word (in die Boek van die Lewe).

Die Here het Hom altyd daaraan verbind met 'n verlossingsplan vir die mens. Ware verlossing kan slegs gesien word in konteks tot 'n volmaakte heilige verhouding tussen die mens en sy Skepper. 'n Volmaakte verhouding is die van 'n liefdesverhouding wat bestaan uit vrye keuse van beide partye en waar beide partye optree om nie die ander party se wese te probeer skend nie. Die Here het duidelik Sy wil en Wese aan die mens bekend gemaak, maar die mens se eie sonde het hom verblind.

> [22] En Juda het gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE en sy ywer opgewek, meer as al die dade van hulle vaders, deur hul sondes wat hulle gedoen het. [23] En hulle het ook vir hulle hoogtes gebou en klippilare en heilige boomstamme op elke hoë heuwel en onder elke groen boom. [24] En daar was ook skandseuns in die land; hulle het gehandel volgens al die gruwels van die nasies wat die HERE voor die kinders van Israel uit verdrywe het.
>
> 1 Konings 14:22-24 (Geskryf ongeveer 925 jaar voor Christus)

Dit is duidelik dat die Here die hele mensdom sou moes uitwis indien Hy volkome van boosheid wou ontslae raak. Dit sou ook nie sin maak om die mens te skep sonder die vermoë tot vrye keuse nie. Die Bruidegom (die Here) se verlossingsplan het egter Sy bruid (gelowiges) reeds van die begin van alle tye af, buite hulle eie verwysingsraamwerk, ingesluit. Die Priesterorde (besin Melgisedek) is reeds voor Abraham ingestel en die Messias het as die ware Hoëpriester buite konteks van die levitiese, en menslike, beperkinge as Seun van God verlossing bewerkstellig vir almal wat in Hom glo. Die Messias het nou Self die offer geword en wet van Moses volbring. Die wet word nou nie meer aangehang nie maar wel 'n ware verhouding met ons Skepper deur geloof in die Messias, Jesus Christus.

Die bloed van die Messias het gevloei sodat die Here na die gelowiges kyk in konteks tot hulle geloof in die Verlosser, en nie hulle sonde nie. Selfs die Naam van die Here, Jehovah (Yahweh), "Die Here (Lord)", beteken Verlossing (reeds in Genesis 2:4 aan ons bekend gestel as die Skepper van hemel en aarde)! Dink bietjie mooi hieroor: Die Skepper met die Naam wat verlossing beteken stel Homself aan die mensdom bekend as die Skepper en Sy Naam beteken alreeds Verlossing! Dit wys duidelik op 'n soewereine God en Verlosser.

> [11] Maar Christus, wat opgetree het as Hoëpriester van die toekomstige weldade, het deur die groter en volmaakter tabernakel wat nie met hande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie aan hierdie skepping behoort nie, [12] ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring.
>
> Hebreërs 9:11-12

> 24 Want Christus het nie ingegaan in ‘n heiligdom met hande
> gemaak, ‘n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou
> voor die aangesig van God vir ons te verskyn; 25ook nie om Homself
> dikwels te offer, soos die hoëpriester elke jaar in die heiligdom ingaan
> met bloed wat nie sy eie is nie, 26 want dan moes Hy dikwels gely het
> van die grondlegging van die wêreld af. Maar nou het Hy een maal in
> die voleinding van die eeue verskyn om die sonde deur sy offer weg
> te doen. 27 En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en
> daarna die oordeel, 28 so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer
> is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder
> sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid.
>
> Hebreërs 9:24-28

Die Ou Testamentiese offers spreek profeties van die Messias wat deur Sy versoeningsdood verlossing gebring het uit die werke van die duisternis. Toe Jesus sterf aan die kruis, het die voorhangsel in die tempel middeldeur geskeur.
Die voorhangsel het die Heilige en die Allerheiligste in die Tempel geskei. Die Allerheiligste, wat slegs eenkeer per jaar deur die hoëpriester (op Versoendag) ingegaan is, is nou deur die dood van die Messias oopgestel vir alle gelowiges. Die gelowige hoef nie meer eenkant te staan nie. Alle gelowiges kan nou self die Troon van God nader deur geloof in die versoeningsdood van Jesus Christus.

> 50 Daarop het Jesus weer met ‘n groot stem geroep en die gees gegee.
> 51 En kyk, die voorhangsel van die tempel het in twee geskeur, van bo
> tot onder, en die aarde het gebewe en die rotse het geskeur; 52 en die
> grafte het oopgegaan en baie liggame van die ontslape heiliges het
> opgestaan. 53 En ná sy opstanding het hulle uit die grafte
> uitgegaan en in die heilige stad ingekom en aan baie verskyn.
> 54 En toe die hoofman oor honderd en die wat saam met hom Jesus
> bewaak het, die aardbewing sien en die dinge wat daar gebeur, het
> hulle baie bevrees geword en gesê: Waarlik, Hy was die Seun van God.
> 55 En daar was baie vroue wat dit van ver af aanskou het, wat vir Jesus
> van Galiléa af gevolg en Hom gedien het.
>
> Matteus 27:50-55

Die skeur van die voorhangsel het bevestig het dat Jesus Christus die Goddelike Hoëpriester en Lam van God is. Daar hoef nie meer jaarliks boetedoening vir ons sondes gedoen te word nie. Jesus het nou op ‘n nuwe lewende wyse die hemel binne gegaan, die ware Allerheiligste. Hier woon Hy nou vir ewig waar Hy instaan vir die sondes van die gelowiges.

Nadat die hoëpriester die heiligdom en die altaar gereinig het met die bloed van die os, het hy beweeg na die oostelike gedeelte van die binnehof. Hier het twee bokke (goats) vir hom gewag. Voor die bokke was daar ‘n houer waarin twee lote geplaas is. Die een loot was gemerk as “Vir God” en die ander een as “Vir azazel” (scapegoat). Die hoëpriester het dan die lote getrek en een voor elke bok geplaas. Die een wat “Vir God” gekry het, is geoffer. Die een wat as “Vir azazel” aangewys is, het die hoëpriester sy hande op die bok se kop geplaas en die volk se sonde is oor hom uitgespreek en erken. Daarna is die bok die woestyn ingestuur om simbolies die sondes van die volk weg te neem. Op dieselfde wyse is Jesus voor Pilatus gebring en is geoffer om sodoende die sondes van die gelowiges te dra. Jesus het die verantwoordelikheid opgeneem van beide die bokke soos wat die twee bokke nodig was vir een offer (Sien Levitikus 16:7-10, 21-22). Jesus is geoffer en het ook die sondes van die gelowiges weggeneem. Die een bok is geoffer (dood van die Messias) en die ander bok is vrygelaat (die opstanding van die Messias uit die dood).

Die gewoonte was om 'n stukkie rooi wol aan die horing van die vrygelate ram vas te maak. Indien die wol se kleur verander na wit, was dit 'n teken dat die Here die volk se sondes vergewe het. Die priesters het ook 'n stukkie rooi wol aan die buitedeur van die Tempel vasgemaak. Indien dit na wit verander het, was hulle opgewonde. Indien nie, was hulle baie hartseer en skaam.

Ongeveer 750 jaar voor Christus skryf Jesaja:

> [18] Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.
>
> Jesaja 1:18

Joodse literatuur wys daarop dat die Shekinah glorie van God die Tempel reeds verlaat het veertig jaar voordat die Tempel verwoes is. Drie tekens was daar om dit te bevestig: 1) Die westelike kandelaar van die Menorah het geweier om deurlopend te brand, 2) Die deure van die tempel het self oopgegaan, 3) Die rooi wol het nie meer bonatuurlik wit geword nie. Hierdeur het die volk gesien dat die bloed van die offerdiere nie meer kon instaan vir die sondes van die volk nie. Dit is gedurende hierdie selfde jaar wat Jesus Sy bediening op aarde begin het! (A family guide to the Biblical Holidays; Robin Sampson and Linda Pierce; Heart of Wisdom Publishing; 2001, p.331). Die tempel is 70 jaar na Christus verwoes. Jesus is ongeveer 33 na Christus gekruisig. Jesus se bediening het 3 jaar voor Sy kruisiging begin.

## 7. Huttefees (Fees van Tabernakels) (Sukkot)

> [33] En die HERE het met Moses gespreek en gesê: [34] Spreek met die kinders van Israel en sê: Op die vyftiende dag van hierdie sewende maand is dit sewe dae lank die huttefees vir die HERE.
>
> Levitikus 23:33-34

Die Fees van Tabernakels begin op 15 Tishri, vyf dae na die Versoendag, en hou vir sewe dae aan tot 21 Tishri (September/ Oktober). Die woord "Sukkot" verwys na tente, of tydelike voorwerpe van verblyf. Dit herinner aan die verblyf in die woestyn nadat die Israeliete uit Egipte getrek het. In kontras met die Versoendag (Yom Kippur) is die Fees van Tabernakels 'n fees van groot vreugde.

> [42] Sewe dae lank moet julle in hutte woon; almal wat in Israel gebore is, moet in hutte woon, [43] sodat julle geslagte kan weet dat Ek die kinders van Israel in hutte laat woon het toe Ek hulle uit Egipteland uitgelei het. Ek is die HERE julle God.
>
> Levitikus 23:42-43

Sampson en Pierce (A family guide to the Biblical Holidays; Robin Sampson and Linda Pierce; Heart of Wisdom Publishing; 2001, p.345) wys daarop dat Sukkot die Israeliete aan die volgende herinner het:

- Die slegte en verlore omstandighede waarin die volk hulle bevind het (in Egipte as slawe werk) en dat die Here hulle daaruit gered het.
- Dat die Here vir hulle hutte gegee het om in te bly (in die woestyn/wildernis) en dat die Here vir Hom 'n tabernakel tussen hulle gebou het. Die Here het ook na hulle omgesien en hulle beskerm deur 'n wolk vir beskerming teen die son oor hulle laat hang het. Die Here se oorsponklike genade oor hulle en hulle voorvaders moet vir altyd in gedagte gehou word. Op die agste dag het hulle weer teruggekeer na hulle eie huise en het dit weer waardeer nadat hulle vir sewe dae in tente/hutte gebly het.

Dit gaan dus oor verlossing met die fokus op die vergewing van sondes. Volgens oorlewering is daar gedurende hierdie fees groot kerse/lampe gebou wat gereeld deur jong mans (wat op lere geklim het) met olie gegooi is om dit aan die brand te hou. Dit het die hele stad verlig. Die mans het rondom dit gedans en Psalms, en lofliedere, gesing met fakkels in hulle hande.

Buiten baie offers wat tydens die fees gebring is, was water ook 'n baie belangrike deel van Sukkot. Die priester het die mense geleer oor gedeeltes uit die Skrif wat handel oor water. Daar is ook water geskep met goue houers uit die fontein van Siloam en na die Tempel gebring. Die priester het dan die water oor die altaar uitgegooi om sodoende Israel se dankbaarheid te toon vir die reëns wat geval het gedurende die seisoen. Daar is dan ook gebid vir reëns vir die volgende seisoen. Op hierdie stadium is daar dan ook gelees uit Jesaja 12:1-3:

> [1] En in dié dag sal jy sê: Ek dank U, HERE, dat U toornig op my gewees het; u toorn is afgewend, en U het my vertroos. [2] Ja, God is my heil, ek sal vertrou en nie vrees nie; want die Here HERE is my krag en my psalm, en Hy het my tot heil geword. [3] En julle sal water skep met vreugde uit die fonteine van heil.
>
> Jesaja 12:1-3

Laasgenoemde is nie net gedoen om reën van die Here te smeek nie, maar ook om die volk te herinner aan die Messias wat sal kom en Sy Heilige Gees op die mense sal uitstort.

Hedendaagse Jode doen nie meer offers nie omdat die tempel nie meer bestaan nie. Hulle onderhou die Lulav (Vier Spesies). Sien Levitikus 23:40:

> [40] En op die eerste dag moet julle vir julle vrugte neem van sierlike bome, met palmtakke en takke van digte bome en rivierwilgers, en sewe dae lank voor die aangesig van die HERE julle God vrolik wees.
>
> Levitikus 23:40

In Nehemia 8:15-16 kan gelees word hoe Esra die feeste weer ingestel het na die ballingskap, geskryf ongeveer 400 jaar voor Christus:

> [15] Toe vind hulle uit dat in die wet wat die HERE deur die diens van Moses beveel het, geskrywe was dat die kinders van Israel op die fees in die sewende maand in hutte moes woon, [16] en dat hulle moes afkondig en rondstuur deur al hulle stede en in Jerusalem om te sê: Trek uit op die gebergte en bring olyftakke en oliewenhouttakke en mirtetakke en palmtakke en takke van digte bome om hutte te maak soos geskrywe is.
>
> Nehemiah 8:15-16

Hierdie takke is dan op spesifieke maniere vasgehou en gewaai terwyl hulle in 'n sirkel om die altaar beweeg. Daar is dan ook gebede gedoen vir die Here se seën en elke gebed eindig met die woord: Hoshana (red asseblief of red nou).

Reeds ongeveer 500 jaar voor Christus is deur Sagaria geprofeteer dat nasies sal kom om die Here te loof op die Fees van Tabernakels:

> [16] En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare, en om die huttefees te vier.
>
> Sagaria 14:16

Jesus Christus het ook aan die Fees van Tabernakels (huttefees) deelgeneem deur tydens die fees mense te leer. Op dieselfde dag dat die priesters die water op die altaar sou uitstort, het Jesus die volgende aangekondig:

> [37] En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! [38] Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.
>
> Johannes 7:37-38

Wonderlik is dit om te lees wat Jesus vir die Samaritaanse vrou gesê het in Johannes 4:14:

> *14* maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe.
>
> Johannes 4:14

Soos wat die groot lamp en fakkels en kerse die stad verlig het tydens huttefees, so is Jesus Christus die Lig vir die wêreld.

> *12* En Jesus het weer met hulle gespreek en gesê: Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê.
>
> Johannes 8:12

Ons vleeslike liggame is tydelike liggame waarin ons woon. Ons hoop is op die ewige. Kyk na Jesus se woorde in Johannes 14:2-3:

> *2* In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei.
> *3* En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.
>
> Johannes 14:2-3

Indien jy nog steeds getwyfel het oor hoe ons beter met die Wese van God in aanraking kan kom, kyk vêrder na die woorde van Jesus. Jesus wat die Lam is wat geslag is tot ons redding en vergifnis van sondes. Jesus wat die wet volbring het, die wet wat oorspronklik die wil van God voorgehou het. Jesus wat volgens die profesieë gekom het en aan die kruis gesterf het voor duisende ooggetuies en uit die dood opgestaan het en Homself aan tot honderde mense op 'n slag openbaar het na Sy opstanding.

> *6* Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. *7* As julle My geken het, sou julle my Vader ook geken het, en van nou af ken julle Hom en het julle Hom gesien.
>
> Johannes 14:6-7

Ons ken nou die Wese en die wil van God deur die Messias Jesus Christus. Sy verlossingswerk het die Israeliete uit Egipte van slawerny verlos, so ook het die Messias ons verlos van ons sondes sodat ons kan uitsien na die ewigheid in die Heilige Koninkryk van God.

Die Evangelie van Jesus Christus leer ons om nie gebind te wees aan die aardse dinge nie. Ons moet deur die geloof gefokus bly op die Here se Koninkryk.

Dink hieraan:  Die geboorte van Jesus Christus heel waarskynlik gedurende huttefees plaasgevind het. Johannes die Doper is gebore gedurende paasfees. In Lukas 1:26-33 kan gelees word dat die Heilige Gees Maria bevrug het 6 maande na die swangerskap van Johannes die Doper se ma, Elisabet. Indien Hanukkah (8-dae) en nege maande swangerskap ingereken word, bring dit ons by die huttefees.



Weergawe: 1_1_1 ___ 30_09_2024

harryvh@matthew28.co.za
http://www.matthew28.co.za